

DIE ROL VAN CARL BÖRCKENHAGEN,
REDAKTEUR VAN DE EXPRESS, IN DIE
ORANJE-VRYSTAAT, 1877-1888

A.C.P. STRAUSS

DIE ROL VAN CARL BORCKENHAGEN,

REDAKTEUR VAN DE EXPRESS,

IN DIE ORANJE-VRYSTAAT, 1877 - 1888

deur

Anna Catharina Petronella Strauss
(geb. Du Pisani)

voorgelê om te voldoen aan die
vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
(Departement Geskiedenis)

aan die

Universiteit van die Oranje-Vrystaat

BLOEMFONTEIN

Studieleier: Prof. M.C.E. van Schoor

Desember 1985

Ek verklaar dat die verhandeling wat hierby vir die graad Magister Artium aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit/fakulteit ingedien is nie.

A.C.P. Strauss
.....

A.C.P. Strauss

Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die skrywer en moet nie beskou word as noodwendig dié van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

Opgedra aan Jannie.

DANKWOORD

My opregte dank gaan aan:

- * My Skepper wat my tot alles in staat stel.
- * My eggenoot, Jannie, wat my gemotiveer het om met my studies voort te gaan en my in alles bygestaan het.
- * My kinders, Gideon, vir proefleeswerk en Elizabeth en Almero wat my in die geheime van die rekenaar, woordverwerker en drukker ingelei het sodat ek my verhandeling tegnies kon versorg.
- * My ouers en skoonouers wat my deur die jare onderskraag het.
- * Prof. M. C. E. van Schoor wat my geïnspireer het om hierdie taak aan te pak, sy kennis en boekery tot my beskikking gestel het en op kenmerkende bekwame wyse aan my leiding gegee het.
- * Prof. J. C. Moll en dosente in die Departement Geskiedenis aan die UOVS vir jarelange besielende onderrig.
- * My broer, Kobus du Pisani, vir inligting verskaf en hulp verleen.

- * Die vriendelike en hulpvaardige personeel van die Vrystaatse, Transvaalse en Sentrale Argiefbewaarplekke, die Nasionale Museum in Bloemfontein en die Vrystaatse Universiteitsbiblio- teek.

- * Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir finansiële steun.

Bloemfontein.

Desember 1985.

INHOUD

	<u>Bladsy</u>
VOORWOORD	(i)
HOOFSTUK	
1 'N LEWENSKETS	1
2 KOERANTEIENAAR EN REDAKTEUR	22
3 VERHOUDING TOT PRES. J. H. BRAND EN SY ONDER- STEUNERS	42
4 KAMPVEGTER VIR REPUBLIKEINSE ONAFHANKLIKHEID	89
5 ROL IN DIE AFRIKANERBOND EN DIE POLITIEKE ARENA	151
6 PLEITBESORGER VIR NOUER VERENIGING	204
7 BEYWERAAR VIR 'N ALGEMENE SUID-AFRIKAANSE TOL- VERBOND	247
8 VOORSTANDER VAN SPOORONTWIKKELING	276
9 VOORSpraak VIR BOERDERY EN NATUURBEWARING	313
10 STRYDER VIR VOLK, TAAL EN ONDERWYS	332
11 MEDE-BOUER AAN 'N MODELREPUBLIEK	360
BESLUIT	399
BIBLIOGRAFIE	402
OPSOMMING	405

VOORWOORD

Die geskiedenis van die Oranje-Vrystaat is reeds van alle kante deur historici belig en beskryf. Vir talle van hierdie navorsers was die Vrystaatse koerant wat tussen 1875 en 1900 verskyn het, De Express, van groot waarde. Daar bestaan egter nog nie 'n volledige studie oor die werk en lewe van die man wat vir die grootste gedeelte van die bestaan van die koerant sy redakteur was nie.

Dit was vir my 'n voorreg om die rol en invloed van Carl Borckenhagen in die Oranje-Vrystaat tydens die bewind van pres. J. H. Brand na te vors. Uit die bladsye van De Express het sy sterk persoonlikheid, sy bekwaamheid as joernalis, sy koersvastheid, visie, insig en veelsydigheid na vore getree. Hy was in sy skryfwerk meester van die situasie en het altyd geweet waarom dit gaan.

Van Borckenhagen se persoonlike dokumente en korrespondensie het niks behoue gebly nie aangesien die Britse invallers in Bloemfontein in 1900 die inhoud van die geboue van De Express heeltemal vernietig het. 'n Paar briewe aan sy moeder in Duitsland en 'n aantal stukke korrespondensie met die owerheid in Transvaal is elders opgespoor. Die byna volledige versameling van eksemplare van De Express bied egter 'n ryk bron van inligting oor die werk en denke van hierdie hoogs-begaafde, ywerige en invloedryke redakteur. Hierdie studie is grootliks gebaseer op navorsing van De Express. Enkele sekondêre bronne waarvan S. F. Malan se

Politieke Strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse Republiek die waardevolste en omvattendste is, kon aanvullend gebruik word.

Die onderhoud wat Karel Schoeman op 15 September 1979 met die twee-en-neëntigjarige mev. Blanca Marais, enigste oorlewende kind van Borckenhagen, gevoer en op band opgeneem het, was van groot hulp, veral vir agtergrondgegewens. Mev. Marais was moontlik die laaste persoonlike skakel met Carl Borckenhagen. Ten spyte van haar hoë ouderdom was haar verstand besonder helder. Sy is intussen oorlede.

De Express is in Hollands en Engels uitgegee. In die meeste gevalle, veral aan die begin, is die hoofartikels beide in Hollands en Engels gedruk. Borckenhagen was Duitssprekend, maar het Hollands en Engels baie gou onder die knie gekry. Mettertyd kon hy homself baie beter in Engels as in Hollands uitdruk. Omdat sy Engels pittiger en vloeiender as sy Hollands was, word aanhalings in sommige gevalle eerder in Engels as in Hollands gemaak. Die hoofartikels het in breë trekke ooreengekom, maar nie woordeliks nie. Veral in later jare is verskillende hoofartikels in Engels en Hollands geskryf en dit is 'n verdere rede vir Engelse aanhalings.

Omdat die meeste gegewens en aanhalings uit Borckenhagen se hoofartikels kom, word daar, om verveling te voorkom, nie telkens herhaal dat daar uit 'n hoofartikel aangehaal word. nie. In enkele gevalle is gebruik gemaak van rubrieke, berigte of ander artikels in De Express. Borckenhagen se kostelike vergelyking

tussen die optrede van sy teenstanders in die Volksraad en 'n oprukkende leër kom uit 'n Engelse rubriek, Editorial Notes.

Na sy dood het die personeel van De Express 'n boekie met huldeblyke wat in byna al die koerante in Suid-Afrika en selfs in Londen verskyn het, saamgestel. Die huldeblyke wat in Hollandse koerante verskyn het, is in Engels vertaal en gevolglik is al die aanhalings uit Persverwysings in Engels.

Voortgesette navorsing oor die rol en invloed van Carl Borckenhagen en wel tydens die regering van presidente Reitz en Steyn word beoog - 'n taak waarna uitgesien word.

HOOFSTUK 1

'N LEWENSKETS

INLEIDING

In 'n rustige woonbuurt van Bloemfontein is daar 'n byna onopvallende singel wat Borckenhagensingel heet. Waarskynlik vra min mense hulleself af wie hierdie Borckenhagen was. En tog het genl. Hertzog by geleentheid gesê: "Carl Borckenhagen was die Vrystaat."¹

Dit was in die onstuimige jaar 1877 dat die jong, lenige Duitser wat skaars Hollands, Afrikaans of Engels magtig was, die redakteurskap van 'n sukkelende Bloemfonteinse weekblad oorgeneem het. Vir 'n jongman van 25 wat geen ervaring van joernalistiek gehad het nie, was dit 'n geweldige waagstuk.

'n Raps meer as twintig jaar later, toe hy kort voor sy ses-en-veertigste verjaardag na 'n beroerte-aanval oorlede is, is die volgende van hom geskryf: "There will be a void in republican political circles which will not easily be filled. The death of Mr. Borckenhagen is an irreparable loss to the Republics ... His successor cannot fill his place."² "Borckenhagen by means of his paper rendered incalculable services to South Africa."³

1. Marais, B., Memories of Mrs Blanca Marais (née Borckenhagen), p.3.

2. Persverwysings, p.4: Ons Land, Kaapstad.

3. Ibid, p.4: Handelsblad, Pretoria.

Under his direction The Express has become one of the strongest republican newspapers."⁴ "He attained a position of great influence in the Free State purely by his great abilities and personality. He was credited with the power of making and unmaking Free State Presidents."⁵ Laasgenoemde lofbetuiging is nie dié van 'n goedgesinde, republikeinse kollega nie, maar van die imperialisties-georiënteerde The Star van Johannesburg.

Sy dogter bevestig ook die feit dat daar dikwels na haar vader as die maker van presidente verwys is.⁶ E. B. Iwan-Müller skryf: "Messrs Steyn and Reitz were brought up at the feet of this Gamaliel. He was a master of statecraft, and imbued his half-understanding disciples with some of his own skill."⁷ J. C. Moll meen egter dat Iwan-Müller Borckenhagen se invloed grootliks oordryf.

As redakteur van die koerant met die grootste oplaag in die Vrystaat wat ook ver oor die grense van die Republiek heen gelees is, en waarvan die redakteur van elke ander koerant in Suid-Afrika deeglik kennis geneem het, kon hy die breë publiek van sy land bereik. Dit moet in gedagte gehou word dat koerante op daardie stadium feitlik die enigste kommunikasiemiddel was. In

4. Ibid, p.5: Voortrekker, Krugersdorp.

5. Ibid, p.7: The Star, Johannesburg.

6. Onderhoud met mev. B. Marais deur K. Schoeman, 15.9.1979. Aantekeninge. Hierna afgekort as: Onderhoud met B.M. (Aantekeninge).

7. Moll, J. C., Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje Vrystaat, p.116, soos aangehaal uit E.B. Iwan-Müller, Lord Milner and South Africa, p.335.

hoeverre sy idees deurgedring en navolging gevind het, sal algaande aangedui word.

As bevorderaar van Afrikanernasionalisme, was sy invloed onskatbaar.

As hy 'n meester van die pen was en hy groot invloed deur middel van sy koerant uitgeoefen het, dan was sy persoonlike invloed klaarblyklik nog groter. "There is no doubt that Mr. Borckenhagen was much more formidable with his tongue than with his pen," aldus Ons Land.⁸

Omdat hy nie as politieke leier op die voorgrond getree en openbare toesprake gehou het nie, maar sy invloed agter die skerms laat geld het, is dit moeilik om te bepaal hoe groot dit werklik was. Hy het meesal gesorg dat sy idees deur persone in uitvoerende posisies uitgevoer word - persone tot wie se verkiesing hy dikwels 'n groot bydrae gelewer het.⁹ Dit was veral die geval met presidente Reitz, Steyn en Kruger. Hierdie studie betrek slegs die era van pres. J. H. Brand, en hoewel Brand en Borckenhagen se politieke siening nie ooreengestem het nie, kon die President nie anders as om van die menings van 'n invloedryke redakteur kennis te neem nie. In hierdie tydperk vind Borckenhagen se idees dan ook meermale neerslag in die besluite, wetgewing en besprekings van die Volksraad. Voorbeeld hiervan is sy herhaalde pleitredes tussen 1886 en 1887 dat 'n Vrystaatse deputasie Transvaal moes besoek om oor gemeenskaplike aangeleenthede soos

8. Persverwysings, p.3.

9. Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek (hierna afgekort as SABW, Deel 1, p.102.

spoor- en tolsake te beraadslaag, wat dan ook gebeur het. Na sy dood is geskryf dat die uitdrukking wat die meeste in Bloemfontein gehoor is, was: "What has Borckenhagen got to say," en dat geen mens se mening groter gewig in Bloemfontein gedra het as syne nie. "The Free State has lost ... one of its greatest men", is daar van hom gesê.

By sy graf het oud-president Reitz aangevoer dat Carl Borckenhagen hom en pres. M.T. Steyn menigmaal onder moeilike omstandighede van goeie, verstandige raad bedien het. "I will go further, and say that, if President Brand could rise from his grave close by, we should hear from his lips that he had obtained from the then youthful Borckenhagen many useful hints".¹⁰

In Transvaal was sy raad gesog en hy het baie gedoen om die twee republieke nader aan mekaar te bring.

BORCKENHAGEN SE LEWE EN KARAKTER

Carl Ludwig Ferdinand Borckenhagen is op 21 Februarie 1852 te Rodenbeck (Minden), Wesfale, Duitsland gebore uit 'n familie met sterk verbintnisse met die militêre tradisie van Pruise. Hy was die vierde kind van die Pruisiese artillerie-offisier Ludwig Borckenhagen en Julie Seydel.

10. Persverwysings, pp. 7 en 19: Telegraph, Port Elizabeth; The Star, Johannesburg; Bechuanaland News, Vryburg.

Nadat sy vader in die Frans-Pruisiese oorlog gesneuwel het, sou die gesin dit finansieel nie breed hê nie. Sy drie broers en een van sy swaers was later almal lede van die Duitse leër of vloot. Die oudste broer, Luze, het soos sy swaer, admiraal geword en was ook 'n dosent aan die vlootakademie te Kiel. Carl het sy jeugjare in Koblenz deurgebring waar hy 'n deeglike skoolopleiding ontvang het.¹¹

May Dorothy Blackmore, die dogter van 'n Britse vlootoffisier aan Die Kasteel te Kaapstad, het Carl na haar verhuising na Engeland tydens 'n vakansie in Duitsland ontmoet en daar aan hom verloof geraak. Daarna het sy by haar suster, mev. Andrews, in Kaapstad gaan bly.

Carl se gesondheid het tydens sy studentedae 'n knou opgedoen waarvan hy nooit heeltemal herstel het nie. Vanweë sy swak gesondheid is hy aangeraai om na 'n warmer klimaat te verhuis. In 1873 het hy na Suid-Afrika geëmigreer en hom aanvanklik in Kaapstad gevestig. Hier het die nat, winderige klimaat nie sy gesondheidstoestand verbeter nie en hy is in dieselfde jaar na die binneland.

Emanuel Fichardt, ook uit Duitsland afkomstig, het hom 'n pos as klerk in sy onderneming by die Berlynse sendingstasie Bethanien, suid van Bloemfontein, aangebied.¹²

11. SABW, deel 1, p.101; Trümpelmann, G.P.J., Deutsches Schaffen im Oranje-Freistaat, p.16; De Express, 8.2.1898; Onderhoud met B.M. (Aantekeninge).

12. Marais, p.1; Trümpelmann, p.16; SABW, p.101.

Carl se gesondheid het so verswak dat sy verloofde per ossewa uit Kaapstad ontbied is. Op 10 Februarie 1875 is hulle getroud, maar May was van mening dat sy met 'n man op sy sterfbed getrou het.¹³

May Borckenhagen¹⁴ was mooi, fyn en klein, maar 'n vrou met leeuemoed. By geleentheid het sy tussenbeide getree toe 'n besope Ierse drukker en 'n Swarte in 'n bylgeveg betrokke was. Sy het daarin geslaag om die geveg te beëindig. Die berugte perdedief, Jacobus Swarts, het haar tydens een van sy ontsnappingspogings alleen by die huis aangetref en wou in haar solder wegkruip. Sy het geweier.¹⁵

Uit Carl en May Borckenhagen se huwelik is vier seuns en vier dogters gebore: Violet, getroud met Arthur Fichardt; Ludwig, wat op 22 Maart 1882 as vyfjarige aan witseerkeel gesterf het net soos hulle buurman, F.W. Reitz se oudste seuntjie 'n paar maande vroeër; Carl; Frieda, getroud met 'n De Jager; Hans; Dora, getroud met 'n Meiring; Fritz, as baba oorlede, en Blanca, gebore in 1887, vernoem na haar pleegmoeder, F. W. Reitz se eerste vrou, en getroud met Belfield Marais. Mettertyd het die ouerpaar, met hulle warme menslikheid en jammerhartigheid, ook vier dogters aangeneem.¹⁶

In 1875 het die Borckenhagens na Bloemfontein verhuis. Hier het Carl kort na die stigting van die Oranje Vrijstaatsch Nieuwsblad Maatschappij as boekhouer in diens van die maatskappy, wat De

13. Marais, pp. 1 en 2.

14. 24.10.1853 - 17.10.1923.

15. Marais, p.1.

16. Ibid, p.2.

Express en Oranje Vrystaatsch Advertentieblad¹⁷ uitgegee het, getree.¹⁸

Toe die eerste redakteur, Friedrich X. Schermbrücker, in April 1877 bedank het, het Borckenhagen om 'n geleentheid gepleit om die koerant wat 'n finansiële mislukking was, te probeer red. Op 1 Mei 1877 het hy die pos as redakteur aanvaar.

Hy sou uiteindelik nie net van die koerant 'n finansiële sukses maak nie, maar dit ook uitbou tot die grootste en invloedrykste blad in die Oranje-Vrystaat¹⁹ en 'n toonaangewende republikeinse mondstuk in Suid-Afrika.²⁰ Daar was ook later 'n takkantoor van De Express te Potchefstroom.

Benewens die drukkerij het Borckenhagen 'n florerende handelsfirma langs die markplein in Bloemfontein besit. Onder meer is boeke, tydskrifte, klaviere, bladmusiek, juwele, lampe, horlosies, snuisterye en saad verkoop. Hy het nuwe aankomelinge uit Duitsland telkens op die been gehelp deur sy sakeondernemings verder uit te brei. So het die later bekende mnr. I. S. Haarburger die musiekwinkel bestuur en mnr. Danehoff wat as 'n baie siek man uit Duitsland hierheen gekom het, die snuisterywinkel.²¹

Aan die oostekant van Bloemfontein het hy twee plase gekoop

17. Hierna in die teks en voetnote afgekort as De Express.

18. SABW, deel 1, p.101.

19. Ibid, p.101; Trümpelmann, p.16.

20. Persverwysings, pp.5, 6 en 13.

21. Schoeman, K. Bandopname van 'n gesprek met mev. Blanca Marais, 15.9.1979. Hierna afgekort as: Onderhoud met B.M. (Band).

waarvan een as Gem of the Prairie bekend gestaan het. Hy het hulle saamgevoeg en Rodenbeck, na sy geboorteplek, genoem.²²

Lank na sy dood is die plaas in hoewes opgedeel en vandag staan dit nog as Rodenbeck bekend. Op hierdie plaas, amper 4 000 hektaar groot, het hy 'n uitgebreide boerdery met die hulp van 'n bestuurder behartig.²³ Baie verbeterings is aangebring en daar is onder andere drie groot damme gebou. Graan is verbou en opreggeteelde beeste en perde aangehou. Daar was sowat 30 uitstekende teelmerries en een van die hingste is uit Ierland ingevoer waar dit 'n tweede prys op die Dublinse skou verwerf het. Die melk wat die sowat vyftig Jerseykoeie gelewer het, is tweemaal per dag per perdekar aan Bloemfontein gelewer.

Dit is met hartseer dat mev. Marais vertel het hoe hierdie goed toegeruste plaas tydens die Anglo-Boereoorlog totaal verwoes is deur die Britse magte. Op daardie stadium was daar 200 uitstekende jong perde op die plaas. Al die diere het verdwyn. Haar pa was toe reeds twee jaar oorlede. May Borckenhagen het tevergeefs by lord Roberts vir kompensasie aangeklop. Na jare het sy £90 gekry - veel minder as wat die Ierse hings alleen werd was. Die eens welvarende gesin is deur die oorlog in armoede en ellende gedompel. Tydens haar onderhoud met lord Roberts het hy sy verbasing uitgespreek oor haar gekultiveerdheid en haar volmaakte Engels. Sy het geantwoord dat sy die dogter van 'n Britse offisier was, maar dat sy op daardie dag skaam was om dit te erken.²⁴

Borckenhagen het 'n lewendige belangstelling in boerdery gehad en

22. Onderhoud met B.M. (Aantekeninge.)

23. SABW, deel 1, p.101.

24. Marais, p.5.

omdat hy besef het dat die Vrystaat se ekonomie daarom gewentel het en hyself persoonlike ervaring gehad het van die probleme waarmee boere te kampe het, het hy alles in sy vermoë gedoen om boerdery te bevorder. De Express is deeglik hiervoor ingespan en Afrikanerbond-takke aangemoedig om boerderysake te bespreek.

Onderwys en opvoeding het hom na aan die hart gelê en hy het dit betreur dat daar nog soveel gebreke en leentes was. Dit was egter nie in sy aard om passief te wees oor dit wat vir hom belangrik was nie. Benewens artikels en menings en voortdurende aanmoediging in sy koerant, het hy aktief meegedoen aan die bevordering van nasionaalgerigte onderwys. Hy het hom beywer vir die stigting van 'n voorbereidende skool en was met sy afsterwe sekretaris van die Bewaarskool wat tot stand gekom het. Wat hy kon, het hy gedoen vir die vooruitgang van die twee staatskole in Bloemfontein. nl. Greykollege en die Damesinstituut Eunice. Hy was vir baie jare een van die kuratore van Greykollege en na sy dood het dr. Brill, die rektor, verklaar dat hy nie alleen onskatbare dienste aan die skool gelewer het nie, maar hom as skoolhoof met woord en daad bemoedig en in sy taak bygestaan het.²⁵

As Bloemfonteiner in murg en been het hy ywerig meegedoen aan die openbare lewe. Hy was 'n stigters- en kerkraadslid van die Lutherse gemeente.²⁶ Sy vrou het aan die Anglikaanse kerk behoort en hoewel al die kinders in die Lutherse kerk gedoop is, het hulle saam met hulle moeder die dienste in die Anglikaanse

25. De Express, 8.1.1898.

26. SABW, deel 1, p.102.

katedraal bygewoon.²⁷ Die Bijbel- en Boekvereniging het 'n tuiste in sy kantoor gevind en hy was die dephouder.²⁸

Ná sy dood kon The Friend of the Orange Free State²⁹ getuig dat hy "took a very keen and warm interest in municipal and social matters, and was ever ready to give advice, and, better still, place his service at the disposal of the public generally".³⁰ Hierdie diens het hy onder andere gelewer as stadsraads-lid, jarelange direkteur van die Bloemfonteinse Eksekuteurskamer en mede-opsteller van die trust-akte van die Nasionale Bank³¹ waarvan hy ook sedert die stigting direkteur was.

Te midde van al sy bedrywighede het hy nog tyd gevind om sport en ontspanning aan te moedig. Vrydagaande het hy by die Duitse Vereniging deurgebring waar hy soms van sy eie gedigte voorgedra en toesprake gehou het.³² Hy was president van die O.F.S. Football Association en erepresident van die Southern Cross Cycling Club.³³ Hy was inderdaad "thoroughly identified with Bloemfontein".³⁴

27. Onderhoud met B.M. (Band.)

28. De Express, 21.6.1877.

29. Hierna in die teks en voetnote afgekort as The Friend.

30. Persverwysings, p.14: The Friend.

31. De Express, 14.6.1877.

32. Borckenhagen, C.B. Briewe aan sy moeder in Duitsland, 1.2.1882. (Hierna afgekort as: Borckenhagen, Briewe.)

33. SABW, deel 1, p.102; Persverwysings, p.14: The Friend; De Express, 8.2.1898.

34. Persverwysings, p.8: Advertiser, Durban.

Omdat hy die belange van die Vrystaat bo alles op die hart gedra het, wou hy graag sien dat Vrystaters in die voordele van die land se minerale rykdomme deel. Hy was daarvan oortuig dat daar ook in die Vrystaat goud en ander minerale was. Om dié rede het hy pres. Brand en die Volksraad aangemoedig om mnr. G.W. Stow met sy geologiese ondersoek te laat voortgaan en was hy op onselfsugtige wyse die stigter van die Nasionale Exploratie Maatschappij. Tot sy bekommernis en diepe teleurstelling kon daar toe nie goud in die Vrystaat gevind word nie.³⁵

Die lewenstaak wat Carl Borckenhagen homself opgelê het, was om die onafhanklikheid van die Vrystaat, die voortbestaan van republikanisme en dus die groei van Afrikanernasionalisme op elke denkbare wyse te bevorder. Dit kon nie anders as om tot 'n hewige stryd teen Britse Imperialisme te lei nie. Dié stryd het hy bly stry totdat sy laaste liggaamskragte hom verlaat het. De Express en die Afrikanerbond was sy wapens in die stryd. In sy eerste hoofartikels het hy die Britse anneksasie van Transvaal veroordeel, en 'n paar uur voor sy noodlottige beroerte-aanval skryf hy in sy laaste hoofartikel oor die Boererepublieke se reg om voortbestaan.³⁶

Saam met hoofregter Reitz, E. Esselen en J.C. Voigt het hy die Afrikanerbond in 1881 in die Vrystaat gestig en vir jare met toewyding as leier opgetree.

Hoewel 'n gebore Duitser het hy hom volkome met die Vrystaatse Afrikaner vereenselwig. Vir die Engelse was hy "plus royaliste

35. De Express, 8.2.1898; SABW, deel 1, p.102.

36. De Express, 8.2.1898.

que le Roi, more Dutch than the average Dopper".³⁷ Hy het dit gereeld op sy kinders se harte gedruk dat hulle nooit moes vergeet dat hulle Suid-Afrikaanse republikeine was nie. Slegs eenkeer, aan die einde van 1885, het hy na die land van sy geboorte teruggekeer om sy vrou en kinders, wat vir 'n hele paar maande by sy familie gaan kuier het, te gaan haal. By sy terugkeer het hy 'n poskaart na sy familie in Duitsland gestuur waarin hy geskryf het dat hy die Vader dank om in die reïne, sjampanelug van Suid-Afrika terug te kan wees.³⁸ Hy kon nie uitgepraat raak oor die wonderlike klimaat van sy aangenome vaderland nie.

Die Contemporary Review het in Februarie 1882 'n snedige aanmerking gemaak oor vreemde fortuinsoekers wat die Afrikanerbond gestig en rassehaat aangeblaas het. In sy reaksie het Borckenhagen geskryf dat ware vreemdelinge net diegene was wat vreemd teenoor die ware belange van die volk - hulle strewes, sedes, gewoontes en taal - gestaan het en vyandig teenoor die meerderheid van die volk. Mense soos hy het na Suid-Afrika gekom uit eie vrye wil, hulle het die landswette gehoorsaam, die land se instellings liefgehad en goeie regering en orde pligsgetrou ondersteun. Hulle het ook gelyke regte en pligte as die ou inwoners gehad. Hy het sake vanuit 'n Suid-Afrikaanse standpunt beskou, het 'n veel wyer beoordeling van groot politieke kwessies gehad en het gemeen dat hy sonder uitsondering reg was in sy siening.³⁹

By 'n vergadering van die Letterkundige en Wetenskaplike verenig-

37. Persverwysings: African Review, Londen, p.5.

38. Onderhoud met B.M. (Bandopname.)

39. De Express, 2.2.1882.

ing te Grahamstad het regter S.G.A. Shippard 'n bedekte aanval op sogenaamde betaalde Duitse agente in Bloemfontein gemaak wat sou help om die Kaap onder Duitse beheer te bring en imperiale federasie in gevaar gestel het. Borckenhagen het teruggeslaan deur aan te voer dat die regter se imperialistiese ideaal was om Suid-Afrika skatpligtig aan 'n Europese mag te hou terwyl dit sy begeerte was dat Suid-Afrika homself in sy eie belang sou ontwikkel. Dit was nie hy wat rassehaat teen Engeland opgesweep het nie, maar Engeland se eie optrede was daarvoor verantwoordelik. As iemand oor sy standpunte kon kla, was dit die Duitsers "daar ik mijzelven zoozeer met Suid-Afrika heb vereenselwigt dat ik werkelijk een onverschillige (sic!) Duitscher ben geworden". Dit kon volgens hom nie anders nie, want in die Vrystaat het hy sy tuiste in die volste sin van die woord gevind. Hy kon geen valse rol teen die volk van die land speel en 'n Duitse spioen wees nie. Hoewel hy geen seën in 'n verbintenis met Engeland gesien het nie, sou hy nooit saamsweer om hom as instrument van 'n ander vreemde moondheid te laat gebruik nie. Twee ideale sou hom altyd besiel: om die Vrystaat by te staan en om die Republikeinse ideaal te bevorder dat Suid-Afrikaners self hulle belange behartig.⁴⁰

Nadat Borckenhagen die Vrystaatse afgevaardigdes na die Kaapse spoor- en tolkonferensie se aanvaarding van die spoorlyn soos deur die Kaap voorgestel, gekritiseer het, het J.G. Fraser, een van die afgevaardigdes, hom op snedige wyse 'n geleerde uitlander genoem. Daarop het hy geantwoord dat hy wel 'n uitlander was, maar Afrikanerbelange getrou sou bly dien al moes hy in opposisie wees met iemand wat nie 'n uitlander nie, maar 'n Kaap-

40. Ibid, 1.1.1885.

geborene was; bedoelende Fraser.⁴¹

Hy, die uitlander, het veral sedert 1881 'n geweldige rol gespeel in die uitbouing van nasietrots by die Afrikaner. In sy strewe na 'n verenigde Afrikanerrepubliek was hy dié kampvegter vir nouer vereniging met Transvaal. Pres. Brand het nie die ideaal met hom gedeel nie, maar presidente Reitz en M.T. Steyn wel. Hy was hulle vertroueling, vriend en raadgever. Gedurende hulle regering het hy so 'n groot invloed uitgeoefen⁴² dat een van sy tydgenote skryf: "Since the death of President Brand he has been popularly regarded as the power behind the throne, the real policy-maker of the Government as he was certainly its most enthusiastic advocate." Die mooiste getuigskrif in hierdie verband kom van sy plaaslike teenstander: "The highest in the land reposed much confidence in his sagacity, his constancy, and his patriotism."⁴³

Afgesien daarvan dat hy sy koerant ingespan het om op politieke, ekonomiese en ander terreine leiding te gee, het hy daaglik in persoonlike gesprekke aan baie mense raad gegee of onderhoude toegestaan. Sy dogter onthou dat hy tydens hulle regeringstydperk feitlik daaglik in gesprek met Reitz en Steyn was, maar dat talle ander Vrystaters ook kom raad vra het. Daar was selfs versoeke dat hy hom as president verkiesbaar moes stel, maar hy het aangeraai dat daar eerder 'n gebore, opgevoede Afrikaner as

41. Ibid, 3.7.1888.

42. SABW, deel 1, p.101.

43. Persverwysings, p.8: Advertiser, Durban; pp.14-15: The Friend.

'n uitlander soos hy gekies word.⁴⁴ Volgens Digger's News het hy weens sy groot invloed die bynaam van "President van die Vrystaat" gekry.⁴⁵

In Pretoria was hy ook welbekend en sy raad gesog. Volgens sy eie getuienis, was hy voortdurend in kontak met invloedryke persone in Pretoria. Hy het soms amptelik en dikwels nie-amptelik na Pretoria gereis en tydens private gesprekke die Vrystaat se standpunte oorgedra. Pres. S.J.P. Kruger het hom verskeie kere ontbied en na sy raad geluister, soos ná die Jameson-inval toe hy by Kruger aangedring het om die skuldiges nie self te straf nie, maar aan Brittanje vir verhoor te oorhandig.⁴⁶ De Volksstem kon na sy dood skryf: "His services to the country at the time of and after the Jameson raid will be still fresh in the memory of everyone, as also what he did in the promotion of closer Union."⁴⁷ Hoewel 'n vurige ondersteuner van Paul Kruger, het hy tog nie gekroom om felle kritiek teen hom en sy regering uit te spreek nie.

Sy veelsydigheid het The Cape Argus met verwondering laat uitroep: "The marvel was that such versatility could be preserved amidst the cares of prosaic business."⁴⁸ Geen wonder dat oud-president Reitz by sy graf verklaar het dat die geskiedenis van Suid-Afrika nie behoorlik geskryf kon word sonder om sy naam te

44. Onderhoud met B.M. (Bandopname.)

45. Persverwysings, p.9: Digger's News, Johannesburg.

46. SABW, deel 1, pp.101-102.

47. Persverwysings, p.16: De Volksstem, Pretoria.

48. Ibid, p.4: Handelsblad, Pretoria; p.7: The Star; p.12: The Cape Argus.

vermeld nie. Hy het die hoop uitgespreek dat sy naam van geslag tot geslag deur alle ware Afrikaners in ere gehou sou word.⁴⁹

Een en almal het saamgestem dat ooreising die rede vir sy vroeë dood was: "His indefatigable labours ... hastened the end"; "... he sacrificed his health ... for the welfare of the people ..."; sy dood is veroorsaak deur "sheer brain fag and overwork ..."⁵⁰

Hy het pas teruggekeer van 'n besoek aan pres. Kruger waartydens hy só siek geword het dat sy vrou hom moes gaan haal.⁵¹ Op Donderdag, 27 Januarie 1898, het hy in 'n opgewekte stemming op kantoor verkeer nadat hy die oggend sy hoofartikel tuis voltooi het. Hy was veral verheug oor die nuus dat sy jongste broer, Fritz, bevorder is tot bevelvoerder van dieselfde artillerieregiment aan die hoof waarvan sy vader vroeër gestaan het. Die aand het hy nog Bloemfonteinklub besoek en blykbaar gesond gaan slaap. Teen eenuur het hy 'n beroerte-aanval gekry, sy regterkant is verlam en op Saterdag, 5 Februarie het hy gesterf.⁵²

Na sy dood het huldeblyke, telegramme en kranse van oral ingestroom. Daar was feitlik nie 'n koerant in Suid-Afrika wat nie daaraan meegedoen het nie en selfs 'n aantal van oorsee, soos die African Review in Londen, het 'n huldeblyk gelewer. Sy begrafnis op Sondag, 6 Februarie, was een van die grootstes in

49. Ibid, p.19.

50. Ibid, p.15: The Friend; p.16: De Volksstem; p.12: Advertiser, Kimberley.

51. Onderhoud met B.M. (Bandopname.)

52. De Express, 8.2.1898.

Uit die huldeblyke, net soos uit talle briewe wat oor die jare heen in De Express verskyn het en veral uit sy koerantartikels en dade, kom die karakter en persoonlikheid van Carl Borckenhagen sterk na vore.

As hy in 'n saak geglo het, soos in republikenisme, het hy dit met volle oorgawe gesteun en al sy vermoëns daaraan gewy. As individualis was hy bewus van sy vermoëns en invloed, uiters beginselvas en geen ja-broer nie. Hy was 'n vurige kampvegter en 'n verbete teenstander. Diegene wat nie met hom saamgestem het nie, moes hewige kritiek verduur. Hulle het egter saamgestem dat daar geen dubbelhartigheid in hom was nie. Sy kritiek was eerlik en nooit "malicious" nie⁵⁴ en sy motiewe suiwer. As joernalis en politieke leier was hy die vyand van baie, maar as mens is hy deur almal gerespekteer en was hy almal se vriend: "Personally Mr. Borckenhagen was popular with all classes"; " .. those who disliked his politics respected and liked the man, for he never failed in kindness to those whom his convictions compelled him to regard as his enemy", aldus die Mining Journal. Die redakteur van die Graham's Town Journal het erken dat daar 'n kroniese staat van vyandskap tussen Borckenhagen en die Engelse pers was, maar dit was "quite consistent with perfect respect for the deceased editor personally, whom all believed to be sincere and

53. Ibid.

54. Persverwysings, p.15: De Volksstem; p.3: Ons Land; p.5: African Review.

honest in his contentions".⁵⁵

Die lang, lenige man van ongeveer 1,96 meter, met sy minsame, innemende en spontane geaardheid, het almal wat sy geselskap opgesoek het gou op hulle gemak laat voel en was oral baie gewild. Hy het volgens 'n korrespondent die sjarme van 'n Fransman gehad. Ene "Q" het geskryf dat 'n dame daarvan oortuig was dat hy van Franse afkoms was. "The interesting foreign accent, and the well-known vivacious gesticulation, must have misled her." Volgens hom het dit dikwels gebeur dat mense op dié wyse mislei is.⁵⁶ Op 'n ander plek word hy as 'n "tall, clever, good-looking man" beskryf.⁵⁷ Sy gesprekke was lewendig en insiggewend en opgekikker met oorspronklike en gevatte uitdrukkings.⁵⁸

Sy groot plaaslike teenstander, The Friend, het hom geken as 'n vrygewige en barmhartige mens: "He was a warm friend, and generous - no man in trouble ever appealed to him in vain for help, and he would not only unloosen his purse-strings, but would take much trouble in giving advice and assistance to the poor and needy in their distress, and to those in trouble."⁵⁹

Hy het self in 1882, toe ekonomiese toestande swak was, aan sy moeder geskryf dat dit maar moeilik gegaan het om uit sy skuld te

55. Persverwysings, p.8: Advertiser, Durban en Mining Journal, Johannesburg; p.13: Graham's Town Journal; p.7: The Telegraph, Port Elizabeth.

56. De Express, 12.4.1887.

57. Schoeman, K., Bloemfontein, p.95.

58. Persverwysings, p.3: Ons Land.

59. Ibid, p.15: The Friend.

kom. Daar was so baie aansprake op hom en die behoefdiges het sy swak plek geken. Hy het homself af en toe vergeet in die stryd tussen sy plig teenoor homself en ander. Dit het hom egter groot tevredenheid verskaf.⁶⁰ Twee jaar later moes hy sug dat sy maandelikse uitgewes enorm was omdat hy dit nie oor sy hart kon kry om sy werknemers, almal deeglike mense, se salarisse te verminder nie terwyl die ekonomiese situasie erg versleg het.⁶¹

Verdere bewyse van sy warm hart was die aanneming van vier dogters en die onderdak wat gedurig aan ander mense verskaf is, soms vir lang tye. Vreemdelinge het dikwels met bekendstellingsbriewe opgedaag en huisvesting ontvang.

Met sy wonderlike humorsin en warm persoonlikheid het hy 'n groot vriendekring versamel. Die Reitz- en Steyngesinne, wat bure was, het onder sy talle vriende getel. By Borckenhagen se begrafnis het Reitz gesê dat hy in hom 'n vriend gevind het wat sterker aanhang as 'n broer en wat altyd gereed was om met woord en daad te help.⁶²

Carl en sy gasvrye vrou, May, het graag onthaal. Vrydagmiddae het May haar vriendinne genooi vir 'n "at home" en die kinders kon dan elkeen maats nooi wat sommer vir ete gebly en dikwels oorgeslaap het. So was daar gewoonlik op 'n Vrydagaand vyf-en-twintig of meer mense aan tafel. Na ete is speletjies gespeel en toe die kinders groter was, gedans. Dikwels is iemand gehuur om begeleiding te verskaf, maar die jongmense kon feitlik almal kla-

60. Borckenhagen. Briewe, 1.2.1881.

61. Ibid, 7.2.1884.

62. De Express, 8.2.1898.

vier speel en het beurte gemaak om te begelei. Geen wonder dat Blanca haar kinderjare in Bloemfontein met die grootste vreugde kon herroep nie. Sy het haar vader as 'n wonderlike pa bestempel wat ten spyte van sy bedrywige lewe vir sy kinders tyd ingeruim het. Hulle was welkom in sy studeerkamer wanneer hy aan die skryf was en sy kon onthou hoedat sy na hom geroep het tydens 'n siekbed.⁶³ Almal het geweet dat "his family adored him".⁶⁴

Daar was genoeg ruimte by Rose Lodge vir al hierdie bedrywighede. Aanvanklik het die gesin in 'n huis langs die besigheid op die Markplein gebly, maar in 1881 het Borckenhagen drie huise in St. Georgestraat gekoop en hulle in een groot huis met onder andere elf slaapkamers, 'n groot studeerkamer en goed toegeruste biblioteek laat verbou. In hierdie biblioteek het Borckenhagen talle Vrystaatse burgers van alle lae en ook invloedryke persone van onder meer Engeland, die Kaap en Transvaal ontvang. Cecil John Rhodes was onder hulle.⁶⁵

Die pragtige roostuin het aan die huis sy naam gegee. Verder was daar 'n groot vrugteboord, waaroor Borckenhagen 'n loflied in 'n brief aan sy moeder aangehef het,⁶⁶ en waarin elke vrugtesoort wat in die Vrystaat geard het, geplant is. Weens sy ligging was die tuin een van die weiniges wat uit die fontein agter die Presidensie water gekry het en die huis een van die enkele bevoorregtes met kraanwater. Borckenhagen, wat 'n uitstekende tuinier was, het voortdurend boomsaad uit Europa bestel en in sy

63. Onderhoud met B.M. (Bandopname.)

64. Persverwysings, p.15: Cape Times.

65. Onderhoud met B.M. (Bandopname.)

66. Schoeman, p.101.

tuin daarmee geëksperimenteer.⁶⁷ Hy het nie net die Vrystaters gedurig aangemoedig om bome te plant nie, en hieroor het hy en pres. Brand hartlik saamgestem, maar ook aan hulle 'n voorbeeld gestel.

Daar was so baie vrugte in die tuin dat sy kinders tydens die Anglo-Boereoorlog elke dag vrugte na die stasie geneem het vir die Boerekrygers wat op pad na die front was. Hulle was uitermate verbaas oor hierdie vriendelikheid van die "Engelsgesinde" Bloemfontein.⁶⁸

67. Onderhoud met B.M. (Bandopname.)

68. Ibid

KOERANTEIENAAR EN REDAKTEUR

The Friend of the Orange River Sovereignty is in 1850 as die eerste koerant in dié gebied gestig. Met republiekwording in 1854 is die naam na The Friend of the Orange Free State¹ verander. Sedert sy stigting was dit die spreekbuis van die Engelse element in die Vrystaat. Daar was egter ook kolomme wat die Hollands-sprekendes bedien het. Tussen 1862 en 1875 het De Tijd verskyn - 'n koerant wat baie bygedra het om die Vrystaters se patriotisme te bevorder, hulle tydens die Basoeto-oorloë aangespoor het en ook 'n stoot aan die Afrikaanse Taalbeweging gegee het deur Afrikaanse versies en samesprake te publiseer. Die taal van die koerant self was egter so 'n hoogdrawende Nederlands dat dit nooit op 'n groot leserskring kon aanspraak maak nie.

The Friend se houding was anti-republikeins en pro-koloniaal, en aanvanklik ook vyandiggesind teenoor pres. J.H. Brand. Hoewel die koerant later die onafhanklikheid van die Vrystaat aanvaar en Brand met sy gehegtheid aan die Kaap en die Engelse taal en kultuur en sy bekwaamheid as president gesteun het, het hierdie koerant steeds die minderheid in die Vrystaat se gevoelens vertolk, en 'n geneentheid bly koester vir alles wat Brits was.

Die behoefte aan 'n koerant wat die meerderheid Vrystaters sou verteenwoordig en die Republiek se belange sou bevorder, is sterk gevoel. G.A. Fichardt en ongeveer dertig persone van Bloemfontein

1. Hierna in die teks en voetnote afgekort as: The Friend.

tein en die distrik het in April 1874 'n voorlopige komitee gevorm en 'n prospektus uitgegee met die oog op die stigting van die Oranje Vrijstaatsche Nieuwsblad Maatschappij wat weekliks 'n tweetalige koerant, De Express, sou uitgee.² Die doel van so 'n blad sou nie wees om geld te maak nie, maar om as lyfblad vir die meerderheidsgroep te dien.³

Volgens die prospektus was dit te betreur "that no continued, well-directed efforts have hitherto been made to amalgamate the heterogeneous nationalities, always to be found in a new State, and it is therefore proposed to form a Company for the purpose of starting a thoroughly respectable newspaper". Die strewe van die koerant sou wees "to secure for State, Commercial and Social purposes, the united action of every intelligent Burgher in the Country". Die koerant sou poog om die openbare mening aan die regering oor te dra, veral wat betref die begeerte na hervormingsmaatreëls tot die volk se welsyn en dit sou enige pligsversuim van die regering vreesloos op die lappe bring. Verder sou daar gewaak word teen die gevare wat die regte en vryhede van die Vrystaat kon bedreig. Aandag sou gegee word aan godsdiensaangeleenthede, onderwys sake, boerdery- en handelsbelange en die beleid ten opsigte van Swartes.⁴

Die maatskappy sou met 'n kapitale fonds van £7 500, byeengebring deur die verkoop van 1 500 aandele van £5 elk, geloods word. Die idee is goed ontvang deur 'n groot deel van die

2. Collins, W.W., Free Statia - Reminiscences of a lifetime in the Orange Free State, p. 324.

3. De Express, 8.2.1898.

4. The Friend of the Orange Free State, 9.4.1874.

gemeenskap en aandele is gretiglik gekoop. 'n Vergadering van aandeelhouders is belê, 'n direksie gekies en 'n drukpers en toerusting uit Engeland bestel.⁵ Die mikpunt was om die koerant vanaf Januarie 1875 uit te gee, maar weens 'n brand aan boord van die Windsor Castle wat die toerusting vervoer het, het die eerste uitgawe eers op 11 Maart 1875 verskyn.

Friedrich X. Schermbrücker is as die eerste redakteur en bestuurder van die maatskappy aangestel. Hy was 'n Duitser wat in 1856 as lid van die Brits-Duitse legioen na King William's Town, Kaffrarië, gekom het. Toe sy dienstyfperk beëindig is, is hy na die Vrystaat.⁶ Na sy bedanking as redakteur is hy weer Kaap toe waar hy later parlamentslid geword het.⁷

De Express se leuse, "Uwe onafhankelĳkheid hebt gĳ verkregen; houdt ze, en maakt u harer waardig!", is ontleen aan 'n toespraak van die Britse historikus, J.A. Froude, in die Bloemfonteinse stadsaal op 12 Desember 1874.⁸

In die eerste hoofartikel skryf die redakteur dat die koerant gestig is om "aan het onafhankelĳk bestaan van dezen Staat onwrikbaar vast te houden Ons voornaamste doel dus is: uit te vinden op welke wijze wij onze positie verbeteren en ons van een rechtmatigen invloed verzekeren kunnen voor den Vrijstaat in de algemeene zaken van Zuid-Afrika." Die openbare pers, een van die

5. Collins, p. 324.

6. The Friend, 15.10.1874; Trümpelmann, G.P.J., Deutsches Schaffen im Oranje-Freistaat, p. 16.

7. Collins, p.326.

8. Ibid, p. 324.

kragtigste middele om die openbare mening mee te lei, sou as beskawingswapen gebruik word. 'n Vrystaat-beleid sou volgens die gevoelens van die inwoners gehandhaaf word. Aanslae teen die Vrystaat se onafhanklikheid sou met krag teengegaan word. Daar sou na vrede met buurstate gestrewe word, maar die Vrystaat se reg op sy eie grond sou verdedig word - veral na aanleiding van die Griekwaland-Wes-kwessie. Die blad sou die regering hartlik ondersteun wanneer dit die volk se welsyn behartig het; maar die redakteur sou hom net deur sy eie gewete laat lei.⁹ Beide Schermbrücker en sy opvolger, Borckenhagen, sou deurgaans aan hierdie voorneme getrou bly.

'n Jaar later kon De Express met genoegdoening berig dat die blad deur 'n invloedryke deel van die Vrystaatse bevolking gelees is en dat die aantal intekenaars van 511 na meer as 'n duisend vermeerder het. 'n Verdere wins was dat The Friend sedert De Express se stigting die onafhanklikheid van die Vrystaat meer op prys begin stel het.¹⁰

De Express het die republikeinse standpunt in die Vrystaat met mening gepropageer. Die Britse beleid in Suid-Afrika is dikwels skerp deur Schermbrücker aangeval. Na aanleiding van The Cape Argus se beskuldiging dat hy 'n huurling was wat na die direkteure van die koerant se pype gedans het, het hy geantwoord dat hy saamgestem het met die direkteure se begeerte om die ketting van moedswillige, valse vooroordele en voorstellings van die Engelse pers in Suid-Afrika te verbreek, maar dat hy onafhanklik

9. De Express, 11.3.1875.

10. Ibid, 23.3.1876.

was en volgens sy eie idees van reg en onreg geskryf het.¹¹

Dit was veral die Britse regering se optrede in die diamantveldkwestie wat hom diep gegrief het. Aanvanklik het hy Carnarvon se konfederasieplan vir Suid-Afrika gesteun, maar toe hy besef wat Carnarvon werklik beoog, het hy hom en die koloniale pers van valsheid beskuldig en geskryf: "De Vrijstaat is niet voornemens van zijne onafhankelijkheid, zijne vlag, zijne taal en zijne hooge standpunt onder de Staten van Zuid Afrika afstand te doen."¹²

Die Britse anneksasie van Transvaal het 'n hewige reaksie by Schermbrücker uitgelok. In sy "Apologie" wat as byvoegsel tot De Express van 19 April 1877 uitgegee is, het hy Carnarvon en die Britse regering van oneerlikheid en onopregtheid beskuldig. Die £90 000 wat die Vrystaat as skadevergoeding vir die diamantvelde ontvang het, het hy as "bloedgeld" bestempel waarvoor die Vrystaat verkoop is. Pres. Brand sou sy plig versuim as hy nie by die Britse regering protes teen die anneksasie aanteken nie.¹³

Die direkteure van De Express het ingegryp en die verdere verspreiding van die "Apologie" verbied. The Friend het geskryf dat Schermbrücker pres. Brand en die Engelssprekendes ernstig beledig het. Engelse gemoedere het hoog opgevlam en Schermbrücker se beeltenis is deur 'n groot groep Engelse op 24 April 1877 op die plein verbrand.¹⁴

11. Ibid, 17.8.1876.

12. Ibid, 1.2.1877.

13. Ibid, 19.4.1877; The Friend, 26.4.1877.

14. The Friend, 26.4.1877 en 3.5.1877.

Schernbrücker het aan die einde van April as redakteur bedank, Bloemfontein verlaat en 'n pos as militêre kommandant in die Oostelike Provinsie aanvaar. Volgens G.P.J. Trümpelmann het die Kaapse regering hom dié pos aangebied sodat hulle van sy bytende hoofartikels ontslae kon wees.¹⁵

Intussen was Carl Borckenhagen reeds as klerk by De Express werksaam en het hy deeglike kennis gedra van die doelstellings en houding van De Express en sy redakteur. Toe Schernbrücker bedank, het Borckenhagen om 'n geleentheid gepleit om die koerant, wat ook in finansiële nood was, te probeer red. Op 1 Mei 1877 het hy die leisels oorgeneem. Baie van die aandeelhouers, wat nie met Schernbrücker se ietwat onverdraagsame en eensydige politieke standpunt saamgestem het nie, wou van hulle aandele ontslae raak en het dit onder kosprys aan Borckenhagen verkoop.¹⁶ Op 24 Desember 1880 het die O.V.S. Nieuwsblad Maatschappij ontbind en die nuusblad aan Borckenhagen aangebied.¹⁷

As vyf-en-twintigjarige met weinige kennis van die koerantwese en die twee tale wat gebruik is, het hy 'n moeilike taak op sy skouers geneem. Die finansiële toestand van die koerant¹⁸ en die verdeeldheid onder die inwoners van Bloemfontein het sy taak nie makliker gemaak nie.

Aanvanklik het hy hulp van buite gekry met die skryf van die hoofartikels, maar gou het hy feitlik al die skryfwerk self be-

15. Trümpelmann, p.16.

16. Collins, pp.224-225.

17. De Express, 9.12.1880.

18. Ibid, 8.2.1898; SABW, deel 1, p.101.

hartig.¹⁹ Onder sy latere medewerkers was die oud-predikant en skrywer, Nico Hofmeyr, die joernalis J.S.M. Rabie en die voormalige redakteur van Di Patriot, D.F. du Toit (Oom Lokomotief).²⁰

Tweetalige koerante het nooit veel sukses in Suid-Afrika behaal nie en De Express is aan die begin as 'n Hollandse koerant beskou. Borckenhagen, volgens W.W. Collins "a gentleman of an adventurous spirit, and withal of indomitable perseverance",²¹ het die koerant egter tot sulke hoogtes laat ontwikkel dat dit sy plek onder die voorste en invloedrykste Hollandse én Engelse koerante ingeneem het.²²

Finansieel was dit ook 'n groot sukses en baie advertensies is gewerf. Op 1 Mei 1879 het Borckenhagen verwys na "the immense and daily increasing circulation of the Express."²³ Die aantal intekenare het soos volg toegeneem:

1 Mei 1877	:	1 050
1 Julie 1878	:	1 475
1 Julie 1879	:	2 075
7 Augustus 1879	:	Meer as 2 100 ²⁴

Di Patriot beweer dat De Express naas Di Patriot en De Volksstem een van die koerante in Suid-Afrika was wat die boerebevolking se gevoelens weergegee het en vir die Afrikanerbond was sy onder-

19. De Express, 8.2.1898; SABW, deel 1, p.101.

20. Schoeman, K., Bloemfontein, p.95.

21. Collins, p.325.

22. De Express, 8.2.1898; Persverwysings, p.5: Voortrekker.

23. De Express, 1.5.1879.

24. Ibid, 7.8.1879.

steuning belangrik omdat hy, soos Di Patriot, ruim 3 500 intekenare gehad het - 'n getal waarby geen ander Hollandse koerant naasteby kon kom nie.²⁵

De Express het tot 1893 weekliks verskyn en daarna halfweekliks. Sedert 1882 is 'n daaglikse uitgawe, The Daily News, later The Daily Express, gratis as oggendkoerant versprei.²⁶ Die dagblad was vir Bloemfontein bedoel en die weekblad meer op die platteland gerig. In Maart 1900 het die Britse besettingsmagte in Bloemfontein die publikasie van die koerant stopgesit.²⁷

Het O.V.S. Familieblad is sedert 1879 as weeklikse bylae tot De Express uitgegee en het onder andere Afrikaanse versies bevat.²⁸ In April 1881 het Borckenhagen aangekondig dat die Familieblad vanaf Mei in 'n vergrote, geïllustreerde vorm sou verskyn. Daar sou ruimte vir 104 advertensies teen een pond en tien sjielings per week beskikbaar wees. Hy gaan voort: "The attention of Business men is called to the fact that this is the most popular paper in South Africa and advertisement in the Familieblad is sure to repay the outlay."²⁹

Jaarliks is daar 'n sogenaamde almanak, De Boerenvriend, uitgegee met die oog op die boere. Ook in De Express is daar baie

25. Du Toit, J.D., S.J. du Toit In Weg en Werk. 'n Periode van Afrikaanse Oplewing, p.167 (soos aangehaal uit Di Patriot, 4.11.1881).

26. Schoeman, p.95.

27. Collins, p.325; SABW, deel 1, p.103; Trümpelmann, p.17.

28. Schoeman, p.95.

29. De Express, 14.4.1881.

aandag aan boerderybelange geskenk.

Al hierdie ekstras het bygedra tot die gewildheid van die koerant, maar die kernrede daarvoor was dat Borckenhagen, soos hy aan sy moeder geskryf het, sy hand op die pols van die openbare lewe gehad het.³⁰ Hy het hom met die volk vereenselwig en daarom kon hy met De Express se tiende verjaarsdag skryf dat die koerant aan sy doel beantwoord het, naamlik om die Afrikaner se belange te bevorder. Die koerant het volgens hom steeds aan invloed gewen en was 'n huisvriend van elke burger met 'n egte Afrikaans-gesinde hart. Hyself was vol gebreke, maar hy het altyd uit innerlike oortuiging gepraat, sonder vrees, en met die oog op die welsyn van die land en sy burgers. Hy het nie in stormagtige dae geswyg nie, maar onverskrokke gearbei om broederbande nouer te trek.³¹

Die feit dat hy die alleen-eienaar en redakteur was van 'n koerant met 'n groot oplaag, het meegehelp om sy invloed ver oor die grense van die Vrystaat te laat strek. S.F. Malan voer aan dat sy vurige pleidooie in belang van republikenisme teenoor Britse imperialisme "die gewildheid van De Express, selfs oor die Vaalrivier, verseker het".³²

Die reaksie in sy briewekolomme, n1. "Origineele Correspondentie", getuig daarvan dat sy idees weerklank en aanklank by die

30. Borckenhagen, C.B., Briewe aan sy moeder in Duitsland, 1.2.1882.

31. De Express, 12.3.1885.

32. Malan, S.F., Politieke Strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse Republiek, p.102.

volk gevind het. Hy het hulle beïnvloed, hul gedagtes gekanaliseer en hul begeertes geformuleer.³³ Malan is van oordeel dat De Express, saam met Di-Patriot, 'n bepalende invloed op die Vrystaatse Afrikaner se politieke denke gehad het en dat Borckenhagen, saam met Schermbrücker, die skerpsinnigste vertolkers van die Vrystaatse Afrikaner se diepste emosies was.³⁴

Aan die anderkant het die volk gevoel dat hulle 'n klankbord en 'n uitlaatklep vir hulle gevoelens gehad het. Elizabeth Conradie sien in die verskuns van De Express "die veelbewoë, volledige beeld van die tydperk". Die diepste emosies van die volk het losgebars in die mees spontane, oorspronklike volkspoësie, dikwels in balladevorm.³⁵ Daar was lofliedere op pres. Brand wat altyd gesorg het dat alles regkom en 'n reeks fabels en talle verse na aanleiding van die anneksasie van Transvaal. Daarna is verse geskryf waarin die Transvalers tot stryd aangevuur is en hulle heldedade besing is. 'n Stroom van groeiende nasionale bewussyn is in die verse waarneembaar. Vereniging met Transvaal en die bou van spoorweë was twee van die hooftemas van verse in die laaste gedeelte van die tydperk onder bespreking.

Borckenhagen skryf in 1886 dat die volk aanvanklik onverskillig teenoor die pers wat hulle verteenwoordig, gestaan het, maar 'n plotselinge verandering het ingetree. Die volk het ontwaak om sy plig te vervul en 'n eenduidige stem was besig om op te gaan in die platteland, stad en dorpe. Dit is waarvoor hy hom van die

33. SABW, deel 1, p.102.

34. Malan, p.70.

35. Conradie, E.J.M., Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika, 1875-1905, deel II, p.332.

begin af beywer het.³⁶

Dankbetuigings vir die verhoog wat De Express aan die volk gebied het en veral ook vir Borckenhagen se rol in die Vrystaat, het uit menige brief gestraal. T.B. Wiese, een van die gereelde korrespondente, het onder andere geskryf: "Heer Editeur! U hartelijk dank zeggende voor het plaatsen van bostaande, en ook voor uw onpartijdig oordeel, waarmede gij ons land en volk van tijd tot tijd tot dienste gestaan hebt!"³⁷ By 'n ander geleentheid skryf hy: "Geen twijfel hebbende aan uwe manmoedigheid voor onze Afrikaansche belangen, om die te behartigen, en waarvoor gij al veel hoon verdragen hebt, zoo zeg ik u hartelijk dank voor de plaatsing ..."38

Na die mislukte Vrystaatse deputasie wat Transvaal in 1887 besoek het om oor gemeenskaplike belange soos spoorweë en nouer vereniging te beraadslaag, is daar op 'n vergadering in Kroonstad geïnsinueer dat Transvaal Borckenhagen betaal het om as advokaat vir sy belange op te tree. "Een vriend der Zuster Republieken" het hom verdedig: "Tien jaar hebt ge onwrikbaar pal gestaan in uwen strijd tegen Jingoïsme en de belange der Republieken steeds warm en wakker verdeedigd en voorgestaan. Tegen halve en heele Jingo's ... hebt gij met krachtigen arm het zwaard gehanteerd ... maar al te veel ... laat men u nog 'alleen' het spit afbijten."³⁹

Philip R. Meyer van Ladybrand skryf dat 'n groot geluk die boere-

36. De Express, 4.2.1886.

37. Ibid, 26.7.1887.

38. Ibid, 26.6.1888.

39. Ibid, 15.11.1887.

bevolking getref het toe De Express in die lewe geroep is, want sedertdien kon elke boer, hoe eenvoudig ookal, aan die koerant skryf sonder dat sy taal, styl en sienswyse bespot word. Die rede hiervoor was dat die redakteur "de ware belangen van de Afrikaansche bevolking op zijn hart en handen draagt". Hy was baie in sy skik daarmee dat die volk se gevoelens ook in Engels weergegees is, "een blijk dat de Express elk bijzondere nationaal gevoel door eerlijkheid en onpartijdigheid weten te winnen." Hy het De Express seën toegewens: "Dat hij zijn vleugelen mogen uitbreiden over het gansche land!"⁴⁰

Moontlik die beste bewys van die invloed wat Borckenhagen nie net in die Vrystaat nie, maar in die hele Suid-Afrika uitgeoefen het, is die reaksie van die Engelsgesindes en veral die Engelse pers. Borckenhagen het op 'n keer gesê dat sy teenstanders, veral verwysende na J.G. Fraser en The Friend, dikwels aangevoer het dat die redakteur van De Express die towerstaf geswaai het of touthies getrek het, en dan het die volk gereageer en vergaderings gehou.⁴¹

Die feit dat die Engelse pers in alle dele van Suid-Afrika - die Westelike en Oostelike Provinsie, Griekwaland-Wes, Natal en Transvaal - sulke heftige aanvalle op De Express gemaak het, bewys dat hulle sy invloed erken, gevrees en probeer teenwerk het. Dit was veral die geval sedert De Express die Afrikanerbond begin steun het. Hulle het besef dat die saamsnoering van Afrikanerkragte deur die Bond 'n magtige invloed kon uitoefen. In Maart 1881 kla Borckenhagen dat die Engelse pers die voorafgaande

40. Ibid, 3.4.1888.

41. Ibid, 30.12.1886.

drie maande De Express meer as ooit in sy tienjarige bestaan aangeval het.⁴²

Oor die feit dat De Express en twee of drie ander koerante alleen gestaan het in hulle stryd om die behoud van republikenisme, het Borckenhagen daarop gewys dat daar nie uit die oog verloor moes word dat hulle 'n groter en meer invloedryke party verteenwoordig het as drie of vier dosyn ander koerante saam nie.⁴³

As daar oor die trefwydte van De Express se invloed gepraat word, moet in ag geneem word dat die meeste Vrystaters die koerant graag gelees het omdat die redakteur hul aspirasies suiwer vertolk het. Verder was koerante feitlik die enigste kommunikasie-middel en as Vrystaters wou weet wat in hul eie land en elders gebeur het, moes hulle koerant lees.

Die sirkulasiesyfers van De Express vertel verreweg nie die volle verhaal van die koerant se uitgebreide invloed nie. Hoewel daar talle Vrystaters was wat nie kon lees of skryf nie, het die Afrikanerbond, Boerebeskermings- en Jongelingsverenigings en ander organisasies, sowel as plaaslike leiers soos Volksraadslede wat verslagvergaderings gehou het, die inhoud van die koerant onder hulle aandag gebring. Volgens Malan het dit wat op een dag in De Express verkondig is, die volgende dag by monde van plaaslike leiers of verenigings volksbesit geword. Op hierdie wyse het Borckenhagen dus nie net die intellektueles van die dorpe bereik nie, maar ook die dikwels ongeleerde, maar skerpsinnige plattelandse Afrikaner wie se ideale en strewes hy

42. Ibid, 27.3.1884.

43. Ibid, 26.7.1887.

geformuleer het.⁴⁴ Daar moet onthou word dat die Afrikanerbond uiters doeltreffend georganiseer is en die wykstelsel het gesorg dat elke hoekie van die land bereik word.

Nie net op vergaderings van die Afrikanerbond nie, maar by haas alle ander vergaderings is na artikels in De Express verwys; daaruit is aangehaal en soms is hele artikels voorgelees. Die raadslid vir Winburg, D.J. de Villiers, het byvoorbeeld na die oorlye van pres. Brand 'n vergadering vir sy kiesers belê. De Express se korrespondent het berig: "Met hartelike goedkeuring werd hier het inleidings artikel van de laatste Express gelezen. Links en regs word het blad ter leen gevraagd en gretig gelezen."⁴⁵ Dit was die artikel oor die eienskappe wat by die keuse van 'n nuwe staatshoof in aanmerking geneem moes word en waaraan F.W. Reitz, volgens De Express, volmaak voldoen het.⁴⁶

'n Belangrike faktor wat die invloed van De Express bepaal het, was die persoonlikheid van die redakteur wat ook in sy skryfstyl tot uiting gekom het. Hy was 'n man wat geweet het wat hy wou hê, waarin hy geglo het en waarheen hy op pad was. Sy beginsels het hy vir geen oomblik prysgegee nie en met verbete vasberadenheid het hy sy doel nagestreef. Om hierdie rede was hy daartoe in staat om ander te oortuig en te oorreed.

As hy 'n saak goedgesind was, het hy dit met alle mag probeer deurdryf. Dade, nie woorde nie, het hy gepleit. Die President, die Volksraad en die volk se passiwiteit, lydelikheid en konser-

44. Malan, p.312.

45. De Express, 7.8.1888.

46. Ibid, 24.7.1888.

watisme is vir hom saamgevat in pres. Brand se leuse dat alles sal regkom. Met alle taalmiddels en beeldspraak tot sy beskikking - humor, satire, ironie, vergelykings en veel meer, het hy die Vrystaters aangespoor om te dink, betrokke te raak en te doen. Eers het hy die spyker net 'n ligte tikkie gegee en daarna het hy week na week, maand na maand daarop gehamer totdat dit diep ingedryf is. Die Bybel en letterkunde was geliefkoosde verwysingsraamwerke. Toe die konserwatiewes gemor het oor die koste van telegraaflyne, het hy geskryf dat die Vrystaat nie kon voortstompel in 'n aartsvaderlike oerwoud nie.⁴⁷

Brand en die Volksraad se onwilligheid om nouer bande met Transvaal te smee, het hom laat uitroep dat hulle Herodes in dwaasheid oortref het.⁴⁸ Hulle het maar net bly hoop dat alles vanself sou regkom. In hierdie land het dit soms gebeur dat dinge vanself regkom, skryf hy, en moontlik sou dit weer gebeur of moontlik nie - en dan was die kans verlore.⁴⁹ Die leiers moes beseef dat rypheid oorrypheid kon word.⁵⁰

Met S.P. de Beer se aanstelling as landdros van Bloemfontein skryf hy dat hy probeer het om die benydenswaardige stemming van 'n sekere aartsvader sy eie te maak. "Maar ook Jobs geduld heeft zijne grenzen, en aan die grenzen, meenen we, heeft die onverklaarbare aanstelling ons thans gebracht."⁵¹

47. Ibid, 12.1.1878.

48. Ibid, 25.11.1886.

49. Ibid, 25.11.1886 en 1.5.1888.

50. Ibid, 30.12.1886.

51. Ibid, 23.9.1886.

Wanneer ander hul beeldspraak op hom losgelaat het, was hy dadelik gereed met 'n teenaanval. Mnr. Hay, die redakteur van die Cape Mercury, het Borckenhagen vergelyk met 'n bosluis op 'n bul se vel. Hierop het hy teruggekap dat dit reg sou wees as daar geskryf is dat hy somtyds soos 'n bosluis op 'n donkie se vel was, want "all the substance we derive from the perusal of the Mercury is far less than the most modest tick might anticipate from so perfect an ass as young Hay."⁵²

Toe regter S.G.A. Shippard hom tydens 'n vergadering van die Wetenskaplike en Letterkundige vereniging te Grahamstad 'n Duitse agent genoem het, het hy geantwoord dat die regter wonderlike ontdekkings gedoen het, maar nie as 'n wetenskaplike bestempel kon word nie, en wat sy letterkundige verdienste betref, tensy hy bedoel het om 'n mededinger vir sy (Borckenhagen) se beroemde landgenoot, Baron von Munchhausen, te wees, kon hy geen verband tussen letterkunde en die regter se lesing sien nie; waarskynlik het daar nog skakels ontbreek!⁵³

Hy het nie maklik die geleentheid laat verbygaan om woordspeling te gebruik nie. Toe hy teen die toelating van die Standardbank in die Vrystaat betoog het, het hy geskryf dat die Vrystaters hul volkslied moes verander en liever sing: "van vreemde banke vry" i.p.v. "van vreemde bande vry".⁵⁴

By 'n ander geleentheid het hy die Afrikanerbond se strewe as "defence, not defiance" voorgelou, met ander woorde, verdedig,

52. Ibid, 4.2.1886.

53. Ibid, 1.1.1885.

54. Ibid, 17.6.1886.

maar moenie uitdaag nie.⁵⁵

In Londen is daar geskryf: "His criticisms .. are never malicious." "A master of sarcasm, he never descended to offensiveness, and his cutting satire only raised a smile, sometimes a bitter one, but never a feeling of contempt", was die kommentaar vanuit Kaapstad.⁵⁶

Toe hy van die Kaapse Volksblad wat ten gunste van 'n Suid-Afrikaanse konfederasie binne die Britse ryk was, geskryf het dat die koerant met betrekking tot die Afrikanersaak van die wal in die sloot verkeer en dat "de Jingo kleuren van dese politieke cameleon meer dan ooit in 't oog vallende tinten heeft aangenomen",⁵⁷ sou dit seker 'n glimlag ontlok. Soms was hy egter 'n bietjie krasser. Die leiers van die Britse Konserwatiewes met hulle politieke gewinsoekery het hy beskryf as die harsinglose Churchill en die eersugtige Salisbury wat saam met hulle makkers gewetenlose fortuinsoekers was.⁵⁸

Veral ná die Pretoria- en Bloemfonteinkonferensies tussen die leiers van die Vrystaat en Transvaal in 1887 het hy talle briewe ontvang wat teen sy opponente gemik was, maar wanneer daar in die briewe persoonlike, haatlike aanvalle gedoen is, het hy geweer om dit te publiseer. Vir hom het dit om kwessies en beginsels gegaan en nie om mense nie en hy wou in 'n suiwer atmosfeer

55. Ibid, 22.12.1881.

56. Persverwysings: African Review, p.5; Ons Land, p.3.

57. De Express, 15.11.1883.

58. Ibid, 19.4.1883.

Die posisie en taak van 'n redakteur het hy soos volg gesien: Die persoon van die redakteur is bysaak en oorweging van eie voor- en nadele is in sy werk uitgesluit. Hy besit as 't ware twee persoonlikhede. As redakteur dra hy groot verantwoordelikhede van openbare aard. In hom ontstaan daar 'n noodsaaklike skeiding tussen persoonlike voorliefde en pligte jeens die publiek.⁶⁰ Dit is om hierdie rede dat sy grootste teenstanders in die pers kon getuig dat dieselfde man wat hulle so ongenadiglik met die pen bygekom het, in die gewone omgang 'n hartlike, aangename en hulpvaardige mens was. "Mr Borckenhagen's private friendship was warm and wholehearted - the present writer having once had the privilege of enjoying, and can, therefore, speak from personal experience of, the same," kon een beaam wat al die ander gesê het.⁶¹

Die Vrystaters het waardering vir sy invloed en bekwaamheid as joernalis gehad, maar ook sy kollegas en kenners van die joernalistiek dwarsoor Suid-Afrika het sy briljante bekwaamheid en styl bewonder,⁶² of hulle nou sy politieke beskouings en menings gedeel het of nie.⁶³ Hulle het aangevoer dat sy denke helder was en dat hy van alle Afrikaanse joernaliste die republikeinse saak die beste en duidelikste kon formuleer. Hy is inderdaad as dié

59. Ibid, 22.11.1887.

60. Ibid, 27.12.1887.

61. Persverwysings, p.13: Imvo, King William's Town - nuusblad vir Swartes, p.13.

62. Ibid, p.8: Durban Advertiser.

63. Ibid, p.7: The Telegraph, Port Elizabeth.

kragtigste republikeinse skrywer beskou⁶⁴ na wie alle ander republikeinse skrywers vir inspirasie opgesien het.⁶⁵ Hulle het sy koerant as handboek gebruik.⁶⁶

Daar is beweer dat hy nie sy gelyke in die land gehad het wat styl betref nie,⁶⁷ en dat hy as joernalis een van die voorste plekke in Suid-Afrika bekleed het: "From the Free State capital his influence was felt from the Zambezi to Cape Point."⁶⁸ Dit was sy "brilliant wit, a caustic pen and a peculiar 'mustardy' way of expressing himself that made The Express unique among South African Journals."⁶⁹ Hy is as die treffendste en mees oorspronklike persoonlikheid in die Suid-Afrikaanse joernalistiek⁷⁰ en een van die mees bekwame en suksesvolle joernaliste in Suid-Afrika aangeprys. Daar is verwys na sy varsheid en sy kragtige, vreeslose, gevatte en pikante styl vol humor, satire en sarkasme. Dat sy literêre styl uniek was, is algemeen erken. Diegene wat onder sy tong deurgeloopt het, het sy gevatheid, humor en selfs snydende sarkasme die meeste geniet.⁷¹

Daarby is sy onafhanklikheid van denke hoog aangeslaan. Hy het nie na kapitaliste, regerings of enigeen se pype gedans nie, maar sy eie beleid en idees, wat volgens sy siening in die beste be-

64. Ibid, p.13: The Herald, Port Elizabeth.

65. Ibid, p.8: Mining Journal.

66. Ibid, p.6: Bechuanaland News.

67. Ibid, p.3: Ons Land.

68. Ibid, p.11: Budget.

69. Ibid, p.7: The Star.

70. Ibid, p.6: Financial Record.

71. Ibid, p.12: The Cape Argus.

lang van sy mense was, verkondig.⁷² Hy was nie 'n huurling wat nie vir sy eie skape omgee het nie.⁷³

Na sy dood is geskryf dat daar nie 'n joernalis in Suid-Afrika was wat nie sy heengaan betreur het nie.⁷⁴ "He will be keenly missed by his fellow-labourers throughout the South African Press", het die Argus namens almal getreur.⁷⁵

* * *

72. Ibid, p.3: Ons Land; p.9: Digger's News; p.7: The Telegraph;
p.8: Ons Volk.

73. Ibid, p.15: The Cape Times.

74. Ibid, p.6: Press, Pretoria en Financial Record.

75. Ibid, p.12: The Cape Argus.

HOOFSTUK 3

VERHOUDING TOT PRES. J.H. BRAND EN SY ONDERSTEUNERS

Een van die belangrikste realiteite waarmee Carl Borckenhagen as joernalis en politikus te doene gehad het, was dat hy in 'n republiek geleef het waar die nasionale bewussyn vinnig aan die ontluik was, maar wat ook voortdurend van buite bedreig is. 'n Ewe belangrike faktor was dat pres. J.H. Brand staatshoof van hierdie republiek was.

Aangesien die tydperk van Borckenhagen se redakteurskap wat in hierdie verhandeling gedek word, geheel en al tydens pres. Brand se era afspeel, is dit belangrik om die verhouding tussen die twee invloedryke persone van nader te belig, asook hulle onderskeie opvattings oor sake wat die Oranje-Vrystaat geraak het.

In die beginjare van die Vrystaatse Republiek het die pioniers 'n stryd teen die natuur en veral teen die Basoeto's gevoer om hul boerderye en ander bedrywighede gevestig te kry. Net soos in die Voortrekkertydperk was daar min tyd of geleentheid vir onderwys. Die Vrystaat het dus 'n groot behoefte aan goed opgeleide persone gehad om die leiding op verskillende terreine te neem. Die voortbestaan van die Republiek was tot 'n groot mate daaraan te danke dat Johannes Henricus Brand bereid was om homself as staatspresident beskikbaar te stel. Hy het nie alleen 'n deeglike opleiding as regsgeleerde in Nederland en Engeland geniet en ervaring as politikus in die Kaapse Parlement gehad nie, maar het oor merkwaardige diplomatieke gawes en meer as eindelose geduld beskik.

Sy vermoë om te oorreed en te versoen, is tot heil van die Vrystaat en die res van Suid-Afrika aangewend.

Borckenhagen, wat nege jaar na Brand in die Vrystaat aangekom het, het eweneens 'n deeglike Europese opleiding geniet en met sy skerp intellek en sterk, innemende persoonlikheid sou ook hy 'n leidende rol in die Republiek speel. Hy het nie oor dieselfde mate van geduld as Brand beskik nie en vir hom moes daar dadelik en doelgerig opgetree word. Pres. Brand se spreuk dat alles sal regkom en die Volksraad se voortdurende houding dat die tyd nog nie ryp was nie, het vir hom na 'n laat-maar-loop-beleid gelyk.

Beide manne het as vreemdelinge in die Vrystaat aangekom en beide sou tot aan die einde van hulle veelbewoë lewens al hulle kragte tot die uiterste inspan om hulle aangenome vaderland se onafhanklikheid te bewaar en sy belange te bevorder. Oor hoë dit gedoen moes word, het hulle egter hemelsbreed verskil.

Die verskil in politieke siening kan toegeskryf word aan die verskil in agtergrond en opvoeding. Pres. Brand het in Kaapstad grootgeword waar sy voorvaders sedert 1795 in diens van die Britse administrasie was¹ en groot bewondering vir die Engelse kultuur en taal gehad het. Pres. Brand en sy vrou was so Engelsgeoriënteerd dat verskeie buitelandse besoekers aan die Vrystaat dit opgemerk het.²

Borckenhagen het uit 'n pasgestigte Duitse Ryk met sy stuwende

1. Scholtz, G. D., President Johannes Henricus Brand, 1823 - 1888, p.12.

2. Ibid, pp.296-297.

nasionalisme gekom. Hy sou dadelik inval by die gees van groeiende nasionalisme in Suid-Afrika - 'n gees waarteenoor pres. Brand afsydig gestaan het en nooit doelbewus bevorder het nie. Sonder dat hy dit bedoel het, het hy egter ook sy bydrae daartoe gelewer.

Borckenhagen het die unifikasie van Duitsland beleef en aanvanklik was hy baie geesdriftig oor 'n verenigde Suid-Afrika. Net soos Brand het hy besef dat die Vrystaat nie in isolasie kon bly nie. Sy strewe was na 'n verenigde Suid-Afrika waarin Brittanje geen faktor sou wees nie. Hy het gemeen dat die Afrikanerbond, 'n organisasie wat heftige teenkanting van Brand uitgelok het, die grondslag van so 'n unie, volkome vry van Britse inmenging en heerskappy en onder 'n eie vlag, kon lê. Algaande het hy dit as 'n hersenskim begin sien en gestreef na nouer verbintenis met die Noorde. Hy het aangevoer dat die Vrystaat se geografiese ligging hom gedwing het om by die Noorde of Suide aan te sluit. As hy en die Vrystaters moes kies, sou hulle eerder 'n broer in die republikeinse huis wou wees as 'n kneg in die koloniale winkel.³

Brand se vernaamste strewe was na 'n verenigde Suid-Afrika en hoewel hy hom nooit uitdruklik daarvoor uitgespreek het nie, kan 'n mens aflei dat hy veral in sy laaste lewensjare nie ongeneë was tot 'n Suid-Afrikaanse unie binne die Britse Ryk nie. Die inwoners van hierdie unie moes egter vry wees om hul eie heil uit te werk.⁴ Die unie moes geleidelik en op natuurlike wyse tot

3. De Express, 7.8.1888.

4. Malan, S.F., Politieke Strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse Republiek (hierna afgekort as Politieke Strominge) p.61.

stand kom en sou, syns insiens, gebaseer wees op ekonomiese samewerking van die hele Suid-Afrika, beginnende met nouer bande met die Britse kolonies. Sy hart het dus na die Suide geneig.

Borckenhagen het hom vereenselwig met diegene wat hulself Afrika-ners genoem het, terwyl Brand homself nooit so genoem het nie, maar as 'n "Zuid-Afrikaan" bestempel het.⁵

Dit is dus duidelik dat hierdie twee manne op politieke gebied gedurende die hele tydperk hoe langer hoe meer met mekaar sou bots. Borckenhagen sou egter nooit sy agting vir Brand verloor nie. Sy houding jeens die President was deurgaans objektief. Hy het sy goeie hoedanighede aangeprys en hoë agting vir hom as persoon gehad, maar nie gehuiwer om op foute te wys en soms felle kritiek te lewer op Brand se amptelike beleid en siening nie. Hy skryf: "Onze positie, en (wanneer de gelegenheid het eischt) onze oppositie, steunen geheel alleen op beginselen, niet op personen, want het zou werkelijk de grootste dwaasheid zijn den persoon te attaqueren van den meest populairen man des lands, van wien, als persoon, niets anders dan goeds kan gezegd worden wij zouden wederom aan den anderen kant onze natuur moeten verkrachten en ons te gelijker tijd schuldig maken aan verraad jeens de belangen van 't algemeen, als we toelieten, dat persoonlijke overwegingen haar invloed uitoefenden, bij't bespreken van die meest noodzakelijk te nemen maatregelen tot verbetering der publieke aangelegenheden"⁶

Voor die 1883-presidentsverkiesing het Borckenhagen 'n hoofar-

5. Scholtz, p.295.

6. De Express, 24.6.1886 en 9.12.1886.

tikel geskryf waarin hy sy houding teenoor pres. Brand duidelik uiteensit. Hy verklaar dat De Express van die begin af 'n republikeinse Suid-Afrikaanse orgaan was met die doelstelling om die land te dien en nie persone of partye nie. Persone kom en gaan, maar die volk en sy beginsels bly. Dit is om dié rede dat De Express die President soms teengestaan het en die blad was nie daaroor skaam nie en wou geen enkele woord terugtrek nie. Tog het hy nie geaarsel om Brand weer eens as die mees geskikte kandidaat vir die presidentskap aan te beveel nie. Die Vrystaat se benydenswaardige posisie was te danke aan twintig jaar van bekwame administrasie deur pres. Brand; die Britse regering het vertroue in hom gehad en sy woord het oral gewig gedra. Daar was niemand anders wat so goed toegerus was en soveel staatkundige ondervinding as hy gehad het nie.

Sy tekortkominge kon nie teen sy goeie hoedanighede opweeg nie.⁷ Volgens Borckenhagen se realistiese siening was Brand wel die mees geskikte persoon vir die presidentsamp, maar hy was nie onfeilbaar en verhewe bo kritiek nie. Wanneer persoonlike belange, selfs van die President, in stryd was met die algemene belang, sou De Express vir die algemene belang stry. Steun én kritiek het dus deel uitgemaak van Borckenhagen se pragmatiese houding jeens Brand.

In drie besondere gevalle het Borckenhagen sy steun aan Brand toegesê, n.l. tydens die presidentsverkieping van 1878 sowel as 1883 en in die tydperk toe Brand as bemiddelaar tussen die Transvalers en die Britse regering opgetree het.

7. Ibid, 12.4.1883.

In 1878 het Borckenhagen vir die eerste keer sedert hy redakteur geword het, 'n presidentsverkiesing meegemaak. Belangrike besluite is in hierdie tydperk deur die Volksraad geneem, veral betreffende die anneksasie van Transvaal en Carnarvon se federasievorstelle. Daar het ook 'n konstitusionele stryd tussen Brand en die Volksraad gewoed. Borckenhagen was nie in alle opsigte tevrede met die President se optrede nie en die volk het seker met belangstelling gewag om te sien wat hy oor die verkiesing te sê sou hê. Hy het Brand onvoorwaardelik as kandidaat aanbeveel en die volk gevra om soos een man vir hom te gaan stem. Sy beweegredes was feitlik dieselfde as wat hy weer in 1883 sou aanvoer, nl. dat Brand 'n ervare en bekwame leier was wat met sy besondere vermoëns en diplomاسie die volk reeds deur moeilike vaarwaters gelei het en in wie die volk sowel as die Britse regering vertrou gehad het.

Dit was veral met die oog op Britse konfederasieplanne dat ook hy sy vertrou in Brand gestel het. In 1877 het die President die Volksraad gewaarsku dat aanvaarding van Carnarvon se federasievorstelle kon beteken dat die Vrystaat sy onafhanklikheid verloor. Borckenhagen was dus gerus dat Brand ook in die toekoms oor die onafhanklikheid van die Vrystaat sou waak. Hoewel hy bewus was van Brand se vergissings en swakhede, was hy oortuig daarvan dat niemand anders oor dieselfde staatsmanskap, takt en geduld beskik het nie. Hy het ook nie soos sommige ander beswaar gehad teen Brand se voorwaarde dat pensioen aan hom toegestaan word nie. Dit sou ondankbaar en onwaardig wees om hom na sy aftrede in armoede te laat leef.⁸

8. Ibid, 5.6.1878 en 13.6.1878.

Nadat Brand herkies is, het Borckenhagen De Express se steun aan hom beloof omdat hy die Vrystaat tydens sy lang presidentskap met sorgsaamheid, wysheid en vaderlandsliefde bestuur het.⁹

Toe die verset teen die Britse regering in Transvaal begin op-laai, het Borckenhagen die broers oorkant die Vaal aangemoedig om op hul onafhanklikheid aan te dring. Hy het egter gemeen dat dit by wyse van onderhandeling eerder as deur geweld moes geskied veral omdat hy besef het hoe swak Transvaal in vergelyking met Brittanje was. Hyself het talle oproepe op die Britse regering gemaak om aan die Transvalers se eise te voldoen en so bloedvergieting te voorkom.

Met Brand se verjaarsdag op 6 Desember 1880 het hy hom geluk gewens en terselfdertyd die volk gevra om in dié tyd van oorlogsgerugte hulle President te vertrou. Hy was 'n man met insig en vaderlandsliefde en hulle moes hulle geesdrif deur sy verstandigheid laat temper.¹⁰ Kort nadat vyandelikhede uitbreek het, het hy goedkeurend gepraat van Brand se bereidwilligheid om te bemiddel, want hy was die mees geskikte man daarvoor vanweë sy posisie en die agting wat almal, ook die Britte, vir hom gehad het.¹¹

Hoewel Borckenhagen die Transvalers meer as simpatiekesind was, het hy Brand se neutraliteitsverklaring gesteun omdat hy gemeen het dat die Vrystaat net kon verloor deur tot die oorlog toe te tree. Tog het hy gevoel dat Brand te versigtig was om nie aan Brittanje aanstoot te gee nie en dat die Volksraad se besluite te

9. Ibid, 8.5.1979.

10. Ibid, 9.12.1880.

11. Ibid, 23.12.1880.

louwarm was. Sy kritiek het in bewondering verander toe Brand bereid was om sy invloed en diplomatieke vernuf te gebruik in belang van vrede in Suid-Afrika.¹² Met hoë lofbetuigings en van ganser harte het hy Brand na afloop van die vredesonderhandelings in die Vrystaat terugverwelkom as Suid-Afrikaanse staatsman van formaat. Hy het hom aangeprys as egte patriot vol liefde vir sy vaderland wat na vrede gestreef het. Hy het sy reputasie, moeitevol verwerf, in die weegskaal geplaas om sy volk en land te dien. Sy aandeel in die vredesonderhandelinge was gewigtig. Hy het sy moed toegejuig en vurig begeer dat hý die middel sou wees om die vrede op 'n vaste grondslag te plaas en om die toekomstige welvaart van die twee republieke nader uit te werk.¹³

Die hele Bloemfontein het Brand met geesdrif verwelkom en 'n adres, onder andere deur F.W. Reitz en Borckenhagen onderteken, aan hom oorhandig. Borckenhagen het pres. Brand weer eens in 'n hoofartikel geprys as iemand wat op die regte oomblik op die regte wyse opgetree het.¹⁴

Brand is later weer na die Noorde om te help met bemiddeling tussen die Koninklike kommissie en die Transvaalse Driemanskap. By sy terugkeer was De Express weer vol lof vir sy rol en het geskryf dat die President se naam aan byna elke gebeurtenis van geskiedkundige belang gedurende die voorafgaande vyf-en-twintig jaar verbonde was, maar dat geeneen sy bekwaamheid as staatsman en sy vaderlandsliefde, diplomاسie en takt so skitterend getoon het nie as sy pogings, sedert die eerste skoot in die Transvaalse

12. Ibid, 10.3.1881.

13. Ibid, 7.4.1881.

14. Ibid, 14.4.1881.

Vryheidsoorlog afgevuur is, om die saak van vrede en regverdigheid te bevorder. Die hele Suid-Afrikaanse volk het hom hiervoor bemin.¹⁵

Sedert die begin van die oorlog het Afrikanernasionalisme onkeerbaar gegroei en onder andere die stigting van die Afrikanerbond tot gevolg gehad. Brand se afkeer in die Bond en sy afsydigheid teenoor Afrikanernasionalisme het hom in botsing met sy volk, en veral ook met Borckenhagen, een van die leiers van die Bond, gebring. Aan die einde van 1883 was 'n presidentsverkieping weer op hande en die vraag was of Borckenhagen steeds vir Brand sou steun. Weer eens het hy hom heelhartig aanbeveel. Baie stemme het opgegaan dat hoofregter Reitz, Borckenhagen se mede-leier van die Afrikanerbond, hom verkiesbaar moes stel as President. Borckenhagen het hulle verseker dat Reitz 'n man van edel beginsels was wat nie teen Brand sou staan nie. Daar was geen ander staatsman wat meer geskik as Brand was nie. Die redes wat hy daarvoor gegee het, is reeds hierbo aangehaal.¹⁶

* * *

Die aantal raakpunte tussen Brand en Borckenhagen was veel minder as die verskilpunte. Borckenhagen het telkens beklemtoon dat hy nie kon swyg as die President syns insiens teen die algemene belang optree nie en dat dit dan nie 'n aanval op die persoon van die President was nie, maar om beginsels gegaan het. Volgens hom het hy tog dikwels, uit eerbied, lojaliteit en agting, baie minder skerp gereageer het as wat nodig was wanneer die President "zich tusschen de eischen van het publiek en de vervulling er van

15. Ibid, 8.11.1881.

16. Ibid, 12.4.1883.

geplaatst" het.¹⁷

Reeds in 1878 het Borckenhagen wat die ekonomie betref, gevaarte-kens begin sien en het hy beter administrasie en versigtiger be-steding geëis. In 1881 het hy die gebrek aan sisteem in die boekhouding gekritiseer. Brand het groot en goeie hoedanighede gehad, maar was syns insiens geen administrateur nie. Hy was nie in staat om die gebreke van die stelsel in te sien en die Volks-raad te adviseer nie.¹⁸ Namate die finansiële druk, veral teen 1883, erger geword het, het hy Brand se gebrek aan administratie-we bekwaamheid meer dikwels gekritiseer.

Brand se biograwe verskil egter van Borckenhagen. T.B. Barlow erken dat daar, selfs in later jare, wel af en toe 'n rede vir klagte was, maar dit was syns insiens slegs t.o.v. sake van min-der belang. Hy beskou die opbou van 'n uitstekende administrasie as Brand se grootste bydrae.¹⁹ Volgens G. D. Scholtz het Brand 'n wyse beleid gevolg en oor "groot administratiewe bekwaamhede beskik".²⁰ Albei is dit eens dat Brand oor die vermoë beskik het om die regte man op die regte plek aan te stel. Dr. Brebner en hoofregter Reitz is twee uitstekende voorbeelde hiervan.

Borckenhagen se skerp kritiek kan waarskynlik aan die swak ekono-miese toestande, wat grotendeels die gevolg van 'n wêreldwye re-sessie was, toegeskryf word. Onder sulke omstandighede word daar baie noukeuriger op die owerheid se optrede gelet.

17. Ibid, 24.6.1886.

18. Ibid, 26.5.1881.

19. Barlow, T.B., The Life and Times of President Brand, p.243.

20. Scholtz, pp.227-232.

Heelwat van Borckenhagen se kritiek het geregverdig geblyk te wees. Hoewel daar 'n aantal uitstekende amptenare was, was daar veral in die vroeër jare van Borckenhagen se redakteurskap 'n aantal ou, getroue amptenare wat egter nie bekwaam genoeg of opgelei was vir hulle poste nie. Brand was te jammerhartig om hulle te vervang en boonop was daar ook nie altyd opgeleide mense beskikbaar nie. Verder het hy ook te veel hooi op sy vurk geneem en wou hy toesig hou oor die hele openbare sektor, wat 'n onmoontlike taak was.

Die begroting is vir jare op die probeer-en-tref-metode opgestel en die Volksraad het dit meestal geïgnoreer en volgens willekeur geld toebedeel. Die feit dat daar geen behoorlike algemene belastingstelsel was nie, is telkens deur Borckenhagen veroordeel. Nietemin het pres. Brand die Vrystaat in 'n modelstaat omskep.

* * *

Brand en Borckenhagen se siening van die posisie van die Staatspresident en Uitvoerende Raad in verhouding tot die Wetgewende Vergadering asook die geldigheid van die volk se stem, het aansienlik verskil. Hierdie twee kwessies het verskeie kere ter sprake gekom.

In die teorie was die President ondergeskik aan die Volksraad, maar in die praktyk het hy groot gesag uitgeoefen.²¹ Brand het homself as die hoof, leier en vader van die volk gesien. Hý moes hulle lei, en nie hulle hom nie. Sy minsame geaardheid en bekwa-

21. Van Schoor, M.C.E. en Van Rooyen, Jan J., Republieke en Republikeine, p.117.

me diplomاسie het dit oor die algemeen nie vir die Volksraad en die volk moeilik gemaak om hom as sodanig te aanvaar nie. Tog was botsings onvermydelik, veral namate die kloof tussen die politieke siening van Brand aan die eenkant en van Borckenhagen en die volk aan die anderkant al hoe groter geword het.

Vir Borckenhagen was die wil van die volk die essensie van 'n republiek. Die Volksraad was die verkose verteenwoordigers van die volk en moes hulle kiesers se wense eerbiedig en so ook die President.

Brand het vasgeklou aan 'n gesag wat nie deur die grondwet aan hom toegeken is nie, maar wat hy uit hoofde van sy persoonlikheid verwerf het. Elke aanslag daarop het hy verbete beveg. Hiervoor het hy 'n baie effektiewe wapen gebruik, nl. die dreigement om te bedank, en dit sou telkens slaag.

Aan die anderkant het die Volksraad ook sy gesag verdedig en byvoorbeeld daarin geslaag om die President die vetoreg te ontsê.

Hoewel Borckenhagen daarteen gekant was dat die Staatspresident te veel gesag uitoefen, want dan sou hy soos 'n despoot kon optree, het hy tog begrip vir sy dilemma gehad, want as hy glad geen gesag gehad het nie, sou hy net 'n marionet in die hande van die Volksraad wees. Dit sou sy ywer en geesdrif demp.²² Hy moes die leiding neem, inisiatief aan die dag lê en voorstelle maak nadat hy deskundiges geraadpleeg het, maar hom daarna aan die beslissings van die Raad onderwerp.

22. De Express, 28.6.1877.

Die heel eerste Volksraadsdebat waaroor Borckenhagen moes berig, het juis oor die President se regte gehandel. Borckenhagen het vooraf 'n beroep op Brand en die Volksraad gedoen om nie oor kleinlikhede te argumenteer, terwyl daar sulke gewigtige sake soos die anneksasie van Transvaal en Carnarvon se federasievoorstelle op die spel was nie. Nietemin het die debat dae lank geduur.

Kort voor Brand se vertrek na Brittanje in 1876, het die Uitvoerende Raad, met Brand aan die spits, geweier om aan die eggenote van J.G. Fraser, sekretaris van die Volksraad, toestemming te verleen om 'n pos as huishoudster by die Dames-instituut te aanvaar. Tydens sy afwesigheid is daar by die Volksraad beswaar gemaak teen dié besluit en sekere insinuasies is gemaak oor die manipulering van die Uitvoerende Raad. Daar is besluit dat die Uitvoerende Raad nie met amptenare se huishoudelike sake kon inmeng nie.²³

In sy aanspraak tydens die 1877-sitting het Brand onomwonde laat blyk dat die besluit sy eer aangetas en hom gegrief het. Hy het betoog dat hy as President die Uitvoerende gesag was en dat die Volksraad of individuele lede nie die reg gehad het om sy optrede af te keur nie. As hulle gemeen het dat sy optrede onwettig was, moes hulle hom in 'n staat van beskuldiging gestel het. Hy het verder gesê dat die grondwet sekere regte aan die President toegeken het en dat dit tyd was dat hy hom as die volk se uitverkorene op dié regte beroep. Hy het die gees wat in die Volksraad geheers het tydens sy afwesigheid toe hy besig was om sy bes

23. Volksraadsnotules OVS (hierna afgekort as OVSVR), 29.5.1876, p.390.

vir die Vrystaat te doen, betreur. Hy is as 't ware van korrupsie aangekla.

Die Volksraad het hierop sy besluit herroep, sy volle vertroue in Brand uitgespreek en verklaar dat die kwetsende uitsprake van 'n aantal lede nie die Raad se gevoel weerspieël het nie.²⁴

Volgens Borckenhagen het die kwessie hom herinner aan 'n klomp skoolkinders wat in die onderwyser se afwesigheid die skool op horings neem, maar by sy terugkeer so stil soos muise en met geboë hoofde die straf van die onderwyser met sy stok in die lug en streng blik af wag. Hy het gewys op die gevaar van 'n onbeperkte Uitvoerende Gesag wat Volksraadsbesluite ongedaan kon maak. Syns insiens het die President se persoon te veel gewig gedra en kon dit lei tot absolutisme. Die vryheid van die onderdaan is daardeur bedreig.²⁵

Toe Brand in 1880 die vetoreg van die Volksraad eis, het Borckenhagen nie ernstige beswaar daarteen gehad nie, aangesien dit oorhaastige wetgewing kon verhoed. Hy het egter weer gevra dat daar 'n balans moes wees tussen die mag van die Wetgewende Vergadering en die Uitvoerende Gesag. Die posisie van die Staatspresident moes verhewe en vry van onnodige inmenging wees, maar nooit ten koste van die vryheid van die individu of die Volksraad nie.²⁶ Syns insiens sou dit egter beter wees as die regters en Staatsprokureur 'n kommissie sou vorm aan wie wetgewing voorgelê moes word sodat hulle veranderings kon aanbeveel.

24. Ibid, 8-12 Mei 1877, pp.16, 35, 41-41, 53-56 en 67-70.

25. De Express, 17.5.1877.

26. Ibid, 12.2.1880.

Hulle het oor skerp regskenis beskik terwyl die meeste Volksraadslede min opleiding geniet het.²⁷

'n Kwessie wat op die voorgrond getree het vanweë die oorlog wat die Kaap in Basoetoland gevoer het, was die Staatspresident se gesag betreffende buitelandse beleid. Borckenhagen was van mening dat hy te veel gesag besit het aangesien hy die Uitvoerende Raad, die Volksraad en die volk kon ignoreer. Hy het op outokratiese wyse die hef in die hande gehad - iets wat in geen beskaafde land en selfs in Rusland moontlik was nie. Hy kon na eie goeddunke handel sonder dat die volk ooit ingelig of geraadpleeg word. Daar was geen blouboek nie en die President is nie verplig om enige korrespondensie in die Volksraad ter tafel te lê nie. Offisiële briewe oor konfederasie, die Basoetoprobleem, die anneksasie van Transvaal, telegrafie en spoorlyne is geskryf sonder dat enigeen insae of seggenskap daarin gehad het. Die President het die volk verteenwoordig en hy moes hulle in ag neem. Die oorlog was op die Vrystaatse grens, dus het die land groot belang daarby gehad en tog moes inwoners alle nuus na 'n lang tyd uit Kaapstad verneem.²⁸

Toe die Volksraad in 1882 sy besluit waarvolgens Brand nie 'n Britse ridderorde kon aanvaar nie, herroep, het Borckenhagen beswaar aangeteken teen dié onkonstitusionele verloop van sake. Na aanleiding van die President se dreigement om te bedank en die Volksraad se gediensdigheid, het hy gewonder wat die volgende stap sou wees. Sou Brand die Volksraad huis toe stuur en daarsonder regeer? Hy het gewaarsku dat die Staatspresident gevaar

27. Ibid, 19.2.1880.

28. Ibid, 16.9.1880.

loop om op te hou om die uitvoerder van die volkswil, wat deur die Volksraad verteenwoordig word, te wees en die Vrystaatse regeringsvorm deur die slegste monargale regeringsvorm vervang sou word. Dit sou hy, al sou hy as opruier bestempel word, ten alle koste wou voorkom.²⁹ Hoewel Brand sy sin gekry het, het hy veel van sy gewildheid ingeboet.

'n Volgende geleentheid waartydens Brand gedreig het om te bedank, was gedurende die sitting van die Volksraad in 1886 toe die finansiële kommissie voorgestel het dat die Goewermentsekretaris die verantwoordelike hoof van die openbare diens word, onderworpe aan die President en die Volksraad. Brand het dit as 'n refleksie op homself gesien.

Borckenhagen het dit ten sterkste afgekeur dat die President, soos hy gemeen het, persoonlike oorwegings bo plig en volksbelang gestel het. Die kommissie wat die aanbeveling gemaak het, het bestaan uit vier uiters bekwame amptenare, 'n lid van die Uitvoerende Raad en vier Volksraadslede - persone wat bekend was met die administrasie se swakhede en behoeftes.

Borckenhagen het van die begin af volgehou dat die land 'n behoefte aan 'n aantal ministers gehad het wat aan die hoof van verskillende departemente kon staan. In hierdie voorstel het hy 'n gedeeltelike uitvoering van sy idee gesien.

Volgens hom was die verandering wenslik en sou dit die aansien van die President se posisie eerder bevorder as skade berokken. Niks het syns insiens hierdie aansien meer verlaag as die nood-

29. Ibid, 16.3.1882.

saaklikheid dat die President gedurig aan die nietigste sake aandag moes gee nie. Hy het belangrike pligte gehad, soos om te waak oor die belange van die Staat, beplanning aan te voer en uit te voer, buitelandse sake te behartig en leidsman te wees van staatkundige bewegings. Dit was veral die geval met 'n man soos Brand met sy ruim staatkundige blik.

Die land het ontwikkel - vroeër was daar minder werk en een man kon al die verantwoordelikhede dra. Die President moes nie aan sulke "ingebeelde" voorregte vasklou nie. Die openbare belang, soos deur die kommissie beoog, moes bo persoonlike oorwegings en gevoelens gestel word. Hy wou nie hê dat die President die voorstel as 'n persoonlike aanval moes beskou nie. Hy sou nie graag wou sien dat Brand bedank, soos hy gedreig het om te doen nie. Hy het die land te lank en te getrou gedien. Hy het egter nie meer oor dieselfde kragte en vermoëns as twintig jaar tevore beskik nie en dit sou goed wees as 'n deel van die verantwoordelikheid op jeugdiger skouers geplaas kon word. Oorhaastige dreigemente het buitendien nie tot die President se aansien bygedra nie en moes liever vermy word.

Die Volksraad het, soos in die verlede, weer geswig en die sogenaamde Bylae B tot 'n latere sitting laat oorstaan.³⁰

Ten spyte van die kritiek het Borckenhagen, soos reeds vermeld, begrip vir die Staatspresident se posisie gehad. Die Volksraad het soms ondeurdagte besluite geneem, soos om die Tesourier-Generaal met werk te oorlaai, en die President moes dit maar uitvoer. Indien hy iemand sou aanstel om dié amptenaar te help, kon hy

30. Ibid, 13.5.1886 en 1.7.1886.

daarvan beskuldig word, soos reeds gebeur het, dat hy die Volksraad se besluite in die wind slaan.³¹

In dieselfde jaar het Borckenhagen skerp kritiek uitgespreek teen die aanstelling van S.P. de Beer as landdros van Bloemfontein en die lydelikheid van die publiek. Volgens hom is die onfeilbaarheidsgevoel van die President met dubbele krag openbaar wanneer hy iets gedoen het wat hy eerder moes gelaat het. Hy was nie bereid om, soos ander, te swyg nie, want daar was hier iets hoërs op die spel. Hy het in 'n republiek geleef en het geweier om aan die ergste soort absolutisme onderworpe te wees. Dit was nie aanmatiging nie, maar 'n dure plig en heilige reg om deel te hê aan staatsaangeleenthede en as redakteur te sê wat gesê moes word.

Dit alles het syns insiens die noodsaaklikheid van konstitusionele hervorming beklemtoon, sodat die land van middelmatigheid verlos kon word.³²

* * *

S. F. Malan beskou 1877 as die jaar waarin die skeiding tussen pres. Brand en 'n groot deel van die volk, met wie Borckenhagen hom vereenselwig het, se siening duidelik begin word het.³³ Ook G. D. Scholtz skryf dat Brand se besoek aan Londen in 1876 'n keerpunt in sy politieke siening teweeg gebring het sodat hy 'n vriend van Brittanje geword het en na verbintenis met die koloni-

31. Ibid, 8.7.1886.

32. Ibid, 23.9.1886.

33. Malan, Politieke Strominge, pp.48-49.

ale Suide gesoek het. Die verwydering wat dit tussen hom en die volk veroorsaak het, het spoedig daarna begin blyk.³⁴

Dit was juis op hierdie tydstep dat Borckenhagen redakteur van De Express geword het.

Brand se hantering van die anneksasie van Transvaal en Carnarvon se federasievoorstelle, waarin hy baie versigtig was om nie aan Brittanje aanstoot te gee nie, was nie in alle opsigte vir Borckenhagen aanneemlik nie. Hy het besef dat die Vrystaat nie anders kon as om neutraal te bly nie, maar die Volksraad se besluit was vir hom te kleurloos en versigtig. Volgens hom het dit 'n pynlike indruk gemaak en meer na goedkeuring as na neutraliteit geklink. Brand kon die Transvalers minstens van die Vrystaat se simpatie verseker het. Wat die konfederasievoorstelle betref, was dit ook kleurloos en die afwysing te sag. Brand het hom weerhou van enige persoonlike kommentaar, terwyl die voorstelle niks anders as 'n poging tot anneksasie was nie.³⁵

Vir Brand het die anneksasie van Transvaal as 'n swaar slag gekom. Dit het sy droom van rasseharmonie tussen Engelse en Afrikaners en politieke eenheid bedreig. Daar is van alle kante druk op hom uitgeoefen. Baie Vrystaters het vuriglik met hul Transvaalse broers gesimpatiseer en het verwag dat die regering dit ook sou doen. Aan die anderkant het lord Carnarvon, sir Henry Barkly en sir Owen Lanyon namens Brittanje sterk druk op Brand uitgeoefen om neutraal te bly. Brand het besluit dat net 'n suiwer juridiese standpunt kon verhoed dat die Vrystaat sy onafhank-

34. Scholtz, pp.191-2.

35. De Express, 7.6.1877.

likheid verloor.³⁶

Aangaande die £90 000 wat die Vrystaat as kompensasiervergoeding vir die diamantveld ontvang het, het Brand se standpunt ook van die meerderheid van die bevolking verskil. De Express het voorgestel dat 'n nasionale bank opgerig word.³⁷ Heelwat korrespondente het dié voorstel gesteun. Toe die kwessie deur die Volksraad bespreek is, het Brand die mening uitgespreek dat 'n staatsbank nadelig sou wees en het met nadruk teen die oprigting daarvan gewaarsku. Die geld moes liever in Britse banke gelaat en spoorweë daarmee opgerig word.³⁸ Dit toon sy sterk begeerte om met die koloniale Suide verbind te bly. Die Volksraad het egter anders oor die saak gevoel en 'n kommissie van vyf, waaronder Borckenhagen, gekies om 'n ontwerpakte vir 'n nasionale bank op te stel.³⁹

Na aanleiding van die Transvaalse Volkskomitee se beroep op die Vrystaatse regering om steun wanneer Engeland versoek word om Transvaal se onafhanklikheid te herstel, wou Brand nie hê dat die Vrystaat moes inmeng in 'n Britse besitting nie. Die Volksraad het egter besluit om warme simpatie met Transvaal te betoon. 'n Memorie in dié verband het ook in De Express verskyn en is sterk deur Borckenhagen gesteun.⁴⁰

Teen 1880 het dit meermale gebeur dat die President se raad deur

36. Malan, Politieke Strominge, p.71.

37. De Express, 29.3.1877.

38. OVSVR, 21.5.1877, p.149 en 13.6.1877, p.393.

39. Ibid, 13.6.1877.

40. De Express, 12.6.1879.

die Volksraad verontagsaam is.

In 1881 sou die verskil in siening tussen Brand en Borckenhagen duideliker as ooit na vore tree. Die President se veroordeling van die Afrikanerbond, waarvan Borckenhagen 'n geesdriftige leier was, was vir laasgenoemde soos 'n skoot koue water in die gesig. Hy het die gewigtige, beduidende en belangrike teenstand van pres. Brand betreur het. Hy het dit toegeskryf aan Brand se oorversigtigheid om nie aan Brittanje aanstoot te gee nie.

Brand het gemeen dat die Afrikanerbond verdeeldheid sou bring en 'n regering binne 'n regering wou skep. Dit was sy oorwoë mening dat die mees vriendskaplike betrekkinge met die regerings en inwoners van naburige kolonies versterk en bevestig moes word en hy was bevrees dat die Bond in die weg van sulke betrekkinge sou staan.

In antwoord op Brand se afkeer, het Borckenhagen die oortuiging uitgespreek dat die Afrikanerbond sou bloei en sy doel sou bereik. Hy was jammer dat die Bond die Staatshoof se simpatie en ondersteuning moes ontbeer en sy ontevredenheid moes verduur, maar hy was maar 'n enkele persoon. Bowendien was sy mening in stryd met dié van baie opregte en bekwame persone wat hul land se ware belang gesoek het. In teenstelling met Brand se opvatting, sou die Afrikanerbond sins insiens juis die grondslag lê vir 'n toekomstige Suid-Afrikaanse vereniging. So 'n vereniging sou nie geskied deur middel van 'n Britse konfederasie nie, maar vanweë die verlange om een volk te wees.⁴¹

41. Ibid, 27.10.1881.

Sy verweer was dat die Afrikanerbond nie 'n regering binne 'n regering wou wees nie, maar op konstitusionele wyse wou optree deur memories in te dien en Volksraadslede te versoek om aan sekere sake aandag te skenk en dit in die Volksraad te opper. Die Bond was volgens hom nie 'n politieke party nie, maar 'n nasionale beweging en die Staatspresident moes nie vyandig daarteenoor staan nie. So 'n organisasie kon en moes, veral in 'n republiek, nie verdruk word nie. In 'n republiek het elke burger dieselfde regte en voorregte as die President. Volgens hom kon die Afrikanerbond alleen belet word as dit die Staat sou bedreig. As Brand nie deur die Staatsprokureur kon bewys dat die Bond skuldig was aan hoogverraad en muitery nie, kon hy nie daarteen beskuldigings inbring nie. Van die President is nie verwag om die Bond te ondersteun nie, maar hy moes die bestaan daarvan respekteer. Die Vrystaters se verpligtinge teenoor die President was baie groot en sou steeds nagekom word, maar die burgers se voorregte was ook belangrik. "De vrijheid van den onderdaan wordt, naar onze meening, door de handelwijze van den President aangetast."⁴²

Die hoeksteenlegging van die Bloemfonteinse stadhuis het vir 'n klein herrie gesorg toe Brand net Engels gepraat het. Borckenhagen het met verontwaardiging die gevoel van baie vertolk deur aan te voer dat die Afrikaners ter wille van die minderheid geminag is.⁴³

Dit was egter net die voorspel tot 'n veel groter storm. Met Brand se voorneme om 'n Britse ridderskap te aanvaar, het

42. Ibid, 3.11.1881.

43. Ibid, 16.2.1882.

Borckenhagen die voortou van die volk se protes daarteen geneem. Vir hom het dit ingedruis teen republikeinse beginsels en het die erepos wat Brand as Staatspresident beklee het, ander eerbetoenings onnodig gemaak. Hy sou eerder wou sien dat die Vrystaat self aan Brand 'n toekenning maak vir sy rol as vredemaker in Transvaal.⁴⁴

Borckenhagen het aangevoer dat daar selde of ooit so 'n skerp onenigheid tussen die Uitvoerende en Wetgewende mag as op daardie tydstep in die Vrystaat voorgekom het. Hy was ontstoke oor Brand se beskuldiging dat hy wat Borckenhagen is, die publiek op haatlike wyse mislei het. As inwoner van die Republiek het hy as individu die reg gehad om 'n mening te hê en dit uit te spreek, tensy hy die grense van welvoeglikheid oorskry het. As redakteur was dit sy roeping om die publiek met raad by te staan. Sy gewete en pligsgevoel het hom gelei en om persoonlike beledigings teen hom te rig, het hy as onvanpas beskou. Hoewel hy homself as redakteur bo insinuasies verhef, bly die bedekte minagting vir hom 'n skok.

Brand se optrede was ook, volgens Borckenhagen, diskriminerend. Tydens die sitting van Julie 1877 het die President gepleit dat politieke sake uit die Volksraad geweier moes word en dat die verteenwoordiger van 'n koerant, te wete The Friend of the Orange Free State⁴⁵, nie aangeval moes word as dié nie teenwoordig en in staat was om homself te verdedig nie. Dit was na aanleiding van die Volksraad se besluit om regeringsdrukwerk deur De Express te

44. Ibid, 23.2.1882.

45. Hierna in die teks en voetnote afgekort as The Friend.

laat doen. Op 15 en 16 Maart 1882 het die President egter die politieke mening van De Express, wie se redakteur as toeskouer teenwoordig was, aangeval sonder dat die koerant in staat was om homself te verdedig.⁴⁶

Baie korrespondente het Borckenhagen gesteun in sy siening aangaande Brand se aanvaarding van die ridderorde. C. R. Serfontein van Kroonstad was onder diegene wat dit betreur het dat die President bereid was om sy amp neer te lê en sy volk in die steek te laat ter wille van 'n "lintjie". Hy het ook die Volksraadslede wat op hulle besluit teruggegaan het, veroordeel.⁴⁷

Die verskille met die Afrikanerbond, die aanname van die ridderorde en die President se voorkeur aan politieke bande met die Kaap en aan die Engelse taal en kultuur het sy gewildheid by die volk laat afneem. Een bewys daarvan is dat die Volksraad ook F. W. Reitz as kandidaat vir die 1883-Présidentsverkiesing gestel het en dat ses lede vir hom gestem het. By die burgers was daar ook ontevredenheid en die Afrikanerbond het vinnig gevorder.⁴⁸

By die Afrikanerbond se kongres te Potchefstroom in Desember 1884 was vereniging van die twee republieke een van die vernaamste besprekingspunte. Na die kongres het die Bond hom doelgerig ingespan om pres. Brand se beleid van samewerking met die Suid teen te werk. Borckenhagen het baie propagandawerk gedoen om memo-

46. De Express, 16.3.1882.

47. Ibid, 27.4.1882 en 11.5.1882.

48. Malan, Politieke Strominge, pp.99-100.

ries ten gunste van vereniging na die Volksraadsitting in 1885 te stuur. Dié memories is met wrewel deur pres. Brand en sy ondersteuners ontvang en 'n heftige aanval is op die Afrikanerbond geloods. Brand het sy geloof in die uiteindelijke vereniging van Suid-Afrika uitgespreek, maar het teen offensiewe en defensiewe verbonde gewaarsku.⁴⁹ Volgens hom het 'n selfaangestelde organisasie geen reg gehad om kontak met Transvaal te bewerkstellig nie - alleen die Uitvoerende Gesag kon dit doen. Sommige raadslede het Brand gevolg in sy veroordeling. Hulle het die instuur van die memories as onkonstitusioneel beskou en diegene wat dit onderteken en ingestuur het, as verraaiers voorgehou wat die onafhanklikheid van die Republiek in gevaar gestel het.⁵⁰ Borckenhagen het hierop geantwoord dat Brand se aanval op sy ou vyand vir hom guns sou verwerf by die vyande van die Republieke, maar hy was onbillik en het nie agting getoon vir die burgers wat op konstitusionele wyse versoekskrifte aan die Volksraad gerig het nie.⁵¹

Op talle vergaderings wat hierna gehou is, is Brand se houding gekritiseer. Die Bond het hom nie deur die aanvalle laat ontmoedig nie. Borckenhagen het voorgestel dat daar 'n verdere Bondskongres van Vrystaters en Transvalers gehou word waar talryke getekende memories opgestel en na die Volksraad gestuur kon word. In 'n republiek was die volk die hoogste gesag en geen regering of president kon hulle op die duur teen die volk verset nie. Die Bondsmanne sou volhard totdat hulle doel bereik is.⁵²

49. OVSVR, 25.5.1885.

50. Malan, Politieke Strominge, p.131.

51. De Express, 4.6.1885.

52. Ibid, 18.2.1886.

Met die volgende Volksraadsitting het Brand verklaar dat raadslede wat ten gunste van vereniging met Transvaal was, hulle amps-eed verbreek, want so 'n vereniging sou die verlies van die onafhanklikheid van die Vrystaat beteken. Die Volksraad het hom dus weer eens deur die President laat lei om die memories af te keur. Dit het die meerderheid van die volk met teleurstelling vervul.⁵³ Borckenhagen het op die Transvaalse blad, De Republikein, se waarskuwing gewys, nl. dat Transvaal as gevolg van pres. Brand en sy volgelinge se houding nie in die toekoms geneë sou wees om met die Vrystaat te onderhandel nie.⁵⁴

In November 1886, na 'n besoek aan Transvaal, het Borckenhagen in 'n hoofartikel ernstige kritiek uitgespreek op pres. Brand en ook ander staatsmanne se beleid, of soos hy dit gestel het, gebrek aan beleid en staatsmanskap. Dit was asof hy, nadat hy die ongekende ontwikkeling en moontlikhede in Transvaal waargeneem het, ongeduldig geraak het dat die Vrystaat ook in die vooruitgang moes deel. Hy kon dit nie begryp dat Brand sake nie soos hy kon insien nie. Vir hom was dit duidelik dat Transvaal spoedig op finansiële gebied die leidende staat in Suid-Afrika sou wees en samewerking met Transvaal sou vir die Vrystaat ontwikkeling en finansiële sekerheid beteken. As die twee republieke sou saamstaan en sterk word, sou die res van Suid-Afrika gedwing word om met hulle saam te werk. Hy verwys na Brand en ander leiers se gebrek aan helder en duidelike insig, bekwaamheid, belangstelling en moed om die inisiatief te neem. Hulle het die volk wat 'n gesonde opvatting van hul politieke toekoms en roeping gehad het, geïgnoreer en onderdruk en hulle teen alle politieke lewe

53. Malan, Politieke Strominge, p.138.

54. De Express, 8.7.1886.

verset. Verder het hulle diegene wat na frisser lug en iets meer as middelmatigheid verlang het, gewantrou. Soos dikwels tevore, het hy weer Brand se spreuk dat alles sal regkom, gehekel. Syns insiens kon 'n mens nie maar dinge hulle gang laat gaan sonder om 'n vaste plan te hê en dan te hoop dat alles sal regkom nie. Oormatige versigtigheid en geduldige passiwiteit was volgens sy mening te wyte aan die vrees vir verantwoordelikheid. Dit het vir hom geen sin gemaak om met die suidelike bure saam te werk nie, want hulle enigste doel was om die binnelandse state uit te buit. Om die soesereiniteitskwessie as rede aan te voer waarom die Vrystaat en Transvaal nie nouer kon saamwerk nie, was vir hom opperste dwaasheid. Dit het vir hom na moedswillige wanbegrip gelyk.⁵⁵

Om sy standpunt te illustreer, verwys hy na Brand se voorstel in die Volksraad om 'n handelstraktaat met Transvaal te sluit. Ag maande sou verloop sonder dat enige vordering gemaak is, en dit terwyl Transvaal snel aan die ontwikkel was. Vir hom was die tyd vir ydele praatjies en die beleid van uitstel verby. Die Vrystaters wou nie meer hoor dat alles sal regkom nie. Daar kon nie langer met volksbelange gespeel word nie.⁵⁶

Borckenhagen se tevredenheid met Brand se pogings om met pres. Kruger oor die gevaar van 'n spoorlyn tussen Kimberley en Transvaal in gesprek te tree en sy bereidwilligheid om te Pretoria en Bloemfontein met die Transvalers onderhandelinge te voer, het in bittere teleurstelling oorgegaan toe dit op 'n mislukking uitgeloop het. Hy het egter nie vir Brand so erg ver-

55. Ibid, 25.22.1886.

56. Ibid, 11.1.1887.

kwalik nie as vir J. G. Fraser, sy vurige ondersteuner en The Friend.⁵⁷ Dieselfde het gegeld wat die afloop van die spoor- en tolkonferensie te Kaapstad betref. Die Vrystaatse en Kaapse afvaardigings het ooreengekom dat 'n spoorlyn van Kaapstad deur die Vrystaat na Transvaal gebou sou word. Dat die Vrystaat spoorweë sou kry, was vir Brand die verwesenliking van 'n droom, maar Borckenhagen het Fraser, die voorsitter van die afvaardiging, kwalik geneem dat hy toegegee het aan die Kaapse eis dat die spoorlyn tot aan die Transvaalse grens gebou word. Dit was in direkte teenstelling met die Transvaalse beleid en sou tot verwydering tussen die twee republieke lei.

Dit was asof daar in hierdie tyd 'n groter deernis vir pres. Brand by Borckenhagen op te merk was wat in skerp teenstelling was met baie van sy volksgenote, soos G. W. Fouché, wat hewige aanvalle op Brand geloods het.⁵⁸ Brand het na die Kaapse konferensie die hoop uitgespreek dat 'n tolvereniging tot 'n federale unie van Suid-Afrikaanse state sou lei. De Volksstem het hom daarvoor betig. Borckenhagen het sy President verdedig deur te sê dat Brand na 'n onafhanklike, verenigde Suid-Afrika gestreef het en hoewel hy enige botsing met Engeland wou vermy, sou die President nie die Vrystaat of 'n toekomstige verenigde Suid-Afrika se onafhanklikheid prysgee nie.⁵⁹

* * *

Borckenhagen se persoonlike verhouding tot pres. Brand tree pragtig na vore in sy gelukwensing met die President se verjaarsdag op 6 Desember 1886. Hy het die dag as 'n feesdag vir almal

57. Ibid, 13.12.1887.

58. Ibid, 13.12.1887 en 13.3.1888.

59. Ibid, 7.2.1888.

begroet omdat die President se persoonlikheid dit verdien het. Daar was diegene wat onvoorwaardelik in alles geglo het wat die staatshoof gedoen of gesê het. Daar was ook diegene wat nou en dan van hom verskil het wat algemene sake betref, maar daar was niemand wat hom nie geëer en liefgehad het nie. Hy was die vader van sy volk en het die land se welsyn op sy hart gedra.⁶⁰

By geleentheid van pres. Brand se laaste verjaarsdag het Borckenhagen geskryf dat die President met genoegdoening kon terugkyk op 'n lewe van toewyding.⁶¹ Toe pres. Brand in Maart 1888 deur siekte oorval is, deel Borckenhagen die hele land se diepe meegevoel. Volgens hom sou dieselfde meegevoel na dié edel, gevoelige en goeie mens uitgegaan het al sou hy nie president gewees het nie. Hy het gevoel dat Suid-Afrika Brand op daardie stadium nouliks kon ontbeer. Sy bystand en onuitputlike geduld waarmee hy al die jare gestreef het na Suid-Afrikaanse vereniging, was so nodig in die ingewikkelde en belangrike politieke kwessies van die dag. Met die belangrike Volksraadsitting op hande, sou sy invloed van onskatbare waarde wees. As hy daar kon help om die hoeksteen van Suid-Afrikaanse eenheid te lê, waarvoor niemand harder as hy gestry het nie, sou hy met reg trots daarop kon wees.⁶²

In sy huldeblyk na Brand se dood het hy die feit weer eens beklemtoon dat hy dikwels polities van die President verskil het, maar hom steeds hoog geag en liefgehad het. Hy het Brand geloof vir die groot taak wat hy as staatsman en diplomaat verrig het

60. Ibid, 9.12.1886.

61. Ibid, 6.12.1887.

62. Ibid, 27.3.1888.

en die hoop uitgespreek dat die Volksraad hulle agting sou toondeur ruim voorsiening vir sy gesin te maak.⁶³ Dit is dan ook gedoen.⁶⁴

* * *

Die prokureur en Volksraadslid, John G. Fraser, die latere sir, was pres. Brand se getrouste volgeling en die een enkele persoon met wie Borckenhagen die meeste gebots het. Nogtans het Borckenhagen ook waardering vir sy bekwaamhede gehad. Aan die begin was die verstandhouding tussen hierdie twee sterk persoonlikhede heel goed. Fraser het op 'n stadium die Oranje Vrijstaatsche Nieuwsblad Maatschappij se rekenings hanteer en hulle het deur die jare dikwels op dieselfde rade, direksies en kommissies gedien. Borckenhagen het as Fraser se verkiesingsagent opgetree en sy verligte insig aangeprys toe hy in 1880 tot Volksraadslid van Bloemfontein verkies is.⁶⁵

Toe Fraser in 1884 voorsitter van die Volksraad geword het,⁶⁶ het Borckenhagen hom verwelkom as 'n persoon wat in alle opsigte die onderskeiding waardig was. Syns insiens was hy die regte man op die regte plek. Hy het die Volksraad met waardigheid en bewonderenswaardige takt gelei.⁶⁷ Verskeie kere hierna het Borckenhagen sy tevredenheid uitgespreek oor die wyse waarop hy sy amp beklee het. Fraser het volgens hom oor die gawe beskik om 'n

63. Ibid, 14.8.1888.

64. OVSVR, 20.8.1888, pp.453-457.

65. Malan, S.F., Die Rol van J Geo Fraser in die Vrystaat, 1863-1927 (hierna afgekort as Fraser), p.34.

66. OVSVR, 5.5.1884.

67. De Express, 10.7.1884.

teregwysing op treffende en waardige wyse in te klee.⁶⁸ Aan die einde van die sitting het hy Fraser weer eens lof toegeswaai vir sy bekwame leiding.⁶⁹ Selfs in 1888, nadat hulle hewig gebots het, het Borckenhagen hom nog steeds as die beste voorsitter waaroor die Volksraad nog beskik het, beskou.⁷⁰

Volgens Fraser het pres. Brand dikwels van sy dienste gebruik gemaak, veral wanneer amptelike korrespondensie gevoer moes word.⁷¹ Hy was die President se vertroueling en het sy beleid heelhartig onderskryf. Dit is dus vanselfsprekend dat hy en Borckenhagen op politieke terrein sou bots.

Fraser vertel dat F. W. Reitz en Carl Borckenhagen hom met die totstandkoming van die Afrikanerbond besoek en uitgenooi het na 'n vergadering. Hy het egter botweg geweier om iets met die Bond te doene te hê. Hy het, in navolging van Brand, gemeen dat die Vrystaat sy eie regering, vlag en taal gehad het en alle voorregte wat 'n vrye nasie kon begeer en dat die Bond gevare vir die vrede van die Vrystaat sou inhou. Hy was dit heeltemal eens met Brand se veroordeling van die Bond en van hoofregter Reitz se bywoning van die Bondskongres te Richmond.⁷²

Dit is nie vreemd nie dat Fraser telkens, maar veral tydens die Volksraadsittings van 1885 en 1886, die Bond en sy leiers aangeval het na aanleiding van memories ten gunste van nouer

68. Ibid, 13.5.1886.

69. Ibid, 1.7.1886.

70. Ibid, 12.6.1888.

71. Fraser, J.G., Episodes in my Life, p.63

72. Ibid, p.78.

vereniging met Transvaal. Borckenhagen en sy volgelinge is as oproermakers en rebelle gebrandmerk. Fraser het in 1885 aangevoer dat die memories "uit een welbekende bron" gekom het, bedoelende Borckenhagen, en in 1886 dat Borckenhagen "inconstitusioneel" en "onmogelijk" opgetree het deur nouer vereniging met Transvaal voor te staan.⁷³

Borckenhagen het hierop geantwoord dat hy die indruk kry dat Fraser eerder teen die sogenaamde "wire-pullers" wat die memories ingedien het, gekant was as teen die idee wat in die memories vervat is. Hy wys daarop dat Fraser en sy trawante denkbeeldige vyande gesien het en dat die Afrikanerbond nie, soos hulle beweert het, 'n bese organisasie was nie. Vir hom was die ergste en mees afkeurenswaardige uitspraak die sinspeling van Fraser dat 'n politieke unie onkonstitusioneel was. Hy het homself met raadslid Jurie Wessels vereenselwig toe dié gesê het dat Fraser nie oor die vermoë beskik het om behoorlik te kan oordeel en onderskei nie.⁷⁴ Persoonlike wrok het oor gesonde politiek geseëvier en die Raad is ooreed dat die "private bedoeelingen" van sommige onsigbare leiers bestry moes word. Daardeur is Transvaal, waar ryk goudvelde intussen ontdek is, in die harnas gejaag en die Vrystaat se belange het die speelbal van partye en klieke geword, aldus Borckenhagen.⁷⁵

Tydens die Volksraadsitting van 1886 het Fraser verklaar dat die Afrikanerbond, by wie die memories vir nouer vereniging hulle oorsprong gehad het, geen bestaansreg gehad het nie; dat buite-

73. De Express, 8.11.1887.

74. Ibid, 3.6.1886.

75. Ibid, 18.4.1886.

om die Volksraadslede gewerk en die kiesers mislei is. Vereniging met Transvaal sou die 1854-grondwet skend en die Vrystaat sou sy onafhanklikheid verbeur. Hy het vervolg dat indien 'n Volksraadslid vir vereniging sou stem, dit in stryd met sy eed sou wees. Buitendien was Transvaal se skuldelas te groot en die Vrystaat sou dit in geval van vereniging moes help dra.⁷⁶ Na hierdie verdoeming van vereniging met Transvaal, het dit Borckenhagen grootliks geamuseer toe Fraser in 1887 'n unie met Transvaal voorgestel het. Dieselfde man wat hom in 1886 van onkonstitusionele en onmoontlike optrede beskuldig het toe hy vir nouer bande met Transvaal gepleit het, het nou as 'n "Apostel van Unie" dit op die strate verkondig!⁷⁷

Intussen het Bondslede hulle diepe misnoeë met Fraser se aantygings teen die Bond en sy leiers uitgespreek. Dit was veral die geval op 'n Afrikanerbondvergadering te Winburg.⁷⁸

Aan die begin van 1887 het Fraser en Borckenhagen saam in die Spoorwegkommissie gedien wat in Bloemfontein gestig is. Hulle het saamgestem oor die moontlike roete van 'n spoornetwerk. Ná Fraser se verslagvergadering aan sy kiesers, het Borckenhagen egter daarop gewys dat daar 'n verskil in siening was tussen hom en Fraser. Hy, G. A. Fichardt en ander wou eers 'n spoor- en tolkonferensie, tolgeld van Natal en die Kaap en 'n ooreenkoms met Transvaal hê en dan spoorweë. Fraser en A. Fischer wou eers spoorweë hê en dan die ander. Hy was van oordeel dat die Volks-

76. OVSVR, 29.5.1886, pp.351-352.

77. De Express, 8.11.1887.

78. Ibid, 9.9.1886.

raad nie vir Fraser sou ondersteun nie.⁷⁹

Tot in hierdie stadium het Fraser en Borckenhagen voorkeur gegee aan 'n spoorlyn van Kaapstad deur Bloemfontein na Pretoria. Borckenhagen wat bo alles nouer samewerking met Transvaal begeer het, het dit egter as voorwaarde gestel dat Transvaal tot so 'n lyn moes instem. Toe die afgevaardigdes van die Vrystaatse Volksraad in Pretoria met die Transvaalse afgevaardigdes onderhandel, het Borckenhagen as sekretaris opgetree. Raadslede Fraser, P. A. D. E. Mijburgh en H. Klijnveld was die afgevaardigdes. Jare later het Fraser geskryf dat hy teen Borckenhagen se teenwoordigheid gekant was. Hy het gemeen dat 'n persman wat geen amptelike regeringspos beklee het nie, nie by vertroulike onderhandelings betrokke moes wees nie. Sy grootste beswaar was egter dat Borckenhagen sterk ten gunste van nouer vereniging tussen die republieke was en dat hy die besprekings sou kon beïnvloed.⁸⁰

In Pretoria het Borckenhagen en raadslid Klijnveld diep onder die indruk van die belangrikheid van die Delagoabaai-spoorlyn vir Transvaal gekom. Fraser wou by die amptelike vergaderings egter nie toegee aan pres. Paul Kruger se aandrang dat die Vrystaat met alle spooraanleg moes wag totdat dié lyn voltooi is nie; ook het hy nie kans gesien vir die sluiting van 'n offensiewe en defensiewe verbond nie. Die samesprekings het dus op 'n dooiepunt uitgeloop. Intussen het daar ook nie-amptelike samesprekings onder andere tussen Borckenhagen en 'n aantal lede van die Transvaalse Uitvoerende Raad plaasgevind. Kruger het Borckenhagen

79. Ibid, 3.5.1887.

80. Fraser, p.83.

versoek om sekere voorstelle aan die Vrystaatse kommissie bekend te maak. Fraser het Borckenhagen later daarvan beskuldig dat hy dié voorstelle geheim wou hou. Borckenhagen het dit ten sterkste ontken en daarop gewys dat hy die inhoud van die voorstelle binne minute aan die kommissie meegedeel het. Dit was vir hom onbegryplik dat Fraser, vir wie hy altyd vriendskaplik behandel het, opsetlik 'n onwaarheid verkondig het.⁸¹ Allerlei onsmaklikhede het gevolg en die kloof tussen diegene wat met Transvaal en diesulkes wat met die Kaap wou saamwerk, het aanmerklik verbreed.

Op versoek van pres. Kruger het daar 'n ontmoeting tussen hom en pres. Brand in Bloemfontein plaasgevind. Weer eens het die sameprekings misluk en Borckenhagen het dit as 'n allertreurigste gebeurtenis beskryf.

Intussen het Fraser op 'n openbare vergadering wat hy belê het, Borckenhagen se optrede in Pretoria veroordeel. Borckenhagen het hierop geantwoord dat Fraser en sy volgelinge wat hom 'n al te goeie vriend van Transvaal genoem het, geen begrip gehad het van wat werklik in belang van Suid-Afrika was nie, of anders het hulle doelbewus hierdie belang teëgewerk. Deur die jare het hulle niks anders gedoen nie as om Transvaal af te breek en sy vyande te begunstig. Hy wás Transvaal se vriend en hulle die susterrepubliek se vyande. Vir hom het dit nie om persoonlike beskouings gegaan nie, maar of daar reg of verkeerd opgetree is. Fraser en sy volgelinge was egter altyd gereed om lae en persoonlike dryfvere aan hulle teenstanders toe te skryf.⁸² Daar was

81. De Express, 1.11.1887.

82. Ibid, 8.11.1887.

syms insiens geen vyande van Transvaal in die Vrystaat nie, behalwe "een paar poppen die dansen, zonder te weten wie de draad trekt die hun in beweging brengt".⁸³ Hulle was, bewus of onbewus, koloniale agente wat vereniging van die republieke teengewerk het, sogenaamd om koloniale belange te beskerm.⁸⁴ Dit was as gevolg van die haat, domheid en invloed van dié Bloemfonteinse kliek dat die Bloemfonteinkonferensie misluk het.⁸⁵ Fraser se uitlating in die Volksraad dat 'n defensiewe verbond teen die volkereg ingedruis het, het vir hom die kroon gespan op al sy onnoukeurige bewerings, want die hele wêreld was deur middel van defensiewe verbonde aan mekaar verweef.⁸⁶

Dit was bitter woorde van 'n man wat baie bitter was omdat die nouer vereniging met Transvaal wat hy as lewensnoodsaaklik beskou het vir die voortbestaan van republikanisme, en wat so na aan verwesenliking was, nou verder as ooit verwyder was.

Borckenhagen was ten gunste van die Vrystaat se deelname aan 'n tolkonferensie mits die voorwaarde vir tolgeld nie sporaanleg na Transvaal sou wees nie. Die tolgeld het die Vrystaat, syms insiens, onvoorwaardelik toegekom. Ná die spoor- en tolkonferensie was hy van mening dat dieselfde mense wat die konferensies met Kruger laat misluk het, ook deur wat hy genoem het hulle ellendige kortsigtigheid, die tolooreenkoms sou laat misluk. Hy het hulle daarvan beskuldig dat hulle aan die Kaap 'n spoorlyn na

83. Ibid, 29.11.1887.

84. Ibid, 13.12.1887.

85. Ibid, 13.4.1888.

86. Ibid, 5.6.1888.

Transvaal beloof het in ruil vir tolgeld.⁸⁷ Syns insiens het Brand 'n fout gemaak met die keuse van afgevaardigdes. Fraser en Fischer was lede van dieselfde party terwyl die grootste party geïgnoreer is. Mijburgh het volgens hom nie geweet wat aangaan nie⁸⁸ omdat hy nie Engels magtig was nie. Hy is net ingesluit om stemme te vang - 'n feit waarvan hy onbewus was.⁸⁹ Hierdie stellings het 'n heftige woorderstryd tussen Fraser en Borckenhagen uitgelok.

Binne en buite die Volksraad was die stryd tussen die pro-Transvaalse en pro-Kaapse groepe fel aan die gang. Binne die Volksraad het Fraser en sy ondersteuners 'n oorwinning behaal toe spooraanleg, met sy beslissende stem, goedgekeur is. Buite die Volksraad het die meerderheid van die burgers hulle misnoeë met die besluit en veral met Fraser op vergaderings en in die briewekolomme van De Express te kenne gegee. Daar is onder andere gesê dat hy nie langer 'n geskikte voorsitter vir die Volksraad was nie en dat hy, net soos toe hy die petisie vir die anneksasie van die Vrystaat deur die Kaap in 1868 geteken het, die onafhanklikheid van die Republiek wou ondergrawe.⁹⁰

Borckenhagen skryf dat daar nou twee duidelike onderskeibare partye in die Volksraad was. Fraser en Fischer, leiers van die liberale party, het hartlik saamgewerk en "give the key-note to the chorus of the blind, and often unreasoning, followers, who

87. Ibid, 3.4.1888.

88. Ibid, 26.6.1888.

89. Ibid, 3.7.1888.

90. Ibid, 26.6.1888 en 17.7.1888; Malan, Politieke Strominge, p.154.

sit and smile at the smartness of the leaders ... repeating their arguments". Met humor het hy die staande prosedure in die Volksraad met die opmars van 'n leër vergelyk. Fischer sou die onderwerp inlei. Hy was die voorhoede en is deur die gewone soldate gevolg. Af en toe was daar 'n "occasional cavalry charge" deur een of ander lid en Fraser, die voorsitter, het die agterhoede gevorm. Hy het dan die voordeel gehad om te vra of iemand nog iets te sê gehad het, en indien nie, "he advances with might and main. The advantage of the last speech, with its fresh impression upon wavering ranks, is as well known as the timely charge of a powerful reserve. This is how battles are won."⁹¹ Wat Borckenhagen betref, moes die voorsitter hom weerhou van deelname aan debatte en die subtiele beïnvloeding van die lede.⁹²

Aangaande Fraser en raadslid McDonald se voorstelle vir 'n federale unie met Transvaal, was dit vir hom duidelik dat hulle nie werklik daarin geglo het nie. Hulle het soveel probleme voorsien en twyfel uitgespreek dat niemand meer daarin kon glo nie. Hulle gesindheid, soos geblyk het op een van Fraser se vergaderings, kon net lei tot vervreemding van Transvaal en die Vrystaatse burgers wat ten gunste van nouer bande met Transvaal was. Op die vergadering is hulle "groot-bek patriotten" genoem. Moontlik was dit juis Fraser se bedoeling om vervreemding te bewerkstellig, het hy bespiegel.⁹³

Pres. Brand se dood was vir Fraser 'n groot slag. Hy het egter voortgegaan om sy beleidsrigting te volg en het geen geleentheid

91. Ibid, 5.6.1888.

92. Malan, Fraser, p.51.

93. De Express, 24.4.1888.

onbenut gelaat om op Brand se staatmansvernuf en wyse van optrede te wys nie.⁹⁴ As onbetwisbare leier van hierdie beleidsrigting sou hy en die opperste republikein, Borckenhagen, in die jare wat voorgelê het steeds sterker standpunt teenoor mekaar inneem.

* * *

Dit was 'n onbestrede feit dat The Friend die deurlopende en getroue mondstuk van pres. Brand en Geo. Fraser se beleidsrigtings was. Om dié rede sou The Friend en De Express voortdurend die strydbyle teen mekaar opneem. Hulle was uiteraard die verteenwoordigers van die twee teenoorgestelde strominge in die Vrystaat.

Die stryd om die verkryging van die kontrak vir regeringsdrukkerwerk is 'n sprekende voorbeeld van pres. Brand en die volk se houding jeens die twee koerante. In 1875 het die Volksraad aan die Staatspresident volmag gegee om na sy goedgevunde 'n drukker aan te stel vir regeringsdrukkerwerk.⁹⁵ Die kontrak is vir drie jaar aan The Friend se uitgewers, White, Barlow en Kie., toegesê.⁹⁶ In 1877 het J. J. Venter 'n memorie van Borckenhagen by die Volksraad ingedien waarin hy aansoek om die kontrak vir die druk van die hersiene wetboek doen. Venter het Borckenhagen se tender as billik en voordelig beskou, maar meer nog: De Express het die regte en onafhanklikheid van die Staat voortdurend verdedig, maar The Friend het die Staat bespotlik gemaak

94. Moll, J.C., Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat, p.147.

95. OVSVR, 21.6.1875, p. 423.

96. Collins, W. W., Free Statia - Reminiscences of a lifetime in the Orange Free State, p.323.

en geminag.⁹⁷ De Express het Venter se siening onderskryf en verklaar dat The Friend geld uit die publieke skatkis vir drukwerk gekry het, maar die volk verraai het.⁹⁸

Pres. Brand het vir The Friend geskerm en gevra dat die Raad nie 'n spesifieke koerant steun nie. 'n Koerant se politieke siening moes nie in berekening gebring word by die toekenning van kontrakte nie, en iemand wat nie teenwoordig was om homself te verdedig nie, moes nie veroordeel word nie. Toe Brand in 1882 Borckenhagen se politieke siening in die Volksraad aangeval het, het laasgenoemde hom aan hierdie woorde herinner.⁹⁹ Verder het Brand gemeen dat die bestaande kontrak met White en Barlow ook die druk van die wetboek ingesluit het.

Verskeie lede het aangesluit by Venter se veroordeling van The Friend wat, volgens hulle, die Staat skade berokken het. Die Voorsitter, G. P. Visser, het daarop gewys dat The Friend wat nogal in die hoofstad van die Vrystaat gedruk is, die anneksasie van Transvaal 'n heuglike tyding genoem het en dat hierdie en ander uitlatings die Afrikanerhart gegrief het. Die drukwerk is aan Borckenhagen toegeken.¹⁰⁰

Die gevoel teen The Friend was so sterk dat daar ook besluit is om nie weer die kontrak vir die lewering van skryfbehoeftes en kantoorbenodigdhede aan White en Barlow toe te ken nie.¹⁰¹

97. OVSVR, 15.5.1877, pp.96-97.

98. De Express, 10.5.1877.

99. Ibid, 16.3.1882.

100. OVSVR, 15.5.1877, pp.97-100.

101. ibid, 22.6.1877, p.510.

Intussen het hul kontrak vir regeringsdrukwerk verval en is Borckenhagen se tender aanvaar.

Met die sitting van 1880 is Borckenhagen se kontrak vir skryf- en kantoorbehoefte vir drie jaar verleng sonder dat tenders gevra is. Raadslede Klijnveld, Venter en andere het weer eens daarop gewys dat De Express die bloei en welvaart van die Vrystaat voorgestaan het, terwyl The Friend die Afrikaners teengestaan het.¹⁰² Hierna het Borckenhagen elke keer die regeringskontrak bekom en telkens is aangevoer dat die kontrak nie alleen voordelig was nie, maar dat Borckenhagen baie vir die land gedoen het.

Borckenhagen het The Friend se Britse gesindheid en anti-republikanisme deurgaans veroordeel. Sommer met die intrapslag as redakteur het hy The Friend se ondersteuning van die oproerige groep jong Engelse wat Schermbrücker se beeltenis verbrand het, die sogenaamde Mohawks, gesien as steun vir terrorisme en die ondermyning van die onafhanklikheid van die Vrystaat.¹⁰³

Met die Jubelfees ter viering van die Republiek se vyf-en-twintigste bestaansjaar, het The Friend republikanisme kras veroordeel. Volgens die koerant het die republikeinse regeringsvorm steeds swakker geword en was die onafhanklikheid van die Vrystaat 'n fout en 'n hindernis in die weg van 'n beter Suid-Afrika. 'n Staatskerk, staatskole, beperkte stemreg en klassewetgewing het gebore Britse onderdane teen die bors gestuit. Bedrogpleging en wanbestuur het die Vrystaat se lewenskrag getap en daar moes

102. Ibid, 21.6.1880, p.397-398.

103. De Express, 3.5.1877.

liever in sak en as gerou word as om fees te vier.¹⁰⁴ De Express se reaksie op hierdie tirade was dat sy haatlike plaaslike tydgenoot 'n landsverraaier was wat jaar na jaar die regering en onafhanklikheid aangeval het, terwyl die redakteurs 'n goeie bestaan in die Republiek gemaak het.¹⁰⁵

The Friend het Carnarvon se federasieplanne onomwonde gesteun en was van mening dat "a confederation on our terms will be for the good of the people", terwyl die idee van 'n verenigde Afrikaner-republiek as 'n "mere sentiment" afgewys is.¹⁰⁶ Daar is gespot met De Express se ideale en voorspel dat "the dream ... concerning a united South Africa under a Republican flag is fated never to be realized".¹⁰⁷

Die stryd tussen Engels en Hollands of Afrikaans is deur The Friend lewendig gehou. Eerwaarde D. McKenzie en ander het die korrespondensiekolomme van die blad gebruik om Hollands af te kraak en daar is onder andere voorspel dat slegs Engels sou bly voortbestaan.

Na Borckenhagen se pleidooi vir nasionaalgerigte skoolhandboeke in Hollands, het The Friend beweer dat Borckenhagen se doel met sy steun aan die beweging om Hollandse boeke in te voer, was om weer die drukkerskontrak te kry. Hy het vervolg dat dié poging van die Afrikanerbond bewys het dat die beweging "pernicious and

104. The Friend, 16.1.1879.

105. De Express, 27.2.1879.

106. The Friend, 27.2.1879.

107. Ibid, 18.10.1877.

mischievous" was.¹⁰⁸

The Friend het pres. Brand toenemend gesteun namate hy meer en meer aansluiting by die Britse kolonies gesoek het.

Met die stigting van die Afrikanerbond het The Friend talle aanvalle op dié organisasie en sy leiers geloods. Volgens die blad was die organisasie onnodig en sou dit geen sukses behaal nie. Daar is te velde getrek teen die twee Vrystaatse regters se betrokkenheid by die Afrikanerbond en veral Reitz moes deurloop. Die aanvalle toon duidelik dat die hoofbeswaar teen die Bond sy Afrikaanse karakter was.¹⁰⁹

The Friend sou voortaan, as gevolg van sy vrees dat die Britse mag en invloed uit Suid-Afrika gedryf en 'n Suid-Afrikaanse Republiek gestig sou word, die Vrystaatse mondstuk vir al die aanvalle op die Bond wees terwyl De Express die Bond se mondstuk was. Die Bond is met arendsoë dopgehou en The Friend het 'n beroep op die regering gedoen om die organisasie te verbied aangesien dit die Vrystaat se verhouding met Brittanje kon benadeel.¹¹⁰

Die President se veroordeling van die Afrikanerbond het The Friend by herhaling laat jubel, naamlik in 1881 na sy eerste aanval te Smithfield en veral weer in 1885 en 1886 toe Brand, Fraser en ander in die Volksraad teen die Bond te velde getrek

108. Ibid, 20.10.1881.

109. Ibid, 18.10.1877.

110. Ibid, 2.6.1881 en 16.6.1881; Moll, pp.104-106.

het na aanleiding van memories vir nouer vereniging met Transvaal. Met leedvermaak is berig dat Brand "with much warmth" sy afkeer uitgespreek het van die pogings van "a certain section of the community to undermine authority and to throw the apple of discord among the people." Die blad het hom verkneukel in die afwysing van die Afrikanerbond se memories waarin Borckenhagen 'n groot aandeel gehad het, en was van mening dat die eenheidstrewe net in die noordelike distrikte bestaan het.¹¹¹ Hierdie bewering strook nie met die feite nie. Nader aan die waarheid is die feit dat die groter sentrums, soos Bloemfontein en Kroonstad, se inwoners, wat merendeels Engelssprekend was, teen vereniging was en die platteland daarvoor.¹¹²

The Friend het van die Bondsleiers as "intriguers" gepraat wat die oningeligte burgers mislei het. Hy het gewys op die voordele van ekonomiese samewerking met die Kaap bo dié van samewerking met Transvaal.¹¹³

Na aanleiding van Transvaal se probleem met vreemde delwers, het Borckenhagen die regering daar gewaarsku om elke gees van oproer en die aanhitsing van 'n dislojale pers dadelik hok te slaan. Hy het daarop gewys dat die dislojale pers in die Vrystaat die Staat baie vernederings aangedoen het en geen geleentheid laat verbygaan het om die swakheid van die Staat aan die hele wêreld te verkondig nie en, soos hy dit gestel het, eers daarmee opgehou het toe die geskiedenis sy teorie in flarde geskeur het.¹¹⁴

111. The Friend, 25.5.1885.

112. Malan, Politieke Strominge, pp.131-132.

113. The Friend, 3.6.1886.

114. De Express, 2.9.1886.

Na die sogenaamde Geheime Traktaat-debakel tydens die konferensie tussen die Vrystaat en Transvaal in Pretoria in 1887, het The Friend met genoeë van die mislukking van Transvaal se pogings om van die Vrystaat sy "polisieman" teen die Uitlanders te maak, vertel. Hy het raadslede Klijnveld en Jurie Wessels daarvan beskuldig dat hulle teen landsbelang opgetree het deur "more Transvalers than Free Staters" te word.¹¹⁵ Klijnveld se beeltenis is in die openbaar deur 'n aantal Engelsgesindes rondgesleep. Borckenhagen het The Friend erg verkwalik vir sy vergoeiliking van die optrede van wat hy 'n klomp onrusstokers en Jingoës genoem het en dit afgekeur dat Klijnveld 'n slang in die gras genoem is. Syns insiens was The Friend die slang in die gras soos sy optrede in 1865 en later getoon het. Sy lojaliteit jeens die Republiek was net uiterlik. Klijnveld het niks gedoen wat blaam verdien het nie en as hy vriendelik jeens Transvaal gevoel het, het die meerderheid van die volk ook so gevoel.¹¹⁶

Volgens hom was The Friend se doelstellings nooit anders asvy-andiggesind teen republikeinse instellings nie en sou hy hemel en aarde beweeg om die Vrystaat te beroof van samewerking met Transvaal. Die blad was bang dat republikanisme te sterk sou word as die twee republieke verenig en het drogbeelde opgetower van hoe Transvaal die Vrystaat as polisdienaars sou gebruik om opstandige delwers te Barberton in toom te hou. The Friend het dus die Kaap se hulp ingeroep om die twee republieke uitmekaar te hou; net soos Engeland se hulp vroeër ingeroep is om die republikeine bang te maak.¹¹⁷

115. The Friend, 24.8.1887.

116. De Express, 5.7.1887.

117. Ibid, 12.7.1887.

Volgens Borckenhagen het The Friend hom en pres. Kruger beledig en op negatiewe wyse die spot gedryf met diegene wat hulle kragte daaraan gewy het om die land se welvaart te bevorder. Hy was egter nie bekommerd dat The Friend wat geen alternatiewe aangebied het, die land enige skade sou berokken nie, omdat hy geen invloed in die land gehad het nie.¹¹⁸ Dat The Friend se willekeurige en valse voorstellings gedien het as bron vir die Engelse pers se pogings om te verdeel en heers, was vir Borckenhagen nie die ergste nie, maar Afrikaanse blaaië soos die Natal Afrikaner en Natal Boerenvriend het ook daaruit aangehaal. Hierdie koerante is deur Afrikaners gelees en vertrou en daarom was hulle propaganda gevaarliker as die van die Engelse pers.¹¹⁹

Die wedersydse aanvalle van die twee koerante op mekaar was in die tyd van die konferensies te Pretoria en Bloemfontein besonder hewig. Borckenhagen het hom met al sy mag beywer vir vereniging met Transvaal en The Friend het weer alles in die stryd gewerp daarteen. Dat hy geskryf het dat Fraser se verslagvergadering na afloop van die Pretoria-konferensie "was solely devoted to sitting on the Editor of a certain paper" het Borckenhagen as besonder vleierend beskou.¹²⁰

De Express se korrespondente het vir Borckenhagen in die bres getree en The Friend en Fraser se optrede skerp veroordeel. Na aanleiding van die genot wat The Friend geput het uit insinuasies wat op vergaderings te Bloemfontein en Kroonstad teen Borckenhagen gemaak is, het "Een Vriend van de Afrikaners" gesê dat die

118. Ibid, 26.7.1887.

119. Ibid, 19.7.1887 en 2.8.1887.

120. Ibid, 8.11.1887.

land se politiek nog grotendeels besmet is deur die "ellendige gehaspel" van persoonlikhede.¹²¹

De Zuid Afrikaan het The Friend ook geroskam en daarvan beskuldig dat dit sy enigste strewe was om die Engelse element in die Vrystaat die oorhand te laat kry. Dit was vir hom vreemd dat daar nog mense was wat so 'n blad ondersteun het, dat persone verbonde aan The Friend op die bestuur van die Nasionale Bank gedien het en dat Brand met so 'n blad op goeie voet was.¹²²

Dit het duidelik geword dat die meerderheid van die bevolking ten gunste van samewerking met Transvaal was en dat hulle Klijnveld gesteun het. The Friend moes erken dat die Vrystaatse republikeine pro-Transvaals en anti-koloniaal was.¹²³

* * *

121. Ibid, 15.11.1887.

122. Ibid, 22.11.1887 (soos aangehaal uit De Zuid Afrikaan).

123. The Friend, 24.8.1887 en 12.10.1887.

KAMPVEGTER VIR REPUBLIKEINSE ONAFHANKLIKHEID

Borckenhagen is genoem "a republican to the core"; "a strong champion of Republicanism ..., a hater of all Jingo Imperialism"; en "one of the most able and influential advocates of Republicanism in South Africa. His hatred of Great Britain and Imperialism was almost a monomania".¹

Vir hom was onafhanklikheid die republieke se dierbaarste besitting wat slegs met stryd bekom is. Hy was in hart en niere 'n republikein en het vas geglo dat 'n republikeinse regeringsvorm die enigste geneesmiddel vir alle ewels en ellende in 'n staatsgemeenskap was.² Sy hele lewe is gewy aan die bevordering van die Oranje-Vrystaat se republikeinse onafhanklikheid. Hy het sy koerant en die Afrikanerbond ingespan om die Vrystaters en ander Afrikaners se nasionale bewussyn te laat ontwaak en groei en hulle op te wek tot deelname aan die politiek. Sy eie politieke siening het hy in elke uitgawe van sy koerant helder en duidelik uiteengesit en onder die volk versprei. Hy het gewerk vir deeglike, nasionaalgerigte onderwys sodat die jeug sou opgroei as Vrystaatse Afrikaners wat hulle plek as pligsgetroue burgers kon vol staan en kon help met die ontwikkeling van die Republiek.

Die welvaart van die Republiek moes op elke moontlike manier bevorder word en daarom het hy hom vir die verbetering van die Vry-

1. Persverwysings, p.3: Ons Land; p.5 Onze Courant, Graaff-Reinet; p.7: The Star.

2. De Express, 16.3.1882.

staat se vernaamste bedryf, die boerdery, beywer. Die soektog na minerale is deur hom aangemoedig en hy het daarop aangedring dat die Britse kolonies die tolgeld wat aan die Vrystaat verskuldig was, betaal. Hy was van mening dat nouer samewerking met Transvaal die beste wyse was waarop republikeinse onafhanklikheid bewaar en versterk kon word. Deur saam te staan, kon die Vrystaters sterk staan teen die buitewêreld; aandring op die erkenning van hulle geregverdigde eise en hulself beveilig. Die Vrystaat kon dan ook in die welvaart van Transvaal deel.

'n Suiwer, verstandige en regverdigde administrasie en regspleging was vir hom noodsaaklike voorvereistes vir die voortbestaan van die republieke. Wat spoorweë betref, het hy besef dat dit kon bydra tot die vooruitgang van die Vrystaat, maar dan moes die aanleg op so 'n wyse geskied dat dit nie die republieke se onafhanklikheid in gevaar stel nie.

Hierdie hoofstuk betrek Borckenhagen se rol in die politieke kwessies van die dag, terwyl opvolgende hoofstukke aandag skenk aan sy aandeel aan die beweging van nouer vereniging met die Zuid-Afrikaansche Republiek, en sy bydrae as mede-bouer aan die Vrystaat as modelrepubliek.

* * *

"Wij gelooven dat de tijd voor de Zuid Afrikaansche Republieken gekomen is, wanneer zij hun loopbaan op aarde in Afrika, volgens de ontwikkeling der Goddelijke oogmerken moeten aanvaarden en volhouden. Deze gevoelens zijn in het jeugdig geslacht ingeworteld en groeien daarmede op. Eens wortel gevat, zullen zij zich stellig ontwikkelen en aangezien wij van dezer meening zijn, lachen wij om het razen en bluffen dergenen die het ijdele

verzoek maken de loop eens machtigen strooms naar de richting van zynen oorsprong te keeren." So het F. X. Schermbrücker, Borckenhagen se voorganger, geskryf.³

Teen die tyd dat Carl Borckenhagen hom in die Vrystaat gevestig het, het die sogenaamde neo-imperialisme reeds in Brittanje as 'n lewenshouding, 'n geloof en 'n oorheersende geestesklimaat posgevat. Die redes was nasionalisties, filantropies en godsdienstig van aard, maar veral ekonomies. Aggressiewe nasionalisme is deur skrywers en politici verkondig en die jeug is aangevuur om hulle toe te wy aan die uitbreiding van Britse gesag; die verheerliking van Britse prestige en die sogenaamde Pax Britannica. Die Sandrivier- en Bloemfontein-konvensies was in die pad van Britse oppergesag en uitbreiding in Suid-Afrika en oor die volgende dekades sou met alle mag gepoog word om hulle tot niet te verklaar. Hierdie pogings sou juis dien om Afrikanernasionalisme en teenstand teen imperialisme aan te wakker.⁴

As 'n fanatiese kampvegter vir republikenisme, is dit vanselfsprekend dat Borckenhagen die groot vyand van imperialisme sou wees. Hy het verklaar dat hy in republikenisme vir Suid-Afrika glo en daarom het hy daarvoor geskryf en daarvoor gewerk. Wie hom ookal in sy pogings wou hinder en teenstaan, was natuurlik sy vyande.⁵

"He hated everything English except Englishmen in the flesh - and

3. Ibid, 19.10.1876.

4. Duvenage, G. D. J., Imperialisme en Nasionalisme, pp.10, 11 en 15.

5. De Express, 6.4.1884.

for them he had a sincere admiration and regard", het 'n Engelse redakteur geskryf.⁶ Hy het die stelling bevestig - was hy dan nie met 'n Engelse dame getroud nie? Hy het dit as beleid gestel dat hy ook nie De Express sou aanwend om Afrikaans- en Engels-sprekendes teen mekaar af te speel nie.⁷ Die begeerte van die Britse owerheid en staatsmanne om in Suid-Afrika oppermagtig te wees; Suid-Afrika se belange aan Brittanje dienstig te maak; in te meng in die aangeleenthede van die Boererepublieke en wat meer is, die republieke omver te werp, sou hy egter met hand en tand beveg. So ook die dissipels van Britse imperialisme en die Britsgesinde pers, waaronder The Friend of the Orange Free State⁸ getel het. Vir hom kon verbintenis met en afhanklikheid van die Britse kolonies slegs lei tot afhanklikheid van Engeland.⁹

In 'n besonder insiggewende artikel wat hy teen die einde van 1884 geskryf het, het hy die republikeine se houding jeens Engelse duidelik uiteengesit. Hy het die republikeine verdedig teen aanvalle waarin hulle as anti-Engels bestempel is. Hulle was eintlik on-Engels. Die Hollandssprekendes was immers voor die Engelse in die land en het steeds die meerderheid van die bevolking uitgemaak - nie net in die Vrystaat nie, maar ook in die Kaapkolonie. Hulle was nie-Engels deur geboorte, taal, karakter, opvoeding, gedagtes en aspirasies, maar nie anti-Engels nie - wel volbloed Afrikaners van kop tot tone. As meerderheid het hulle aanspraak op sekere regte gehad en moes hulle nie die prooi word

6. Persverwysings, p.12: The Cape Argus.

7. De Express, 17.5.1877.

8. Hierna in die teks en voetnote afgekort as The Friend.

9. De Express, 25.9.1879.

van smaad, bespotting, haat en verkeerde beoordeling nie. Hulle was op hierdie stadium net so nie-Engels soos tagtig jaar tevore en hulle sou steeds strewe om nie-Engels te bly. Dit het hy nie in 'n onvriendelike gees geskryf nie, maar net om aan te toon dat hulle nooit sou kon voel en dink soos hulle Engelse mede-koloniste nie en nie Britse lojaliste kon word tensy hulle bereid was om hulle persoonlikheid prys te gee nie. Brittanje het nie na Suid-Afrika gekom uit filantropie nie, maar op soek na eie belang, en dit is sy daaglikse dryfveer in sy optrede jeens Suid-Afrika. As dit in stryd met Suid-Afrikaanse belange was, sou hy, Borckenhagen, en die Afrikaners hulle daarteen verset. As hulle dit nie gedoen het nie, sou hulle niks beteken het nie. Die Afrikaners se belange was in Suid-Afrika gevestig en hulle het na die bereiking van billike en regverdigde ideale gestreef.

Hy het twee maniere getoon waarop beide bevolkingsgroepe hulle einddoel kon bereik. Sake kon hulle natuurlike gang gaan terwyl die twee groepe op fatsoenlike wyse en in 'n versoenende gees teenoor mekaar optree. Mettertyd sou die twee groepe se belange ineensmelt en die samesmelting van die twee groepe in 'n verenigde Suid-Afrika bewerkstellig word. Andersyds moes die oorwig van die nie-Engelse deel van die bevolking erken word en hulle aan hulself oorgelaat word om hul eie belange in hulle eie republieke te behartig. Die Engelse moes hulself dan deur 'n verbond gegrond op wedersydse behoeftes verseker van die goeie gesindheid van hierdie groep waar dit die beskerming van suiwer Engelse belange aangegaan het. Beide voorstelle kon uitvoerbaar wees solank Suid-Afrika nie gedwing sou word om te wees wat hy nie was of wou wees nie. Beter dae sou vir Suid-Afrika aanbreek as opgehou sou word om die Afrikaners met veragting en verontwaar-

diging anti-Engels te noem, terwyl hulle nie-Engels was nie, "maar wat juist daarom toch goed, edel en navolgingswaardig kan zijn".¹⁰

By 'n ander geleentheid het hy geskryf dat die Vrystaat na dertig jaar van stryd nie hulle onafhanklikheid of welvaart aan Brittanje te danke gehad het nie, maar dat hulle ook nie 'n vergeldingsbeleid voorgestaan het nie. Hulle het net die reg om te bestaan, gegrond op gesonde voorspoed en ware vooruitgang, geëis.¹¹

Net soos die Britse owerheid, Cecil Rhodes, pres. J. H. Brand en verskeie ander Suid-Afrikaners, het hy dus aanvanklik 'n vergesig gehad van 'n verenigde Suid-Afrika, maar, anders as hulle, wou hy hierdie Suid-Afrika nie onder 'n Britse vlag nie, maar onder 'n eie vlag sien. Een staat moes nie die instrument word van 'n ander staat wat homself wou verryk en mag wou bekom nie.¹² Sy slagspreuk was, soos dié van die Afrikanerbond: "Afrika voor de Afrikaners!"

In 1877 het hy profetiese woorde kwytgeraak. Hy het geglo dat die dag sou aanbreek wanneer die Afrikanervolk as geheel kragtig en verenigd genoeg sou word om 'n Suid-Afrikaanse ryk te stig en 'n eie bestaan te voer en nie die magtigste wil in die wêreld sou so 'n beweging kon teenstaan nie. Dan sou daar iets in die lug wees wat helde skep. Dit was egter iets vir die verre toekoms, want dit het die Afrikaner veral aan intellektuele werksaamheid ontbreek en die Transvalers het bewys

10. Ibid, 27.11.1884.

11. Ibid, 8.3.1887.

12. Ibid, 19.5.1881.

dat daar nog 'n gebrek aan geesteskrag, vaderlandsliefde en offervaardigheid was.¹³ Dit het hy geskryf na aanleiding van die wyse waarop die Transvalers hulle deur Engeland laat oorrumpel het.

Baie Vrystaters en ook Volksraadslede het Borckenhagen se droom gedeel. Raadslid J. J. Venter het in 1879 in die Volksraad die volgende van die Afrikaners gesê: "Wij moeten ons beschouwen als kinderen van een huis en eendragtig zamenwerken, om langzamerhand tot een groot rijk te komen".¹⁴

* * *

Toe die Oranje-Vrystaat in 1854 as 'n republiek tot stand gekom het, was die onafhanklikheidsbewussyn, nasionale gevoel en republikanisme nog swak ontwikkel. Die gebrek aan sterk leiers en die Afrikaner se individualisme, gebrek aan samehorigheid en felle politieke emosionaliteit het onstabiliteit tot gevolg gehad.¹⁵ Geleidelik het saambindende faktore soos die besit van 'n eie grondwet, Volksraad, vlag en lied die volk nader aan mekaar gebring, maar die nasionale bewussyn is eers gedurende die Basoe-to-oorloë werklik wakker geskud. Hierin het pres. Brand 'n groot rol gespeel. Die saamstry van krygsmakers vir die beveiliging en behoud van hulle land, die inspirasie wat van Brand uitgegaan het en die uiteindelijke oorwinning het die volk heg aan mekaar gesnoer. Britse imperiale optrede soos die anneksasie van Basoe-

13. Ibid, 15.11.1877.

14. Volksraadsnotules OVS (hierna afgekort as OVSVR), 13.5.1879, p.74.

15. Malan, S.F., Politieke Strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse Republiek (hierna afgekort as Politieke Strominge), p.15.

toland, die Diamantveld en Transvaal het die vlam van nasionalisme hoog laat opvlam.

Die stigting van De Express in 1875 was 'n daad om imperialisme te bestry en te veg vir die onafhanklikheid van die Republiek. Dit sou, in teenstelling met The Friend, die stem van die meerderheid van die volk laat hoor.¹⁶

Die anneksasie van Transvaal en konfederasie.

Die diamantveldkwessie was nog aan die gang toe Borckenhagen hom in die Vrystaat gevestig het. Hy het in Schermbrücker en die Vrystaters se gevoel van verontwaardiging oor die anneksasie van Griekwaland-Wes gedeel.

Intussen is die toneel opgestel vir twee dramas wat hulle aan die grense van die Vrystaat sou afspeel, albei die gevolg van Britse imperialisme, nl. die anneksasie en latere teruggawe van Transvaal en die Brits-Basoeto-oorlog.

Hoewel die trillinge van die stryd die Vrystaat nie onaangeraak gelaat het nie, het die land self nie die slagveld betree nie. In die Vrystaat was daar vrede en pres. Brand was vasberade om oor hierdie vrede te waak. In 1876 kon hy in Londen te kenne gee dat die Vrystaat nie konfederasie nodig gehad het nie, omdat daar vrede tussen die Vrystaters en die Swartes binne en buite hulle grense was. Dr. E. J. P. Jorissen het met 'n tikkie jaloesie daarvan melding gemaak dat, terwyl daar altyd stryd in Transvaal

16. De Express, 10.5.1877.

was, die Vrystaat vrede geniet het.¹⁷ Uit die Kaap klink dit ook op: "The peculiar position occupied by the Free State in South Africa, between the South African Republic and the Cape Colony, rendered it necessary that he (Borckenhagen) should sit in judgment upon what happened in the two latter States, whilst the peaceful Free State calmly went on its own way."¹⁸

Die anneksasie van Transvaal het stilweg en sonder slag of stoot geskied, maar die emosies wat dit by Afrikaners dwarsoor Suid-Afrika en veral ook in die Vrystaat ontketen het, was hewig. Midde-in hierdie uitbarsting het Borckenhagen die redakteurskap van De Express oorgeneem en onmiddellik begin met sy taak om oordeel uit te spreek, soos Ons Land dit gesien het.

Terwyl die Vrystaters bitterlik ontstoke en gegriefd was oor wat hulle as 'n skreiende daad van imperialisme beskou het en talle van hulle geëis het dat daar kragdadiglik opgetree moes word, was daar ook die vrees dat die Vrystaat op dieselfde wyse sy onafhanklikheid kon verloor. Daarom het baie van hulle groot versigtigheid aan die dag gelê sodat niks gedoen of gesê sou word wat aan Brittanje aanstoot kon gee of 'n verskoning kon bied om teen die Vrystaat op te tree nie. Pres. Brand wou direkte konfrontasie vermy, het sy bes gedoen om die Vrystaat neutraal te hou en het die Volksraad beïnvloed om gematigd op te tree. Baie Vrystaters het hom hieroor verkwalik. Borckenhagen was net so bewus soos Brand daarvan dat die Vrystaat nie Britse anneksasie kon beveg of Britse terugtrekking kon eis nie, maar hy het die Volks-

17. Jorissen, E. J. P., Transvaalsche Herinneringen 1876-1896, p.88.

18. Persverwysings, p.3: Ons Land, Kaapstad.

raad aangeraai om die Vrystaat se sterkste afkeur oor die geweld-
dadige oornome duidelik aan Brittanje oor te dra.¹⁹

Toe De Express die Volksraad se besluit in verband met anneksa-
sie wat volgens Borckenhagen te sag gestel is, geplaas het,
is die woord "Protes" bo-aan gedruk. In die Volksraad is
hierteen beswaar gemaak en die pos is vir twaalf uur teruggehou.
Borckenhagen het dit as 'n aantasting van die vryheid van die
pers beskou, en dit nadat daar 'n aantal dae vantevore in die-
selfde Raad gesê is dat De Express "steeds had gevochten voor
de belange van het land".²⁰ Hy het benadruk dat die koerant
pal sou staan teen die vyande van republikeinse onafhanklikheid
en sy stem, hoe swak ookal, sou verhef in belang van wat reg
is.²¹ Verder het hy die Transvalers aangespoor om passiewe
weerstand te bied en op vryheid te bly hoop.²²

Sy belangrikste taak was nou om die wankelmoedige Vrystaters te
bemoedig. Dit was wel so, het hy erken, dat die Vrystaat deur
Britse gebied omring was, maar die volk moes nie wanhoop nie.
Hulle moes geestelike en stoflike weerstand bied. Oral, in die
pers en in die openbaar, moes hulle patriotiese gevoelens verkondig,
vertroue uitstraal, eerbied inboesem by die vyand en dapper
wees. Hulle moes nooit aan die vyand geleentheid gee om
hulle van inherente swakheid te beskuldig soos met Transvaal
gebeur het nie. As dit nodig was, moes hulle veg eerder as om
eerloos oor te gee. Oor ammunisie moes hulle nie bekommerd wees

19. De Express, 10.5.1877.

20. Ibid, 31.5.1877.

21. Ibid, 17.5.1877.

22. Ibid, 31.5.1877.

nie; daar sou altyd Engelse handelaars wees wat hulle ter wille van wins daarvan sou voorsien. Die Engelse was ook nie onoorwinlik nie; daar was oral in die Britse Ryk onrus wat hulle besig gehou het. Verder moes die Vrystaters alles in die werk stel om welvarend en selfvoorsienend te word en vasberade wees om onafhanklik te bly. Hulle moes bereid wees tot opofferings, hard werk en nie vrees nie. As hulle werklik vry wou wees, sou hulle vry wees.²³ Buitendien was toestande in die Vrystaat baie gunstiger as in Transvaal. Daar was groter samehorigheid, dissipline en gehoorsaamheid aan die owerheid en geen oorloë teen Swartes nie. Die regering was gewild en doeltreffend en onderwys en regspleging goed.²⁴ Nietemin was hy 'n bietjie bekommerd oor die Vrystaat se weerbaarheid wat in die jare van vrede sedert die einde van die Basoeto-oorloë verslap het. Hy het die regering en die volk opgeskerp om daaraan aandag te gee.²⁵

Die gedagte aan Suid-Afrikaanse konfederasie het sedert 1870 sterk posgevat. Die Britse owerheid, veral die minister van kolonies, lord Carnarvon en die Kaapse goewerneurs, P. Wodehouse en H. Barkly, het die prysgawe van Transvaal en die Vrystaat as 'n flater beskou en wou Britse oppergesag in Suid-Afrika vestig deur die twee republieke by 'n konfederasie onder die Britse vlag te betrek. Daarbenewens kon 'n sterk federasie die finansiële las van binnelandse verdediging, administrasie en ontwikkeling van Britse skouers afneem. Pres. Brand se ideaal van 'n verenigde Suid-Afrika wat op ekonomiese samewerking gebaseer is, het by die idee van konfederasie aansluiting gevind.

23. Ibid, 98.8.1877.

24. Ibid, 31.1.1878.

25. Ibid, 20.7.1877.

Die Vrystaat se samewerking was, soos ook in 'n artikel in die Natal Witness uiteengesit,²⁶ onontbeerlik vir konfederasie, want weens sy sentrale ligging het hy al die ander kolonies en state van mekaar geskei. Tydens pres. J. N. Boshoff se regering, toe die probleme met die Basoeto onoorkomelik gelyk het, was die Vrystaters geneë tot federasie. Algaande het hulle gegriefdheid jeens Britse imperialistiese optrede, veral die anneksasie van Basoetoland en Griekwaland-Wes, so toegeneem dat daar van soiets nie meer sprake was nie.

Sir Henry Barkly het besef dat die Vrystaat nie vrywillig tot federasie sou toetree nie en het in 1874 'n nuwe strategie bedink. Die swakste republiek, die Zuid-Afrikaansche Republiek, moes onderwerp word. Die Vrystaat, deur Britse gebied omring, sou dan noodgedwonge tot 'n federasie moes toetree.²⁷ Ook lord Carnarvon het in die rigting van die onderwerping van Transvaal begin dink. Eers het hy oorredingspogings aangewend en toe dit nie werk nie, besluit om die Zuid-Afrikaansche Republiek se onafhanklikheid uit te wis. Ook hy het gemeen dat die Vrystaat geen ander keuse sou hê as om by 'n federasie aan te sluit nie.²⁸ Die teenoorgestelde het gebeur. Na die anneksasie van Transvaal was die Vrystaat minder as ooit geneë tot federasie. Net 'n klein groepie Engelsgesindes het na die Engelse vlag bly hunker. Daar was egter ook, soos Carnarvon gehoop het, diegene wat kleinmoedig was en gemeen het dat die Vrystaat nie staande kon bly nie.²⁹

26. Ibid, 31.10.1878 (waarin verwys word na die Natal Witness).

27. De Kiewiet, C.W., The Imperial Factor in South Africa, p.66.

28. Ibid, p.30.

29. Malan, S.F., Politieke Strominge, p.65.

In die Volksraad het pres. Brand verduidelik dat konfederasie wel voordele gebied het, maar dat dit die prysgawe van onafhanklikheid sou beteken. Die Volksraad het daarop besluit dat die Vrystaat se onafhanklikheid te kosbaar was om daarvan afstand te doen, maar dat die Republiek met Engeland sou saamwerk om Suid-Afrikaanse belange te bevorder.³⁰

Die Volksraad se verwerping van federasie het De Express "innig ... verblijdt en een glimlach met moeite doen onderdrukken".³¹ Borckenhagen het volgehou om die Vrystaters daarteen te waarsku om nie hul onafhanklikheid vir moontlike stoflike voordele prys te gee nie.³² Die Vrystaat het goed gevaar sonder konfederasie.³³ Hy het hulle aangespoor om vasberade te wees, te werk, opofferings te maak, sterk te word en die land te ontwikkel.³⁴ Hulle moes hulle nie om die bos laat lei deur Carnarvon se belofte om geen dwang te gebruik om 'n staat tot konfederasie te laat toetree nie, want in dieselfde toespraak voor die Britse Hoërhuis het hy gesê dat federasie net onder die Britse vlag kon geskied en dat dit "a closer consolidation of Imperial interests", en dus nie van Suid-Afrikaanse belange nie, sou wees. Hy het die indruk geskep dat klein staatjies hulself bevoorreg moes ag om aan Britse belange opgeoffer te word, aldus Borckenhagen.³⁵

Sir Michael Hicks Beach, Britse Sekretaris van Kolonies, het ver-

30. OVSVR, 25 en 26.5.1877, pp.189-190 en 209-210.

31. De Express, 7.6.1877.

32. Ibid, 7.2.1878.

33. Ibid, 13.1.1878.

34. Ibid, 9.8.1877.

35. Ibid, 14.6.1877.

klaar dat verantwoordelike bestuur onmoontlik ten volle toegepas kon word en gepaard moes gaan met sekere noodwendige beperkinge. Borckenhagen het gewaarsku dat die Vrystaat se deelname aan konfederasie sekerlik ook gebuk sou gaan "onder zekere beperkingen".³⁶ Hy het dit by die Vrystaters ingehamer dat 'n unie gebaseer op Carnarvon se skema heeltemal onaanvaarbaar was. Suid-Afrikaners kon hulle eie belange beter behartig as die Engelse wat baie foute in Suid-Afrika gemaak het wat tot groot ellende gelei het. Die Engelse het onnodige oorloë in Suid-Afrika gevoer en dan moes die koloniste die koste betaal.³⁷ Daar was nog te veel verskille tussen Suid-Afrikaanse state en ontydige vereniging kon tot groter skeiding en onderlinge afkeer lei. Dwang van buite sou alles bederf. Eenheid was 'n mooi en soet vrug wat eers gepluk moes word wanneer dit ryp was; met ander woorde wanneer dit van binne gekom het.³⁸

Ene Patterson het in Port Elizabeth tydens 'n bespreking van konfederasie bereken hoeveel verteenwoordigers elke staat in 'n konfederasie kon hê en vir die Vrystaat twaalf uit honderd-ses-en-twintig toegeken. Borckenhagen het daarop gewys dat die Vrystaat in so 'n geval verswelg sou word.³⁹

Onvermoeid het hy sy lesers bearbei om konfederasie teen te staan en telkens op die gevolge van Britse imperialisme gewys en die wyse waarop Brittanje die Konvensies geminag en verbreek het.⁴⁰

36. Ibid, 13.6.1878.

37. Ibid, 20.3.1879.

38. Ibid, 5.9.1878.

39. Ibid, 3.10.1878.

40. Ibid, 12.6.1879.

Hy het die Vrystaters op hoogte van oorsese gebeure gehou waar klein staatjies se bestaan voortdurend deur magtiges bedreig is. Toe hy daarop gewys het dat Brittanje nie net Transvaal nie, maar ook Ciprus geannekseer en die Turke mislei het, het hy die hoop uitgespreek dat Brittanje sy eerste roes van bevredigde eersug, soos hy dit genoem het, te bowe gekom het en nie nog sou wou gryp en so die reg op volkeregtelike gebied skend nie. "Wanneer kleine landen dat rechtsbeginsel teenover het louter machtsbeginsel der groote Staten waardig verteenwoordigen en handhaven, bestaan zij niet te vergeefs", het hy geskryf.⁴¹

Toe daar sprake was dat sir Bartle Frere na die Vrystaat sou kom om oor konfederasie te beraadslaag, het dit De Express laat uitroep dat die Vrystaat niks daarmee te make wou hê nie, want dit sou vir die Republiek net nadele inhou.⁴²

In byna elke uitgawe van De Express is verwys na die anneksasie van Transvaal; die bitterheid van die Transvalers wat voortdurend op hulle onafhanklikheid aangedring het; die verbreking van Britse beloftes, onder meer van die toekenning van selfregering; die swak administrasie en korrupsie van die Britse regering in Transvaal; die aanvalle, plundering en belediging van die burgers deur amptenare en die feit dat Brittanje sy mag misbruik het om 'n klein landjie, ryk aan minerale en landboupotensiaal, te oorweldig.⁴³ Een van die verskonings wat vir die inval gebruik is, was dat Transvaal die vrede bedreig het. Volgens Borckenhagen was dit in der waarheid Brittanje wat die

41. Ibid, 12.9.1878.

42. Ibid, 17.4.1879.

43. Ibid, 21.8.1879.

vrede bedreig het deur sy beleid jeens Swartes en deur toe te laat dat Engelse handelaars wapens en ammunisie aan Swartes verskaf.⁴⁴

Hierdie optrede deur die Britse owerheid het 'n uitwerking op die gemoedere van Vrystaters gehad en Borckenhagen het hulle gewaar-sku teen Brittanje se mooi beloftes, veral aangesien sir Garnet Wolseley se sending na Suid-Afrika onder andere ten doel gehad het om met die Vrystaat en ander belanghebbendes oor konfederasie te onderhandel. Sy raad aan Wolseley was om nie Transvaalse wreedhede en Kaapse staatkunde op die Vrystaat toe te pas nie en om die kolonies hulle eie skulde en Engeland sy eie oorloë te laat betaal en die Transvaal en Vrystaat alleen te laat.⁴⁵ Suid-Afrika sou voorspoediger wees sonder die voorskrifte van koloniale sekretarisse.⁴⁶

Borckenhagen se houding jeens Transvaal se stryd om onafhank-
likheid.

De Express sou intussen noukeurig verslag doen oor die Transvaalers se lydelike verset teen die Britse regering. In hierdie stryd sou die Vrystaters hul morele steun aan hulle broers oorkant die Vaal gee. Baie het hulle openlik aan die kant van die Transvaalse republikeine geskaar. Hulle gevoel word weergegee in 'n brief van D. S. Lubbe aan De Express: "Samen zullen wij staan met de Zuid-Afrikaansche Republiek, en indien (het) zoo moet

44. Ibid, 15.5.1879.

45. Ibid, 21.8.1879.

46. Ibid, 24.7.1879.

zijn, ook samen vallen.⁴⁷

In Maart 1878 het daar in Borckenhagen se hoofartikels vir die eerste keer die gedagte aan iets meer as lydelyke verset by die Transvalers deurgeskemer. Hy het daarop gewys dat die Britse regering in Transvaal op 'n krisis afstuur. Daar was nog nooit voorheen soveel gebrek aan goeie regering en soveel inherente swakheid nie. Brittanje het geeneen van sy beloftes om die land se instellings te eerbiedig, nagekom nie. Na een-en-'n-halfjaar het die volk nog geen seggenskap in die regering gehad nie en die Transvalers was misnoegd oor die korrupte administrasie waarin hoë betrekkings aan Shepstone se familie en vriende gegee is. Borckenhagen het gewaarsku dat die Transvalers sou poog om hul vryheid te herwin as Shepstone nie ontslaan word nie. Die lands-taal is deur Engels verdring, Engelse amptenare in die plek van Afrikaners aangestel en Swart onrus was erger as voorheen ten spyte van die teenwoordigheid van die Britse leër.⁴⁸ Volgens hom was dit natuurlik dat 'n volk wat vry en onafhanklik was, teen vreemde oorheersers in opstand sou kom en "dat er slechts zeer weinig noodig is om de vlam van openbaar verzet in onze gewezen Zusterrepubliek aan te blazen."⁴⁹

Die Engelse het egter nie net geweld gebruik om die Transvalers te onderwerp nie, maar ook meer subtiele metodes soos die aanstelling van 'n Anglikaanse biskop in Pretoria om hulle "zedelyk, geestelyk en kerkelyk te annexeeren". Borckenhagen het

47. Ibid, 9.7.1877.

48. Ibid, 7.3.1878 en 10.10.1878.

49. Ibid, 4.4.1878.

bygevoeg dat vooraf gewaarsku, vooraf gewapen is.⁵⁰

Die vrees dat die Vrystaat, in geval van onrus, nie paraat sou wees om sy onafhanklikheid te verdedig nie, het weer by hom opgekom. Hy het daarop gewys dat, na tien jaar van vrede, alle militêre organisasie uit die Vrystaat verdwyn het. Geen regulasies is nagekom nie en die burgers was onopgeleid en ongewapen. Hy het 'n beroep op die regering gedoen dat veral die grensdistrikte se mans gereed moes wees. Die regering moes betyds optree en burgers help om paraat te word.⁵¹ Twee maande later het die Volksraad besluit om £2 000 te begroot vir die aankoop van ammunisie. Hierna sou daar by elke Volksraadsitting aan militêre sake aandag gegee word. In 1880 is majoor F. W. R. Albrecht in Duitsland gewerf om bevel oor die artillerie te voer en in 1881 is kanonne aangekoop. In 1884 is die kommandowet opgeknep en in 1885 is besluit om 'n berede diensmag in te stel.⁵²

Tydens die hele Volksraadsitting van 1878 is geen woord oor Transvaal of die Britse anneksasie gerep nie. Brand en die Volksraadslede was baie versigtig om nie aan Brittanje aanstoot te gee nie. Aan die anderkant is Britse amptenare geprys vir hul hartlike samewerking met betrekking tot die afhandeling van die ooreenkoms oor Griekwaland-Wes.

In hierdie stadium was daar by Borckenhagen, net soos by die

50. Ibid, 15.8.1878.

51. Ibid, 18.4.1878.

52. OVSVR, 13.6.1878, p.225; 21.5.1879; 4.6.1879; 24.5.1881; 29.5.1882; 26.6.1882; 15.9.1884 en 5.6.1885.

Transvalers, 'n gees van passiwiteit en verslaentheid. Hy het gemeen dat die Transvalers moes berus en hul hoop vestig op die beloofde wetgewende vergadering. Suid-Afrikaners kon maar net hoop op 'n beter toekoms.⁵³

Twee jaar na die anneksasie van Transvaal het die volk se onderdrukte gevoel van opstand na die oppervlakte begin borrel. Die aanvanklike passiwiteit het verander in 'n groot mate van betrokkenheid en teenstand by die burgers. Leiers het na vore getree. 'n Vergadering is te Kleinfontein gehou en 'n deputasie gekies om samesprekings met sir Bartle Frere, die Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, te voer. 'n Memorie waarin om teruggawe van onafhanklikheid gevra is, is aan hom oorhandig. Hoewel hy dit nie wou ondersteun nie, het hy dit tog na Brittanje gestuur. Hy het die Transvalers egter verseker dat Engeland nooit hulle onafhanklikheid sou teruggee nie. Die deputasie was erg teleurgesteld oor die afloop van die samesprekings. Na aanleiding hiervan het De Express 'n beroep op Brittanje gedoen om die weg van onderhandeling, eerder as geweld, te volg en dat die Transvaal billik behandel moes word.⁵⁴

De Express het op 8 Mei 1879 'n oproep gepubliseer wat vanuit die Burgerkamp te Kleinfontein aan die Vrystaters gerig is. Daarin is beklemtoon dat hoewel die Transvalers bitterlik gegriefd was oor die anneksasie, hulle steeds die vrede bewaar het. Hulle het net wettige hulp in hulle pleidooie om weer vry te wees, gevra. Die Vrystaters is versoek om hul stemme te verhef en aan die wêreld te toon dat hulle hul verdrukte broers, afstammeling

53. De Express, 10.10.1878.

54. Ibid, 10.4.1879.

van dieselfde Voortrekkers, wou steun. "Onze saak is uwe saak, ons belang uw belang .. verheft nu uwe stem ..", het hulle gepleit.⁵⁵

Die Vrystaters het onmiddellik gereageer. 'n Petisie, wat ook deur De Express gesteun en gepropageer is, is aan die Britse koningin gerig. Hierin is gevra dat die Zuid-Afrikaansche Republiek se onafhanklikheid herstel moes word.⁵⁶

Na aanleiding van die Transvaalse Volkskomitee se beroep op steun van die Vrystaatse Volksraad, het Brand en van sy ondersteuners die Vrystaters tot die uiterste versigtigheid gemaak, want hulle was van oordeel dat inmenging van die kant van die Vrystaat die volkereg sou skend. 'n Aansienlike aantal Volksraadslede was ontevrede dat van hulle verwag is om te swyg, terwyl Kaapse Afrikaners openlik hulle medelye betuig het. Die voorsitter, raadslid G. P. Visser, het hierdie lede se gevoelens vertolk toe hy gesê het dat sy hart warm geklop het vir sy Transvaalse broers en waarom kon die Vrystaters dan nie hulle simpatie in woorde uiter nie?⁵⁷ Die Raad het dan ook die hoop uitgespreek dat die Britse regering aan die griewe van Transvaal gehoor sou gee en dat dit sou lei "tot eene bevredigenden uitslag ter terugbekoming van hun onafhankelyk Volksbestaan". Hierdie laaste sinsnede wou Brand egter geskrap hê.⁵⁸

De Express het sy ingenomenheid met die besluit in duidelike

55. Ibid, 8.5.1879.

56. Ibid, 12.6.1879.

57. OVSVR, 13.5.1879, pp.73-78.

58. Ibid, 14.5.1879, p.84.

woorde te kenne gegee, hoewel daar ook begrip vir pres. Brand se houding en posisie was. Die veroordeling van die Volksraad se besluit deur die Engelse pers en selfs deur sekere Hollandse blaaië, was volgens hom op wanopvattinge gebaseer. Die Transvalers was nie rebelle en hulle teenstand nie 'n vyandelike demonstrasie teen Engeland nie. Verder was die Vrystaatse Volksraadsbesluit nie aan Engeland gerig nie, maar aan die Transvaalse Volkskomitee. Daar was dus nie sprake van tussenkoms nie. Dit was die uitdrukking van 'n volk se gevoel, en nie van vyandigheid teenoor Engeland nie, maar van liefde vir hul onafhanklikheid, 'n voorreg waarin hulle ook graag wou hê dat hulle Transvaalse broers moes deel.⁵⁹

Dit was duidelik dat die teenstand in Transvaal vinnig aan die toeneem was. In Augustus 1879 het die Volkskomitee weer eens 'n beroep op die morele steun van die Vrystaat gedoen. Hulle het gekla oor plundering en beledigings deur Engelse amptenare en verklaar dat die Transvaalse volk geraadpleeg sou word indien die Britse antwoord op hul memorie ongunstig sou wees.⁶⁰

Die Vrystaters se vrees dat hul onafhanklikheid ook, soos die Transvalers s'n, deur bande met Engeland bedreig sou word, kom na vore in De Express se waarskuwing teen 'n Kaapse konsessie om in die Vrystaat telegraaflyne op te rig waaroor die Kaapse hoof van posterye, mnr. J. Sivewright, toesig sou hou. Borckenhagen het betoog dat die Kaap dan 'n belang in die Vrystaat sou kry en Kaapse afhanklikheid kon Engelse afhanklikheid word. 'n Rede tot anneksasie sou maklik versin kon word. Hy het voorgestel dat die

59. De Express, 29.5.1879.

60. Ibid, 21.8.1879.

regering die lyne liever self aanlê en die geld by die Skoolfonds en Nasionale Bank teen 6% leen in plaas van by vreemdes teen 8%. Dit sou goedkoper wees, die Staat sou gevrywaar wees teen inmenging van buite en die Nasionale Bank sou bevoordeel word.⁶¹

Dit moes hom groot genoegdoening verskaf het toe pres. Brand tydens die spesiale sitting van die Volksraad in November 1879 aangekondig het dat die enigste tender vir die lê van telegraaflyne van die Kaap ontvang is, maar dat hy van mening was dat die Vrystaatse regering dit self moes doen, "en dat niet aan vreemde krachten moet overgeven". Dit kon met behulp van die Nasionale Bank gedoen word. Daarop het die Volksraad besluit om die lyne self aan te lê.⁶² Die invloed van De Express as meningsvormer by die Volksraad spreek in dié geval baie duidelik.

Borckenhagen het voortgegaan om die Vrystaters in te lig oor gebeure in Transvaal en om 'n beroep op hulle meegevoel en veral morele steun te maak. 'n Dag van gebed en verootmoediging is deur die Transvalers vir 26 Oktober 1879 uitgeroep met die oog op die moeilike situasie aldaar. Borckenhagen was oortuig daarvan dat baie Kapenaars en Vrystaters sou meedoen. Waar daar ookal Afrikaners gewoon het, sou hulle meegevoel betoon met 'n volk wat na twee jaar van diktatorskap niks verkry het deur die mees volhardende teenstand nie. Volgens hom was dit reg om vir die bevryding daarvan te bid.⁶³

61. Ibid, 21.8.1879 en 25.9.1879.

62. OVSVR 27.11.1879, p.13 en 28.11.1879, pp.21-25.

63. De Express, 23.10.1879.

Die sogenaamde liberale regeringsvorm wat deur die nuwe Britse Hoë Kommissaris vir Suidoos-Afrika, Sir Garnet Wolseley, aan Transvaal aangebied is, het Borckenhagen met wantroue vervul. Hy het berig dat hierdie militêre diktator - berug vir die uitslag van die Zoeloe-oorlog - bygestaan sou word deur 'n Uitvoerende Raad bestaande uit vier benoemde lede en drie Transvaalse burgers, waarskynlik "verligte", Britsgebore handelaars wat hulle land vir driehonderd muntstukke sou verraaï. Daar sou dus vyf offisiële lede wees - die getal kon uitgebrei word - en drie onoffisiële lede wat enige tyd ontslaan kon word. Verder sou Wolseley, as voorsitter, 'n beslissende stem hê. Beloftes met anneksasie dat bestaande wette alleen deur die bestaande Uitvoerende Gesag verander sou word, is dus nie gehou nie.⁶⁴

Socs by die Vrystaatse burgers, het verontwaardiging oor Britse optrede in Transvaal by Borckenhagen toegeneem. Hy het die hele geskiedenis van Brittanje se onderdrukking van die Afrikaner in sy kolomme geskilder. Vir hom was die verskil in benadering van die Swartes die belangrikste oorsaak van botsing. Terwyl Transvaal se hantering van Sekhukhune en sy volgelinge as voorwendsel vir Britse ingryping gedien het, het Brittanje teen die Zoeloes, wat hulle sogenaamd teen die Transvalers wou beskerm, gaan oorlog maak. Die Transvalers is van hulle vryheid beroof en onder 'n militêre diktatuur geplaas terwyl die Zoeloes hulle land en selfregering teruggekry het. Sulke dae en die ydele poging van Suid-Afrikaners om so 'n skreiende onreg te herstel, was die oorsprong van die gees wat die vuur van vaderlandsliefde in ligte laaie laat ontvlam het.⁶⁵ Dit was syns insiens Afrikaners

64. Ibid, 16.10.1879.

65. Ibid, 20.11.1879.

se heilige plig om die weg voor te berei vir hulle eie toekoms waarin hulle met mekaar sou saamwerk, maar nie in 'n konfederasie wat deur 'n eensydige daad van die Imperiale regering tot stand moes kom nie.⁶⁶

Volgens Borckenhagen was 'n politieke donderwolk aan die opsteek. Boere-opstandigheid het te Potchefstroom en Middelburg uitgebreek. Winkeliers is gedwing om aan hulle ammunisie te verkoop en 'n groot aantal het geweier om belasting te betaal.⁶⁷ Hy het Engelse leiers gewaarsku dat hulle nie net Transvaal nie, maar die hele Suid-Afrika uitgedaag het. 'n Gees van onafhanklikheid was vinnig en wydverspreid aan die groei, selfs in die Kaapse Parlement. Dié opkomende gety het 'n krag openbaar soos niemand dit vroeër kon voorstel nie, en dit sou nie ophou voordat dit die hele Suid-Afrika oorstrom en alle weerstand verswelg het nie. Die tyd vir deputasies en memories en lydelike verset was verby en die Engelse regering moes insien dat Suid-Afrika hom nie deur beloftes en vleiere van regte en vryhede sou laat beroof nie. 'n Gees van weerstand teen die Britse regering was aan die oplaai.⁶⁸ 'n Mens sou met reg kan aanvoer dat Borckenhagen die volksgevoel van die Afrikaner van daardie jare suiwer vertolk het.

Nadat die Transvalers besluit het om by Wonderfontein te vergader om toekomstige optrede te bespreek, het Wolseley 'n proklamasie uitgevaardig om die byeenkoms te verbied. Ten spyte hiervan het burgers in Desember 1879 daarheen gestroom en besluit dat die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek deur sy eie mense her-

66. Ibid, 13.11.1879.

67. Ibid.

68. Ibid, 20.11.1879.

vat moes word. Borckenhagen het Wolseley se verbod as 'n misdaad en misbruik van mag bestempel.⁶⁹ Hy het gewaarsku dat Britse verwerping van Transvaalse eise rampspoedig sou wees, want dit sou nie net in Transvaal nie, maar in die hele Suid-Afrika stryd en verdeeldheid veroorsaak. Die gevoel van vyandigheid was sins insiens sterker en meer algemeen as ooit.⁷⁰

Vanuit die Engelse kamp is De Express en sy geesgenote skerp aangeval as aanhitters en kruipers. Borckenhagen se reaksie was dat die opstandigheid die gevolg van Engelse maghebbers se wanda-de en die Britse beleid was. Hy het die beskuldiging dat hy die gevoel van haat teen die Britse regering onder die Vrystaters versterk het, ten sterkste ontken. Die haat was wydverspreid - net soseer in Natal en die Kaapkolonie as in Transvaal. 'n Lid van die Wetgewende Vergadering in Natal het byvoorbeeld die gevoelens in Natal vergelyk met dié in Boston voor die Amerikaanse Vryheidsoorlog. Frere en Wolseley het tot dié haat bygedra deur hulle verbreking van beloftes en dit was nie "newspapers, agitators, foreign adventurers and the like imaginations of their fancy" wat, volgens hulle, "do all the mischief to stop the noble work of civilization and christianization" nie. Volgens Borckenhagen was die pers se rol anders. Die Suid-Afrikaanse volk het langsaam hand bewus geword van sy krag; belangstelling in politiek het toegeneem en koerante is deur duisende geles wat dit nie voorheen gedoen het nie. Die insigte wat wesenlik die volk se eie was, het hulle vaderlandsliefde versterk. Hierdie insigte het algaande duideliker geword en meer na vore gekom. Dit was vir hom en sy mede-arbeiders die enigste voldoening om te sien

69. Ibid, 4.12.1879.

70. Ibid, 18.12.1879.

hoe die saadjies wat hulle saai, groei tot gesonde plante. Die edele naam van vaderlander het weer die ontsag verwek wat dit verdien het en dié wat hulle uitgelag het, sou nog moes kies of hulle onderdanig wou wees of padgee.⁷¹

Tydens die Transvaalse Volksvergadering op 10 Desember 1879 het die Transvalers die Britse owerheid met sewe resolusies, waaronder 'n eis vir die herstel van hul onafhanklikheid, 'n eie Volksraad en president en 'n aanbod tot konfederasie, gekonfronteer. Borckenhagen se siening was dat dit nou buig of bars was. Die Britte moes die Boere dwing om hulle eise te laat vaar of 'n nuwe basis vir optrede skep. As hulle beleid nie verander nie, het hy vernietiging, ontevredenheid en verdeeldheid tussen die verskillende nasionaliteite in Suid-Afrika voorspel. Verder het hy gewaarsku dat die terugkerende, seëvierende Britse troepe wat Sekhukhune oorrompel het, 'n gevaarlike element in die nabyheid van 'n ontevrede en vasbeslote volk geskep het. So 'n leër was altyd geneig tot buitensporighede en uittarting wat tot openlike gewelddadigheid aanleiding kon gee. Die Boere het alreeds gekla oor plundering en mishandeling. Dit kon die laaste strooi wees. Hy het geen vertrouwe in diplomate, goewerneurs en kommissarisse gehad wat op Christelikheid en beskawing geroem het, maar diefstal en plundering toegelaat het nie. Hy het 'n beroep op hulle gedoen om oorlog en bloedvergieting te voorkom. Hy was oortuig daarvan dat die Engelse volk dit nie sou goedkeur nie en almal sou dit as 'n oorlog van onreg en verdrukking bestempel.⁷²

Wolseley, wat woedend was omdat sy verbod op 'n volksvergadering

71. Ibid, 4.12.1879.

72. Ibid, 18.12.1879.

te Wonderfontein nie nagekom is nie, het die Transvalers van rebellie beskuldig en verklaar dat slegs 'n kroonkolonieregering in Transvaal sou deug. Borckenhagen het geskryf dat die Britse regering uiteindelik erken het dat die meerderheid Transvalers teen anneksasie gekant was. Met verontwaardiging het hy daarop gewys dat die Transvalers geen rebelle was nie aangesien hulle die Britse regering nog nooit erken het nie. Dié regering het nie geskroom om die heiligste verbonde te skend nie en die grondwet wat aan die Transvalers gegee is, was 'n stuk bedrog wat nie verduur kon word nie.⁷³ Die verontwaardiging het nog skerper na vore gekom nadat die voorsitter en sekretaris van die Volkskomitee, M.W. Pretorius en dr. E. Bok, in hegtenis geneem is. Sulke optrede, het Borckenhagen gewaarsku, sou die smeulende vonk in vlamme laat opspring en indien die Swazi's, wat Engeland volgens Borckenhagen teen Sukhukhune gebruik het, ook nog teen Transvaal aangewend sou word, sou vergelding nie uitbly nie.⁷⁴

Vrystaatse burgers het al hoe meer begin besef dat die stryd wat die Transvalers gevoer het, eintlik 'n stryd om republikaanskap in Suid-Afrika was en korrespondente van De Express het die Transvalers bemoedig met woorde soos die volgende: "Broeder Transvaal, houd goeie moed en stryd voor uw vryheid. Kaapkolonie en Vrijstaat zijn uw vrienden."⁷⁵

Kaapse Afrikaners het 'n memorie ten behoeve van Transvaalse onafhanklikheid aan W.E. Gladstone gerig en Borckenhagen het die Vrystaters, wat hulle warme simpatie jeens die Transvalers betuig

73. Ibid, 22.1.1880.

74. Ibid, 5.1.1880.

75. Ibid, 29.4.1880.

het sonder om iets daadwerklik te doen, aangespoor om 'n soortgelyke memorie aan die Britse regering hartlik te ondersteun. Hy het die hoop uitgespreek dat baie handtekeninge verkry sou word.⁷⁶

Om twee redes het die Transvalers nie dadelik hulle eie regering ingestel nie: die komende Britse verkiesing en die voorneme van Kaapse parlamentslede om konfederasiewetgewing in te dien. Die oorname van die Britse bewind deur die Liberales het nie aan die Transvalers se verwagtings voldoen nie. Hulle het die Transvaalkwessie net gebruik om aan bewind te kom, het Borckenhagen beweer, maar na die bewindsoorname was hulle nie bereid om aan die Transvalers hul onafhanklikheid terug te gee nie en het steeds op konfederasie aangedring.⁷⁷ Hierdie stelling is bevestig deur die teleurstellende antwoord van die nuwe Britse Eerste Minister aan die Transvaalse deputasie, bestaande uit Paul Kruger en generaal Piet Joubert, waarin hy geweier het om aan hulle versoek te voldoen om Transvaalse onafhanklikheid te herstel, maar selfregering beloof het mits Transvaal lid sou word van 'n Suid-Afrikaanse federasie.

Die Transvalers het nou besef dat die tyd vir daadwerklike optrede aangebreek het. Op die oppervlakte het dit rustig gelyk, en Wolseley en Lanyon het die skyn van tevredenheid vertolk as bereidwilligheid van die Boere om hulle aan Britse gesag te onderwerp. In die Britse Parlement is selfs verklaar dat daar 'n groterwordende begeerte by die Boere bestaan het om 'n einde te maak aan agitatie teen die Britse regering. Borckenhagen het

76. Ibid, 11.3.1880.

77. Ibid, 20.5.1880.

hierdie voorstelling as veragtelik bestempel omdat dit die regering en openbare mening in Brittanje mislei en beïnvloed het.⁷⁸

Intussen het die Transvalers voorbereidings getref vir 'n vergadering wat op 8 Desember 1880 te Paardekraal 'n aanvang sou neem. Burgers het daarheen begin opruk en die spanning was aan die oplaai. Te midde hiervan het Borckenhagen 'n striemende aanval op Britse optrede gedoen. Hy het die tirannie, politieke dwingelandy en verdrukking soos hy dit in Transvaal gesien het, verag en sou solank hy die pen kon hanteer, met al die krag van sy verontwaardiging dit bestry wat volgens sy heiligste gevoelens in stryd was met alle skaamte, eergevoel en regverdigheid. Hy is beskuldig van sentimentele geseur en ingevoerde vaderlandsliefde en voortdurend tot stilswye gemaan. Moontlik het hy as gevolg van sy openlike teenstand in gevaar verkeer. Tog sou hy voortgaan om daarop te wys dat die Engelse regering as gevolg van sir Owen Lanyon se skewe voorstellings onder 'n wanindruk aangaande Transvaal verkeer het. Dit sou hom nie verbaas as die Transvalers geduld verloor en daaraan sou dink om die regering in eie hande te neem na alles wat hulle moes verduur nie.⁷⁹ Hy was bevrees dat die antipatie tussen die rasse in Suid-Afrika so sou toeneem indien die Britse regering nie van beleid verander nie, dat alle samewerking tot gesamentlike welvaart belemmer sou word.⁸⁰

Terwyl Borckenhagen hierdie woorde geskryf het, het die Transvalers reeds, ten spyte van Lanyon se verbod, in hulle duisendtalle

78. Ibid, 14.10.1880.

79. Ibid, 9.12.1880.

80. Ibid, 16.12.1880.

by Paardekraal versamel.

By Paardekraal het daar 'n gees van samehorigheid en verwagting geheers. Op 13 Desember 1880 is die herstel van die republikeinse regering onder die Driemanskap Paul Kruger, Piet Joubert en M.W. Pretorius sowel as krygswet afgekondig. Die heringestelde regering is na Heidelberg en Piet Cronjé en sy manne na Potchefstroom om die proklamasie van die regeringsoorname te laat druk. Lanyon het geweier om oor te gee en op 16 Desember het die eerste skote in die Vryheidsoorlog geklap.

Op 23 Desember, in dieselfde uitgawe waarin van die herinstelling van die republikeinse regering in Transvaal berig is, het Borckenhagen geskryf dat Engeland Transvaal nie wou prysgee nie omdat dit 'n verlies van eer en prestige sou beteken en hy die Transvaalse rykdomme wou behou. Meer en meer Suid-Afrikaners het begeer dat Britse inmenging in Suid-Afrikaanse sake gestaak moes word. Suid-Afrika moes vry en onafhanklik wees. Hierdie gevoel sou syns insiens sterker word as daar maar 'n enkele Transvaler doodgeskiet word. Die woord simpatie was volgens hom nie sterk genoeg om die gevoelens wat die land oorstroom het, mee uit te druk nie. Vaderlandsliefde het daagliks in Suid-Afrika gegroei en die gevoel van nasionalisme sou nie geblus word nie. Met hierdie gevoel moes rekening gehou word en Engeland moes dit nie met minagting behandel nie, "want al de bataillons te zamen zullen niets betekenen als het volk eens besloten zal zijn, zijne eigene belangen te verzorgen". Hiermee het hy die juiste gevoel van die Vrystaatse volk weergegee. Van hulle kant was daar spontane reaksie. Die Heilbronners wou byvoorbeeld terstond 'n volk-

stemming oor Suid-Afrikaanse eenheid hê.⁸¹

'n Week later het De Express die lywige dokument gepubliseer wat die Transvalers aan Brittanje gerig het en waarin hulle die hele situasie sedert die Sandrivierkonvensie uiteensit. Oorlog in Transvaal was nou onafwendbaar en Borckenhagen het 'n beroep op die Vrystaters gedoen om hulp en simpatie aan hulle broers te betoon.⁸² Die lankgevoelde meelewing van die meerderheid Vrystaters het dan ook in baie gevalle tot aktiewe hulpbetoon oorgegaan.

Pres. Brand en sy Uitvoerende Raad het besluit om neutraliteit te handhaaf. Aan landdroste is opdrag gegee dat burgers hulle van inmenging in Transvaalse sake moes weerhou.⁸³ Dit was tevergeefs. Die landdroste van Heilbron, Winburg en Vrede kon die stroom burgers na Transvaal nie keer nie.

Gedurende die verloop van die oorlog het De Express die Vrystaters so volledig moontlik oor die verloop van sake ingelig. So-doende is hulle bewondering gewek vir hulle broers in Transvaal en hul nasionale gevoel ook gevoed. De Express het verder as uitlaatklep vir die volk se gevoelens gedien. Borckenhagen het sy volle steun toegesê aan wat hy die eerlike stryd genoem het van 'n vryheidsliewende volk wat na reg en billikheid verlang het. Vir hom was dit nie 'n stryd tussen Engelse en Hollands-sprekendes nie, maar tussen Suid-Afrika en imperialisme; tussen vryheid en verdrukking. Hy het nie gewanhoop aan die beslissende uitslag nie, al was daar duisende soldate in aantog. Hy was

81. Ibid, 23.12.1880.

82. Ibid, 30.12.1880.

83. Malan, Politieke Strominge, p.77.

seker dat 'n nuwe politieke tydperk betree is waarin Suid-Afrikaanse belange buitelandse belange sou beheers - 'n tydperk van vryheid van doen en late en opregte samewerking. Hy was daarvan oortuig dat Suid-Afrikaners spoedig hulle simpatie en samewerking met die volk wat teen 'n oorweldigende oormag moes veg vir wat hy beskou het as die beste saak waarvoor mense nog gesterf het, oorvloediglik sou betuig.⁸⁴ Hierdie opwelling van nasionalisme het nie uitgebly nie en het onder andere in die stigting van die Afrikanerbond uiting gevind.

Die steun wat Borckenhagen bepleit het, het nie vir hom beteken dat die Vrystaat ook amptelik oorlog teen Engeland moes verklaar nie. Hy het die "skurke" wat die Vrystaat in die oorlog wou betrek, skerp veroordeel. Die Vrystaters se gevoel van simpatie met Transvaal was volgens hom oorweldigend en nieteenstaande vroeëre verskille het daar in hulle 'n gevoel getintel dat hulle een volk was. Die brawe en opregte vryheidstryders het simpatie verdien. "En die geven wij hun zonder aarzeling en terughouding."⁸⁵ Daar was egter niks te wen deur deelname aan 'n worsteling wat tot gewisse ondergang van die Vrystaat sou lei nie. Hy het vrede vir die Vrystaat en Transvaal begeer en sou alles doen om dit te verkry. 'n Vreedsame oplossing het nog vir hom moontlik gelyk. Hy het nie bedoel dat Transvaal moet oorgee nie, maar dat Engeland, wat die Sandrivierkonvensie verbreek het en nie na Transvaal se regverdige eise wou luister nie, aan Transvaal sy onafhanklikheid moes teruggee, waarna laasgenoemde tot 'n konfederasie kon toetree.⁸⁶ Engeland sou moes begin beseef dat

84. De Express, 6.1.1881.

85. Ibid, 3.2.1881.

86. Ibid, 13.1.1881. .

Suid-Afrika sy eie sake wou reël, on-Engels was en steeds meer anti-Engels geword het as gevolg van sy optrede deur die jare.⁸⁷ Die jongste onreg was, volgens Borckenhagen, dat Gladstone, wat voor sy verkiesing die anneksasie van Transvaal as 'n skande bestempel het, nou soldate gestuur het sodat die Transvalers nie anders kon as om na die wapen te gryp nie. Dit was 'n harde slag vir die Afrikaner se geloof in die opregtheid en eerlikheid van een van Engeland se grootste staatslui. Gladstone moes die skuld kry vir die burgeroorlog en nie die Engelse volk nie. Hyself sou nie skroom om sy swakke stem te verhef ten behoeve van 'n volk wat geen ander stem gehad het nie, want die Transvalers se drukpers is die swye opgelê.⁸⁸

Dit is duidelik dat Borckenhagen nie op hierdie tydstip sy hoop op 'n wapenoorwinning gevestig het nie, maar op 'n morele oorwinning. Hy het gemeen dat die Britse regering en volk aanvanklik mislei is om te glo dat die Transvalers Britse anneksasie verwelkom het. As hulle nou sou sien hoe sterk die teenstand daarteen is, sou hulle aan Transvaalse eise vir onafhanklikheid toegee. Dit sou veral die geval wees as hy en ander Suid-Afrikaanse leiers die ganse Suid-Afrika agter hulle kon verenig om druk op Brittanje uit te oefen om nie net Transvaal nie, maar Suid-Afrika toe te laat om sy eie heil uit te werk. Daardie druk moes dadelik uitgeoefen word sodat so min as moontlik bloed vergiet sou word.

Borckenhagen het die sleutel tot die kommunikasie tussen Transvaal en die buitewêreld gehou. Nie alleen is die Transvaalse

87. Ibid, 27.1.1881.

88. Ibid.

pers die swye opgelê nie, maar alle posverkeer tussen die buite-wêreld en Transvaal is by Kimberley geblokkeer en toestemming dat dit oor Bloemfontein mag gaan, geweier. Borckenhagen het vervolgens 'n hele organisasie op tou gesit om telegramme en briewe na en van Heidelberg te vervoer. Koeverte is gedruk waarop burgers versoek is om die briewe kosteloos van plek tot plek te vervoer. Vinnige aflosspanne het gesorg dat sulke briewe hul bestemming binne vier dae bereik. Dr. E. J. P. Jorissen het later met warme dankbaarheid geskryf dat hy en dr. Bok verkwik is deur Borckenhagen se briewe van hartlike onderskraging en hy was daarvan oortuig dat die kragtige houding van die Vrystaatse Volksraad aan hom toegeskryf kon word. Dit was sy diepgaande oortuiging dat Borckenhagen een van die manne was "die met kloek beleid voor ons de gemeenschap met de groote buitenwereld openhielden" en wat homself kon prys "over zijn aandeel in die herstelling van recht in een aanverwanten Staat".⁸⁹

Die waarde wat daar geheg is aan Borckenhagen se rol en invloed, word onderstreep deur J. H. Hofmeyr. Hy wou kontak tussen die Britse en Boereleiers bewerkstelling nadat genl. P. Colley slegs 'n wapenstilstand van 48 uur wat heeltemal ontoereikend was, aan die Boere wou toestaan en hulle dit van die hand gewys het. Hy kon nie direk met die Driemanskap kommunikeer nie en het aan Borckenhagen getelegrafeer om die Boere te probeer oorreed om liever oor te gee.⁹⁰

De Express het ook in 'n ander opsig praktiese hulp aan die

89. Jorissen, pp.70-71

90. Hofmeyr, J. H. en Reitz, F. W., Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr (Onze Jan), p.195.

Transvalers verleen. Die volk is versoek om verpleërs en verpleegsters na Transvaal te stuur en geld is by wyse van lyste vir ambulanse, lewensmiddele en ander hulp gekollekteer.⁹¹ Die Kaapse Rooikruis het aan Borckenhagen geld beskikbaar gestel om 'n medikus na Transvaal te stuur en 'n kennisgewing is geplaas om 'n dokter te bekom.⁹²

Borckenhagen se siening dat die Vrystaat nie direk by die oorlog betrek moes word nie, was in ooreenstemming met die amptelike houding van die Vrystaat. Die Uitvoerende Raad het 'n neutraliteitsproklamasie uitgevaardig waarin burgers weer eens gemaan is om nie in die Transvaalse stryd in te meng en so die Vrystaat se onafhanklikheid in gevaar te stel nie. Hierdie proklamasie was ook vir buitelandse ore bedoel aangesien gerugte dat die Vrystaat hom by Transvaal mag voeg, die rondte, ook in Engeland, gedoen het.⁹³

Baie burgers het hulle egter nie aan die proklamasie gesteur nie en hulle by die Tranvaalse stryd aangesluit. Onder hulle was kommandante C. de Villiers en M. Uys van Heilbron. Briewe in De Express dui ook op grootskaalse simpatie met Transvaal.⁹⁴

Na die slae van Bronkhorstspruit en Laingsnek het Borckenhagen daarop gewys dat die sukses wat die Transvalers behaal het, 'n bewys was dat die stryd nie net deur enkele misleides, soos beweert is, gevoer is nie, maar dat die hele Transvaalse volk in op-

91. De Express, 27.1.1881.

92. Ibid, 17.2.1881.

93. Malan, Politieke Strominge, p.78.

94. De Express, 20.1.1881.

stand was. Engeland was vasberade om te bewys dat mag reg is en het alle pogings tot onderhandeling van die hand gewys, maar hy was daarvan oortuig dat daar 'n verandering moes kom omdat hy in 'n regverdige Regter geglo het.⁹⁵

Terwyl vergaderings gehou is en briewe na De Express en memories na die Volksraad gestroom het om die Vrystaters se gevoel van meelewing met die Transvaal te betuig en hulle begeerte getoon het om te help, het die spanning opgelaai vir die Volksraadsdebat oor die Transvaalse Vryheidstryd. Borckenhagen was van mening dat die oë van die hele Suid-Afrika en 'n groot deel van Europa op dié sitting gerig sou wees. Transvaal moes die ondersteuning kry waarvoor hulle in hul petisie van regte gevra het en waaraan hy groot prominensie in sy koerant verleen het.⁹⁶

Borckenhagen het geskryf dat daar twee partye in die Volksraad was, "een daarvan meent het goed ... met de Transvaal, en de andere party (die de meerderheid uitmaakt) die het nog beter meent met de Transvaal". Hy het laasgenoemde gesteun en gehoop dat die Volksraad se besluit geen twyfel sou laat oor die Vrystaat se simpatie met Transvaal nie. Die hele wêreld het erken dat die reg aan die kant van Transvaal was en die Vrystaat het ook die reg gehad om dit te sê. Die misleide Engelse publiek moes hoor wat die waarheid omtrent Transvaal was.⁹⁷

Pres. Brand het alles in sy vermoë gedoen om kalme en rustige beredenering in die Volksraad te verseker. Nadat die petisie van

95. Ibid, 3.2.1881.

96. Ibid, 17.2.1881.

97. Ibid, 24.2.1881.

regte egter in die Volksraad voorgelees is, het warm, emosiebe-
laaide toesprake gevolg. Sommige Volksraadslede het daarop aan-
gedring dat die Driemanskap as wettige regering erken en Brittan-
je veroordeel word. Brand het egter daarin geslaag om die neem
van enige besluite vir twee dae uit te stel sodat gemoedere kon
bedaar.⁹⁸

In hierdie tussenpose het Borckenhagen gepleit vir 'n ferm en
uitgesproke beleid. Hy het gesê dat as Transvaal gehelp moes
word, die Vrystaat nie moes stilsit totdat die doel bereik is
nie. Hy het die Vrystaat se onafhanklikheid baie hoog geag, maar
ook sy eer. Dit wil voorkom asof Borckenhagen intussen begin
dink het aan meer as net morele steun aan die Transvalers. Hy
het 'n beroep op Volksraadslede gedoen om aan hulle harte wat oop
moes wees vir Transvaal se leed, gehoor te gee. Waardigheid moes
nie in selfsugtigheid en onnatuurlike gevoelens, wat by die Vry-
staatse volk onbekend was, oorgaan nie. Hy het te veel van die
Volksraad gedink om aan die goeie uitslag van die sitting te
twyfel.⁹⁹

Brand se enigste begeerte was dat daar 'n einde aan die oorlog
sou kom voordat die Vrystaat betrokke sou raak.¹⁰⁰ Hy het klem
gelê op vredesonderhandelings en die vordering wat gemaak is. Sy
diplomatie en die agting wat die Volksraadslede vir hom gehad
het, het weer eens die oorhand oor die opgesweepte gevoelens
gekry en 'n matige besluit is geneem. Die oorlog is versigtig

98. OVSVR, 22.2.1881, p.51.

99. De Express, 24.2.1881.

100. Van Jaarsveld, F. A., Die Ontwaking van die Afrikaanse
Nasionale Bewussyn, p.148.

betreur en blydschap uitgespreek oor die vooruitsigte van 'n skikking. Daar is gewys op die noodlottige gevolge indien met die stryd voortgegaan word en 'n ernstige beroep is op Brittanje gedoen om aan Transvaal se billike eise te voldoen.¹⁰¹

Baie Vrystaters was bitter ontevrede oor pres. Brand se neutrale houding en die Volksraad se louwarm optrede. Woelige vergaderings is gehou en niks kon hulle keer om Transvaal by te staan nie, hetsy deur persoonlik aan die stryd deel te neem of deur ammunisie, perde, voorrade, medisyne en groot somme geld aan die noodlydendes te stuur.

Nadat die nuus ontvang is dat die Transvalers by Laingsnek en ander plekke sukses behaal het, het Borckenhagen keer op keer gepleit dat die bloedvergieting gestaak en die oorlog vinnig, regverdig en eervol beëindig word, d.w.s. eervol vir Engeland deur grootmoediglik 'n klein landjie se regverdige eise te erken, en regverdig vir Transvaal. Daar moes nie gehoor gegee word aan die imperialisties-gesinde pers se aandrang dat Engeland, sogenaamd ter wille van sy eer, moes weg totdat Transvaal oorgee nie.¹⁰²

Dit was dus met jubeling dat hy die eervolle vrede kon aankondig - 'n vrede waarvan niemand kon droom nie en wat bewys het dat reg sterker as mag was. Daar is 'n slag geslaan vir dit waarna hy so vuriglik gestreef het: republikeinse onafhanklikheid. In sy lofbetuiging aan die Transvaalse leiers soos Kruger, Joubert, Pretorius, Jorissen en Bok, het hy verklaar dat hulle dae nie net in belang van Transvaal was nie, maar van die hele Suid-Afri-

101. OVSVR, 24.2.1881, pp.58-59.

102. De Express, 3.3.1881 en 10.3.1881.

ka. Hy het sy dank uitgespreek teenoor almal in Suid-Afrika en oorsee wat Transvaal gehelp het, maar dadelik bygevoeg dat daar op dié stadium meer was om te doen. Die Transvalers se nasionale skuld en oorlogskoste was groot en hulle moes gehelp word. Die Vrystaters en almal in Suid-Afrika moes dink aan wat Transvaal vir hulle gedoen het en hulle vaderlandsliefde bewys deur na vermoë volop te gee vir die Transvaalse Vryheidsfonds. Hy het voorgestel dat komitees in elke wyk en stad gestig word, basaars gehou en kollektelyste by kerke en skole gesirkuleer word.¹⁰³ In die Volksraad is daar ook oproepe deur lede gedoen om daadwerklike hulp aan die Transvalers te gee en diegene wat wou help, is na De Express verwys "waar reeds velen hunne bydragen hebben gebragt".¹⁰⁴

Nadat die oorlog verby was, het Borckenhagen besef dat die herstigte republiek nóg op wankelende bene staan en nie net fisiese hulp nie, maar ook morele bystand nodig gehad het. Hy het die Transvalers aangespoor om hul onafhanklikheid te bewaar en waardig te wees en 'n monument vir die gesneuweldes daar te stel deur 'n sterk staat te vestig waarvan die grootheid en krag sou bestaan in die getrouheid van sy burgers en in goedheid, dapperheid, grootmoedigheid en vergewensgesindheid.¹⁰⁵

Borckenhagen se rol in die onafhanklikheidsstryd van die Transvalers was nie alleen om praktiese hulp te verleen deur 'n kommunikasiekanaal daar te stel, oproepe op bydraes te doen en die insameling en versending daarvan te organiseer nie, maar veral

103. Ibid, 31.3.1881.

104. OVSVR, 24.2.1881, p.61.

105. De Express, 31.3.1881.

was sy morele steun van onskatbare waarde. Hy het die Transvalers bemoedig en De Express as mondstuk vir die Transvaalse leiers aangewend. Die Vrystaters sowel as die hele wêreld is ingelig oor gevoelens en gebeure in Transvaal. Elke stukkie inligting wat uit Transvaal gekom het, is gepubliseer. Transvaalse leiers, veral dr. Jorissen, het met groot diplomasiestukke aan pres. Brand en die Vrystaatse Volksraad gestuur met die doel om die Vrystaat se ondersteuning te kry, maar dit was ook bedoel vir die oë van die wêreld wat die Transvalers as rebelle beskou het, of andersins onkundig was oor hulle onafhanklikheidsstryd. Dr. Jorissen het 'n hele oorsig van die Suid-Afrikaanse geskiedenis tot by die onafhanklikheidsstryd gegee en die ongeregthede van Engeland geskets. Daarop het hy gevra of daar niemand was wat Transvaal wou beskerm en verdedig nie en 'n beroep op die Vrystaat gedoen om die ware toedrag van sake aan die wêreld mee te deel.¹⁰⁶ De Express het nie alleen al hierdie stukke gepubliseer nie, maar Borckenhagen het ook herhaaldelik beroepe op die Vrystaters gedoen om hulle simpatie en hulp aan Transvaal te gee. Hy het 'n groot rol gespeel om die volk se nasionale gevoel op te wek en hulle met meegevoel en bewondering vir die Transvalers te vervul. Aan die anderkant het De Express weer aan die Vrystaters die geleentheid gebied om hulle gevoelens te lug en hul meelewing te betuig.

Die Vrystaat en Transvaal na die Vryheidsoorlog.

Die oorlog het 'n diep indruk op Borckenhagen en die Vrystaters gemaak en die besef duidelik tuisgebring dat die twee republieke

106. Kruger, L. S., Die Rol van dr. E. J. P. Jorissen in die Geskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek, pp.150-152.

se toekoms onafskeidbaar met mekaar verweef sou wees. As die een se onafhanklikheid bedreig word, sou ook die ander een s'n in gevaar verkeer; as een welvaart geniet het, sou die ander een ook daarin deel.

Die bepalings van die Pretoria-konvensie, wat op 3 Augustus 1881 bekragtig is, het ernstige kritiek van Borckenhagen uitgelok. Hy was bevrees dat die beperkings, veral betreffende Swartes, en die versmorende oorlogskuld wat ekonomiese groei sou verhoed, tot hernude vyandelikhede kon lei. Transvaal het selfbestuur, maar nie volle onafhanklikheid gekry nie en dit was volgens hom die tipiese Britse beleid jeens Suid-Afrika. Die Transvalers is as halwe barbare beskou aan wie edelmoedige toegifte onder sterk voorbehoude gemaak is. Hy het die Transvalers aangeraai om die lasterlike insinuasies in die konvensie tot skande te maak deur aan die wêreld te toon dat hulle bo dié voorstelings verheue was. Die volk moes getrou aan hulle regering en wette wees en hul skuld so gou moontlik afbetaal. Só sou hulle land bloei en vooruitgaan soos moes gebeur in 'n vry land vol rykdom en hulpbronne met deugdelike inwoners as grondslag vir grootheid in die toekoms.¹⁰⁷ In hierdie trant sou hy voortaan om die Transvalers aan te spoor om hulle vir beter voorwaardes te beywer en hul land op te bou sodat republikanisme in Suid-Afrika kon seëvier.

Daar was twee sake wat Borckenhagen oor die veiligheid van die republieke onrustig gemaak het, nl. die uitlanderkwessie en imperialiste se hernude pogings om die republieke se onafhanklikheid te bedreig. Daarmee het hy besondere insig en versierendheid

107. Ibid, 18.8.1881, 20.10.1881 en 3.11.1881.

getoon.

Hy was een van die eerstes wat bekommerd was oor die gevaar van 'n oproerige delwersgemeenskap en het daarop gewys dat daar reeds in pres. T. F. Burgers se tyd probleme by Pelgrimsrust ontstaan het. Hy was van mening dat die Zuid-Afrikaansche Republiek dalk eerder die oostelike distrikte moes prysgee as dat voortdurende onrus tot Transvaal se ondergang moet lei.¹⁰⁸ Die lojaliste-kommissies met hulle demonstrasies en proteste en wat hy genoem het hulle gemene praktyke wat nie deur die Britse tussentydse regering in bedwang gehou is nie, het hom vir die eerste keer iets baie kras van Engelse mense laat kwytmaak. Hy het geskryf dat hierdie mense wat 'n staat van onsekerheid en onrus geskep het, die rede was waarom 'n Engelsman in Suid-Afrika vir 'n Afrikaner so 'n veragtelike wese geword het.¹⁰⁹

Wat die imperialiste betref, het Borckenhagen daarop gewys dat hulle nie berus het in die republieke se onafhanklikheid nie en 'n omringingsbeleid gevolg het om ruimte te skep vir Britse uitbreiding. Hulle wou die republieke weghou van die Duitsers aan die Weskus en 'n hawe aan die Ooskus. Op allerlei wyse is probeer om die republieke in 'n slegte lig te stel en die imperialisties-gesinde koerante in Suid-Afrika het 'n groot bydrae hier toe gelewer. Sekere leiers, handelaars en koerante soos die Grahamstown Journal het Transvaal swartgesmeer en van wreedhede beskuldig wat sekere groepe in Engeland van stof voorsien het om 'n nimmereindigende beweging teen Transvaal aan die gang te hou. Hulle het gehoop om Britse scesereiniteit in Transvaal weer in

108. Ibid, 21.4.1881.

109. Ibid, 12.5.1881.

soewereiniteit te verander en so Britse handel in die gebied te bevorder. Hy het steeds meer oortuig daarvan geword dat die soereiniteit oor Transvaal net 'n manier was om aansluiting tussen die twee republieke te voorkom. Dit het hom verheug dat die Transvalers hard aan die werk was om volkome onafhanklikheid te probeer verkry en die knoeiery van Britte en Britsgesinde koe-rante om Transvaal in diskrediet te bring, sou vrugteloos wees. Dit sou eerder daartoe lei dat Suid-Afrikaners meer en meer sou saamstaan.¹¹⁰

Na 'n jaar van selfbestuur het Borckenhagen die Transvalers geluk gewens met die vooruitgang wat plaasgevind het. Hy het die hoop uitgespreek dat die dag spoedig sou aanbreek waarop 'n sterk, voorspoedige en verenigde Transvaal in die ry van state sou verskyn en saam met die Vrystaat sou opgaan in "een nieuw geboren, vereenigde en groote Zuid Afrikaansche Republiek" wat die omliggende state soos 'n magneet sou aantrek en in hom opneem.¹¹¹ Die Transvaalse regering het die volk vir 'n fees na Paardekraal opgeroep om dank te betuig en die groeiende nasionale gevoel te demonstreer. Tydens dié fees is daar ook met dank melding gemaak van De Express en Borckenhagen se bydrae tydens die onafhanklikheidstryd. Borckenhagen het dit waardeer. Dit was egter slegs sy plig om "voor de goede zaak van Transvaal in onze kolommen te vechten".¹¹²

Pres. Brand het sy volk se bewondering en agting afgedwing met sy optrede as bemiddelaar tussen Transvaal en Brittanje. Sy doel

110. Ibid, 9.11.1882.

111. Ibid, 28.12.1882.

112. Ibid, 5.1.1882.

daarmee was om die oorlog so gou as moontlik te beëindig en same-
werking tussen die republieke, die Britse kolonies en Brittanje
te bevorder. Hy het steeds meer geneig na ekonomiese bande met
die Kaap en sy grootste strewe was om 'n spoorverbinding met dié
kolonie te bewerkstellig. Die groeiende bewussyn van Afrikaner-
nasionalisme het vir hom na 'n bedreiging van sy ideaal van
vreedsame naasbestaan in Suid-Afrika gelyk.

Hierdie opstuwende nasionale gevoel van die Afrikaner is egter
gevoed deur die moedige en suksesvolle vryheidstryd van die
Transvalers. Die besef dat hulle een volk is, het in 'n landswye
organisasie, die Afrikanerbond, tot uiting gekom. Borckenhagen
het die Bond gesien as 'n middel om 'n breë, Suid-Afrikaanse
republikanisme tot stand te bring.¹¹³ Samewerking op Bondsvlak
kon lei tot 'n natuurlike en geleidelike verandering sodat 'n
Suid-Afrikaanse federasie gestig kon word waarbinne Suid-
Afrikaners hulself sou regeer sonder Britse inmenging. Daar sou
steeds samewerking met Brittanje wees, maar laasgenoemde se in-
vloed sou tot die kus en hawens beperk wees.¹¹⁴

Dit was Brand en Borckenhagen se uiteenlopende houding jeens die
Afrikanerbond wat die verskil in hulle politieke siening op die
voorgond geplaas en die kloof tussen hulle verbreed het.
Borckenhagen het die Bond as 'n saambindende faktor vir alle
Suid-Afrikaners gesien en Brand het weer gemeen dat dit verwyde-
ring sou bring. Borckenhagen wou Britse betrokkenheid by Suid-
Afrikaanse belange beëindig sien, terwyl Brand 'n voorstander van
samewerking met Brittanje was.

113. Ibid, 16.6.1881.

114. Ibid, 2.10.1884.

Borckenhagen het nooit nagelaat om dit by die Vrystaters in te hamer dat konfederasie onder Engeland nie was waarna Suid-Afrika gehonger het nie, maar onafhanklikheid. Hy het hom beroep op Engelse en Nederlandse politieke ekonome soos Adam Smith, sir Sidney Smith Bell en De Bruyn Kops om aan te toon dat dit selfs vir Engeland voordelig kon wees om hom van Suid-Afrika te onttrek. So kon 'n beter verhouding ontstaan en handelsbetrekkinge toeneem.¹¹⁵ Hy het geweet dat die Vrystaters oor die algemeen sy siening onderskryf het, maar hy het ook besef dat dit nog baie liefde en opvoedingswerk sou verg om Engelsgesindes in die Kaap en Natal te leer dat Suid-Afrika se toekoms hulle eerste en enigste oorweging moes wees en nie verbintenis met Engeland nie.¹¹⁶ Wat hy op hierdie stadium nie kon voorsien nie, was dat die Kaapse Afrikanerbond ook 'n voorstander van 'n Suid-Afrikaanse federasie onder die Britse vlag sou word.

Algaande het hy met ontnugtering tot die oortuiging gekom dat Suid-Afrikaanse samewerking 'n ydele droom was. Dit was veral die Britse kolonies se weiering om aan die Vrystaat sy regmatige deel van die invoerreg te gee en hulle ondersteuning van Britse imperialisme wat hom tot dié besef laat kom het. Die grootste teleurstelling was die houding van die Kaapse Afrikanerbond.

Hy het dus sy rug op dié droom gekeer en hom met oorgawe beywer vir nouer vereniging van die twee republieke waaraan in 'n afsonderlike hoofstuk volledige aandag gegee word. Terwyl pres. Brand hom vir samewerking met die Kaap beywer het, het Borckenhagen, soos die meerderheid Vrystaters, verkies om met Transvaal saam te

115. Ibid, 30.7.1885.

116. Ibid, 11.1.1883.

werk.

In Februarie 1883 het die eerste presidentsverkieping na die Vryheidsoorlog in Transvaal plaasgevind. Toe Paul Kruger in 1877 'n lid van die eerste Transvaalse deputasie na Engeland was, het Borckenhagen nie 'n hoë dunk van sy diplomatieke vermoëns gehad nie en hom nie as 'n leier gesien nie.¹¹⁷ Sy houding het egter verander toe Kruger leier van die versetbeweging teen die Engelse regering in Transvaal geword het. Na die oorlog het hy hom lof toegeswaai as kampvegter vir republikeinse onafhanklikheid. Hy het die Vrystaters diep onder die indruk van Kruger se bekwaamheid gebring en hom sterk gesteun as kandidaat in die presidentsverkieping.¹¹⁸

Hoewel hy nie gekroom het om Kruger, wanneer nodig, te kritiseer nie, het hy hom deurgaans gesteun en beskou as dié simbool van die Afrikaner se strewe na onafhanklikheid.¹¹⁹

Die vervanging van die Pretoria-konvensie deur die Londonse Konvensie sou aan Borckenhagen groot vreugde verskaf.¹²⁰ Aangesien die Zuid-Afrikaansche Republiek nou vry was om met die Vrystaat ooreenkomste aan te gaan, was die geleentheid vir nouer samewerking en die uitbouing van Afrikaner-republikanisme soveel groter. Hoe nouer die twee republieke verbonde was, hoe beter kon hulle hul onafhanklikheid verdedig. Sy hoop dat die kwessie van vereniging in die 1884-Volksraadsitting ter sprake sou kom, is egter

117. Ibid, 14.2.1878.

118. Ibid, 28.12.1882.

119. Ibid, 6.9.1887.

120. Ibid, 6.3.1884.

verydel. Sy ywer en dié van die Afrikanerbond het gelei tot die Potchefstroom-kongres in Desember 1884. Die volk het hierna lewendig gereageer en talle memories vir nouer vereniging aan die Volksraad gestuur. Borckenhagen kon met reg daarop roem dat die republikeinse gees daaglik toeeneem het.¹²¹

Hoewel die meerderheid van die burgers van Transvaal en die Vrystaat sowel as die Transvaalse Volksraad ten gunste van vereniging was, het die Vrystaatse Volksraad dit verwerp.

Terwyl die Afrikanerbond se steun in die republieke gegroei het en Transvaal en die Vrystaat meer en meer geneë geword het om nouer saam te werk, was imperiale magte aan die werk om te probeer voorkom dat die republieke sterk word, uitbrei en die Britse oppergesag in Suid-Afrika bedreig. Sir Hercules Robinson, die Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, eerwaarde John McKenzie en Cecil Rhodes was bondgenote in die stryd om die handelsroete deur Betsjoeanaland na die binneland oop te hou en Britse oppergesag in Suid-Afrika te bevestig. Volgens Borckenhagen was dié mense wat hy die Kaapse kliek van Jingoës genoem het, en waarby hy die Cape Argus ingesluit het, se hele doel om konflik in Suid-Afrika te heropen en imperialisme te bevorder. Dat hulle die Afrikaners in Stellaland en Goosen moordenaars en diewe genoem het, was vir hom die bewys van hulle rassehaat jeens die Afrikaners.¹²² Hierdie soort aantygings is deur hulle en die Britse regering as verskoning gebruik vir die anneksasie van Stellaland en Goosen deur sir Charles Warren en sy 4 000 man in 1885. Warren en McKenzie het saam met Southey, Shepstone en sir Evelyn Wood 'n ereplek op

121. Ibid, 1.1.1885.

122. Ibid, 2.10.1884.

Borckenhagen se lysie van grootste vyande van die Afrikanervolk gekry. Rhodes sou eers later bykom en weldra bo-aan sy lys pryk. Hy het met groot bitterheid oor hulle bedrywighede berig. Vir hom was dit duidelik dat dit nie om 'n handelsroete vir die Kaap gegaan het nie, maar eintlik om aan die opkoms van die Afrikanerdom 'n slag toe te dien en daarteen sou hy sonder ophou sy stem verhef. Talle republikeine het hul stemme by sy veroordeling gevoeg. Hy het ook 'n beroep op die steun van die Kaapse Afrikaners gedoen,¹²³ maar Rhodes se diplomاسie het daarvoor gesorg dat sy invloedryke Afrikanerbondvriende nie van hom vervreemd geraak het nie.¹²⁴

Steeds meer goudvelde is in Transvaal ontdek en hoewel Borckenhagen hom hierin verheug het, het hy met helder insig besef water bedreiging die toestroming van hordes uitlanders vir die onafhanklikheid van die republieke ingehou het. Sy vroeëre simplistiese voorstel om van die goudvelde ontslae te raak, was buite die kwessie. Hy het die Transvalers aangeraai om verstandige maatreëls te tref om billike eise te bevredig sodat die delwers nie 'n voorwendsel kon vind om ongehoorsaam te wees aan die land se wette nie. Verder moes die regering ook kragtig en sterk optree. Met sir Randolph Churchill en die Konserwatiewes aan die bewind in Engeland, moes die Transvaalse regering sorg dat daar geen werklike griewe kon wees wat tot inmenging in Transvaalse sake kon lei nie.¹²⁵

123. Ibid, 23.10.1884.

124. Muller, C. J. F.(Red), Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, p.163.

125. De Express, 12.8.1886.

Tydens 'n besoek aan Transvaal het Borckenhagen hom verwonder aan die ongeërgdheid van die Transvalers. Hulle was stoïsyns en het hulle nie in die minste bekommer oor die politieke gevolge van die ontdekking van goud nie. Hy het weer by hulle gepleit om die delwer en sy omgewing in ag te neem en dit vir hom so maklik as moontlik te maak om in sy werkkring te arbei, maar om elke gees van oproer onmiddellik met krag en sonder vrees uit te roei. Volgens hom was die imperialistiese pers in Transvaal en die Kaap reeds besig om die situasie uit te buit. Die Transvaal Advertiser het byvoorbeeld 'n beroep op die Britse konsul, mnr. Ralph Williams, gedoen om die ontevrede uitlanders te lei¹²⁶ en die Grahamstown Journal het 'n ommekeer in Transvaal gepropageer, want volgens dié koerant was die goudsoekers in alle opsigte bo die plaaslike inwoners verhewe en moes anders regeer word, of anders moes die land aan Brittanje teruggegee word. Borckenhagen het geantwoord dat sulke imperialiste die rede vir die verwydering en bitterheid tussen Afrikaners en Engelse was.¹²⁷

Hy het op hierdie stadium ietwat getwyfel aan Kruger se vermoë om die situasie te hanteer en het gemeen dat 'n jeugdiger persoon met groter administratiewe bekwaamheid dalk beter kon vaar. Sy besoek aan Transvaal het hom oortuig dat die administrasie van die land gebrekkig was en dat die hoë belasting op ingevoerde goedere handel benadeel het.¹²⁸

Kort op die hakke van hierdie waarskuwings moes Borckenhagen berig oor 'n delwersopstand te Barberton. Hy het die hoop uitge-

126. Ibid, 2.9.1886 en 19.4.1887.

127. Ibid, 19.8.1886 en 30.9.1886.

128. Ibid, 2.9.1886.

spreek dat die Transvalers se oë geopen is en dat sterk teen die leeglêers en fortuinsoekers wat nie gou genoeg na hulle sin ryk geword het nie, opgetree sou word.¹²⁹

Hy het gevoel dat iets spoedig gedoen moes word om moeilikhede te voorkom. Later sou hy van sienswyse verander, maar op hierdie tydstip het dit vir hom raadsaam gelyk om aan die delwers, na aflegging van die eed van getrouheid, die reg te gee om Volksraadslede te verkies. Die Volksraad, en nie die volk nie, kon dan 'n president uit hulle geledere kies. Daar moes ook versigtigheid aan die dag gelê word met betrekking tot die heffing van invoerreg op die gereedskap wat die delwers gebruik het. Belasting op die mynbou, direk of indirek, moes ook verlaag word.¹³⁰

Net voor die Volksraad van die Zuid-Afrikaansche Republiek se sitting van 1887 het Borckenhagen daarop gewys dat daar oor gewigtige kwessies beraadslaag moes word en dat daar 'n groot verantwoordelikheid op die Raad se skouers gerus het. Die ontdekking van goud het 'n groot verandering teweeg gebring. Baie vreemdes met idees en aspirasies wat vreemd aan die Afrikaanse volkskarakter was, het ingestroom en kon 'n meerderheid word. 'n Gees van materialisme het vaardig geraak en geesteswaardes is in baie gevalle afgeskeep. Op ligsinnige en oppervlakkige wyse het baie begin om die behoud van die volkskarakter, -instellings en -taal te veronagsaam en nie meer daarvoor te stry nie.

Die koms van vreemdelinge hê voordele ingehou - baie van hulle was mense met ondernemingsgees en kennis. Maar die boerebevolking

129. Ibid, 23.9.1886.

130. Ibid, 25.11.1886 en 29.3.1887.

het die land gemaak wat hy was en hulle moes bedug wees op die krag en uitwerking van die massas vreemdelinge. Die twee Volksrade, veral dié van Transvaal, het die Afrikaner se bestemming in hulle hande gehad. Hulle moes die gees van die tyd begryp en in die eise en behoeftes daarvan voorsien.¹³¹

Borckenhagen se raad aan die Transvalers en sy bemoeienis met die uitlandervraagstuk het gespruit uit sy vrees dat dié kwessie tot die val van die ZAR sou lei en dat die Vrystaat ook nie staande sou kon bly nie. Dit is om hierdie rede dat hy so ontsteld was oor die wetgewing wat die Transvalers in Mei 1887 aangeneem het waarin baie hoë stemregvereistes vasgestel is. Hy het beklemtoon dat rykdom baie groot verantwoordelikhede op die Transvaalse regering se skouers gelaai het en dat hul swaarste plig was om die vreemdelinge versigtig en ferm maar regverdig te behandel. Die slagspreuk dat geen belasting sonder verteenwoordiging betaal moes word nie, moes nie geïgnoreer word nie. Die nuwe bevolking sou in die bepaling van die beleidsrigtings van die toekoms 'n faktor wees om mee rekening te hou. Hy het gemeen dat die delwers op een of ander wyse verteenwoordiging in die wetgewende liggaam moes kry. Dit was beter om hulle halfpad tegemoet te kom en vrywillig aan hulle toe te staan wat hulle tog uiteindelik moes kry. Transvaal moes dadelik besin en nie wag tot die delwers met eise kom nie.¹³²

Borckenhagen het Kruger se vrees dat die uitlanders 'n oorwig in die Volksraad kon kry, begryp, maar het gemeen dat daar nie vir elke goudveld 'n verteenwoordiger moes wees nie - net twee of

131. Ibid, 26.4.1887.

132. Ibid, 24.5.1887.

drie in totaal.¹³³

Toe Kruger met die idee van 'n hoër, net vir ou inwoners, en laer Wetgewende Vergadering kom, het Borckenhagen gewaarsku dat dit onophoudelike botsing tussen die twee elemente sou veroorsaak. Hy het 'n delwersraad voorgestel waarin regerings- en delwers-verteenwoordigers sou dien. Die delwers wat permanente verblyf verlang het, kon dan na 'n verblyf van vyf jaar, die aflê van die eed van getrouheid en die afstand van ander burgerskap burgerreg verkry.¹³⁴

Hy het verduidelik dat die meelewing met Transvaal, die gemeenskaplike belange, die begeerte om praktiese middele te soek om nouer te verenig en die bande wat hulle gebind het, veroorsaak het dat Vrystaters diep bekommerd was oor die beweging onder die delwers wat deur minstens vyftien Britsgesinde koerante gesteun is. Hy het besef dat hervormings nodig was, maar was ook bewus van die probleme. Dit was as gevolg van hierdie probleme met die delwers dat die Vrystaters skrikkerig was vir 'n defensiewe en/of offensiewe verbond.¹³⁵

Mettertyd het hy hom laat oortuig dat Kruger tog die regte weg ingeslaan het met 'n tweekamer-parlement waarvan die tweede kamer mynbelange sou behartig. Waarmee hy nie saamgestem het nie, was dat die Wetgewende Vergadering besluite wat deur die mynkamer geneem is, tot niet kon maak. Die Uitvoerende Gesag moes liever die vetoreg kry. Verder het hy ook van sienswyse verander wat

133. Ibid, 7.6.1887.

134. Ibid, 20.12.1887.

135. Ibid, 31.1.1888.

die tydperk betref wat moes verloop voordat burgerskap toegestaan sou word. Dit kon na tien jaar se verblyf toegeken word en nie na vyf jaar soos hy vroeër gemeen het nie. Hy het so 'n hoë dunk van Paul Kruger se oordeelsvermoë gehad dat hy vatbaar was vir sy sieninge.¹³⁶

Hy het deeglik besef dat die uitlandervraagstuk deur diegene wat teen die republikeinse regeringsvorm gekant was en imperiale belange wou bevorder, gebruik kon word om 'n doel te bereik wat hulle nie voorheen met lis of geweld kon bereik nie.¹³⁷ Toe hy hierdie woorde geskryf het, kon hy nie voorsien hoeveel kragte hy nog in die toekoms aan hierdie kwessie sou wy nie.

Na aanleiding van die erkenning van die Nuwe Republiek deur Brittanje, sou hy teen die werking van Britse imperialisme en die gevare daarvan vir die Republiek waarsku. Op die oog af het dit gelyk asof Brittanje 'n ander beleid begin volg, maar Afrikaners moes, veral as gevolg van die ontdekking van goud in Suid-Afrika, op hul hoede wees vir wat onder die oppervlakte gebroei het. Volgens hom het Suid-Afrikaners nie maklik gevare ingesien nie; hulle was belangeloos en onverskillig op die gebied van die politiek, openbare lewe, kerk en skool.

Na besinning het hy tot die slotsom gekom dat die republikeinse regeringsvorm in die politieke belang van sy volk was en as praktiese partyman het hy sy hele lewe en arbeid gewy aan die belange van die Afrikaners. Hy het gewerk vir hul nasionale ontwikkeling volgens hul eie individualiteit en vir die beskerming

136. Ibid, 3.7.1888.

137. Ibid, 1.2.1887.

van hierdie ontwikkeling. Dit was 'n moeilike, ondankbare en miskien selfs nuttelose taak.

Vervolgens het hy beskryf wat sy arbeid tot op daardie stadium behels het, nl. dat hy herhaaldelik gewys het op die besondere invloed wat die ontwikkeling van minerale bronne op die land sou hê en aangedring op samewerking tussen die twee republieke, maar sonder die gewensde uitwerking. Hy het gevare aangetoon wat die nasionale lewe bedreig het en op die belangrikheid van die invloed van die kerk en die onderwysstelsel. Hy het die volk probeer oortuig van die noodsaaklikheid van deelname aan die openbare lewe. Die stoflike kragte wat losgelaat is om die ontwikkeling van nasionalisme te smoor, het gelukkig vir Suid-Afrika, hul doel gemis. Hulle het juis die weerstandsvermoë van die Afrikaner versterk deur onderlinge samewerking en vereniging te bevorder en hom op sy hoede gestel. Daar was egter onophoudelik en van alle kante op duisende maniere sedelike kragte aan die werk om Afrikaners se weerstandsvermoë te verswak.

Die erkenning van die Nuwe Republiek het hom nie geflous nie. Hy het besef dat dié republiek dieselfde probleme as die Zuid-Afrikaanse Republiek en die Vrystaat sou ervaar. 'n Sterk moonheid wat sy eie nasionalisme wou versterk, sou nie sommer toelaat dat klein staatjies se wense vervul word nie. Daar kon dus nie 'n laat-maar-loop-beleid in dié staatjies gevolg word nie.¹³⁸ Sy waarneming was juis. Binne enkele maande is die Zuid-Afrikaanse Republiek se droom van 'n eie hawe aan die Ooskus gefnuik deur die Britse anneksasie van Zoeloeland.

138. Ibid, 11.11.1886.

Die herstel van republikeinse onafhanklikheid is jaarliks feestelik te Paardekraal herdenk en die Vrystaters het geesdriftig meegedoen. In 1886 het The Cape Times die fees veroordeel as 'n viering van die Engelse neerlaag. Borckenhagen se antwoord was dat die fees nie bedoel was om aan die Engelse aanstoot te gee nie en dat hyself 'n voorstander was van 'n gees van versoening. Maar die republieke het bestaansreg gehad en om 'n gees van vryheid en waardigheid te kweek, was daar geen beter manier as om fees te vier nie. The Cape Times het nie in feeste belang gestel as hulle nie op Britse glorie gebaseer was nie en wou hê dat die Afrikaner sy verlede moes vergeet. Transvaal het 'n fees soos hierdie nodig gehad - daar was juis so min momente en monumente wat tot die Afrikanervolk se groei kon bydra en bowendien is die behoud van hul identiteit bemoeilik deur die toestroming van vreemdes met ander gewoontes, opvattings en ambisies. Te midde van die strewe na rykdom was dit noodsaaklik om die verlede in herinnering te roep en bewus te word van die gevare van die hede. Borckenhagen was altyd bekommerd oor die Vrystaters se oppervlakkigheid en belangeloosheid wanneer dit by politieke aangeleenthede kom en dit was sy diepgevoelde oortuiging dat, tensy republikanisme gekoester en gekweek word in skole, by openbare vergaderings, deur die pers, in openbare instellings, deur sang en opwekking van die gevoel - volhardend en metodies - maar veral deur nouer samewerking tussen die Vrystaat en Transvaal, republikanisme geen toekoms gehad het nie.

Paardekraal se feesvierings was vir hom die openbare bevestiging van die Transvalers se geloof in hulle toekoms. Hy het hulle aangespoor om dit op te volg met dae van patriotisme en bereid-

willigheid om opofferings te maak.¹³⁹

Toe die tyd vir die tweede presidentsverkiesing in Transvaal aanbreek, het Borckenhagen Kruger met nog groter oortuiging as vroeër ondersteun.¹⁴⁰ Genl. Piet Joubert het na sy sin te veel na die Kaap oorgehel; hy sou nie Kruger se beleid verder voer nie en sy verkiesing sou die republikeinse saak skade berokken.¹⁴¹

Borckenhagen het verwys na 'n Engelse koerant se beskuldiging dat hy Kruger gevlei het. Hy het geantwoord dat sy koerant feitlik die enigste een was wat Kruger ten sterkste gesteun het, al het hy soms foute gemaak.¹⁴² Hy was van mening dat wie ookal teen Kruger gewerk het, die republieke verswak het.¹⁴³ Kruger sou die volk se tradisies, gewoontes en beginsels in stand hou en nie materialisme najaag nie. Die liberale Joubert se kandidatuur en propagandametodes, maar veral die Transvalers se belangeloosheid, was vir hom skrikwekkend met die oog op die republieke se toekoms.¹⁴⁴

Kruger se herverkiesing was vir Borckenhagen 'n bron van groot vreugde. Hy het weer eens erken dat Kruger foute gehad het, maar met sy karaktervastheid en getrouheid was hy die beste man vir die amp. Joubert was iemand wat hom na omstandighede en persone

139. Ibid, 4.1.1887.

140. Ibid, 18.10.1887.

141. Ibid, 6.12.1887.

142. Ibid, 18.10.1887.

143. Ibid, 15.11.1887.

144. Ibid, 31.1.1888.

Veral gedurende die tydperk 1887 tot 1888 het Borckenhagen al sy kragte ingespan om samewerking tussen die twee republieke te bevorder. Die hoop het hoog opgevlam toe konferensies tussen die republieke te Pretoria en Bloemfontein gereël is. Die mislukking daarvan was 'n teleurstelling, maar Borckenhagen was tog optimisties oor die toekoms van republikanisme, eerstens omdat hy geweet het dat die burgers van die republieke, op enkele uitsonderings na, heelhartig ten gunste van nouer samewerking was, al was daar verwarring oor die aard van die samewerking. Verder het die republieke so welvarend geword, dat hy oor-optimisties was dat Engeland dit nooit weer sou waag om in republikeinse sake in te meng nie. Hy was oortuig daarvan dat "the consolidation and perpetuation of Republicanism is too evident to allow of a doubt". Hy kon sy trots op die ekonomiese vooruitgang van die republieke nouliks verberg en het geglo dat dit tot 'n ander siening en beleid jeens Suid-Afrika sou lei. Volgens hom was daar kragte aan die werk wat Suid-Afrika in 'n totaal ander soort politieke rigting kon lei as waarvan ooit gedroom kon word. "The last five years have done much, and mostly in the silent change of a public opinion, which no longer looks upon South Africa from an English, but upon England from a South African point of view. Policy may control natural laws, it will never controvert them."¹⁴⁶ Dit was inderdaad so, veral sedert die Transvaalse Vryheidsoorlog, maar intussen was daar ook geweldige teenkragte in imperiale kringe aan die werk.

145. Ibid, 28.2.1888.

146. Ibid, 24.4.1888.

In sy geesdrif vir republikanisme en sy geloof dat as daar 'n Suid-Afrikaanse federasie sou kom, dit 'n republikeinse federasie met al die state gelyk en onder 'n eie vlag, sou wees, was dit vir hom ondenkbaar dat Kaapse Afrikaners, en veral 'n egte Suid-Afrikaanse blad soos De Zuid Afrikaan, kon hunker na 'n oorgeplante "third-class royalty". Republikeinse regering deur die volk vir die volk was die natuurlike regeringsvorm. De Zuid Afrikaan se idee was vir hom soos om 'n ou, verrotte Europese eik op te grawe en te glo dat dit weer wortels sou kry en groei as dit in ons aarde oorgeplant sou word. Suid-Afrikaners wou hulself bestuur en hulle nie deur Britse Konserwatiewes wat geen waardering of geduld vir steeds veranderende situasies en behoeftes gehad het nie en duisende myle ver was, laat regeer nie.¹⁴⁷

Op 14 Julie 1888 is pres. Brand oorlede. Met sy diplomاسie en takt het hy die Vrystaat op bekwame wyse gelei, maar hoe langer hoe meer van die grootste deel van die bevolking vervreemd geraak omdat hy, soos Borckenhagen dit gestel het, homself van die geringste poging weerhou het om die proses van vereenselwiging van die Engelse element te versteur - 'n element wat die toekoms in afhanklikheid van Brittanje gesoek het, terwyl die volk eerder samewerking met die Zuid-Afrikaansche Republiek gesoek het. Omdat Borckenhagen homself so volkome met die ideale van die volk vereenselwig het, is dit vanselfsprekend dat hy as opvolger vir pres. Brand 'n man sou steun wat vervul was met republikeinse ideale en dus ten gunste van samewerking met Transvaal sou wees. Volgens hom het die volk hierdie eis kragtig genoeg uitgespreek.¹⁴⁸

147. Ibid, 24.4.1888.

148. Ibid, 24.7.1888.

Hy het aan die volk die eienskappe voorgehou waaraan die toekomstige president sou moes voldoen. Hy moes 'n gebore, opgevoede, egte Afrikaner wees wat as leidsman vir die volk in binnelandse bestuur en buitelandse verhoudings kon optree. Sy vaderlandsliefde en meelewing met die volk moes bekend wees. Hy moes nederig, waardig en godvresend wees, kerk en skool steun en die volkstaal beskerm. Verder moes hy in staat wees om die verskillende elemente van die volk vaster aan mekaar te bind en hy moes deur Transvaal en die kolonies vertrou word en met hul leiers bevriend wees. Ook moes hy 'n vriend van die Transvaalse regering wees wat deur geen vroeëre handeling agterdog gewek het nie en wat die broederlike samewerking tussen die twee republieke kon en wou bevorder. Ten slotte moes hy uit persoonlike ervaring met die toestande en behoeftes van die Vrystaters bekend wees.

Hoofregter Reitz het vir Borckenhagen aan al hiërdie vereistes voldoen. Hy het sy loopbaan vir amper vyftien jaar noukeurig dopgehou en kon hom sonder voorbehoud by die volk aanbeveel as iemand wat die Vrystaat se belange met al sy kragte en gawes sou behartig.¹⁴⁹

Schernbrücker, die eerste redakteur van De Express, het reeds in 1877 geskryf dat Reitz die geskikte opvolger vir Brand was.¹⁵⁰ Veral sedert 1881, toe pres. Brand verkies het om neutraal te staan teenoor die Transvaalse Vryheidsoorlog en sy afkeer van die Afrikanerbond getoon het, het baie burgers na Reitz as hul leier

149. Ibid, 31.7.1888.

150. Ibid, 7.6.1877.

begin opsien.¹⁵¹ Hy het saam met Paul Kruger vir hulle die verpersoonliking geword van die ideaal om Suid-Afrika in alle opsigte soewerein onafhanklik te sien.¹⁵²

In 1883 het ses Volksraadslede in die benoeming van 'n kandidaat vir die presidentsverkiesing vir Reitz gestem en onder die volk was daar heelparty burgers wat hom as kandidaat verkies het. T. B. Wiese (Junior), lid van die distriksbestuur van die Afrika-nerbond-tak Bo-Modderrivier, skryf dat Reitz die mees geskikte kandidaat was omdat "wij allen overtuigd zijn dat hij een volbloed Afrikaner met een Afrikaansch hart is".¹⁵³

Reitz het die benoeming as kandidaat egter van die hand gewys omdat hy, soos hy gesê het, die hoogste agting vir pres. Brand gekoester het. Borckenhagen het Reitz se houding verstaan en aangeprys hoewel hy besef het dat Reitz reeds 'n groot aanhang onder die volk gehad het. Ongeveer 500 burgers het rekwiisies ten gunste van Reitz geteken. Hy het kwaadwillige aantygings dat Reitz sy posisie in die Afrikanerbond gebruik het om die presidentsamp te verkry as lae insinuasies verwerp aangesien hy Reitz as 'n man van edele beginsels geken het.¹⁵⁴

By 'n Afrikanerbondvergadering van die tak Ladybrand het 142 burgers op 8 Februarie 1888 Reitz bo Brand as presidentskandidaat

151. Moll, J. C., Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje Vrystaat, p.101.

152. Ibid, p.122.

153. De Express, 23.8.1883 en 27.12.1887.

154. Moll, pp.123-124.

verkies.¹⁵⁵ By ander byeenkomste is Reitz ook voorgestel mits Brand nie herkiesbaar sou wees nie. So 'n voorstel is "met acclamatie" aangeneem deur talryke burgers by 'n openbare vergadering wat deur raadslid C. W. H. van der Post van Fauresmith gehou is op 29 Maart 1888. T. B. Wiese het ook weer van hom laat hoor. Hy het voorbrand vir Reitz eerder as Brand as kandidaat gemaak omdat Reitz volgens hom 'n voorstander van die Afrikanerparty en Afrikaanse taal was wat die grondslag moes wees van 'n verenigde Suid-Afrika onder 'n eie vlag - 'n ware Afrikaner wat die voordeel van Suid-Afrika in die algemeen gesoek het.¹⁵⁶

Borckenhagen het Reitz van die begin af in die oog gehad as republikeinse leier; hom in die Afrikanerbond gesteun as leier en aan hom prominensie verleen in De Express. Dié koerant het dan ook voluit voorspraak vir Reitz gemaak en sy aanbeveling het "oor die hele Vrystaat weerklink gevind en is entoesiasties beaam op vergadering na vergadering".¹⁵⁷ Ook het Borckenhagen alles in sy vermoë gedoen om valse gerugte oor Reitz te weerlê.¹⁵⁸

Vir die Vrystaters, en veral vir Borckenhagen, was dit 'n vreugde toe die Volksraad Reitz by hulle buitengewone sitting op 20 Augustus 1888 as kandidaat aangewys het. Hy sou graag wou sien dat die verkiesing voor Desember en die inswering voor Mei 1889 geskied, want so 'n lang tyd sonder 'n behoorlike regering kon die Republiek syns insiens net verswak. Die verkiesing is nie ver-

155. De Express, 28.2.1888.

156. Ibid, 17.4.1888.

157. Moll, p.134; De Express, 25.7.1888, 7.8.1888 en 14.8.1888.

158. De Express, 14.8.1888.

vroeg nie, maar die inswering wel - na 10 Januarie 1888.¹⁵⁹
J.C. Moll vra tereg of hierdie besluit nie die gevolg van
De Express se sterk aandrang op vroeë bewindsaanvaarding van
Reitz was nie.¹⁶⁰

Na jare van stryd waarin Borckenhagen, die Afrikanerbond en die
meerderheid van die volk met hul republikeinse ideale nie die-
selfde sienswyse as hul president gehad het nie, het die tyd nou
aangebreek vir harmoniese samewerking en saamstry om gemeenskap-
like ideale te vervul.

Carl Borckenhagen het geglo dat die getrouheid wat hy aan die
Vrystaat verskuldig was, op hom die verpligting gelê het om hom
te beywer vir die behoud van die republikeinse regeringsvorm, al
sou dit vol foute wees en om liever die foute op lojale wyse te
probeer herstel.¹⁶¹

* * *

159. Ibid, 14.8.1888; OVSVR, 20.8.1888, p.451.

160. Moll, p.157.

161. De Express, 5.6.1888.

HOOFSTUK 5

ROL IN DIE AFRIKANERBOND EN DIE POLITIEKE ARENA

As daar een terrein is waarop Borckenhagen 'n ontsaglike bydrae gelewer het, was dit op die terrein van die burgers se betrokkenheid by die openbare lewe. Hy het hulle bewus gemaak van hul verantwoordelikheid en republikeinse reg om deel te neem aan die politieke en openbare lewe in die Republiek en om te veg vir die saak van die Afrikaner. Volgens G. P. J. Trümpelmann het hy hom veral beywer om die politieke selfbewussyn van die burgers van die jong Republiek te versterk sodat hulle hul onafhanklikheid kon bewaar en waardig wees.¹

Aan die begin, maar ook dikwels later, kon hy maar net 'n sug slaak oor die gebrek aan belangstelling, maar teen 1887 het sake aansienlik verander. Lewendige vergaderings en kongresse is gehou en daar was soms so 'n stroom briewe aan De Express dat hy verskoning moes maak dat hy nie almal kon hanteer nie. Een van die beste bewyse van die groei in die volk se belangstelling in sake van die dag, was die toenemende sirkulasiesyfer van De Express.

Met die totstandkoming van die Republiek in 1854 was daar weinig belangstelling in die openbare lewe. Die Republiek het sy ont-

1. Trümpelmann, G. P. J., Deutsches Schaffen im Oranje-Freistaat, p.16.

staan nie te danke gehad aan openbare aandrang nie, maar omdat dit op daardie tydstip in die bestaan van die Britse Ryk die beleid was om van lastige kolonies wat slegs 'n finansiële las was, ontslae te raak.

Die burgers het afgesonderd gelewe, was individualisties en selfstandig en moes hulle plase opbou en 'n stryd teen die natuur en die Basoeto voer. Bloemfontein, die setel van die regering, was vir hulle 'n vreemde, Engelse plek en die regering self eerder 'n bron van irritasie as gevolg van die oplegging van belastinge en ander verpligtings as iets waarin 'n mens belangstelling toon. Verder het hulle ook geen mondstuk van hul eie gehad nie en weens gebrekkige opvoedingsgeleenthede sou van hulle nie eers 'n koerant kon lees of waardeer nie.

Deur die jare het Borckenhagen die burgers aangespoor en by hulle gepleit om deel te neem aan die openbare lewe. Hy het voorgestel dat hulle vergaderings hou, en waar hulle dit begin doen het, het hy getrou verslag gelewer oor elke vergadering waarvan hy notules en verslae ontvang het.

Sy twee belangrikste hulpmiddels was sy koerant en die Afrikanerbond, waarin hy 'n groot rol gespeel het. Die groei van belangstelling in openbare sake het saamgeval met die groei van nasionalisme en republikanisme, die twee sake wat Borckenhagen die naaste aan die hart gelê het.

'n Mens kan sy hoofartikel van 14 November 1878 byna woordeliks aanhaal om te wys wat die toestand aan die begin was en hoe hy die burgers opgeskerp het om hul verantwoordelikhede na te kom. Daar was groot ontevredenheid oor die wegbelasting en die toe-

stand van die paaie. Borckenhagen het gewys op die gebrek aan politieke lewe in die Vrystaat en dat burgers nie vergaderings belê het waarop hulle hul griewe kon lug nie; gevolglik was die regering nie bewus van hul klagtes nie. Afstande en ander faktore het probleme geskep, maar dit was nie onoorkomelik nie. As mense vendusies kon bywoon en vriende kon besoek, kon hulle ook politieke vergaderings bywoon. Besprekings en besluite wat op vergaderings geneem is, kon dan in die koerant gepubliseer word. Dit was belangrik vir die land, want dit sou die politieke opvoeding van die burgers bevorder en diegene voorberei wat Volksraadslede of amptenare wou word. 'n Republiek was die hoogste vorm van regering en die meerderheid het die geleentheid gehad om deel te hê aan die regering. Die burgers van 'n republiek was verplig om by te dra tot die welvaart van die staat. Dan alleen kon 'n republiek sy doel dien. Sonder hegte samewerking en belangstelling in openbare sake was 'n republiek nie denkbaar nie en van 'n laer rang as 'n monargie. Die burgers moes hul regeeringsvorm waardig wees onder andere deur die hou van politieke vergaderings en die vorming van politieke verenigings. So sou 'n openbare mening gevorm word wat so nodig was as gids vir die regering en as inspirasie vir die pers.

As joernalis was die gebrek aan openbare belangstelling vir hom 'n bittere ervaring. Hy het sy bes probeer om van De Express 'n volksorgaan te maak en die gees van die volk te leer ken, maar het dit dikwels onmoontlik gevind. Dit was moeilik om te bepaal of die stem van enkele verteenwoordigers van afgeleë distrikte en enkele korrespondente die gevoel van die mense daar weergegee het. Om dié rede het hy dikwels gedwaal en te laat beseef dat dit 'n fout was. Dit was ook vir die regering 'n probleem. Hoe kon hy weet watter indruk besluite en maatreëls gemaak het, hoe dit

uitgevoer is en wat die gees van die burgers was indien die stem van die volk hom nie bereik het nie? Hulle het maar net die amptenare, wat nie altyd objektief was nie, se mening gehoor of die stemme van enkele ontevredenes.

Die Kaap was syns insiens vir die Vrystaat hierin 'n goeie voorbeeld. As gevolg van die drukkende belasting op wynboere is politieke vergaderings gehou en 'n Boerebeskermingsvereniging gestig. Hierdie vereniging het hom daarvoor beywer om aan die boerebevolking sy regmatige invloed in staatsake te verseker. Dit was 'n gelukkige teken van lewe onder die Afrikaanse boere-stand. Borckenhagen sou dit ook graag in die Vrystaat wou sien. Regter James Buchanan het baie bereik deur mense met 'n gemeenskaplike band te bind en tot 'n gemeenskaplike doel te laat saamwerk deur die stigting van 'n letterkundige en wetenskaplike vereniging in die meeste dorpe. Die vraag was of iemand nie soiets op politieke gebied in die platteland tot stand kon bring nie. Die verslagvergaderings van Volksraadslede kon 'n beginpunt wees en nuwe lewe in die Vrystaat inblaas. Daar was geen gebrek aan onderwerpe nie. Hy het die volgende as voorbeeld genoem: Hoe kon die finansiële balans herstel word - deur besuiniging of belastinge? Was dit wenslik om Volksraadslede se toelae te verminder? Was die artillerie nodig? Wat het die burgers van konfederasie gedink? Dit was beskamend dat Vrystaatse burgers nie oor sake van belang gedink het nie. As hulle seggenskap in hul regering wou hê, moes hulle in alle erns 'n begin maak deur vrae van die dag op openbare vergaderings te bespreek. Hierdie vergaderings moes 'n orgaan van die openbare mening wees.²

2. De Express, 14.11.1878.

'n Tendens wat Borckenhagen veral later baie ontstel het, was die feit dat die volk weens hulle onbegrensde vertroue in pres. J. H. Brand se leiding, hom laat begaan het sodat hy feitlik as outokraat in 'n republikeinse staat regeer het. Sy beleid het later totaal verskil van die meerderheid van die volk se siening, maar tot op die end het hy die Volksraad vanweë sy persoonlike invloed en fyn diplomاسie gemanipuleer om besluite volgens sy wense te neem.

Borckenhagen het dit betreur dat die gebrek aan 'n openbare mening tot gevolg gehad het dat die Volksraadslede nouliks as verteenwoordigers van die volk beskou kon word. Wanneer 'n Volksraadslid gekies is, was dit nie sy politieke sienswyse wat die deurslag gegee het nie, maar sy persoonlikheid.

Die anneksasie van Transvaal en die hele konfederasiepoging van Brittanje het Borckenhagen met bitterheid laat uitroep dat politieke onbetrokkenheid in Suid-Afrika 'n vloek en die wortel van alle kwaad was. Dit het telkens daartoe gelei dat Engeland die een of ander skema in Suid-Afrikaners se kele afgedruk het wat nie tot hulle voordeel uitgedink is nie. In Europa was daar orals unifikasie en groot moondhede het saamgewerk op die gebied van handel en kapitaalvoorsiening. In Suid-Afrika was daar nog net onaktiewe simpatie vir die gedagte. Dit was syns insiens nodig dat Suid-Afrikaners uit hierdie slapende onverskilligheid gewek moes word en aktief moes saamwerk in almal se belang. In Transvaal het 'n onbeduidende minderheid die oorhand gekry tot skande van die Transvaalse volk. Die paar Boere wat nog wou teenstand bied, is as volksberoerders bestempel. Dit was alles die gevolg van die volk se onbetrokkenheid. Oral in Suid-Afrika was dit so. Mense het nie hulle menings gelug en weerstand teen

aanvalle gebied nie.

Borckenhagen het 'n oplossing gehad, nl. die verenigde boerestem. Dit, het hy geglo, sou Suid-Afrika vrymaak. Di Patriot het reeds 'n Suid-Afrikaanse Bond voorgestel. Die Afrikanerelement, die mense vir wie Suid-Afrika se toekoms na aan die hart gelê het, kon die oorhand kry as hulle wou saamwerk. 'n Georganiseerde drukgroep sou die volk se wense met groter sukses onder die regering se aandag bring en dit sou ook Afrikaners oor die hele land saamsnoer.³

Die Transvaalse Vryheidsoorlog het intussen uitbreek en 'n uitbarsting van Afrikanernasionalisme en 'n gevoel van lotsverbondenheid onder Afrikaners tot gevolg gehad.

Di Patriot het die gedagte van 'n Afrikaanse Bond verder gevoer en vlugskrifte in dié verband uitgestuur, ook aan Borckenhagen. Hy het nie dadelik daaraan aandag gegee nie omdat hy, in sy eie woorde, nog geglo het dat versoening tussen Afrikaners en Engelse, amalgamasie en sulke ydele drome moontlik was, maar die Britse optrede in Transvaal het hom laat besef dat die tyd vir sulke hersenskimme verby was.

T. R. H. Davenport skryf dat die Bond in die Vrystaat vlamgevat het vanaf die oomblik dat Borckenhagen daarin begin belangstel het.⁴ Ook J. A. Coetzee meen dat die Afrikanerbond in die Vrystaat veral as gevolg van die aansporing van die ywerige redak-

3. Ibid, 30.10.1879.

4. Davenport, T. R. H., The Afrikaner Bond; the history of a South African political party, p.46.

teur van De Express wortelgeskiet het.⁵

Die stemme wat opgegaan het vir Engelse samewerking het Borckenhagen laat besluit om mee te werk tot die daarstelling van 'n goedgeorganiseerde Afrikanerparty teenoor 'n georganiseerde anti-Afrikanerparty. Hy het 'n beroep op Afrikaners gedoen om van "organisasie" 'n kreet van die een kant van Suid-Afrika tot die ander kant te maak en veral 'n konstitusionele organisasie wat die voltooiing van sy programme deur konstitusionele middele beoog het. Almal wat die toekoms van Suid-Afrika ter harte geneem het, ongeag nasionaliteit, geloof, posisie, plek of persoonlike beweegredes, moes verenig.⁶ Daar moes net vir die toekoms van Suid-Afrika gewerk word en nie vir vreemde of private belange nie. Die leuse moes wees dat Suid-Afrika deur Suid-Afrikaners tot hulle eie voordeel regeer moes word. Daardeur sou oorloë vermy en doelstellings bereik word. Hy het gemeen dat die tyd nooit meer gunstig of die noodsaaklikheid groter was vir so 'n vereniging nie. Sewentigduisend Afrikaners wat nou verbonde was, kon baie verrig as hulle wou en hulself teen elke ander party handhaaf. Kommissies in die Kaap en die Vrystaat het reeds 'n grondwet goedgekeur en dit sou in De Express verskyn. Hy het gevra dat die grond solank voorberei moes word om die saad van samewerking te ontvang as eerste stap op die pad na 'n unie waarin Suid-Afrikaners hulle eie sake sou reël. Die rassehaat wat

5. Coetzee, J. A., Politieke Groepering in die wording van die Afrikanernasie, p.211.

6. Dit is dus nie snaaks dat John Fairbairn van Senekal eiehandig 'n Bondsvlag gemaak het (De Express, 10.12.1881) en Thomas Moodie die voorsitter van die Afrikanerbond op Ladybrand was nie (De Express, 7.1.1886).

die Engelse pers volgens hom teen Transvaal gestook het, was des te meer rede vir die stigting van die Afrikanerbond.⁷

Hierdie pas-aangehaalde hoofartikel was volgens J. D. du Toit die eerste tree in die rigting van die stigting van die Afrikanerbond in die Vrystaat.⁸

In die volgende uitgawe van De Express het hy Suid-Afrikaners op kragdadige wyse opgeroep om aan Engeland te toon dat hulle hulself wou regeer volgens hulle eie wette en behoeftes. Daar moes nie net gepraat nie, maar ook gedoen word. Eendrag maak mag en hulle moes begin werk om vry en selfstandig te kon lewe. Die volkswil moes verklaar en onder Engeland se aandag gebring word. Hulle moes die koerante gebruik en wys op die onreg wat deur Engelse amptenare gepleeg is. Die Engelse volk moes besef dat Suid-Afrikaners nie maar ten alle koste onderwerp en geannekseer en belas kon word om Engelse handelsbelange te bevorder nie. Op dié wyse sou Engeland Suid-Afrika net so min behou as wat hy Amerika kon behou. Volgens die Engelse se valse en onhoudbare stelsel, soos hy dit beskou het, het hulle uitgediende wette toegepas en dikwels jong, onervare of heethoofdige manne aan die hoof van die regering geplaas wat hul eie glorie gesoek het bo die belange van die volk. Transvaal het gewys dat die vryheidsgees in Suid-Afrika nie aan bande gelê kon word nie en die tyd het syns insiens vir alle Suid-Afrikaners aangebreek om hul stemme hoorbaar te maak sodat die Engelse kon weet wat hulle gevoelens was, watter regte hulle geëis het en dat Suid-Afrika 'n

7. Ibid, 20.1.1881.

8. Du Toit, J. D., S.J. du Toit in weg en werk. 'n Periode van Afrikaanse oplewing, p.171.

eenheid gevorm het.

Hy is ontnugter deur die imperiale magte wat aan die werk was om 'n verenigde Suid-Afrika onder die Britse vlag tot stand te bring en waaraan die Kaapse Afrikanerbond meegewerk het en om dié rede het hy sy ideaal van 'n republikeinse Suid-Afrika ten gunste van samewerking tussen die twee republieke laat vaar. In hierdie stadium was hy egter nog van oordeel dat alle Suid-Afrikanners in die Afrikanerbond kon saamwerk om algehele vryheid en onafhanklikheid van Brittanje te verkry deur vreemde inmenging teen te staan. Hy het die hoop uitgespreek dat elke familie, geselskap en byeenkoms sou besluit om saam te werk in die Bond waarvan daar orals takke moes verrys. So 'n eenparige, uitgedrukte wil van tienduisende Suid-Afrikanners kon nie anders as om 'n indruk op die Engelse te maak en hulle hul onregverdigheid en onbillikheidte laat insien nie. Dit sou ook tot Engeland se voordeel wees, want betrekkinge met 'n vry kolonie sou hartliker wees as met 'n kolonie wat deur anneksasie, teen wil en dank, aan hom verbonde was.⁹

Hy het alle Afrikanners, Boerebeskermingsverenigings en manne van invloed opgeroep om te ontwaak en hul nasionaliteit en geboortereg op prys te stel deur hul politieke mag tot voordeel van hul land en hulself aan te wend. Alle vorige onheile in Suid-Afrika het hy toegeskryf aan die onverskilligheid van die volk as gevolg waarvan hulle deur "eenige intrigante", soos Shepstone, mislei en misbruik is. Hulle moes nou in die Afrikanerbond saamstaan.¹⁰

9. De Express, 27.1.1881.

10. Ibid, 3.3.1881.

Die Transvaalse Vryheidsoorlog was die voedingsbron van Afrikanernasionalisme en die burgers het begin belangstel in die politieke lewe en baie het by die Afrikanerbond aangesluit.

Borckenhagen het, volgens J. H. Hofmeyr en F. W. Reitz, in samewerking met Reitz, J. C. Voigt en E. Esselen 'n ontwerp-grondwet opgestel.¹¹ Hierin is die ietwat vae doelstellings van die Bond uiteengesit.

Geen melding is gemaak van spesifieke Afrikanerbelange nie. Die vernaamste kenmerk van die ontwerp-grondwet was die deeglike organisasie wat uitgewerk is. Wyke met hul wyksbesture sou die breë basis van die piramide vorm, gevolg deur distriks- en provinsiale besture met 'n sentrale bestuur aan die toppunt.¹² Die benaming "distriksbestuur" is deur die Kaapse Afrikanerbond uit die Vrystaatse grondwet oorgeneem. Volgens Davenport het Bondstakke in die Kaap na die Bond in die Vrystaat opgesien vir 'n model waarvolgens georganiseer moes word.¹³

Di Patriot het ook die belangrikheid van die Vrystaatse Bondsgrondwet erken omdat dit prakties en duidelik geformuleer is en as grondslag gedien het vir die meeste koloniale takke. Die Tolk, Paarlse lyfblad van die Bond, het hiermee saamgestem.¹⁴

11. Hofmeyr, J. H. en Reitz, F. W., Het leven van Jan Hendrik Hofmeyr (Onze Jan), p.222.

12. Davenport, p.47.

13. Ibid, p.42.

14. Du Toit (soos aangehaal uit Di Patriot, 11.8.1882 en die Tolk, 1.9.1881), pp.171-172.

J. C. Moll meen dat veral Davenport wat van die "Borckenhagen Constitution" praat, te groot klem lê op Borckenhagen se aandeel in die opstel van die ontwerp-grondwet. Hy beweer dat Reitz die leeu-aandeel gehad het en om sy bewering te staaf, meld hy dat S. J. du Toit bewus was van Reitz se talente.¹⁵

Du Toit het in verband met die organisasie van die Bond wel erken dat sy reëls nie volmaak was nie en die wens uitgespreek dat manne soos hoofregter Reitz na sy ontwerp moes kyk en dan 'n grondwet uitwerk.¹⁶ Daar is reeds aangetoon dat J. H. Hofmeyr en F. W. Reitz van Reitz, Borckenhagen, Esselen en Voigt as medewerkers gepraat het. Reitz is hier aan die woord en lê nie klem op sy eie aandeel nie. Hy was moontlik te beskeie oor sy aandeel, of ons het hier met 'n spanpoging te doen.

By die Bondskongres te Richmond in Mei 1883 is die ontwerp-grondwet vir die vergrote Afrikanerbond, na samesmelting met die Boerevereniging, byna woordeliks aan die Vrystaatse Bondsgrondwet ontleen. Die Transvaalse Bondsgrondwet, gebaseer op S. J. du Toit se "Program van Beginsels", is verwerp.¹⁷

Borckenhagen het hom nou, na sy aard, hart en siel vir die bevordering van die Afrikanerbond beywer. De Express is allerweë ingespan. Hofmeyr en Reitz skryf: "De persorganen van die Bond waren destijds 'Di Patriot', die al het zwaarste.werk voor de propaganda verrichtte, en de 'Expres'(sic!), die al het mooi-

15. Moll, J. C., Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat, p.102.

16. Du Toit, p.164.

17. Davenport, p.66.

schrijven en al die argumenten ter ondersteuning daarvan bevatte."¹⁸

Borckenhagen het die ontwerp-grondwet van die Bond in groot getalle gedruk en oral laat versprei. Dit is ook in De Express van 7 April 1881 afgedruk. So het die hele Vrystaat en almal wat De Express gelees het, kennis geneem van die koms van die Bond.

Volgens dié grondwet sou die Bond slegs die nasionaliteit van Afrikaner - van watter afkoms ookal - erken, dit wil sê almal wat in Suid-Afrika gewoon het en die welvaart van die land beoog het. Die doel van die Bond sou die aankweek van ware vaderlandsliefde wees, veral deur die volkstaal te beskerm en te bevorder en om Afrikaners op staatkundige en maatskaplike gebied as 'n nasie te laat geld. Nasionaalgerigte onderwys en waaksaamheid oor die pers sou ook twee belangrike take wees. Dit sou dus as teenvoe-ter teen Britse imperialisme, wat soveel bitterheid veroorsaak het, ingespan word ten spyte van die gematigde neiging in die grondwet van die Vrystaatse Afrikanerbond en by die stigtingsver-gadering in Bloemfontein.¹⁹

Die stigting van die imperialistiese "London - South Africa Association" was juis vir Borckenhagen 'n verdere bewys dat die stig-ting van die Afrikanerbond noodsaaklik was. Hierdie vereniging het lord Kimberley versoek om die onafhanklikheid van Transvaal ongedaan te maak en die Suid-Afrikaanse handelaars wat lede van

18. Hofmeyr en Reitz, p.222 (voetnoot).

19. Malan, S.F., Politieke Strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse Republiek (hierna afgekort as Politieke Stro-minge), p.98.

die organisasie was, het 'n oorwig in die Kaapse Parlement gehad en was volgens Borckenhagen mede-verantwoordelik vir die verskaffing van gewere aan die Basoeto sodat hulle 'n wins kon maak. Teen sulke samewerking moes die Afrikaners 'n organisasie hê om hulself te handhaaf. Die veragting en bitsigheid waarmee The Cape Times en ook The Friend die stigting van die Afrikanerbond begroet het, was 'n bewys dat hulle die mag van 'n boerebevolking wat saamstaan, gevrees het.

Die Engelse parlamentslede in die Kaapse Parlement het ook 'n vergadering gehou waarop besluit is om 'n party te vorm sodat die Hollandssprekendes nie te veel invloed verkry nie. Borckenhagen het verklaar dat die Afrikanerbond die uitdaging van so 'n party sou aanvaar. Die Afrikaners moes saamstaan en van hulle burgerregte gebruik maak soos in Oudtshoorn waar 'n Afrikaner met 'n oorweldigende meerderheid as parlamentslid verkies is. Afrikaners moes hulle na die stembus haas en hul strydkreet moes wees: "Suid-Afrika vir die Suid-Afrikaners".²⁰

Afrikanerbond-verrigtinge het voortaan groot prominensie in De Express geniet. Na aanleiding van die stigtingsvergadering in Bloemfontein op 11 Mei 1881 het Borckenhagen berig dat alle voorstelle met algemene stem en groot entoesiasme deur die ongeveer 70 aanwesiges aanvaar is. Daar is besluit om 'n groot vergadering vir 16 Mei te Greykollege te reël met die oog op die Volksraaden Sinodesittings. Aangesien soveel verteenwoordigers uit alle dele van die Vrystaat in Bloemfontein sou saamtrek, kon die vergadering daartoe bydra dat die Bond sy beslag in die Vrystaat

20. De Express, 28.4.1881.

Borckenhagen het met genoegdoening verslag gelewer oor dié vergadering wat volgens hom goed bygewoon is deur geesdriftige burgers van alle stande en nasionaliteite wat almal oortuig was van die goeie doel van die Afrikanerbond. F. W. Reitz het die Volksraadslede en Sinodegangers versoek om vergaderings in hulle omgewing te belê en Afrikanerbondtakke te stig. Die ontwerpgrondwet wat Borckenhagen in Hollands en Engels gedruk het, is uitgedeel en was ook in sy boekwinkel beskikbaar. Die volgende vergadering is vir 23 Mei bepaal.²² Daar is dus druk georganiseer.

Dit was by hierdie twee vergaderings dat die Afrikanerbond in die Vrystaat werklik momentum begin kry het, al is daar reeds gedurende 1880 takke gestig. Die eerste tak is in November 1880 te Midde-Valsrivier, Kroonstad, onder voorsitterskap van die bekende Volksraadslid, J. H. W. (Jurie) Wessels gestig²³ en daarna die tak Vegkop, Heilbron, in Februarie 1881. Teen Augustus 1881 het die eerste tak al meer as 100 lede gehad.²⁴ Hierna het talle ander gevolg, byvoorbeeld Waterval, Onder-Renosterrivier en Smithfield. By laasgenoemde se stigtingsvergadering was daar twaalf lede wat Engelse, Hollanders en Duitsers ingesluit het.²⁵ Ten spyte van teenstand van invloedryke persone soos eerwaarde J. Bell en mnr. C. S. Orpen, het belangstelling gegroei sodat

21. Ibid, 12.5.1881.

22. Ibid, 19.5.1881.

23. Du Toit, p.157.

24. De Express, 11.8.1881.

25. Ibid, 30.6.1881.

ongeveer 90 lede die volgende vergadering bygewoon het en nog twee takke gestig is.²⁶ Oral was daar belangstelling en ywer en is wyksbesture gekies. Op 23 Mei 1881 is die wyksbestuur van Bloemfontein soos volg saamgestel: F. W. Reitz (voorsitter), R. de Villiers, H. Fouchee, N. P. Raaff en Borckenhagen.²⁷ Laasgenoemde is op 1 Julie as sekretaris gekies en het dadelik 'n omsendbrief aan Volksraadslede en veldkornette gestuur om hulle te vra om wykskomitees te kies en die name van lede aan hom te stuur.²⁸

Volgens Davenport het Reitz se bravado om ten spyte van sy amp as hoofregter betrokke te raak by die Afrikanerbond en , soos hy dit noem, Borckenhagen se grondwet, die Bond in die Vrystaat kragtig laat wegspring.²⁹ Ook Malan wys daarop dat Reitz, die reeds erkende kultuurleier in die Vrystaat, en die dinamiese en invloedryke Borckenhagen se openlike verbintenis met die Bond baie tot die propagering daarvan bygedra het en baie Vrystaters het die beweging gunstig ontvang. Verder was die klimaat in die Vrystaat net reg vir die stigting van 'n politieke vereniging wat Afrikanernasionalisme sou bevorder³⁰ en baie korrespondente het in De Express en Di Patriot hulle geesdrif daarvoor uitgespreek.

Soos reeds vermeld, was daar vanselfsprekend hewige teenstand uit die oord van die imperialistiesgesindes wat die Bond veroordeel het as revolusionêr en vyandiggesind teenoor Engelse belange.

26. Ibid, 28.7.1881.

27. Ibid, 26.5.1881.

28. Ibid, 7.7.1881.

29. Davenport, p.47.

30. Malan, Politieke Strominge, p.97.

Hofmeyr en Reitz het nie sonder rede na De Express verwys as die orgaan wat vir die motivering en verdediging van die Arikanerbond verantwoordelik was nie. Nog voordat pres. Brand die Bond aangeval en daarvan beskuldig het dat dit 'n regering binne 'n regering wou wees, het Borckenhagen 'n lang hoofartikel aan die verdediging van die Bond gewy. Hy het die Bond 'n wettige en edele beweging wat vrug sou dra, genoem. Bondslede was "geen Nihilisten die er op uit zijn om de bijl te slaan in de wortels van het Gouvernement. Ook zijn wij geen Socialisten, die de oplossing van alle aardsche moeilijkheden en bestaande verschillen willen vinden door de maatschappelijke order van zaken onderste boven te keeren. Evenmin zijn wij Communards die met geweld de rangen en onderscheidingen willen machtig worden ontstaan door eene historische ontwikkeling. Maar wij zijn mannen die weten dat wij eene verplichting tegenover Zuid Afrika te vervullen hebben, en die voornemens zijn hunne verplichting na te komen ..." Hulle moes op manmoedige wyse hulle regte handhaaf en hulle nie laat mislei deur mense wat geen simpatie met Afrikaners gehad het nie - soos in Transvaal met anneksasie gebeur het of in die Kaapse Parlement waar die wetgewers nie waarlik die volk verteenwoordig het nie. Daar was 'n instelling nodig om hierdie dinge te voorkom. Nie die Vrystaat of enige ander staat moes as werktuie gebruik word om 'n vreemde staat te verryk of sy mag te versterk nie. "Engeland is de trots van zijne kinderen, omdat het Engeland der Engelschen is. Waarom zou Zuid Afrika geen Zuid Afrika zijn voor die Zuid Afrikanen? Het vasal systeem is voorbij en behoort tot het verledenen en nog is Zuid Afrika een vasal van de ergste soort. Waarom? Kunnen wij ons zelve niet besturen met het grootste voordeel voor ons zelve en heeft het eenige vrije land in Zuid Afrika dit niet bewezen?" Hy kon toe nog droom dat 'n nasionale gees van vaderlandsliefde oor

staatkundige grense heen op 'n wettige wyse die grondslag sou lê vir 'n verenigde en vrye Suid-Afrika. As dit sou gebeur, "dan moge die eenvoudige en vredelievende voorstanders van die Afrikaner Bond met trots neer sien op het klein begin van een groot en edel werk." 'n Verenigde Suid-Afrika was syns insiens egter nie op daardie stadium die hoofsaak nie; die burgers moes eers gelei word om hul regte as burgers te gebruik. Onderwys en opvoeding moes voorrang kry en literatuur versprei word. As Suid-Afrika kon besef dat dit die doel van die Afrikanerbond was, sou die hartlikste samewerking van almal ondervind word. Almal was welkom: "In welcoming all and everyone to the ranks of the Africaner Bond, we disclaim being a political organization for party purposes".³¹

Volgens S. F. Malan was die Afrikanerbond 'n doeltreffende drukgroep in die Vrystaatse politiek, maar het dit nooit tot werklike partypolitieke groepering oorgegaan nie. Dit is byvoorbeeld nooit gebruik om politieke teenstand teen pres. Brand te monster nie.³²

In antwoord op die Burghersdorp Gazette se beskuldiging dat die Bond 'n revolusie in politieke toestande in Suid-Afrika sou veroorsaak, het Borckenhagen dit weer eens duidelik gestel dat die Bond nie op rasse-antagonisme gebou is nie; dit het 'n veel edeler strewe gehad, nl. nasionale onafhanklikheid onder 'n republikeinse regeringsvorm, vry van Brittanje, vir alle Suid-Afrikanners.³³ Hy het gemeen dat Suid-Afrikanners 'n kragtige toekoms

31. De Express, 19.5.1881.

32. Malan, Politieke Strominge, p.111.

33. De Express, 7.7.1881.

gehad het en vir iets hoërs geskape is as om Britse handel te bevorder of baster-Engelse te word. Daar was minstens 'n halfmiljoen mense wat so 'n gedagte verafsku het. Al sou hulle drome eers op hul oudag of in hulle kinders se leeftyd verwesenlik word, was dit nog goed en nodig vir Suid-Afrika dat daarvoor gewerk word.

Hy het verder beklemtoon dat die Afrikanerbond nie teen die heersende mag in Suid-Afrika gemik was nie, hoewel teenstanders die Bond van hoogverraad beskuldig het. Hulle het geglo dat enige Suid-Afrikaanse beweging anti-Engels moes wees. Dit was so dat Afrikaners wat hul land liefgehad het en op sy toekoms vertrou het, nie van Downingstraat afhanklik wou wees nie omdat hulle gely het onder hul verbintenis met 'n vreemde moontheid. Dit sou vir alle partye beter wees as hierdie verbintenis so gou moontlik verander of hersien sou word.³⁴

Die vooruitgang van die Afrikanerbond en die Boerebeskermingsvereniging het koloniale teenstanders en koerantredakteurs met verontrusting laat uitvaar teen die gevare van 'n Suid-Afrikaanse Republiek. Borckenhagen het hierop geantwoord dat as so 'n republiek die gevolg van dié twee verenigings se werksaamhede sou wees, dit soveel beter sou wees vir almal wat in Suid-Afrika gewoon het. Niks sou hom daarvan weerhou om vir so 'n toekoms te werk nie en dit sou hy doen deur die volk polities op te voed. Die volk moes leer om betrokke te raak by hul land se politieke lewe. Die Afrikanerbond, die Boerebeskermingsvereniging, die skole en die pers sou almal 'n deel hê aan hierdie opvoedingsproses.

34. Ibid, 16.6.1881.

Die besware van die koloniale pers het hy een vir een weerlê. Op hulle beswaar dat 'n Suid-Afrikaanse Republiek onbevoeg sou wees om die Swartvraagstuk te hanteer, het hy geantwoord dat daar geen slegter beleid jeens Swartes kon wees as dié van Brittanje nie, veral as gelet sou word op die hantering van Basoetoland. Hul tweede beswaar was dat Engelse kapitaliste nie aan 'n Suid-Afrikaanse Republiek geld sou leen nie. Volgens Borckenhagen sou die Engelse, solank hulle wins kon maak, aan enigeen geld leen; 'n Suid-Afrikaanse Republiek sou beter sekuriteit bied as Suid-Amerika, aan wie Engelse wel geld geleen het. Derdens het die Engelse pers samewerking tussen die groot verskeidenheid rasse, groepe en partye in Suid-Afrika onmoontlik geag. Borckenhagen se verweer hierop was dat daar geen verdeeldheid in Suid-Afrika sou wees as 'n deel van die bevolking nie verkies het om Britse onderdane te bly terwyl die res Suid-Afrikaans wou wees nie. Die haat in Suid-Afrika is gewek deur 'n vreemde, derde party.³⁵

Die teenstand van die Engelse pers en koloniale imperialiste was nie vir Borckenhagen en sy mede-bondslede in die Vrystaat so kwetsend en skadelik as dié van pres. Brand nie. Die doelstellings van die Afrikanerbond was in direkte teenstelling met die President se pro-Britse gesindheid en sy bewondering van die Engelse taal en kultuur. Dit is dus te begrype dat hy daarteen te velde sou trek. Tydens sy jaarlikse rondreis op die platteland in 1881 het die Smithfieldse tak van die Afrikanerbond kom 'n adres aangebied. In sy antwoord daarop het hy sy misnoeë jeens die beweging uitgespreek. Hy het dit betreur dat die Bond so op die voorgrond gestel is. Die Bond sou slegs tweedrag verwek. Die Basoeto-oorloë het die Vrystaters verenig en hy het nie

35. Ibid, 1.9.1881.

die noodsaaklikheid van 'n Afrikanerbond gesien om eenheid te bewerkstellig nie. Hy wou nie hê dat aan enigeen aanstoot gegee word nie en griewe kon op konstitusionele wyse gelug word. Hy het die Bond daarvan beskuldig dat hy hom by die gevestigde regering wou verhef en 'n regering binne 'n regering daar wou stel. Soiets sou hy nie duld nie.³⁶

The Friend, koloniale Engelse koerante en Brand se ondersteuners was baie in hul skik met die wyse waarop die President die Afrikanerbond kortgevat het. Dit het egter nie die einde van die Bond in die Vrystaat beteken nie en pres. Brand moes tot aan die einde met dié doring in sy vlees bly saamleef. As die Bond egter nie die steun van invloedryke leiers soos Reitz en Borckenhagen met sy gewilde koerant geniet het nie, sou die knou erger gewees het.

Brand se aanval het homself moontlik meer skade berokken as die Afrikanerbond. 'n "Burger" van Rouxville het die twyfel wat in baie Vrystaters se gemoedere ontstaan het, verwoord toe hy gevra het: "Wat hebben wij toch eigenlijk aan ZH.Ed., is hy dan geen Afrikaner?"³⁷

Borckenhagen was dadelik op die verdediging en het in 'n aantal hoofartikels die Bond se doelstellings en betekenis en die nasionale aspirasies van die Vrystaatse Afrikaners duidelik uiteengesit. Hy het daarop gewys dat die Afrikanerbond nie gestig is om onwettige en onregmatige doeleindes te bereik nie, maar die gevolg was van die gebeure in Transvaal. Die Transvaalse Vryheids-

36. Malan, Politieke Strominge, p.101.

37. De Express, 10.11.1881.

oorlog het bewys dat die Suid-Afrikaanse volk één was in taal, denkbeelde, hoop en verwagtings en dus gemeenskaplike belange gehad het. Toekomstige vereniging sou nie die gevolg wees van 'n Engelse konfederasie nie, maar van die liefde vir vryheid en die verlange om een volk te wees. Die oorlog het Suid-Afrikaners se sluimerende vaderlandsliefde laat ontwaak. Die algemene gevoel was dat dit nie weer toegelaat moes word om in te sluimer nie, maar in elke opsig opgewek en aangemoedig moes word - in die skool, gemeenskap en staat - sodat Suid-Afrika kon ontwikkel en verdere oorloë voorkom kon word. Teenstanders het die Bond egter vals voorgestel deur te sê dat dit verdeeldheid sou veroorsaak en Suid-Afrikaanse ontwikkeling sou vertraag.

Transvaal sou nie sy onafhanklikheid herwin het as hy so oorver-sigtig soos Brand was nie en die Afrikaner was nie bereid om daardie onafhanklikheid weer prys te gee nie. Vir die handhawing van wat bereik is en die geleidelike ontwikkeling van 'n vry en verenigde Suid-Afrika moes 'n Suid-Afrikaanse vaderlandsliefde aangekweek en vertroetel word. Dit was die Afrikanerbond se hoofdoel en dit het nie verskil van pres. Brand se einddoel van 'n verenigde Suid-Afrika nie, maar wel in die tyd en wyse daarvan. Drome alleen sou nie baat nie, daar moes gewerk word: skouer aan skouer, man teen man. Dit kon nie aan die Voorsienigheid oorgelaat word nie. Hy was daarvan oortuig dat die Bond sou lewe en bloei totdat die doel bereik is. Al sou die hooggeplaasdes in die land hulle simpatie weerhou, sou die Afrikanerbond nie sy plig versuim nie en daar was ook nie 'n gebrek aan bekwame Suid-Afrikaners wat in die belang van hul land na vore sou kom nie.³⁸

38. Ibid, 27.10.1881.

Hy het Afrikaners opgeroep om van hul vaderlandsliefde iets meer tasbaars as blote gevoel te maak. Hulle moes aktief saamwerk om die ideaal van die Afrikanerbond te verwesenlik. Teenoor pres. Brand se siening dat sake geleidelik moes ontwikkel deur die samewerking van almal, het Borckenhagen geglo dat die Afrikaner homself net kon laat geld en kon voortbestaan as hy sou aandrang op die erkenning van sy posisie. Dit kon sonder haat en bitterheid geskied. Die Engelse party sou byvoorbeeld nooit toegewings maak wat betref die Afrikaner se taalbeweging nie. As pres. Brand se raad gevolg sou word in plaas van lewendige en vasterade agitاسie, sou die Hollandse taal binne 'n honderd jaar dood en begrawe wees. So ook alles wat Suid-Afrikaans was. Die Afrikanerbond wou nie 'n regering binne 'n regering wees nie en sou die konstitusionele prosedure volg deur memories en versoeke aan Volksraadslede om hulle saak in die Volksraad voor te dra. Die Bond was 'n nasionale beweging wat bestaansreg gehad het en as pres. Brand dit sou onderdruk, sou hy die onderdane van hul vryheid ontnem.³⁹

Die skerpsinnige Borckenhagen het munt geslaan uit die feit dat pres. Brand en John X. Merriman in dieselfde koor van veroordeling van die Afrikanerbond gesing het, en deur die Kaapse pers gedirigeer is. Volgens hom het hulle almal hul geloof in harmoniese samewerking uitgespreek eerder as in die bevestiging van 'n Suid-Afrikaanse nasionalisme. Hierdie pers se sogenaamde liefde vir en begeerte na hartlike samewerking is geloënstraf deur hul kritiek op die toekenning van onafhanklikheid aan Transvaal. Hulle sou die Transvalers eerder verpletterd, verban, verfoei en vergruis wou sien waarna, volgens hulle, die glorieryke

39. Ibid, 3.11.1881

tydperk sou aanbreek wanneer die wêreld met verwondering getuie sou wees van die samewerking van beide nasionaliteite. Met snydende ironie en sarkasme het hy voorspel dat wanneer die Britse Jingo in Suid-Afrika met verhewe minagting sou volhard in sy laagskatting van die Boer en laasgenoemde verpletter sou word onder 'n burokrasie sonder medelye, sou die sagmoedige pres. Brand en die sluwe Merriman die verwesenliking van hulle droom aanskou en die goue eeu van Suid-Afrikaanse staatkundige lewe en geluk sou bereik wees. Vir hulle sou dit 'n seën wees as die Afrikanerbond teëspoed en nederlaag in die gesig sou staar - te danke aan Brand en Merriman.

Dit het Borckenhagen meer as ooit oortuig dat die Afrikanerbond noodsaaklik was as teenwig van wat hy die holle en onopregte betuigings van liefde, vriendskap en samewerking genoem het. Die Afrikanerbond sou waaksaam wees om nie foute te maak en nie onkonstitusioneel op te tree nie. Hy sou werk om Suid-Afrika voorspoedig en groot te maak en sy lotgevalle in die hande van mense te plaas wat hart en siel Suid-Afrikaans was en Suid-Afrikaanse in plaas van buitelandse belange wou bevorder.⁴⁰

Di Patriot het gevoel dat die teenstand van mense soos Merriman en Brand, wat hy die invloedrykste staatsmanne in Suid-Afrika genoem het, 'n bewys was van die belangrikheid van die Afrikanerbond. 'n Mens slaan tog nie 'n vlieg met 'n knopkierie dood nie en 'n koning roep nie sy leër op om 'n muis in sy klerekas te vang nie!⁴¹

40. Ibid, 10.11.1881.

41. Du Toit, p.168 (aangehaal uit Di Patriot, 13.1.1882).

Borckenhagen se samegroepering van Brand en Merriman het indruk gemaak. Hy en Reitz het alles in hul vermoë gedoen om Brand se invloed en teenstand teen die Afrikanerbond teen te werk, nie net in die pers nie, maar ook deur die Bloemfonteinse wyksbestuur te motiveer om 'n verklaring uit te reik dat dit die Bond se doel was om alle nasionaliteite te verenig en te laat saamwerk tot die heil van Suid-Afrika en nie om te verdeel nie. Reitz is na talle vergaderings uitgenooi en daar het hy Brand se aantygings weerlê. Baie burgers het hul teleurstelling en misnoeë met pres. Brand uitgespreek. Die Bond het floreer en besonder lewenskragtig geword. Nog vyftien takke is in die nege maande na pres. Brand se toespraak gestig.⁴² Ook in Transvaal het die Bond vinnig gevorder.⁴³

Davenport skryf dat die Vrystaatse Bond juis vinniger gegroei het as gevolg van Brand se uitlatings, maar die feit dat die organisasie lateraan sy posisie nie so maklik kon handhaaf as wat dit aan die begin gegroei het nie, is syns insiens toe te skryf aan Brand se volgehoue teenstand.⁴⁴ Hofmeyr en Reitz⁴⁵ sowel as J. A. Coetzee stem met hom saam. Laasgenoemde wys daarop dat die Vrystaat behoefte gehad het aan 'n nasionaal-politieke organisasie en Brand se kritiek het so 'n organisasie gekortwiek. Omdat Brand die Bond beskuldig het dat hy 'n regering binne 'n regering wou wees, het die Bond sy bes gedoen om te bewys dat hy hom nie met politiek wou inlaat nie en is volgens hom feitlik gereduseer

42. Malan, Politieke Strominge, p.103.

43. De Express, 29.6.1882.

44. Davenport, p.48.

45. Hofmeyr en Reitz, pp.199-200.

tot 'n nasionaal-ekonomiese en nasionaal-kulturele organisasie.⁴⁶

Die Bond het na die siening van S. F. Malan wel 'n belangrike rol in verkiesings gespeel, maar daar is, soos reeds genoem, nooit 'n blokstem gevorm nie. Daarbenewens het Reitz en Borckenhagen nie na politieke mag gestrewe nie. Hulle wou die Bond gebruik om republikanisme in die Vrystaat en Suid-Afrika te bevorder, maar nie om Brand teen te staan of te ontsetel nie.⁴⁷

Die groei van die Afrikanerbond het tot gevolg gehad dat die Engelse pers gereelde aanvalle daarop geloods het. Die Natal Mercury kon maar net uitroep dat die Bond 'n groeiende en aggressiewe invloed verteenwoordig het wat die toekoms van Suid-Afrika diep sou beïnvloed.⁴⁸

Die Contemporary Review en Penny Mail het De Express daarvan beskuldig dat hy tweespalt veroorsaak en haat teen Engeland opgewek het. Die Engelse koerante in al die uithoeke van die land was maar te bewus van De Express se invloed. Borckenhagen het egter volgehou dat hy graag samewerking tussen Afrikaners en Engelse in 'n verenigde Suid-Afrika wou hê, maar sonder inmenging van die Britse Ryk. Daartoe moes die Afrikanerbond gebruik word. As die Engelse die reg gehad het om hul taal te gebruik, dan moes hulle dit ook aan die Afrikaners gun. Die Afrikanerbond het 'n regverdige saak gedien en het gehoop op die welwillendheid van en 'n beter verstandhouding met sy teenstanders.⁴⁹

46. Coetzee, p.239.

47. Malan, Politieke Strominge, p.111.

48. Ibid, p.103.

49. De Express, 22.12.1881 en 2.2.1882.

Borckenhagen het herhaaldelik daarop aangedring dat daar nie net gepraat moes word nie, maar veral gedoen moes word. Hy het die bevordering van onderwys as een van die Bond se belangrikste take gesien en dit het dan ook een van die gereelde onderwerpe onder besprekings op Bondsvergaderings en in die pers geword.

By die Bloemfonteinse wyksbestuursvergaderings met Borckenhagen as sekretaris, is byvoorbeeld op 11 Oktober 1881 twee besluite geneem wat as memories aan die Volksraad gestuur sou word nadat dit na ander takke gestuur is om geteken te word: 1) Die Volksraad is versoek om in oorlegpleging met die Inspekteur van Onderwys 'n kommissie van deskundiges te benoem om stappe te neem om nasionaalgerigte skoolboeke op te stel en die gebruik daarvan verpligtend te maak in staatskole. 2) Die Volksraad is verder gevra om in samewerking met die Inspekteur van Onderwys bewaarskole (Infant Schools) in elke dorp of stad en waar moontlik op die platteland op te rig.⁵⁰ Aan die begin van die Volksraadsitting van 1881 is lede van die Arikanerbond en ander belangstellendes opgeroep om hulle handtekeninge onderaan 'n memorie oor onderwyssake in die kantoor van De Express te kom gee.⁵¹ Pres. Brand het tydens die Volksraadsitting van 1883 in sy aanspraak die totstandkoming van 'n bewaarskool by Eunice aanbeveel. Borckenhagen het dit verwelkom omdat hy gemeen het dat Hollands daar sy regmatige plek sou kry.⁵² Hoewel die Volksraad dit nie tydens daardie sitting goedgekeur het nie⁵³, het die skool tog later 'n werklikheid geword.

50. Ibid, 13.10.1881.

51. Ibid, 4.5.1882.

52. Ibid, 10.5.1883.

53. OVSVR, 2.7.1883.

Net voor die Afrikanerbond se Provinsiale Bestuursvergadering in Desember 1882 het Borckenhagen betoog dat onderwys in die Vrystaat onvoldoende was en dat die Bond moes help om 'n oplossing te vind. Die arbeidsprobleem, wat daarmee saamgehang het, moes ook bespreek word.⁵⁴ Daar was nie genoeg arbeiders nie en kinders moes hul ouers met die boerdery help en kon dus nie 'n skool bywoon nie.

Op 2 Desember 1882 en weer in 1883 het die Provinsiale Bestuur, waarop Borckenhagen gediën het, 'n aantal besluite rakende onderwys geneem. Een daarvan was dat Bondslede gevra moes word om Bondskole in wyke op te rig.⁵⁵ Borckenhagen het hierdie gedagte sterk gepropageer. Hy het gevra dat elke wyk self vir sy skool moes sorg hoewel die regering ook iets sou bydra en dat Bondslede bestaande regeringswykskole moes ondersteun.⁵⁶

Die eerste Bondskool in die Vrystaat is op 13 Augustus 1883 in die wyk Midde-Modderivier in die distrik Bloemfontein geopen met 18 leerlinge. Reitz en Borckenhagen was onder andere teenwoordig by hierdie heuglike gebeurtenis. Reitz het in sy toespraak gesê dat dit 'n vreugde was om die volle vrugte van die Bond te sien. Die doel van die Afrikanerbond was om 'n nasie te stig deur liefde en nie deur haatlikheid nie. Liefde begin tuis en dus moes Afrikaners eers hul eie land en volk liefhê sonder om ander te haat. Borckenhagen het die kinders gewys op die groot verantwoordelikheid wat op hulle gerus het omdat dit die eerste Bondskool was en die sukses of mislukking daarvan sou bepaal of nog

54. De Express, 16.11.1882.

55. Ibid, 15.3.1883; Malan, Politieke Strominge, pp.119-120.

56. De Express, 31.5.1883.

sulke pogings aangewend moes word. Hy het belowe om binne drie maande die drie mooiste boeke in sy winkel as pryse aan die skool te skenk.⁵⁷

'n Hele aantal rondgaande Bondskole is voorts opgerig en onderwys sake het steeds by Bondslede voorrang geniet. Veral die kwesie van nasionaalgerigte handboeke en onderwys en die gebruik van Hollands as onderrigmedium het aandag geniet en talle memories in dié verband is aan die Volksraad gestuur. Op onderwysterrein het die Bond sukses behaal en dr. J. Brebner, Inspekteur van Onderwys, wat nie 'n ondersteuner van die Bond was nie, het tog erken dat sy werk deur die Bond vergemaklik is.⁵⁸ Hoewel daar vordering was wat die gebruik van Hollands betref, het daar nog 'n lang stryd voorgelê.

Die sogenaamde Nasionale Kongres van die Kaapse Afrikanerbond het sedert 12 September 1882 te Cradock plaasgevind en 500 belangstellendes, waaronder 96 afgevaardigdes en talle parlamentslede was teenwoordig. Borckenhagen het verklaar dat daar nog nooit so 'n groot politieke byeenkoms in die Kaap was nie en dit het bewys dat die Bond nie aan die verval was nie, maar toe eers begin het om hom behoorlik te laat geld. Samesmelting van die Afrikanerbond en die Boerebeskermingsvereniging is onder andere bespreek en Borckenhagen het die gedagte gesteun omdat dit groter politieke krag sou beteken. Verder was daar 'n beweging om Hollands in die Kaapse howe in te voer - iets wat syns insiens gewis sou gebeur as boere hulle politieke mag sou aanwend. "Politieke ontwikkeling, hand aan hand gaande met algemeene opvoeding, kan

57. Ibid, 16.8.1883.

58. Malan, Politieke Strominge, p.120.

waarlijk geen andere dan een heilzam reëctie uitoefenen op den vroegeren droomerigen staat van zaken en moet Zuid Afrika ten goede komen", het hy geskryf.⁵⁹

Na die kongres te Cradock het Borckenhagen twee insiggewende hoofartikels geskryf waarin hy die Bond se doelstellings, betekenis en werksaamhede helder uiteensit. Enersyds wou hy die Bond daarmee teen kritiek verdedig en andersyds die volk weer eens motiveer om die Bond te steun en polities betrokke te raak. Volgens hom was duisende grondeienaars wat in hul land se politiek belang gestel het, deur omstandighede en hulle individualiteit uitgesluit van deelname daaraan. Die swaartepunt was in die stede en dorpe. Die inwoners van dorpe en stede en die pers was so onbewus van die neigings en karakter van die plattelanders dat hulle 'n beweging op tou gesit het wat gelei het tot die anneksasie van Transvaal. Dadelik was daar reëksie. Die suiwer Afrikaanse element is opgewek tot sulke teenstand as wat nooit van hulle verwag is nie. Daar het 'n begeerte ontstaan na 'n sterk en soliede front teen inmenging van buite en oorheersing deur vreemdelinge. Dit was die rede vir die ontstaan van die Bond. Sy taak was om die kiesers polities op te voed deur vrye en herhaalde besprekings van wat die volk wou hê. Dit was geen revolusionêre gees nie, maar so konserwatief dat dit eintlik 'n tekortkoming was. Daar was nie sprake van iets onwettigs nie. Die Afrikanerbond sou dus bedaard en sonder om aanstoot te gee sy werk verrig en net gevaarlik wees vir diegene wat wou probeer om Suid-Afrika deur vreemde bajonette te regeer.⁶⁰

59. De Express, 14.9.1882.

60. Ibid, 28.9.1882.

Die eerste vergadering van die provinsiale bestuur van die Afrikanerbond in die Vrystaat is vir 30 November 1882 bepaal. Die doel daarmee was, volgens Borckenhagen, om die organisasie van die Bond in die Vrystaat formeel te voltooi en werklik aan die gang te sit. Ter voorbereiding hiervan het hy 'n oorsig gegee van die eerste agtien maande van die Bond in die Vrystaat. Hy was daarvan oortuig dat die stand van sake lede en vriende met genoegdoening sou vervul. Ten spyte van teenkanting en agterdog het die Bond oorleef. Die vergadering van die provinsiale bestuur sou die kroon op sy werk span. Aan die verskillende komitees is die geleentheid gegee om die belangrikste politieke kwessies te opper sodat menings uitgelok, inligting versprei en samewerking tot stand gebring kon word. So moes spoorweë byvoorbeeld ryplik bespreek word sodat deur wrywing van gedagtes die waarheid aan die lig kon kom. By die vergadering sou 'n korresponderende komitee aangewys word en hy het voorgestel dat hulle 'n studiestuk oor spoorweë opstel. Skole was 'n ander belangrike kwessie en daar moes bedink word hoe oplossings gevind kon word. Daar was ook die arbeidskwessie en plakkery op plase. Daar is beweer dat hierdie sake by die Volksraad tuishoort. Syns insiens moes die Bond belangstelling in politieke sake opwek. Dit moes 'n politieke organisasie wees wat op konstitusionele wyse brandende kwessies van die dag op die voorgrond sou stel. Hy het dus op goeie bywoning van die vergadering vertrou.⁶¹

By die vergadering is De Express as die Bondsorgaan vir die Vrystaat aangewys. In die koerant sou daar 'n afsonderlike byvoegsel vir die Bond wees en besture is versoek om die verspreiding van De Express te bevorder. Omdat die tyd te min was om al

61. Ibid, 16.11.1882.

die kwessies wat hierbo genoem is, deeglik te bespreek, is besluit dat die korresponderende komitee alle wyksbesture in die Vrystaat moes uitnoui om hul menings oor hierdie sake voor die volgende sitting van die provinsiale bestuur te lug. Die komitee sou bestaan uit F. W. Reitz, P. F. R. de Villiers en Carl Borckenhagen⁶² en sou 'n baie belangrike rol speel. Die byvoegsel het gereeld verskyn en alle nuus, korrespondensie, kennisgewings en notules en verslae van vergaderings van die Bond het daarin verskyn. Die drukwerk is gratis gedoen.⁶³

Lang briewe waarin medeburgers opgeroep is om die Bond te steun en sy doelstellings uiteengesit is, het verskyn - briewe waarin Borckenhagen se gedagtes in sy hoofartikels dikwels herhaal en onderstreep is. "Een Bondsman" het byvoorbeeld geskryf dat die Afrikaners geen belangstelling in die politieke lewe van hul land gehad het nie. Soms het daar net ses persone opgedaag om 'n Volksraadslid te kies en dié lid moes dan die volk verteenwoordig en besluite oor gewigtige sake soos oorlog en vrede, spoorweë en die besteding van hulle geld help neem. Die Engelse daarenteen het lewendig deelgeneem aan die politiek en baie partye gestig. Die Afrikanerbond moes help om Afrikaners wakker te skud om verkiesings van Volksraadslede, veldkornette en skoolkommissies by te woon, deel te neem aan wapenskoue en skyfskiet, onderwys te bevorder, leeskamers te stig en goeie boeke te koop en te versprei. Afrikaners moes saamwerk om vaderlandsliefde en die moedertaal te bevorder en te bewaar.⁶⁴

62. Ibid, 7.12.1882.

63. Ibid, 29.3.1883.

64. Ibid, 29.3.1883 en 10.5.1883.

Die korresponderende komitee van die Vrystaatse Afrikanerbond het 'n belangrike taak verrig om die organisasie van die Bond vlot te laat verloop. Een van hulle take was om kontak met die Kaapse en Transvaalse Bonde te maak. Dit was die Vrystaat wat die leidende rol gespeel het om die doel van die Bond, 'n verenigde Suid-Afrika, tot stand te probeer bring. In Desember 1882 het hulle met die Transvaalse Bond gekorrespondeer, maar dié was nog nie gereed vir samewerking op breë vlak nie as gevolg van die nasleep van die oorlog.

In Mei 1883 het die Kaapse Afrikanerbond te Richmond vergader. F. W. Reitz en C. Visser van die Vrystaat is daarheen afgevaardig. Volgens S. F. Malan het dit geskied as gevolg van Reitz en Borckenhagen, as lede van die korresponderende komitee, se ywer om met die Bond in die Kaap saam te werk en die Bond daar te bevorder. Die vernaamste handeling van dié vergadering was die samesmelting van die Afrikanerbond en die Boerebeskermingsvereniging. Reitz het hierin 'n groot rol gespeel, veral wat betref die opstel van die grondwet.⁶⁵

Borckenhagen het, soos reeds aangetoon, hierdie samesmelting verwelkom, want dit sou beteken dat die Afrikaanse element hom kragtiger kon laat geld en die volk polities kon opvoed. Die uiteinde sou syns insiens wees dat Suid-Afrikaners hulle eie sake kon behartig. Terwyl dit vir hom gelyk het asof die Kapenaars nou daarvan bewus geword het dat hulle deel was van 'n groter Afrikanervolk in Suid-Afrika, het hy by hulle aanbeveel dat hulle die Vrystaat se eis om 'n deel van die invoerreg steun, asook die

65. Malan, Politieke Strominge, p.104.

konferensie tussen Transvaal, Natal en die Vrystaat.⁶⁶

Ongelukkig het daar by dié vergadering reeds die eerste barste in die eenheid verskyn, want sommige Kapenaars wou nie afsien van 'n verbintenis met die Britse Ryk nie. J. H. Hofmeyr het die toneel begin voorberei vir die oorname van die Bond.⁶⁷

'n Ander gevolg van die vergadering te Richmond was die kritiek op hoofregter F. W. Reitz se deelname daaraan. Die Cape Argus het van die Britse Hoë Kommissaris geëis om by pres. Brand te protesteer dat die hoofregter 'n leier was van 'n beweging wat die Britse vlag wou stryk en Suid-Afrika deur die Afrikaner wou laat regeer. Borckenhagen het Reitz se optrede verdedig aangesien die Bond waarvan Reitz 'n leier was, die volste bestaansreg en 'n verhewe doel gehad het. Die Bond moes meehelp om die volk hul regmatige betrokkenheid by die politiek van die land te laat besef.⁶⁸

Die Vrystaatse Afrikanerbond het weer eens 'n poging aangewend om saam met die Transvaalse Bond te vergader. By die Vrystaatse provinsiale bestuursvergadering in Mei 1884 is besluit om 'n kongres vir Transvaalse en Vrystaatse Bonds- en Volksraadslede te reël. Dié kongres sou op 24 Desember 1884 te Potchefstroom plaasvind.

Borckenhagen het hom daarin verheug dat een van sy diepste begeertes op dié kongres ter sprake sou kom, n.l. samewerking

66. De Express, 31.5.1883.

67. Malan, Politieke Strominge, p.105.

68. De Express, 14.6.1883.

tussen die twee republieke. Indien daar 'n wedersydse begeerte tot samewerking was, sou op konstitusionele wyse by die Volksrade van die twee republieke aanbeveel word dat die saak bespreek en daarvoor beslis moes word. Dit was vir hom verbasend dat die planne om 'n kongres te hou soveel teenstand in die Kaap en elders uitgelok het - selfs by die Volksstem, die Bondsorgaan in Transvaal, wat beweer het dat die tyd nie geleë was nie.⁶⁹ Dit is duidelik dat Borckenhagen baie te doene gehad het met die idee van 'n kongres en die opstel van die agenda.

By die kongres - deur Malan as keerpunt in die geskiedenis van die republieke beskryf⁷⁰ - is besluit dat 'n nouer verbintenis tussen die republieke, wat later tot politieke vereniging sou lei, noodsaaklik was en dat alle middele gebruik moes word om dié saak te bevorder. Ds. S. J. du Toit, voorsitter van die kongres, het daarop gewys dat die Londense Konvensie van 1884 samewerking tussen die twee republieke moontlik gemaak het. "'t Congres heeft geschiedenis gemaakt; de eerste steen is gelegd voor de vereeniging der twee Zusterrepublieken, de eerste mogelijk van een Vereenigd Zuid-Afrika. 21(sic!) December 1884 zal een gedenk-dag blijven in die jaarboeken van Zuid-Afrika", het hy gesê.

Die korresponderende komitees sou memories opstel, dit na Bonds-takke stuur vir ondertekening en dan na die twee Volksrade wat versoek sou word om stappe te neem.⁷¹ Die Afrikanerbond sou voortaan op georganiseerde wyse druk uitoefen vir staatkundige toenadering tussen die republieke.

69. Ibid, 4.12.1884.

70. Malan, Politieke Strominge, p.105.

71. De Express, 1.1.1885 en 8.1.1885.

T. B. Wiese (Junior), bekende Bondsman en afgevaardigde van die tak Bo-Modderrivier, distrik Bloemfontein, het in De Express die kongresbesluite verduidelik. Wat vereniging van die republieke betref, het hy voorspel dat die twee state later onder een regering geplaas sou word. Dit sou egter langsaam en op 'n natuurlike wyse geskied soos die groei van 'n boom. Vireers moes elkeen in sy eie staat saamwerk tot die welvaart van sy eie volk.⁷²

Die volk het aan die openbare debat begin deelneem. Borckenhagen kon daarop roem dat die Afrikanerbond lewe opgewek het waar daar doodsheid en onverskilligheid was. Dat 'n Bondsman, Neethling, die verkiesing in die Kaap teen 'n Engelsman, Ross, kon gewen het, was 'n bewys hiervan.⁷³

Die meeste takke van die Afrikanerbond het gereeld vergader en hulle notules na De Express gestuur vir publikasie. Verskeie onderwerpe is by dié vergaderings bespreek; nouer vereniging met Transvaal en spoorweë was bo-aan die lys. Die land se benarde finansiële posisie, besuiniging, die vermindering van die aantal Volksraadslede, die stigting van boere- en wolverenigings, die oprigting van wolfabrieke en -markte en 'n modelplaas, die brand-siektewet, omheining van plase en ander boerdery-aangeleenthede, die doelstellings en vrugte van die Bond, onderwys, 'n verenigde Suid-Afrika, die stigting van Jongeliedeverenigings, meer mag aan die howe van landdroste en heemrade en ook aan vrederegters en groter deelname van die burgers aan verkiesings tel onder die sake wat aan die beurt gekom het. Dit het Borckenhagen se hart verbly om te sien tot hoe 'n mate belangstelling in sake van die

72. Ibid, 1.1.1885.

73. Ibid, 27:3.1884.

dag, waarvoor hy so vuriglik gepleit het, toegeneem het.

By 'n interessante vergadering van die Afrikanerbond-tak Kliprivier, distrik Harrismith, bygewoon deur ongeveer 57 belangstellendes, is talle vrae gevra en beantwoord. Die twyfelagtiges was ook daar. N. Prinsloo het, in navolging van pres. Brand, gevra of die doel van die Bond was om 'n eie regering in 'n regering tot stand te bring. Die voorsitter, I. C. Wessels, het geantwoord dat die Bond met die regering wou saamwerk en dat alle wense van Bondslede eerbiedig aan die regering bekend gemaak sou word by wyse van memories. 'n Ander vraag was wat die vrugte van die Afrikanerbond was. Die voorsitter het verduidelik dat daar in die Kaap en die Vrystaat reeds baie vrugte was, onder andere dat daar veel meer belangstelling by die verkiesing van amptenare was, skole vir minderbevoorregte kinders is opgerig en burgers het die geleentheid gekry om hul belange en wense by die regering bekend te maak. By dié vergadering is ook besluit om 'n Jongelingsvereniging te stig.⁷⁴

Borckenhagen het sy tevredenheid met die groter betrokkenheid van die burgers by die openbare lewe te kenne gegee in 'n hoofartikel met die opskrif: "Politieke Ontwaking!" Hy was verheug om die burgers se groter belangstelling in staatsaangeleenthede te sien. Dit was 'n goeie en gesonde verskynsel. Manne van wie dit nie verwag is nie, het na vore gekom en oral in vergaderings het 'n gees van patriotisme geheers. Hy het die hoop uitgespreek dat die prysenswaardige gees van belangstelling sou bly, kragtiger word en invloed uitoefen. Vroeër is daar geen ag geslaan op die pers nie en wanneer hy kritiek uitgespreek het, is dit as inmeng-

74. Ibid, 19.3.1885.

ing en aanmatiging beskou en geïgnoreer. Daar was rede tot kritiek, want nêrens was daar 'n meer persoonlike regering as in die Vrystaat nie, maar sy kritiek was altyd in milde vorm. Die volk het egter die werk van die pers met onverskilligheid beantwoord. Dié toestand het 'n plotselinge verandering ondergaan en "het volk is ontwaakt tot zijn plicht". Sommige was van mening dat die gisting te ver gegaan het. Hy was daarvan oortuig dat die burgers nie buite hul konstitusionele regte sou optree nie. Soms was die toon van die burgers miskien te skerp, maar as die regering verbeterings sou aanbring, sou die publiek se stem minder onaangenaam opklink. Eén stem het nou vanuit die platteland, dorpe en stede opgegaan om die volk se begeertes bekend te maak. Elkeen het, soos hy dit gestel het, sy steentjie aangedra, al was almal nie so vertrouwd met openbare aangeleenthede nie. Verbeterings moes aangebring word en dat die volk daarna gestreef het, was 'n bewys van sy gesonde konstitusionele sin.⁷⁵

Die volk se belangstelling in hul land se politiek het nie soveel vreugde in die Volksraad veroorsaak soos by Borckenhagen nie. Die talle memories ten gunste van nouer vereniging met Transvaal wat ná die Potchefstroomse kongres gesirkuleer en in sommige gevalle in De Express afgedruk is, is ongunstig deur pres. Brand en sy volgelinge ontvang. Daar is reeds gewys op Brand se gebelgdheid omdat 'n sekere groep van die gemeenskap volgens hom probeer het om gesag te ondermyn en twis onder die volk te werk. Syns insiens het 'n selfaangestelde organisasie nie die reg gehad om kontak met Transvaal te bewerkstellig nie, maar slegs die Uitvoerende Raad. In hul steun aan hom het sommige raadslede beweer dat sulke optrede verraad was wat die onafhanklikheid van

75. Ibid, 4.2.1886.

die Republiek bedreig het. Ten spyte van die Afrikanerbondlede in die Raad, soos J. H. W. Wessels en M. Heijns, se pleidooie, het die Volksraad, tot The Friend, se innige genot, die memories van die hand gewys.⁷⁶

Die minagting waarmee die memories in die Volksraad behandel is, het skerp kritiek, veral op pres. Brand, van Borckenhagen en talle burgers op verskeie vergaderings ontlok. Die pogings van die Raad om met die Kaap en Natal op die gebied van spoorweë saam te werk en nie die Delagoabaailyn te steun nie, het gemoedere gaande gemaak en regoor die Republiek is vergaderings gehou waar heftige stemme vir nouer vereniging met Transvaal en teen spoorweë opgegaan het. Op 20 Januarie 1886 het 150 afgevaardigdes van 6 distrikte 'n kongres te Wepener bygewoon en in die Suidoos-Vrystaat het J. M. de Wet van Ladybrand talle vergaderings gereël waarop onder ander gewaarsku is teen die listige diplomatie van die Kaap en Brittanje. 'n Aantal kommissies is saamgestel om te organiseer en pleitskrifte is opgestel om lede van die Bond en ander Afrikaners op te roep om memories aan die Volksraad te stuur. Dit het 'n volksprotes geword. Daar was 'n belangstelling in die openbare lewe soos nooit tevore nie en die burgers het 'n ongekende gevoel van samehorigheid ondervind. Tereg kon Borckenhagen skryf "het volk is ontwaakt".⁷⁷

Die korrespondensiekolomme in De Express is oorstrom deur briewe waarin nouer vereniging bepleit is en teen die regering se spoorplanne en hantering van die finansies te velde getrek is. Sommige korrespondente het hul ontevredenheid met hul Volksraads-

76. Malan, Politieke Strominge, p.131.

77. Ibid, pp.132-133; De Express, 4.2.1886.

lede uitgespreek, byvoorbeeld "Knapzakker" van Philippolis. Hy het geskryf dat hulle drie Volksraadslede teen die wense van die burgers gehandel het en dat hulle manne in die Volksraad wou hê wat eerder vir die welvaart van die land as in hul eie belang gewerk het.⁷⁸

J. M. de Wet, die sterk leier hierbo genoem, het De Express gebruik om die volk tot optrede en die regering tot nadenke op te roep. Hy het begin deur Borckenhagen te loof vir "de getroutheid en ijver waarmede gij onze volksbelangen en Afrikaansche zaak voorstaat, van het begin tot heden toe". Daarna het hy die groot verandering in die gees van die burgers geskets. Daar was belangstelling in die land se welvaart; ook gelykheid en eenheid deur broederlike samewerking. Die rojale wyse waarop die regering in 'n tyd van geldskaarste met die burgers se belastinggeld gewerk het deur dit op nuttelose dinge soos die opmeting van 'n spoorlyn na Kimberley te verkwis, "heeft aanleiding gegee tot een ongekende en buitengewone bijeenstrooming van burgers". Die burgers was kwaad en hy het vertrou dat die regering by die Volksraadsitting sy ore vir die volk sou oopmaak. Spoorweë was syns insiens 'n verterende mot met meer nadele as voordele. Om geld daarvoor by Engeland te leen, sou wees om die Vrystaat se vryheid met 'n servituut te besoedel. Die Vrystaatse broers moes ontwaak, want die tyd was ernstig. Hulle sou aan die Volksraad op eerbiedige wyse, maar met kragtige woorde, hul wense bekend maak. Die doel was nie om die regering omver te werp nie, maar om hom uit die modder op te help; nie om rebellie te veroorsaak nie, maar om dit te verhoed. As die regering skuld sou maak vir spoorweë, sou dit rebellie veroorsaak. Geen spoorweë moes gebou

78. De Express, 4.3.1886.

word voordat daar geld was nie.⁷⁹

Volgens De Wet het die burgers hulle op die vergaderings ordentlik en fatsoenlik gedra het. Waarskynlik was sommige vergaderings tog 'n bietjie lewendig, want "Vooruitgang" van Winburg het 'n beroep op die burgers gedoen om nie op beskamende en revolutionêre wyse op vergaderings op te tree nie - dit sou in die vyand se kraam pas. Die kerk en onderwys moes ook nie ondergrawe word nie. Griewe moes op 'n konstitusionele en eerbiedige wyse oorgedra word sonder om die President en Volksraadslede te beledig. Burgers moes toon dat hulle deel van 'n beskaafde volk was.⁸⁰ Soos Borckenhagen dit gestel het, het die ywer soms 'n bietjie oorgekook, maar die feit is dat die volk nou intens belang gestel het in landsake.

Daar is reeds aangetoon hoe die Afrikanerbond in die Vrystaat en veral die korresponderende komitee die inisiatief geneem het om die samewerking van die Afrikanerbond in Transvaal en die Kaap te kry en om gesamentlike byeenkomste te probeer reël. Dit was immers op daardie tydstip die Bond se doel om alle Afrikaners in Suid-Afrika te laat saamstaan sodat 'n verenigde Suid-Afrika onder 'n eie vlag tot stand kon kom. Vir die eerste en enigste keer het die sentrale bestuur van die Bond op 17 en 18 Februarie 1886 in Bloemfontein bymekaargekom. Die konflik, vererger deur die ekonomiese resessie, tussen die Britse kolonies en die republieke oor ekonomiese en politieke sake soos invoerrege en tariewe en die anneksasie van Stellaland en Goosen het reeds groot afmetings aangeneem en daar was ook verwydering tussen die

79. Ibid, 18.2.1886.

80. Ibid, 11.3.1886.

verskillende afdelings van die Afrikanerbond. Elke afdeling wou sy eie land se ekonomiese belange bevorder.

By die byeenkoms was daar dus ook nie volkome eenstemmigheid nie. Terwyl almal saamgestem het dat daar na 'n verenigde Suid-Afrika gestrewe moes word, is die kwessie of dit onder 'n eie of die Britse vlag moes wees, opsygeskuif ter wille van die vrede. Die Bondsbrief wat ná die vergadering aan alle takke gestuur is, het die verskille nog duideliker beklemtoon. Daarin is die Kaapse regering se tariewebeleid onder andere veroordeel.

In sy hoofartikel waarin hy die byeenkoms bespreek, meld Borckenhagen wel dat hy moed vir die toekoms gekry het, maar in die hele artikel val die klem meer op samewerking tussen die Vrystaat en Transvaal as op Suid-Afrikaanse samewerking.⁸¹

Dit sou nie lank duur voordat hy met verbittering sou uitroep dat die droom van 'n verenigde Suid-Afrika net 'n hersenskim was nie. Net 'n maand na die sentrale bestuur se vergadering in Bloemfontein, het die Kaapse Afrikanerbond in Grahamstad vergader. Die Engelse pers van die dorp het groot druk op die byeenkoms uitgeoefen en wat Borckenhagen 'n "aaklige resoluëie" genoem het, is aangeneem. Die Kaapse Afrikanerbond sou naamlik vir konfederasie onder beskerming van Brittanje werk.⁸² Die Kapenaars wou graag van die sentrale bestuur ontslae raak. Dit het in naam bly voortbestaan sonder om enige invloed uit te oefen of ooit weer te vergader.⁸³

81. Ibid, 25.2.1886.

82. Ibid, 1.4.1886.

83. Davenport, p.96.

In 1887 is die verskille op die spits gedryf toe J. H. Hofmeyr, na sy deelname aan die koloniale konferensie in Londen, te kenne gegee dat hy hom voortaan sou beywer vir 'n ekonomies-verenigde Suid-Afrika wat uiteindelik 'n verenigde Suid-Afrika onder die Britse vlag sou beteken. By die Kaapse Bondskongres te Uitenhage in Maart 1887 het D. van den Heever alreeds gepleit vir 'n unie onder die vlag van "ons geliefde koningin". Borckenhagen se onmiddellike kommentaar was dat die republieke nie in so 'n unie sou deel nie.⁸⁴

In 1887 het De Express en Di Patriot se paaie ook uiteengeloop. Reeds in 1883 het Di Patriot geskryf van 'n Britse Protektoraat⁸⁵ en Borckenhagen het met verbasing gevra of hy daarmee bedoel het dat die Vrystaters en die Transvalers weer Britse onderdane moes word.⁸⁶ Di Patriot en De Zuid Afrikaan het hulle beide ten gunste van 'n verenigde Suid-Afrika onder 'n Britse vlag en teen 'n spoorlyn na Delagoabaai uitgespreek en het gepleit vir 'n spoorlyn tussen Kimberley en Pretoria. Volgens Borckenhagen kon daar geen sprake van so 'n vereniging wees nie. Hy was tereg daarvan oortuig dat die Engelse die Bond in die Kaap wou gebruik om die republieke te ondermyn. . Voortaan sou hy sy eie weg inslaan, want dit was vir hom 'n saak van onmoontlikheid om vir 'n verenigde Suid-Afrika onder die Britse vlag te werk.⁸⁷

Namate die sitting van die Volksraad in 1886 nadergekom het, het

84. De Express, 19.4.1887.

85. Du Toit, pp.201-202 (soos aangehaal uit Di Patriot, 25.9.1883 en 19.10.1883).

86. De Express, 15.11.1883.

87. Ibid, 27.12.1887.

die aantal openbare vergaderings weekliks toegeneem. 'n Korrespondent, "Cato de Oude" van Ladybrand, het vertel van die bewonderenswaardige bedrywigheid op politieke gebied oral in die Staat. Openbare byeenkomste is gehou en druk besoek, memories ter tafel gelê en flink geteken. Warme geesdrif vir nouer vereniging en teen spoorweë is getoon. Sommige eise het miskien te ver gegaan, maar die meeste was billik. Die vernaamste dryfveer, soos hy dit gesien het, was die vrees dat die kleine Vrystaat onder sou gaan deur geldverspilling en wanordelike bestuur van landsake soos geruime tyd in swang was. Hy was bevrees dat as die regering nie na die volk sou luister nie, daar wanorde en oproer sou wees.⁸⁸

Die land was nog geknel in die greep van 'n jarelange droogte en ekonomiese resessie en besuiniging was een van die mees algemene onderwerpe onder bespreking op vergaderings. By hierdie vergaderings is daar dikwels verwys na De Express se hoofartikels waarin daar kritiek op die regering se finansiële en administratiewe beleid uitgespreek is. Korrespondente het ook gemeld dat De Express hulle oë oopgemaak het wat die land se finansiële posisie betref.

By die vergaderings is talle besuinigingsmaatreëls voorgestel waarvan sommige baie onprakties was. Daar is gevra dat die aantal raadslede en hul toelaes verminder word en dat die salarisse van amptenare besnoei word. Daar is selfs gemeen dat heelwat amptenare afgedank kon word, byvoorbeeld die Inspekteur van Openbare Werke en selfs die Inspekteur van Onderwys. Ander het heftig beswaar gemaak teen laasgenoemde voorstel aangesien

88. Ibid, 18.3.1886.

dit onderwys in die Vrystaat sou knou. Party het gemeen predikante en landdroste kon onderwys behartig. Die meeste wou nie eers hê dat spoorweë by die Volksraadsitting genoem word nie, eerstens weens die moeilike finansiële tye en tweedens omdat hulle eerder met die Zuid-Afrikaansche Republiek as met die Kaap verbind wou wees. Sewentig memories met 5 447 handtekeninge teen spoorweë is aan die Raad gestuur.

Borckenhagen het meermale gepleit dat mense met insig en invloed moes toetree tot openbare debatvoering en positiewe bydraes moes lewer om landsprobleme te help oplos. 'n Brief soos dié van C. W. Browne van Rouxville getuig daarvan dat mense begin gehoor gee het aan sy oproep. Browne het aangevoer dat die vernaamste rede vir die swak finansiële toestand die feit was dat alles ingevoer en niks uitgevoer is nie. Wol was een van die weinige produkte wat uitgevoer kon word en daarom moes die verbetering van die wolstapel voorkeur geniet. In plaas van om die oorsaak van die probleem te probeer vind en 'n oplossing te soek, was mense op vergaderings besig om uiterste maatreëls voor te stel soos die verandering van die administrasie, laer besteding aan onderwys en kleiner salarisse aan amptenare. Die land se grootste behoefte was juis 'n goeie, soliede opvoeding wat mense sou leer dink. Sonder opvoeding sou die Staat agteruitgaan. Om regters af te skaf, sou dwaasheid wees, want 'n behoorlike regstelsel was noodsaaklik. Verder sou vermindering in die salarisse van amptenare veroorsaak dat slegs swak amptenare getrek word en dit sou allerlei euwels tot gevolg hê. Sy raad was: "Educate, work, improve. Don't in a panic take retrograde steps".⁸⁹

89. Ibid, 25.3.1886.

Terwyl Browne klem gelê het op deeglike opvoeding, moet net weer daarop gewys word dat die Afrikanerbond van die begin af besef het dat die opvoeding van die jeug een van die belangrikste middels was om Afrikanernasionalisme te kweek. Die oprigting van skole en die stigting van Jongelingsverenigings was 'n gevolg van dié besef. Die vergaderings van Jongelingsverenigings het die vorm van formele debatte aangeneem en die onderwerpe onder bespreking was meestal baie aktueel en het dikwels oor landsake gegaan. Net soos by Afrikanerbond- en openbare vergaderings is daar onder andere oor spoorweë, nouer vereniging met Transvaal en besuinigingsmaatreëls gedebatteer. 'n Voorbeeld van so 'n vergadering kort voor die Volksraadsitting is dié van die Jongelingsvereniging van Kliprivier, Harrismith wat op 15 April 1886 gehou is. Twee onderwerpe is bespreek: nouer vereniging met Transvaal en die kwessie of daar vrye invoer moes wees of beperkings op invoer.⁹⁰

Die vroeëre onbetrokkenheid van die volk by die regering en administrasie van die land was iets van die verlede. Die pers het die volk ten volle op hoogte gehou met die land se finansiële toestand. Op lewendige vergaderings is verantwoording van Volksraadslede geëis vir die wyse waarop die burgers se belastinggeld bestee is. Dit was immers die eerste keer dat die volk direk belas is. Borckenhagen het, met die oog op die Volksraadsitting, die hoop uitgespreek dat die regering die volk se lewendige belangstelling in politieke en finansiële sake nie verkeerd sou verstaan nie. Hy is steeds beskuldig dat hy oproer stig terwyl hy, volgens hom, net die volk se gevoel vertolk het. Die swak finansiële toestand het veroorsaak dat daar 'n verlies van ver-

90. Ibid, 25.3.1886.

troue in die regering was en die Volksraad het nou voor 'n toets te staan gekom. Hy moes toon of hy van goeie gehalte was en dat hy kon besuinig en die land sorgvuldig administreer. Daar moes 'n einde kom aan die ou beleid om maar die maklikste weg te volg en aan die gebrek aan energie, bekwaamheid, dissipline, moed en volharding. Daar was nog tyd om die saak reg te stel.⁹¹ Aangesien die volk so 'n ywerige belangstelling in landsake begin toon het, het hy die Volksraad versoek om die verslag van die finansiële kommissie openbaar te maak sodat die burgers se mening ingewin kon word.⁹² Dit is, tot sy teleurstelling, egter nie gedoen nie.⁹³

Aan die anderkant het hy sy volksgenote gewys op hul plig om die Volksraad te steun en die land se wette te gehoorsaam. Kiesers en Volksraadslede moes saamwerk tot die opbloei van die land.⁹⁴ Wat die oproepe op besuiniging betref, het die regering geen keuse gehad as om drastiese maatreëls te tref nie, amper te drasties na Borckenhagen se mening. Een van die maatreëls was dat die Volksraadsnotules in verkorte vorm gedruk moes word.⁹⁵ Die volk het daarop aangedring om ten volle ingelig te word en kiesers wou weet wat hulle verteenwoordigers se standpunte in die Volksraadsittings was. Dié besluit is dus weer in 1887 herroep.⁹⁶

91. Ibid, 10.6.1886.

92. Ibid, 6.5.1886.

93. Ibid, 13.5.1886.

94. Ibid, 29.4.1886.

95. OVSVR, 21.6.1886, p.594.

96. Ibid, 4.5.1887, p.40; De Express, 4.9.1886 en 22.4.1887.

Pres. Brand het by hierdie sitting weer eens sy diplomاسie fyn ingespan. Sy groot ideaal was om ekonomies by die Suide in te skakel en daarvoor was spoorweë nodig. Om die volk te paai en om aan die Britse kolonies iets te gee om oor na te dink, het hy, voordat spoorweë ter sprake gekom het, voorgestel dat daar met die Zuid-Afrikaansche Republiek onderhandel word oor 'n vriendskaps- en handelstraktaat. Die Volksraad het opdrag daartoe gegee, maar so 'n verdrag het nie in Brand se tyd tot stand gekom nie.

Die President en sy ondersteuners, Fraser en Fischer, het vervolgens die voordele van spoorweë geskilder, maar die meerderheid Volksraadslede, bewus van die burgers se sterk teenkanting, het die aanlê daarvan afgekeur. 'n Deur is egter oopgehou deurdat pres. Brand opdrag gekry het om met die kolonies in verbinding te bly met betrekking tot spoorweë.⁹⁷

By die behandeling van die 24 memories met 1 620 handtekeninge vir nouer vereniging met Transvaal, het pres. Brand heftig beswaar daarteen gemaak. Hy het gemeen dat die Vrystaat sy onafhanklikheid sou verloor as aan die versoeke gehoor gegee word, veral aangesien Brittanje nog soesereiniteit oor Transvaal gehad het. Sy ampseed en dié van die Volksraadslede het hulle syns insiens verbied om so 'n besluit te neem. Hierdie houding van Brand en veral Fraser se verdoeming van die Bond het diepe verontwaardiging ontlok. Die gebelgdheid het op vergaderings en in die kolomme van De Express uiting gevind. T. B. Wiese het sy ontevredenheid met Volksraadslede wat nie hul kiesers se memories ondersteun het nie, ten spyte van beloftes op vergaderings ge-

97. Malan, Politieke Strominge, p.136.

maak, uitgespreek. Hy het daarop gewys dat daar 'n verkiesing vir die helfte van die aantal Volksraadslede op hande was en het die burgers aangespoor om die regte manne te kies.⁹⁸ Baie korrespondente het gekla dat Volksraadslede 'n ander deuntjie in die Raad gesing het as op vergaderings en Borckenhagen het die volk ook gemaan om te let op wat hulle Volksraadslede in die Raad kwytgeraak het.⁹⁹ Hy het kiesers aangeraai om van aspirant-kandidate te eis om beleidsverklarings op vergaderings te doen.¹⁰⁰ Hierdie raad is gevolg. Die Afrikanerbond van Middeveld, Boshof, het rekwisies aan twee moontlike Volksraadslede gestuur en gevra wat hul politieke standpunte was.¹⁰¹ By Volksraadslede se verslagvergaderings is sommige van hulle terdeë geroskam oor hul optrede in die Raad, soos in die geval van J. J. Bornman van die wyk Vetrivier. J.G. Fraser is skerp veroordeel en onbevoeg genoem.¹⁰²

Die ontevredenheid met die regering se houding jeens samewerking met Transvaal het so toegeneem dat die Afrikanerbond 'n volkskongres vir 9 Desember 1886 te Heilbron belê het. 'n Burger het in De Express 'n beroep op alle Vrystaters gedoen om geen moeite te ontsien om die kongres by te woon nie, want "de Volkskracht zit in die stemkracht".¹⁰³ Hoewel daar baie sterk aandrang vir nouer vereniging was, was daar verskille en onsekerheid met betrekking tot die vorm wat hierdie vereniging moes aanneem en dit het die

98. De Express, 8.7.1886.

99. Ibid, 12.8.1886.

100. Ibid, 26.8.1886.

101. Ibid, 11.11.1886.

102. Ibid, 9.9.1886 en 4.10.1886.

103. Ibid, 21.10.1886.

republikeine se saak skade berokken.

Intussen was daar weer 'n provinsiale bestuursvergadering van die Afrikanerbond in Bloemfontein en Reitz en Borckenhagen is tot die korresponderende kommissie herkies, bygestaan deur T. B. Wiese. Hul hoofdoel was om met Transvaal in kontak te bly en alles moontlik te doen wat tot die bevordering van gemeenskaplike belange sou dien.¹⁰⁴

Gebeure in die jaar 1886 het 'n ommekeer in omstandighede en gesindhede teweeggebring. As gevolg van die ontdekking van goud het Transvaal nie meer nodig gehad om vir gunste te bedel nie, maar die Kaap wel. Vir die Vrystaters was dit soveel meer rede om nouer vereniging met die Zuid-Afrikaansche Republiek te begeer. Selves pres. Brand was meer geneë om met die susterrepubliek te onderhandel wat ekonomiese aangeleenthede betref, maar nie oor staatkundige vereniging nie.

Borckenhagen het volhardend aangedring op nouer vereniging en het die volk aangespoor om 'n lewendige debat daaroor te voer sodat 'n oplossing gevind kon word.¹⁰⁵ Die kwessie het dan ook op vergaderings en in korrespondensie baie bespreking uitgelok.

Die opspraakwekkende konferensies tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek en die Vrystaat te Pretoria en Bloemfontein, pres. Brand se dreigemente om te bedank, sy diplomatieke spel met Transvaal en die Britse kolonies en die uitnodiging tot 'n tol- en spookkonferensie in Kaapstad word in die volgende hoofstuk

104. Ibid, 3.6.1886.

105. Ibid, 8.3.1887.

volledig behandel.

Hierdie gebeure het beroeringe in die Vrystaat veroorsaak. The Friend en pres. Brand se aanhangers in Bloemfontein en Kroonstad was baie in hul skik met die verloop van sake, maar op die platteland was dit 'n ander saak. Borckenhagen se skerp kritiek en misnoë is op vergadering na vergadering beaam. Die Afrikanerbond het 'n kongres vir 16 November 1887 te Potchefstroom georganiseer. Daar is die Volksrade van die twee republieke versoek om gehoor te gee aan die volk se innige wens tot nouer vereniging; voorkeur moes aan 'n Delagoabaai-spoorlyn gegee word en daar is gevra dat 'n tolunie slegs tot stand moes kom as alle state bereid was om toe te tree.¹⁰⁶ By die Volkskongres van 18 Januarie 1888 en talle vergaderings daarna is hierdie besluite herbevestig.

Die Volksraad is nog meer as in die verlede met memories ten gunste van nouer vereniging en teen spoorweë oorval. Meer as 7 000 handtekeninge teen spoorweë is gewerf. 'n Groot deel van die stemgeregtigde bevolking het dus hulle teenkating teen spoorweë getoon. Volgens Borckenhagen was hulle nie soseer teen alle spooraanleg nie, maar teen 'n spoorbeleid wat samewerking met Transvaal sou bemoeilik. Dit was ook die houding van die Bondsmanne in die Volksraad.¹⁰⁷

By die Volksraadsitting van 1888 is die tolooreenkoms goedgekeur en ook spooraanleg, laasgenoemde net met die beslissende stem van die voorsitter, J. G. Fraser. Vir pres. Brand en sy volgelinge

106. Malan, Politieke Strominge, p.147.

107. Coetzee, p.218.

was dit die vervulling van 'n ideaal en in Bloemfontein was daar groot vreugde.

Op die platteland was die ontevredenheid en frustrasie egter groot. Vergaderings en talle volkskongresse is georganiseer. Brand, Fraser en raadslede wat vir spoorweë gestem het, is kwaai gekritiseer en een van Brand se ondersteuners, P. M. Botha, raadslid vir Kroonstad, moes op sy verslagvergadering erken dat daar tussen Brand en 'n groot aantal Volksraadslede 'n gevoel van wantroue was, veral gedurende die voorafgaande drie jaar.¹⁰⁸ Gemoedere het baie hoog geloop en daar is gevoel dat die "koningstem" van die volk verontagsaam is. Die Volksraad het hom nie aan die burgers se memories gesteur nie. Op Winburg is daar, op voorstel van C. R. de Wet, besluit om 'n volkskongres te Bloemfontein te hou twee dae voor die volgende Volksraadsitting. Die volk sou daar demonstreer hoe hulle oor spoorweë en nouer vereniging voel.¹⁰⁹

Die dood van pres. Brand het die Vrystaters egter vir 'n tydlang tot stilstand geruk. Daarna het die verkiesing van 'n nuwe president die aandag in beslag geneem en hoofregter F. W. Reitz het op die meeste vergaderings steun geniet. Die volk het saam met Borckenhagen gestem dat hulle op hom kon vertrou. Sy verkiesing tot Staatspresident het getoon dat sy beleid in ooreenstemming met hul wense was.

Intussen het die Afrikanerbond gekwyn, terwyl Boere- en Jonge-

108. De Express, 25.6.1887.

109. Malan, Politieke Strominge, p.194.

lingsverenigings gefloreer het.¹¹⁰ Een van die redes was dat die Kaapse Afrikanerbond 'n werktuig van imperialisme geword het en soos Borckenhagen dit later gestel het: "Stinkende geworden (is) in veler neusgaten".¹¹¹ Dit was net in die Vrystaat dat die oorspronklike gees van die Bond nie deur Britse imperialisme geskend is nie.¹¹² 'n Belangrike rede waarom die Bond in die Vrystaat agteruit gegaan het, was dat baie Vrystaters met Reitz se verkiesing gevoel het dat die Bond nie meer bestaansreg gehad het nie omdat hulle geglo het dat hulle nuwe president, anders as pres. Brand, hulle nasionale strewes sou bevorder.¹¹³ Of soos J. D. du Toit dit stel: die Afrikanerbond het in die republieke doodgegaan omdat "die opgewekte nasionale gees daar 'n magtige regeringshand tot sijn beskikking had".¹¹⁴

Gedurende Brand se bewind het die Afrikanerbond in die Vrystaat egter sy doel gedien, naamlik om Afrikanernasionalisme te bevorder en 'n effektiewe politieke drukgroep te vorm wat ook in verkiesings 'n rol gespeel het.

Een van die prestasies van die Afrikanerbond was die aard van sy organisasie. Wyksbesture het puik gefunksioneer en het tot gevolg gehad dat belangstelling in politieke en openbare sake in afgesonderde wyke van die Vrystaat ingedra is. So is die platteland ingelig en opgevoed om ook 'n bydrae tot die gemeenskap te lewer. Verder is leiers gekweek omdat daar telkens takke afge-

110. Coetzee, p.219.

111. De Express, 30.3.1894.

112. Coetzee, p.222.

113. Malan, Politieke Strominge, p.194.

114. Du Toit, p.174.

stig is en soveel meer manne kon op besture dien en die leiding neem. Die Afrikanerbond het inderdaad 'n uitstekende middel geword tot die politieke opvoeding van die volk en waar daar aanvanklik geen politieke vergaderings gehou is nie, was vergaderings en volkskongresse veral sedert 1885 so volop dat De Express nie kon voorbly met beriggewing nie. Hoewel die Bond dus nie die aanvanklike doelstelling wat Borckenhagen daarmee gehad het, nl. om 'n verenigde Suid-Afrika onder 'n eie vlag tot stand te bring, verwesenlik het nie, het dit 'n belangrike bydrae gelewer om belangstelling in en betrokkenheid by die openbare lewe te kweek en die openbare mening te vorm.

Met behulp van die Afrikanerbond en De Express was Borckenhagen se rol in die vorming van die openbare mening en die aansporing tot deelname aan politieke aktiwiteite waarskynlik groter as dié van enige ander persoon in die Vrystaat. As 'n mens pres. Brand se groot invloed in ag neem en sy teenkanting teen die Afrikanerbond, is dit verbasend dat soveel sukses behaal is. Pres. Brand, J. G. Fraser en van hulle volgelingen het gereeld veroordelend en neerhalend van die Bond gepraat. Borckenhagen se denkwyse was egter in ooreenstemming met die behoeftes van die volk en met sy koerant kon hy die grootste deel van die volk bereik, hulle denkerig en hulle gevoelens vertolk.

* * *

HOOFSTUK 6.

PLEITBESORGER VIR NOUER VERENIGING.

As kampvegter vir die onafhanklikheid van die Vrystaatse Republiek het Borckenhagen na nouer samewerking op alle terreine en selfs vereniging met die ander onafhanklike republiek gestreef. Daar is weinig ander sake waaroor hy soveel geskryf het as juis hieroor. Vir hom het dit gegaan om die behoud van republikanisme in Suid-Afrika. As hy 'n toekomstige verenigde Suid-Afrika in die oog gehad het, was dit 'n republikeinse Suid-Afrika onder sy eie vlag en sonder enige Britse inmenging. Die besef dat Brittanje nie bereid was om sy oppergesag in Suid-Afrika prys te gee nie, het hom hierdie droom voorlopig laat vaar. Voortaan het hy hom beywer vir vereniging met die Zuid-Afrikaanse Republiek sodat hulle saam sterk kon staan teen die aanslag op hulle onafhanklikheid. Was hulle dan nie "het selfde volk ... met dezelfde hoop en dezelfde vrees, dezelfde belangen, dezelfde aspiratien, dezelfde taal, dezelfde ondervinding, den zelfden vorm van Gouvernement" nie?¹

In hierdie stryd het hy hom vereenselwig met die begeerte van die grootste gedeelte van die bevolking. Hy het 'n baie groot rol gespeel om hierdie begeerte lewendig te hou en te versterk en was, soos S. F. Malan aanvoer, die sterkste propageerder van

1. De Express, 12.3.1889.

Tydens die bewind van pres. Brand was daar oor hierdie saak weinig samewerking tussen die hoof van die staat en die redakteur van die invloedrykste koerant in die staat.

Pres. Brand het hom van die begin af beywer om die Vrystaat as 'n aparte staat op te bou, hoewel in verbond met die Zuid-Afrikaansche Republiek. Hy was nie geneë om hom met die verdeelde Transvaal se sake in te laat nie en het nooit 'n groot bewondering vir die susterstaat gekoester nie. Andersyds het gebeure soos die anneksasie van die diamantveld ook verwydering tussen hom en die Kaap tot gevolg gehad.³

Vir Brand was Afrikanernasionalisme nie, soos by Borckenhagen, van oorheersende belang nie. Hy het na 'n verenigde Suid-Afrika gestrewe, maar nie na 'n breë Suid-Afrikaanse republiek nie. Dit was sy oortuiging dat die verskillende state en kolonies op ekonomiese gebied so nou as moontlik moes saamwerk en dan sou politieke vereniging vanselfsprekend volg. Hy het nie soseer gestrewe na 'n verenigde Suid-Afrika onder die Britse vlag nie as wat hy probeer het om die Afrikanerbond se ideaal van 'n Suid-Afrika vir die Afrikaners te versoen met Rhodes s'n van 'n verenigde Suid-Afrika onder die Britse vlag. Hy was nie bereid om met die Zuid-Afrikaansche Republiek saam te werk ten koste van samewer-

2. Malan, S. F., Politieke Strominge onder die Afrikaners van die Oranje Vrystaat (hierna afgekort as Politieke Strominge), p.123.

3. Coetzee, J. Albert, Politieke groepering in die wording van die Afrikanernasie, p.62.

king met die res van Suid-Afrika nie. Soos reeds gesien, het sy hele agtergrond en opvoeding hom meer geneë gemaak om met die Kaap saam te werk en hy het gevoel dat dit vir die Vrystaat voordeliger sou wees om met die Kaapse spoorweë en hawens verbind te wees en om met die Kaap 'n tolooreenkoms aan te gaan. Ekonomiese samewerking met die Kaap, op daardie stadium die welvarendste staat in Suid-Afrika, was vir hom die hoeksteen van toekomstige vereniging.

Borckenhagen wou ook hê dat die Vrystaat met die res van Suid-Afrika moes saamwerk, maar nie ten koste van die Zuid-Afrikaanse Republiek nie, en ook nie as dit die Vrystaat van Brittanje afhanklik sou maak nie.

Die Vrystaters en die Transvalers het 'n gemeenskaplike afkoms, tradisie en lewensiening gehad. Die meerderheid van hulle was die nageslag van Voortrekkers wat die Kaap en Natal verlaat het om weg te kom van Britse oorheersing. Sommige van hul voorouers, soos Andries Pretorius, het gehoop op 'n verenigde Voortrekkerstaat noord van die Oranjerivier. Pretorius kon egter nie daarin slaag om eensgesindheid onder die Trekkers te bewerkstellig nie.

Met die Sandrivierkonvensie in 1852 het Brittanje die Afrikaners oorkant die Oranjerivier in twee groepe verdeel en Pretorius se invloed in die gebied suid van die Vaalrivier geneutraliseer.

Gedurende die vyftiger- en vroeë sestigerjare was daar 'n aantal mislukte pogings van pro-Transvalers in die Vrystaat aan die eenkant en M. W. Pretorius van die Transvaal aan die anderkant, om die twee republieke te verenig. Pretorius se optrede het juis

die teenoorgestelde uitwerking gehad - dit het die begeerte na vereniging laat verflou. Sir George Grey se dreigement dat so 'n vereniging die Konvensies tot niet sou laat gaan, was baie effektief. Beide republieke het genoeg probleme met swart volkere gehad om nog aandag aan mekaar te gee en verder was daar soveel verdeeldheid in Transvaal dat vereniging nie vir die Vrystaters aantreklik gelyk het nie. Die geskille oor die grenslyn tussen die republieke en die Keate-uitspraak het tot verbittering by die Vrystaters gelei.⁴

Met die Britse anneksasie van Transvaal in 1877 het die Vrystaters se gevoel van verbondenheid en meelewing met hulle Transvaalse broers egter weer sterk na vore getree en ou verskille is vergeet.

F. X. Schermbrücker, redakteur van De Express, het reeds voor die anneksasie gepleit dat die Vrystaat die Transvalers moes help met ammunisie en manskappe, want "their defeat would be ours, as much as their victory will be ours".⁵ Hy het gesê dat die tyd vir "een dicht en innig verbond" aangebreek het. Verenigd sou hulle magtig wees en in staat om hulle posisie te handhaaf. Hulle kon saam 'n groot afvaardiging na Brittanje stuur. Ook kon hulle saam sorg vir 'n spoorlyn na Delagoabaai en so onafhanklik raak van die kuskolonies en laasgenoemde dwing om aan die republieke die doeanegeld te betaal wat hulle toegekomp het.⁶ Baie later sou sy opvolger dieselfde beleid voorstaan, maar nie aan die begin van sy redakteurskap nie.

4. Coetzee, pp.62-64.

5. De Express, 20.7.1876.

6. Ibid, 9.11.1876.

Toe Borckenhagen na die anneksasie van Transvaal die pen by Schermbrücker oorgeneem het, het hy die grootste simpatie met die Transvalers gehad, maar gemeen dat vereniging met Transvaal buite die kwessie was. As die Vrystaat aan die sinkende skip van Transvaal geheg sou word, sou albei ondergaan. Toestande in Transvaal was te swak en die Vrystaat sou die kastaiings uit die vuur moes krap met betrekking tot Swartes en moes ly onder Britse beleid jeens die Swartes. Verder sou die voogdyskap van Brittanje soos 'n swaard oor die hoof van Transvaal hang.⁷

Hy het ook nie 'n baie hoë dunk van die Transvalers gehad wat sonder slag of stoot eerloos aan Brittanje oorgegee het nie. Hul President en administrasie was swak, hul kommando's ongedisiplineerd en daar was nog nooit werklike eenheid in Transvaal nie. Paul Kruger, Piet Joubert en dr. E. J. P. Jorissen het hom nie as leiers beïndruk nie en hy het hulle optrede as deputasie-lede na Europa gekritiseer.⁸ Al raad wat hy vir die Transvalers gehad het, was om te berus en aandag te gee aan die samestelling van die Wetgewende Vergadering wat die Britte plegtig aan hulle beloof het. Hulle moes maar net hoop op 'n beter toekoms. In 'n meer optimistiese trant het hy die hoop uitgespreek dat dit dalk nie meer so ver was nie.⁹

'n Eerste stap in die rigting van nouer samewerking was die voltooiing van die telegrafiese verbinding tussen Pretoria en Bloemfontein. Met die oopstelling daarvan het De Express 'n telegram van gelukwensing van sy geesgenoot, De Volksstem in Pretoria ge-

7. Ibid, 7.3.1878.

8. Ibid, 31.1.1878, 14.2.1878 en 11.10.1878.

9. Ibid, 10.10.1878.

kry waarin die hoop uitgespreek is dat nasionale vereniging spoedig op telegrafiese vereniging sou volg. De Express het sy dank teruggetelegrafeer met die versugting dat die elektriese vonk die vlam van simpatie en nasionale eenheid tussen Transvaal en die Vrystaat sou ontsteek en dat uit die asse die feniks van 'n vry Suid-Afrika sou verrys. In sy hoofartikel het Borckenhagen daarop gewys dat maatskaplike en handelsbetrekkinge tussen Transvaal en die res van Suid-Afrika bevorder is deur snelle verbinding en daarom was die daarstelling van 'n telegraaflyn 'n politieke gebeurtenis. Suid-Afrika het 'n nuwe tydperk binnegegaan met die telegraafdrade wat verder en verder uitgestrek het en die stoomperd wat nader en nader gekom het. Hy was optimisties dat Suid-Afrika se toekoms groot sou wees en dat die dag sou kom wanneer die Suid-Afrikaanse volk 'n goeie bestuur oor sy eie land sou uitoefen, van vreemde bande vry.¹⁰

Die Transvaalse Vryheidsoorlog, die leierskap wat daar van Kruger, Jorissen en ander uitgegaan het en die moed wat die Transvalers aan die dag gelê het, het hom met ander oë na die broers oor die grens laat kyk. Hy het ook besef dat dit eintlik 'n stryd tussen imperialisme en republikaanse was en daarom het hy alles in sy vermoë gedoen om die Transvalers te help, soos baie van sy volksgenote ook.

Niks het meer bygedra om die gevoel van eenheid tussen die Transvalers en die Vrystaters te versterk as die oorlog nie. Na die oorlog het die Vrystaters voortgegaan om morele en praktiese steun te verleen. Groot somme geld is deur De Express en andere ingesamel om die Transvalers se nood te help verlig. In 'n brief

10. Ibid, 25.4.1879.

aan die Transvaalse Driemanskap, gedateer 25 Mei 1882, skryf Borckenhagen dat hy £7 463 gekollekteer en aan 'n Transvaalse kommissie wat Bloemfontein besoek het, oorhandig het.¹¹ Tydens die uitgerekte oorlog van die Transvalers teen Mapog het hy die Vrystaters weer eens aangespoor om hulle broers daadwerklik te steun. Deur middel van De Express het hy 'n Transvaalse Hulpfonds in die lewe geroep en Afrikanerbond-takke gevra om klere, skoene en ander benodighede in te samel vir die Transvalers.¹²

Vereniging met die Zuid-Afrikaansche Republiek het na die Vryheidsoorlog ter sprake gekom. Die oorlog het 'n ongekende opwelling van nasionalisme en 'n gevoel van eenheid onder die Afrikaners teweeggebring. Tereg het Borckenhagen geskryf dat die dade van die Transvalers die harte van duisende en tienduisende vinniger laat klop het en hulle oë laat flikker het. Hy het sake egter nugter beskou en daarop gewys dat, hoewel hy reeds in 1877 'n konfederasieplan vir Transvaal en die Vrystaat in De Express bespreek het, omstandighede so 'n plan voorlopig vernietig het. Die Vrystaat was bereid om Transvaal by te staan, soos in die oorlog bewys is, maar was nie bereid om een jota of tittel van sy algehele onafhanklikheid prys te gee en onder Britse soesereiniteit te kom nie.

Selfregering is nog nie in Transvaal herstel nie en daar het 'n lang stryd na volkome onafhanklikheid voorgelê. Hy was vol vertroue dat die Transvalers bekwaam was om hulself te bestuur en ontslae te raak van soesereiniteit. Dan sou Transvaal en die Vrystaat 'n verenigde Suid-Afrikaanse Republiek word en 'n offen-

11. Ibid, 31.3.1881; Transvaalse Argiefstukke, R3517/82.

12. De Express, 24.5.1883.

siewe en defensiewe verbond met Groot Brittanje aangaan. "De natuurlike sympathie van beiden lande strekt tot een nauwer vereniging, en hun veiligheid hangt niet weinig van eene goede verstandhouding af."¹³

'n Maand later, pas nadat Transvaal deur die Pretoria-konvensie selfbestuur gekry het, het daar, met Borckenhagen se seën, 'n anonieme artikel in De Express verskyn. Daarvolgens moes daar stadigaan begin word met die bouwerk aan 'n verenigde republiek. Eers moes 'n poging aangewend word om wette in die twee republieke gelyk te stel en burgerskap en professionele mense se status wedersyds te erken. Eenvormige tariewe en prosedures op baie gebiede, byvoorbeeld die pos- en regsweese, kon die weg vir vereniging, wanneer die tyd ryp was, berei. Die twee lande het baie gemeenskaplike belange gehad. Gedurende die oorlog en tydens die vredesonderhandelinge het die Vrystaat Transvaal bygestaan. Indien Transvaal ondergegaan het, sou die Vrystaat se onafhanklikheid ook nie lank geduur het nie. Om hierdie redes en omdat die inwoners van beide lande van dieselfde oorsprong was en een nasionale gevoel gehad het, moes hulle saamwerk, veral op die gebied van verdediging teen buite- en binnelandse vyande. So 'n ooreenkoms moes gesluit word voordat daar weer 'n Konserwatiewe regering in Engeland aan bewind kom wat Gladstone se werk ongedaan sou maak.¹⁴

Die Vrystaatse burgers het stadigaan ook in hierdie trant begin dink en die Afrikanerbond het die leiding hierin geneem.

13. Ibid, 7.7.1881.

14. Ibid, 11.8.1881.

Om hul gevoel van samehorigheid met Transvaal te demonstreer, was daar by die Paardekraal-feesvierings in Desember 1881, waar die herstel van Transvaalse onafhanklikheid herdenk is, minstens 140 Vrystaatse burgers teenwoordig. Baie Volksraadslede het ook gevoel dat daar nouer bande tussen die twee republieke moes wees, en pres. Brand het in 1882 opdrag gekry om die 1872-vriendskaps-traktaat met Transvaal te hernu. Dit het egter jare geduur voor- dat dié opdrag uitgevoer is.¹⁵

Teen die einde van 1882 het Borckenhagen die Transvalers gelukgewens met die vordering wat hulle gemaak het. Daar was ontwikkel- ling en goeie administrasie. Hy het hulle aangespoor om met alle mag te stry om volkome onafhanklikheid te bekom. Daar moes van soesereiniteit ontslae geraak word, want die doel daarvan was net om die twee republieke te verhinder om by mekaar aan te sluit. So 'n aansluiting was volgens hom natuurlik en net 'n kwessie van tyd en omstandighede.¹⁶

Met die ondertekening van die Londense Konvensie op 27 Februarie 1884 is die vernaamste struikelblok in die pad van vereni- ging, nl. Britse soesereiniteit, uit die weg geruim. Die bepa- ling dat die Zuid-Afrikaansche Republiek nie met buitelandse moondhede of Swartes oos en wes van die Republiek se grense oor- eenkomste kon aangaan sonder Brittanje se toestemming nie, sou egter probleme veroorsaak en deur die teenstanders van vereniging as wapen aangegryp word.

Borckenhagen het die groter mate van onafhanklikheid van Trans-

15. Malan, Politieke Strominge, pp.123-124.

16. De Express, 9.11.1882 en 28.12.1882.

vaal van harte verwelkom en dringender op vereniging begin aandrang. Volkome vereenselwiging sou voortaan die doel wees waarvoor hy sou werk en lewe. Die eerste mikipunt op hierdie pad was dat die twee republieke mekaar beter moes verstaan. Daarna kon hulle gemeenskaplik begin optree wat beskerming en verdediging betref. Klein geskille moes in die algemene belang opsygeskuif word. Hy het gemeen daar kon onmiddellik, sonder bespreking, 'n uitleweringsooreenkoms aangegaan word, daarna 'n handelstraktaat en dan defensiewe maatreëls wat aan die kolonies sou toon dat die republieke saamgestaan het. Die kolonies sou daardeur gedwing word om 'n deel van die invoerreg aan die republieke oor te betaal. Hy het gehoop dat die twee Volksrade aandag aan die kwesie van vereniging sou gee.¹⁷

Die enigste stap wat die Vrystaatse Volksraad in hierdie verband geneem het, was om 'n uitleweringstraktaat te besluit.¹⁸ Daar was eerder toenadering tussen die Vrystaat en die Britse kolonies en dit het die republikeine verontrus; gevolglik het die Afrika-nerbond 'n kongres waarop nouer vereniging die vernaamste besprekingspunt sou wees, vir 24 Desember 1884 te Potchefstroom gereël.

Intussen het Borckenhagen beklemtoon dat omstandighede nouer aansluiting tussen die republieke so op die voorgrond geskuif het dat die burgers en die Volksrade nie langer kon versuim om ernstig daarvoor te besin nie. 'n Beleid van afsondering kon net skadelik wees. Die gevoel van eenheid dwarsdeur Suid-Afrika was alreeds 'n soort bondgenootskap. 'n Verenigde republiek sou kragtig kon optree. Vooraf moes ooreengekom word op die begin-

17. Ibid, 20.3.1884.

18. OVSVR, 1.7.1884, p.762.

sels van optrede in alle sake van gemeenskaplike belang. Hy het gemeen dat die tyd aangebreek het vir staatsmanne om 'n kragtige federasie wat sy eie belange kon beskerm, daar te stel. Die beeld van 'n mengsel van metale wat in hardheid dié van die saamgevoegde metale afsonderlik oortref, was vir hom hier van toepassing.¹⁹

Die riglyne vir samewerking wat Borckenhagen neergelê het, het in die Vrystaat die volle ondersteuning van die Afrikanerbond geniet en daar is met Bondgenote in Transvaal onderhandel waarop die kongres te Potchefstroom gevolg het.

By dié kongres was daar warme geesdrif vir republikeinse vereniging ooreenkomstig die vermelde riglyne. Ds. S. J. du Toit het in sy openingsrede as voorsitter dié dag as van geskiedkundige betekenis bestempel²⁰ en S. F. Malan noem dit 'n keerpunt in politieke ontwikkeling. Voortaan sou die Afrikanerbond republikeinse samewerking georganiseer en doelgerig propageer en pres. Brand se beleid van samewerking met die Kaap teenwerk.²¹

Die besluite en beskouings van die kongres is deur korrespondensie en persoonlike verslaggewing na elke Bondstak uitgedra. Takke is gevra om memories ten gunste van vereniging na die twee Volksrade te stuur. By dié rade moes daar aangedring word dat 'n begin gemaak word met stappe om te verenig.

Takke van die Afrikanerbond regoor die Vrystaat het lewendig ge-

19. De Express, 27.11.1884.

20. Ibid, 1.1.1885.

21. Malan, p.130.

reageer en talle memories ten gunste van vereniging na die Volksraad gestuur. Baie hiervan is op De Express se drukpers gedruk. Borckenhagen het self 'n memorie, onderteken deur 32 persone, ingestuur. Die memories is nie gunstig deur pres. Brand en sy ondersteuners ontvang nie en al die gedruktes is verwerp omdat hulle nie aan die grondwet se vereistes voldoen nie. Die Volksraad het Brand se leiding weer eens gevolg en die memories afgekeur. Daar is beweer dat die memories en die kongres te Potchefstroom onkonstitusioneel was en dat memorialiste mislei is.²²

Die meerderheid Vrystaters, veral Bondslede, het hulle nie laat ontmoedig nie en voortgegaan om vereniging te bepleit. Borckenhagen het hulle met volharding bemoedig en daarop gewys dat die bevolking van beide republieke en die Transvaalse Volksraad hulle ondubbelsinnig ten gunste van vereniging verklaar het. Net die Volksraad van die Vrystaat het hom teen die wens van die volk gestel. Die volk moes nie tou opgooi nie. Hulle was republikeine en in 'n republiek het die stem van die volk die hoogste gesag gehad en geen regering of president kon hulle op die duur daarteen verset nie. "We zullen dus volharden, totdat we met Gods hulp ons doel bereiken", het hy geskryf.²³

Hy was baie verbitterd oor die Volksraad se optrede aangesien die indiening van petisies die reg van burgers, selfs in die mees despotiese land, was. Die memories het die wense van die Transvalers en die Vrystaters weerspieël en daar is op konstitusionele wyse gehandel. Hy het pres. Brand en die Uitvoerende Raad verwyt dat daar in dertig jaar niks meer met betrekking tot ver-

22. OVSVR, 25.2.1885, pp.205 en 208.

23. De Express, 18.2.1886.

eniging tussen die republieke bereik is as 'n uitleweringsooreenkoms nie. Verder het hy daarop gewys dat die Afrikanerbond nie wou regeer nie en ook nie 'n onmiddellike algehele vereniging met Transvaal voorgestaan het nie. Die Bond wou nie hê dat een republiek in die ander geabsorbeer word nie, maar net dat hulle nie so geïsoleerd van mekaar moes wees as wat die geval was nie.

Hy het die voorstanders van nouer vereniging bemoedig om voort te gaan nadat hulle eerste poging met memories na die Volksraad misluk het, want baie goeie sake is al vertrap deur mense wat gemeen het dat die tyd nog nie ryp was nie.²⁴

Sedert sy ontstaan het dit finansiële sleg gegaan met die Zuid-Afrikaanse Republiek en die staatskuld na die Vryheidsoorlog het die geldnood vererger. Algaande het gerugte en berigte van goudontdekkings toeneem en daar was vooruitsigte van 'n blink toekoms. In 1885 was Transvaal egter nog, soos die res van Suid-Afrika, in die greep van 'n kwaai depressie. Belasting is nie gereeld betaal nie en Borckenhagen het 'n beroep op die Transvaalse burgers gedoen om op hierdie gebied opofferings te maak soos hulle op 'n ander terrein gedurende die Vryheidsoorlog gedoen het.²⁵

Borckenhagen het die ontdekking van goud toegejuig omdat dit die Zuid-Afrikaanse Republiek sterk en onafhanklik kon maak. Nouer vereniging sou dan nog belangriker wees. 'n Korrespondent het aan De Express geskryf dat daar 'n gees onder die Vrystaatse plattelanders geheers het wat daagliks sterker geword het - 'n

24. Ibid, 4.6.1885.

25. Ibid, 13.8.1885.

gees om met Transvaal te verenig. Vir hulle het die toekoms donker gelyk vanweë die knellende ekonomiese maatreëls van die Britse kolonies. Hulle het die uitkoms van die Transvaalse Vryheidsoorlog as 'n seën van Bo beskou en dit was vir hulle die teken dat Afrika vir die Afrikaner bedoel was. Tog was die Vrystaat nie vry nie, maar 'n verlore volk weens die onderdrukking van die Kaap en Natal. Vereniging met Transvaal was die enigste oplossing. Saam kon die republieke dan sterk word, vry wees en deel in die voordele van goud in die buurstaat. Hy het drome gedroom van republikeinse goue ponde met die kop van 'n Afrikaner daarop. Vereniging sou vir die Vrystaat vooruitgang beteken en handel met Delagoabaai sou die Vrystaat vry maak van die Kaap en Natal.²⁶

P. D. C. Grabe skryf op sy beurt dat hy deur korrespondensie vasgestel het dat die meeste Vrystaters en Transvalers ten gunste van vereniging was. Dit was 'n dringende saak, want as Transvaal eers voorspoedig geword het, sou hulle nie met die Vrystaat wou verenig nie.²⁷

Borckenhagen het hom by hierdie korrespondente aangesluit en die volk aangeraai om te deel in die voorspoed wat op Transvaal wag deur saam te span en geld oordeelkundig in die goudvelde te belê²⁸ Hy het die Vrystaters egter gewaarsku teen die spekulasiegees en om nie na die goudvelde te gaan as hulle nie die vooruitsigte van 'n werk gehad het nie. Dit sou goed wees as almal die Zuid-Afrikaansche Republiek sou help om sy rykdomme te ont-

26. Ibid, 10.12.1885.

27. Ibid, 20.5.1886.

28. Ibid, 7.1.1886.

gin, maar mense moes versigtig wees en binne die perke van hul vermoë bly. Almal sou wel op een of ander manier deel in die vrugte van die goudveld.²⁹

Met die oë gerig op die Volksraadsitting in Mei 1886 het Borckenhagen herhaaldelik en sterk aangedring op nouer samewerking met Transvaal. Volgens hom was daar van die Kaap niks te wagte nie aangesien die Kaapse Eerste Minister, mnr. T. Upington, hom teen enige eise van die Vrystaat betreffende invoerreg uitgespreek het. Selfs die Afrikaners in die Kaap het die Vrystaters nie teen Upington gesteun nie en net hul eie belang gesoek. Hy is daagliks versterk in sy opvatting dat die Vrystaters noordwaarts moes kyk. "Daar ligt onze toekomst, en smelten onze belangen ineen, met die van hen wier aspiratien wij deelen en wier sympathie de echo der onze is." Die Vrystaat se voorspoed was daar te vinde en ook sy vriende wanneer gevaar sou dreig.³⁰

Uit die talle briewe van korrespondente en verslae van Afrikanerbondvergaderings blyk dit duidelik dat die volk van die Vrystaat dit met Borckenhagen eens was. So het die Afrikanerbond-tak Ladybrand besluit dat die tyd aangebreek het dat die Vrystaters en Transvalers een volk moes word aangesien hulle bloedverwante was.³¹ "Een Voortrekker" het die hele stryd teen Britse onderdrukking geskets asook die Vrystaters se meelewing met Transvaal gedurende die Vryheidsoorlog en gevra dat daar gewerk moes word vir 'n spoor na Delagoabaai. Hy het met 'n vers, "Roepstem", afsluit en onder ander geskryf:

29. Ibid, 19.8.1886.

30. Ibid, 27.5.1886.

31. Ibid, 7.1.1886.

"Thans gescheiden, zijn we klein;
Eens vereenigt, sterk en machtig!
Laat dan onze leuze zijn,
Lief en leed te zaam te dragen,
Zaam te streven naar één doel;
Vrijstaat en Transvaal te zamen -
Is te machtig voor Jan Boel!

- - - - -
Leve dan de Republieken
Zaamgesnoerd door éénen band;
Heil en zegen ruste voortaan
Op 't vereenigt vaderland!³²

Borckenhagen het in Februarie 1886 die verloop van die beweging vir nouer vereniging geskets tot by die Volksraad se verwerping van die volk se memories. Hy het vervolg dat die Bondstakke nie daarin berus het nie, maar by hul vergaderings hulle sterk ten gunste van vereniging uitgespreek het. Die Transvaalse Bondslede het ook hul provinsiale bestuur en Volksraadslede gevra om die saak kragtig by hul Volksraadsitting te bepleit. Hy wys op die aanstaande vergadering van die sentrale bestuur van die Afrika-nerbond in Bloemfontein en spreek die hoop uit dat die leiers die beste middele sou bedink om vereniging van die republieke teweeg te bring. 'n Kongres en talle memories was moontlike middele. Hy het beklemtoon dat die saak van vereniging nie opgegee darf word nie, want dit was van lewensbelang vir die republikeinse belange en beginsels in Suid-Afrika.³³

32. Ibid, 11.2.1886.

33. Ibid, 18.2.1886.

Dit moes nie net by 'n begeerte van die twee bevolkings bly nie, maar deur 'n staatsakte van die twee regerings bevestig word. Nêrens elders in die wêreld was daar 'n staat, hoe groot of sterk ookal, wat 'n vriendelike en gewillige bondgenoot versmaai het nie. Die regering moes nie weens ongegronde verdenkings of gevaarlike onverskilligheid die uitgedrukte, instinkmatige wense van die volk verontagsaam nie.³⁴

Hy voer later weer aan dat hy die verantwoordelikheid vir die idee van 'n konfederasie tussen Transvaal en die Vrystaat op hom neem, maar dat hy misverstaan is. Hy wou nie hê dat die twee republieke op daardie stadium onder een president moes verenig nie - daarvoor was hulle posisie nog te ongelyk en was daar te veel te doen om die twee state te ontwikkel. Om eendag 'n verenigde Suid-Afrikaanse Republiek tot stand te bring, moes daar 'n voorafgaande konfederasie van die twee republieke, sowel as die Nuwe Republiek, indien moontlik, wees. Om hul onafhanklikheid te handhaaf, moes hulle mekaar versterk deur 'n pragmatiese unie waarin handelsbelange, verdediging en die bestaan van die state gewaarborg sou wees. Volgens hom het die Vrystaat die grootste belang by so 'n unie gehad. Die bestaan van die Zuid-Afrikaanse Republiek as staat was vir die Vrystaat en net vir die Vrystaat van lewensbelang. Daar moes 'n keuse gemaak word tussen afhanklikheid van die Kaap of van Transvaal vir vrye toegang tot die see en 'n mark vir produkte. Die Kaap het oor 'n tydperk van dertig jaar bewys dat hy nie Vrystaatse belange in ag geneem het nie, maar dit eerder wou teëwerk. Aan die anderkant was die Vrystaat vir die Zuid-Afrikaanse Republiek onmisbaar; 'n lou

34. Ibid, 25.2.1886.

vriend was egter gevaarliker as 'n teenstander.³⁵ Vir hom het die tyd aangebreek om die onwaardige posisie van 'n bedelaar om die Kaap se guns te laat vaar deur met Transvaal en Natal saam te werk. Dit het hom verbly dat pres. Brand in sy aanspraak 'n traktaat van vriendskap en handel met die Zuid-Afrikaansche Republiek aanbeveel het.³⁶

By die Volksraadsitting van 1886 is memories, onderteken deur ongeveer 1 547 persone ten gunste van nouer vereniging met Transvaal ingedien. Dit was duidelik dat die memories uit 'n sterk ontwikkelde bewussyn van Afrikanernasionalisme gespruit het. Die motivering vir vereniging is aangegee as die noodsaaklikheid vir die twee republieke om saam te staan teen die gevare wat hul onafhanklikheid bedreig het, naamlik Swartes en Engelse, ekonomiese voordele as gevolg van goudontdekkings, 'n hawe vry van Engelse beheer, besuiniging van administratiewe koste en die politieke en kulturele verbondenheid van Transvalers en Vrystaters.³⁷

Tydens die debat het pres. Brand aangevoer dat sy eed as Staatspresident hom verhinder het om die Vrystaat se onafhanklikheid in gevaar te stel deur met Transvaal te verenig terwyl dié republiek nog onder Britse soesereiniteit was. Die twee republieke moes afsonderlik ontwikkel en langamerhand ryp word vir 'n algemene Suid-Afrikaanse vereniging. 'n Hele aantal Volksraadslede, veral C. J. G. Krause en J. G. Fraser, het hom ondersteun en op die Britse soesereiniteit bly hamer. Ander, soos J. H. W. en C. T. Wessels, het betoog dat onafhanklikheid juis versterk sou word

35. Ibid, 15.4.1886.

36. Ibid, 26.5.1886.

37. Malan, Politieke Strominge, p.137.

deur nouer samewerking met Transvaal. Daar is met 35 teen 13 stemme teen vereniging besluit.³⁸

Die Volksraad, onder leiding van pres. Brand, was beslis nie meer in voeling met die volk nie. Borckenhagen het dit as afkeurenswaardig beskou dat die algemene wens wat so sterk uitgedruk is dat dit nie misverstaan kon word nie, so verontagsaam is. Daar was geen doelgerigte beleid nie. Baie burgers het tydens die Transvaalse Vryheidsoorlog die wet oortree om hul simpatie met Transvaal te betoon. As die volksinstink langs behoorlike kanale gelei sou word, kon dit nuttig en aanneembaar wees. Nouer vereniging met Transvaal was nie die dwase uitvloeisel en ydele drome van 'n bose organisasie soos in die Volksraad geïnsinueer nie, en ook nie onkonstitusioneel soos Fraser te kenne gegee het nie, maar 'n praktiese en noodsaaklike maatreël om die republikeinse beginsel en die onafhanklikheid van die republieke te beveilig teen diegene wat hulle bedreig het onder voorwendsel van "inherente swakheid". Hy het saam met raadslid Jurie Wessels gestem dat Fraser nie die vermoë besit het om behoorlik te kon onderskei en oordeel nie. Om die argument van Britse soesereiniteit te gebruik, was vir hom soos die ophang van 'n dooie man. Die besware teen nouer vereniging was denkbeeldig.³⁹

Die Vrystaat is uitdruklik uitgesluit uit die state met wie Transvaal slegs met Britse toestemming ooreenkomste kon aangaan. Wat meer was, dit het aan Transvaal aanstoot gegee dat hul hand van vriendskap geweier is. Tussen die twee republieke met soveel bande wat hulle gebind het, moes daar eerlikheid en opregtheid

38. OVSVR, 28 en 29 Mei 1886, pp.334-341 en 346-355.

39. De Express, 3.6.1886 en 22.6.1886.

bestaan en die Volksraad het syns insiens teen dié fundamentele beginsel gesondig.⁴⁰

Borckenhagen het daarop gewys dat De Republikein van Pretoria reeds gewaarsku het dat Transvaal geen stappe sou neem om die Vrystaatse Volksraad tegemoet te kom ná wat in die 1886-sitting gebeur het nie. Die Transvalers was bewus daarvan dat pres. Brand en sy volgelinge wat eerder 'n handelstraktaat met Portugal wou aangaan as 'n verdrag met Transvaal, teen die volk se wil opgetree het.⁴¹ Hy het die hoop uitgespreek dat die Vrystaat nou sý hand van vriendskap na Transvaal sou uitsteek, onder meer sodat die Transvaal nie die Vrystaat se produkte sou belas soos hy gedreig het om te doen nie. Die Vrystaat kon geweldig baat deur sy produkte belastingvry aan 'n snelgroeïende Transvaalse bevolking te verkoop.⁴² Verder het hy dit beklemtoon dat minstens 'n defensiewe verbond met die Zuid-Afrikaansche Republiek noodsaaklik was sodat die twee republieke op ondubbelsinnige wyse aan die wêreld kon verkondig dat hulle vry was en vry wou bly. Daar was vir hom net twee moontlikhede: die republieke moes mekaar help, al sou stoflike opofferings, soos invoerreg en spoorlyne, op die altare van vaderlandsliefde nodig wees, of hulle sou Engelse kapitaliste en imperialiste ten prooi val.⁴³ Die konserwatiewes onder leiding van lord Randolph Churchill het juis weer in Engeland aan die bewind gekom en hulle kon dalk die sogenaamde griewe van die delwers gebruik om in Transvaal se sake in

40. Ibid, 1.7.1886.

41. Ibid, 8.7.1886.

42. Ibid, 26.8.1886.

43. Ibid, 9.12.1886.

te meng. Inderdaad profetiese woorde!⁴⁴

Die Kaapkolonie het ook gedreig met 'n toltarief teen binnelandse invoer. As Transvaal en die Vrystaat sou verenig, kon hulle op kragtige wyse hul tande vir die Kaap wys en antwoord met vergeldende maatreëls. Om al hierdie redes het hy 'n kreet vir samewerking laat opgaan. Die twee republieke se leuse moes wees: "één tradisie, één taal, één belang, één toekomst".⁴⁵

Gedurende Augustus 1886 het Borckenhagen as joernalis en sakeman die Zuid-Afrikaansche Republiek besoek om sake op die goudveld deur te kyk. By sy terugkeer het hy Vrystaters gewaarsku om nie as individue hul fortuin op die goudveld te gaan beproef nie. Dit was nie 'n arm man se delwery nie.

Daar was baie dinge wat hom opnuut onrustig gestem het. Sy vrees is bevestig dat pres. Paul Kruger te oud was om die kwessie van die delwers te hanteer en dat die Transvalers nie die politieke gevaar van die uitlanders besef het nie. Hy het egter niemand anders teëgekom wat as leier uitgestaan het nie. Die stryd tussen die Hollanders en die Afrikaners om die beste poste, die laksheid van die amptenare en 'n administrasie sonder orde en reël was problematies. Swaar invoerbelasting het 'n handelslapte en oneerlikheid veroorsaak en Indiërs het blanke handelaars geknou. Vandaar sy volgehoue stryd om Indiërs uit die Vrystaat te hou.

Nietemin was dit vir hom duideliker as ooit dat die Vrystaat en

44. Ibid, 12.8.1886.

45. Ibid, 22.6.1886 en 26.8.1886.

Transvaal moes saamwerk. Hy het daarop gewys dat hy reeds jare tevore voorspel het dat die ekonomiese ontwikkeling van Transvaal die kwessie van tolregte sou oplos. As die Vrystaat op politieke gebied deur middel van 'n offensiewe en defensiewe verbond en t.o.v. spoorweë toegewings aan die Zuid-Afrikaansche Republiek sou maak - dit wat pres. Kruger by die 1887-konferensies gevra het - sou die Vrystaat vergoed word met handelsvoordele en vrygemaak word van die drukkende koloniale fiskale beleid. Hy het met nadruk verklaar dat die tyd daarvoor aangebreek het en sou verbygaan as die Vrystaat dit nie aangryp nie. Hy pleit dat 'n kommissie deur die Volksraad na Pretoria gestuur word met die doel om 'n traktaat van handel en vriendskap met Transvaal te sluit, soos reeds deur pres. Brand voorgestel en deur die Volksraad aangeneem is, maar waaraan nog niks gedoen is nie. So 'n toenadering sou verstandig en goed berekend wees en by albei state se bevolkings gewild wees.⁴⁶

Soos voorheen het hy herhaal dat daar te veel praktiese probleme in die weg van algehele vereniging gestaan het. Daarvoor het die twee lande se omstandighede en ontwikkeling te veel verskil. Transvaal het groter natuurlike hulpbronne gehad, maar die Vrystaat is beter geadministreer. Die twee presidente se persoonlikhede het grootliks verskil; so ook die wette en ordonnansies. Die kwessie van 'n hoofstad sou probleme skep en die administrasie van 'n verenigde republiek sou onbeheerbaar wees. Ondeurdagte stappe moes vermy word, maar die staatslui moes tog rekening hou met die inwoners se begeertes, anders sou daar rebellie intree.

46. Ibid, 2.9.1886.

As daar nie 'n volkome unie kon wees nie, dan het Borckenhagen daarop aangedring dat daar tog nouer vereniging moes wees. Daar moes 'n basis gevind word waarvolgens die republieke selfstandig kon optree in eie sake, maar gesamentlik in sake van gemeenskaplike belang. Voorbereidende stappe moes geneem word en trapsge- wyse kon daar dan gevorder word totdat 'n unie na jare tot stand sou kom.⁴⁷ Na diepe besinning oor hoe vereniging in die praktyk tot uitvoer gebring kon word, het hy voorgestel dat die Verenigde State van Amerika as model gebruik word vir die tipe samewerking wat tussen die Vrystaat en Transvaal tot stand kon kom. Daar moes 'n konfederasie wees waarin elke staat sy eie president en raad sou hê, maar daar moes ook 'n oorkoepelende raad en president uit die twee state saam wees en sekere algemene wette benevens elke staat se afsonderlike wette. Daar moes 'n traktaat van handel en vriendskap wees, 'n gemeenskaplike tolbeleid, vryhandel tussen die twee state, 'n stelsel van gelyke munt, mate en gewigte en gelyke regte vir burgers wedersyds, byvoorbeeld dieselfde belasting vir Vrystaatse burgers met grond in Transvaal as wat aan Transvalers opgelê word. Daar moes geen belasting op mekaar se produkte wees nie en in sake soos spoorweë, invoerregte en tolgeld moes hulle gesamentlik optree en onderhandel. Hulle moes mekaar steun in sulke onderhandelings. Daar kon een appêl- hof wees en om die beurt in die twee hoofstede vergader word en konsuls kon wedersyds aangestel word. Die gevolg? "Kleine beginselen - groote gevolge: één taal, één wet en uiteindelik één volk."⁴⁸

Tipies Borckenhagen het hy gevra dat die gepraat moes ophou en 'n

47. Ibid, 9.9.1886.

48. Ibid, 8.3.1887.

begin gemaak word. Die kolonies se beleid was om verdeeldheid tussen die republieke te wek, veral met betrekking tot die Kimberley-lyn. Verdeeldheid sou swakheid en samewerking sou krag tot gevolg hê. Samewerking op besondere terreine moes die grondslag lê vir latere konfederasie. Borckenhagen het ten slotte 'n beroep op die burgers gedoen om op sy voorstelle te reageer en 'n lewendige debat te ontketen sodat die beste oplossing gevind kon word.⁴⁹

Dit dien vermeld te word dat 'n kommissie van die Volksraad wat in 1890 tydens Reitz se bewind aangestel is om nouer vereniging te ondersoek, aanbeveel het dat 'n federasie, geskoei op die Amerikaanse model, tot stand moet kom.⁵⁰ Soms Borckenhagen dan ook gewaarsku het, was die Transvalers vir baie jare nie geneë om stappe te neem om te verenig nie en eers in 1897 het heelwat van sy voorstelle werklikheid geword.⁵¹

Intussen wys Borckenhagen op die paniek wat in die Kaapkolonie en Natal oor die Delagoabaai-lyn geheers het en hul vrees om die binnelandse handel te verloor. Hy het pres. Brand aangeraai om van die geleentheid gebruik te maak om deur nouer bande met Transvaal, die kuskolonies tot toegewings te dwing. As die regering dan niks anders wou doen nie, moes hy minstens die versekering van Kruger kry dat hy nie 'n spoorlyn van Kimberley na Pretoria sou toelaat nie en dat hy nie by 'n tolvereniging sou aansluit waarvan die Vrystaat uitgesluit sou word nie.⁵²

49. Ibid.

50. Malan, Politieke Strominge, p.169.

51. Ibid, pp.278-279.

52. De Express, 23.9.1886.

Met groot geduld en volharding het Borckenhagen op die snaar van vereniging bly tokkel, al het die optrede van die Transvaalse regering hom soms "diep bedroef". Dit was veral die geval in die Nellmapius-saak toe die regering op betreurenswaardige wyse 'n hofuitspraak teen 'n vertroueling van pres. Kruger ter syde gestel het. Tereg het hy gewaarsku dat onkonstitusionele inmenging in die regspraak 'n land se aansien net skade kon berokken. Dié saak het hom nogmaals laat twyfel aan Paul Kruger en sy regering se vermoë om die probleme van hul snel-ontwikkelende land te hanteer.⁵³

In die toekoms sou hy ook, toe hy dit nodig geag het, Kruger en sy regering skerp kritiseer wanneer hulle syns insiens verkeerd opgetree het, bv. deur die willekeurige verontagsaming van die howe en wette, selfs die grondwet.⁵⁴

Na sy besoek aan Pretoria in 1887 saam met die Vrystaatse Volksraad se afvaardiging, het hy meer begrip vir die Transvalers se probleme en meer waardering vir hul konserwatiewe en standvastige optrede asook vir hul sterk, individuele persoonlikhede gehad.⁵⁵

Hy was teleurgesteld dat daar ten spyte van sy aanhoudende pleidooie geen kragtige poging tot vereniging was nie. Sedert die Vrystaatse Volksraadsitting van 1886 is daar bevestiging ontvang van die groot minerale rykdom van Transvaal en volgens hom kon daar nie langer gewag word met die kwessies wat hy al herhaaldelik opgehaal het nie, nl. 'n offensiewe en defensiewe verbond; 'n

53. Ibid, 7 en 14.10.1886.

54. Ibid, 31.5.1998.

55. Ibid, 2.8.1887.

nuwe traktaat van handel en vriendskap en 'n spesiale ooreenkoms betreffende spoorweë.⁵⁶

Net soos hy nie geskroom het om die Transvaalse regering vir swak optrede te striem nie, het hy nou 'n skerp aanval op die Vrystaatsregering gedoen. Hy het daarop aangedring dat die Vrystaat nou oor sy diepste belange en toekoms moes waak en nie weer die speelbal van partye en kliëks moes word of opgeoffer moes word aan onbekwaamheid en 'n staatsbeleid wat verantwoordelikheid wou ontduik deur fraaiklinkende woorde te gebruik nie. Korrespondensie met Transvaal sou die saak niks verder voer nie. Ag maande nadat die Volksraad 'n handelstraktaat met die Zuid-Afrikaansche Republiek goedgekeur het, is nog niks uitgevoer nie. So 'n versuim was 'n dwaasheid en grensde aan 'n misdaad.⁵⁷ 'n Bekwame en vertroude afvaardiging, soos hy voorheen bepleit het, kon deur persoonlike onderhandeling en gesprek iets tot stand bring.⁵⁸

In die volgende uitgawe van De Express het hy voortgegaan met sy aanval op die staatslui van die Vrystaat en die res van Suid-Afrika wat volgens hom al vir twintig jaar geen staatsbeleid en politieke program gehad het nie en wie se gebrek aan bekwaamheid, belangstelling en moed om die inisiatief te neem, die ontwikkeling van Suid-Afrika gestrem het. Alles sou nie vanself regkom nie en oorversigtigheid was die gevolg van die vrees vir verantwoordelikheid. Die Volksraad se moedswillige wanbegrip was in stryd met die volk se gevoelens en het daagliks 'n groter fout

56. Ibid, 18.11.1886.

57. Ibid, 11.1.1887.

58. Ibid, 18.11.1886.

geblyk te wees.⁵⁹

Briewe soos dié van Philip R. Meijer namens 63 burgers uit die distrik Ladybrand, het bevestig dat dit die wens van die oorgrote meerderheid van die volk was dat die republieke moes verenig.⁶⁰ By die volkskongres te Heilbron op 9 Desember 1886 is ook aangedring op vereniging. Borckenhagen se riglyne vir vereniging is wel bespreek, maar vir 'n offensiewe en defensiewe verbond was die burgers klaarblyklik nog te lugtig.⁶¹

Na aanleiding van kritiek deur die Diamond Fields Advertiser van Kimberley op sy vorige hoofartikel oor nouer aaneensluiting, het Borckenhagen die stappe waarop hy aangedring het, verder uiteengesit. Die woorde "offensiewe verbond" kon weggelaat word. 'n Defensiewe verbond met die Zuid-Afrikaansche Republiek sou die Vrystaat se voortbestaan verseker, 'n bolwerk vorm en ontsag inboesem. Sommige Vrystaters was bang dat hulle Transvaal teen inboorlingstamme sou moes help, maar die Transvalers het hulself reeds sterk genoeg bewys om dit self te kan behartig. As die nie anders kon nie, was dit die Vrystaat se plig om die buurstaat te help om blanke oorwig te behou. Teen 'n handelsooreenkoms met die Zuid-Afrikaansche Republiek kon net die Kaap beswaar maak omdat hy dan nie langer, soos Borckenhagen dit gestel het, murg uit die republieke se bene kon suig nie. 'n Spoorooreenkoms waarvolgens 'n spoorlyn van die Kaap oor Bloemfontein na Pretoria, in plaas van oor Kimberley, aangelê sou word, was volgens sy

59. Ibid, 25.11.1886.

60. Ibid, 2.12.1886.

61. Ibid, 30.12.1886; Malan, Politieke Strominge, p.139.

mening in die hele Suid-Afrika, behalwe Kimberley, se belang.⁶²

Hy het die versugting geslaak dat daar in 1887 nader gekom sou word aan 'n breë Suid-Afrikaanse Republiek wat ook die Nuwe Republiek sou insluit,⁶³ maar die teenoorgestelde het gebeur. Sy laaste pleidooi in 1886 was vir die uitruil van konsuls tussen Pretoria en Bloemfontein en hy het gewaarsku dat as dit alweer as 'n onrype en oorhaastige idee beskou sou word, rypheid dalk oorrypheid kon word. Moedeloos het hy gekla dat dit vir hom duidelik was dat as iemand Suid-Afrika liefgehad het, hy bereid moes wees om aan te hou werk al moes dit man-alleen wees sonder die ondersteuning van regering of burgers. Die waarheid sou uiteindelik seëvier, al moes die groot denkers eers sterf voordat dit gebeur. Die waarheid kon nie sterf nie, maar die vrugte daarvan wel verlep.⁶⁴

Die jaar 1887 het vir Borckenhagen begin met die duidelik wete dat spoorweë en vereniging die belangrikste kwessies van die dag sou wees. Hy het die Volksraad aangeraai om geen besluite aangaande spoorweë te neem voordat vereniging nie gereël is nie. Verder het hy kiesers versoek om van hul Volksraadslede te eis om hul houding jeens vereniging openbaar te maak.⁶⁵

Vir die soveelste keer het Borckenhagen daarop aangedring dat 'n invloedryke afvaardiging na die Zuid-Afrikaansche Republiek gestuur word om veral oor spoorsake te onderhandel en daarna kon

62. De Express, 9.12.1886.

63. Ibid, 23.12.1886.

64. Ibid, 30.12.1886.

65. Ibid, 15.2.1887.

die twee Volksrade deputasies na die kolonies stuur. Hy het besef dat Brand 'n tol- en spoor konferensie in die eersvolgende sitting sou voorstel en het dus op die dringende noodsaaklikheid van voorafgaande samesprekings met Transvaal gewys. Volgens hom het hy 'n deeglike kennis van die toestand in Transvaal gehad en was hy bewus van 'n kragtige private invloed wat van Kaapse kapitaliste op die regerende element daar ten koste van die Vrystaat uitgegaan het. In die belang van beide republieke moes die Transvalers ingelig word oor Vrystaatse belange en hul samewerking verkry word.⁶⁶

Intussen was hy met al die vernaamste Transvaalse leiers in gesprek en hy het op hul ondersteuning en samewerking staatgemaak. Hy het die volk ook gerusgestel dat pres. Brand bewus was van die gevaar dat Transvaal 'n Kimberley-lyn kon toelaat en hom met prysenswaardige moeite beywer het om by die Transvalers aan te dring om Vrystaatse belange in ag te neem.⁶⁷ Dit was 'n groot teleurstelling toe pres. Kruger nie tot spoedige onderhandeling wou toestem nie.⁶⁸ In April 1887 het hy Brand wel verseker dat hy nie 'n Kimberley-lyn sou toelaat nie en het 'n ontmoeting met die Vrystaatse staatshoof voorgestel.

As gelet word op die aanhoudende klem wat Borckenhagen veral sedert Augustus 1886 op samewerking met die Zuid-Afrikaansche Republiek gelê het, sy pleidooie om 'n kommissie na Transvaal te stuur en sy waarskuwings oor Kaapse druk op Transvaal om 'n spoorlyn van Kimberley na Pretoria aan te lê, is dit nie verge-

66. Ibid, 8.3.1887 en 12.4.1887.

67. Ibid, 15.3.1887.

68. Ibid, 22.3.1887.

sog om te beweer dat dit tot pres. Brand se gesprekvoering met Transvaal bygedra het nie. Brand was wel bereid tot ekonomiese samewerking omdat dit tot die aanlê van 'n spoorlyn van die Kaap na Transvaal oor die Vrystaat kon lei, maar tydens die Volksraad-sitting van 1887 was dit duidelik dat enige politieke vereniging vir hom en sy volgelinge buite die kwessie was.

Die Volksraad het reeds begin sit toe Borckenhagen nogmaals daarop aangedring het dat die Vrystaat, nadat spoor- en tolsake ryplik bespreek is, 'n kommissie na Transvaal moes stuur. Dit kon telegrafies gereël word om sake te bespoedig.⁶⁹ Op 13 Mei het die Volksraad dan ook besluit om die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek per telegraaf te vra of 'n kommissie van die Vrystaatse Volksraad met 'n soortgelyke kommissie in Pretoria oor sake van gemeenskaplike belang kon beraadslaag. Op 16 Mei het pres. Kruger bevestigend geantwoord.⁷⁰ Die redakteur van De Express kon juig: "Zoo mogen wij de toenadering tusschen de twee Republieken, die wij zoo vurig begeeren en waarvoor wij zoo ernstig hebben gepleit, als een heugelijke daadzaak beschouwen. Wij maken van dit feit met onverholten voldoening gewag ..."71

Die uitslag van die kommissie se besoek aan die Zuid-Afrikaansche Republiek en die konferensie tussen pres. Kruger se afvaardiging en die Vrystaters in Oktober het egter nie aan Borckenhagen se verwagtings voldoen nie. Kruger en Brand het elk onwrikbaar by hul standpunte gebly. Kruger wou van die Vrystaat die versekering hê dat hy geen spoorlyn sou bou voordat die Delagoabaailyn

69. Ibid, 10.5.1887.

70. OVSVR, 13.5.1887, p.143 en 16.5.1887, p.163.

71. De Express, 17.5.1887.

voltooi was nie; dat die twee republieke eerder sou saamwerk as om tot 'n Suid-Afrikaanse tolunie toe te tree, en dat 'n offensiewe en defensiewe verbond tussen die republieke aangegaan moes word. Brand wou 'n spoorlyn van die Kaap oor Bloemfontein na Transvaal hê en by 'n Suid-Afrikaanse tolunie aansluit, terwyl hy hewig teen 'n offensiewe en defensiewe verbond gekant was. Die enigste ligpunt was Kruger se bevestiging dat hy nie 'n spoorlyn oor Kimberley na Transvaal sou toelaat nie.

Borckenhagen wat as sekretaris van die kommissie na Pretoria opgetree het, het volgens hom 'n beter begrip van Kruger se beleid gekry en is tot sy standpunt oorgehaal sodat hy uitgeroep het: "Onze belangen liggen noordwaarts! Onze toekomst moet daar, en daar alleen worden gezocht"⁷² Hy het die droom van 'n verenigde Suid-Afrika voorlopig laat vaar, omdat afskeiding van Transvaal syns insiens die dood vir die Vrystaat sou beteken, terwyl samewerking lewe en krag sou gee.⁷³

Die stryd tussen die twee groepe in die Vrystaat het nou duideliker as ooit na vore gekom: aan die eenkant pres. Brand en J. G. Fraser se groep wat op ekonomiese gebied eerder met die Kaap sou saamwerk, en aan die anderkant die republikeine van wie Borckenhagen geskryf het dat hulle bereid was om opofferings te maak en met Transvaal saam te werk ten einde hul republikeinse ideaal te verwesenlik. Soos hy dit gestel het: een party wou 'n republikeinse program uitvoer in hartlike samewerking met Transvaal, terwyl die ander party op die kolonies wou steun omdat baie van hul lede anti-Transvaals of anti-Afrikaans was.

72. Ibid, 14.6.1887.

73. Ibid, 26.7.1887.

Borckenhagen het volgehou dat dit ekonomies wel vir die Vrystaat voordelig sou wees om met Transvaal saam te werk, want, dit het al hoe duideliker geword dat die kuskolonies daardeur hul beleid ten opsigte van invoerreg sou moes verander. Verder sou die Vrystaat belastingvry met Transvaal kon handel dryf en, wanneer die Delagoabaailyn voltooi is, sou die Vrystaat wel per spoor met die Kaap verbind word. Hy was nie anti-Engels of teen samewerking met die kuskolonies nie, maar samewerking met Transvaal moes voorrang geniet.⁷⁴

Dat sy koerant die President, Volksraad en burgers so herhaaldelik op hul plig om die welsyn van hul land te soek deur nouer vereniging met Transvaal, moes wys, was iets wat syns insiens net in die Vrystaat nodig was. Volgens Borckenhagen was dit die gevolg van die Vrystaters se allertreurigste onverskilligheid jeens politiek en weens 'n element - onder meer The Friend - van wie bedekte en openlike verraad uitgegaan het en wat die land in Engelse arms wou stort.⁷⁵

Kruger en sy gevolg se besoek aan Bloemfontein in Oktober 1887 is met groot letters in De Express uitgebasuin. Borckenhagen was oorstelp van vreugde omdat dit die kroon op sy jarelange arbeid en beleid geplaas het. Al moes hy hoon verduur en al is hy verwyt dat hy onprakties en die tyd ver vooruit was, het hy volhard om nouer vereniging te bepleit omdat hy geweet het wat hy wou hê en vertrou in sy goeie saak gehad het. Hy het gewaarsku dat die konferensie geen vrugte sou afwerp as beide kante nie bereid was om te gee en te neem nie. Selfs al sou krisis in

74. Ibid, 12.7.1887.

75. Ibid, 26.7.1887.

die toekoms dit noodsaaklik maak dat die hele Suid-Afrika verenig, was dit belangrik dat die twee republieke eers nouer verenig en saam sterk word om in 'n verenigde Suid-Afrika 'n sterk posisie te kon inneem.⁷⁶ Hulle het nooit enige aggressie of bemoeiing teenoor ander gekoester nie, maar kon maklik 'n prooi daarvan word. Daarom moes hulle hul behoud en welvaart verseker deur 'n federale unie (presies wat pres. Brand op 10 Oktober sou voorstel) waarin elke staat sy selfregering sou behou. Dit het egter gou vir hom duidelik geword dat so 'n unie nie by dié konferensie beslag sou kry nie as gevolg van die voorwaardes deur die Vrystaatse Volksraad gestel. Brand en sy afvaardiging wou 'n verenigde Suid-Afrika hê en Kruger het dit as onprakties beskou as dit die onafhanklikheid van die republieke in gedrang sou bring.⁷⁷

Pres. Brand wou weer nie samewerking met die res van Suid-Afrika in gevaar stel deur 'n politieke verbond met Transvaal aan te gaan nie, en volgens Borckenhagen was dit uiteindelik die rede waarom die konferensie misluk het. Ten slotte wou Kruger nie 'n spoorlyn van die Kaap deur die Vrystaat na Pretoria toelaat voordat Transvaal se onafhanklikheid van die koloniale hawens nie deur die Delagoabaailyn beëindig is nie. Van die gee en neem waarna Borckenhagen vooraf verwys het, het niks tereg gekom nie en volgens hom sou die burgers nou oor dié kwessies moes besluis.⁷⁸

The Friend en die Kaapse pers was sins insiens verheug oor die

76. Ibid, 4.10.1887.

77. Ibid, 11.10.1887.

78. Ibid, 1.11.1887.

mislukking van die konferensie omdat dit hulle gepas het dat die republieke verdeeld in plaas van verenigd was.⁷⁹

As daar teruggekyk word op hierdie tydperk van onderhandeling, is Borckenhagen se rol duidelik. Dit was veral hy wat oor 'n lang tydperk aangedring het op samesprekings en toe dit 'n werklikheid geword het, het hy hoë verwagtings daarvan gekoester. Hy het sy opvattinge knaend, week na week, uiteengesit. Sy betrokkenheid as sekretaris van die afvaardiging na Pretoria het vir hom baie kritiek van pres. Brand se ondersteuners en die Engelse pers, wat baie publisiteit aan die sogenaamde geheime traktaat verleen het, op die hals gehaal. Raadslid Klijnveld, wat ook die Transvalers se standpunt onderskryf het, is verantwoordelik gehou vir die mislukking van spooraanleg en daarom is sy beeltenis verbrand. Borckenhagen het homself en Klijnveld teen al die aantygings verweer en verklaar dat hulle nie sou ophou om vir nouer vereniging te stry nie, want dit alleen sou die republieke se onafhanklikheid verseker.⁸⁰

Borckenhagen se ondersteuners het in hul briewe vir hom in die bres getree en die aanvalle op sy persoon gekritiseer. "Een vriend van de Afrikaners" het geskryf dat dit om beginsels en gewigtige volksake gegaan het en nie om persone nie. Die verdeeldheid in die Vrystaat kon net skade doen en Borckenhagen is gesteun in sy veroordeling van "Jingoes". T. B. Wiese het Borckenhagen lof toegeswaai vir die dienste wat hy aan die volk van die Vrystaat gelewer het.⁸¹

79. Ibid, 8.11.1887.

80. Ibid, 19.7.1887 en 8.11.1887.

81. Ibid, 26.7.1887, 15.11.1887 en 22.11.1887.

Die gevolg van die mislukking van die onderhandelings was dat die verskille tussen Kruger en Brand duideliker na vore getree het. Die meerderheid Vrystaters was teleurgesteld oor die mislukking en, met die uitsondering van die groot sentra soos Bloemfontein en Kroonstad, waar Borckenhagen op vergaderings afgekraak is, steeds ten gunste van nouer samewerking met Transvaal.

Oor die wyse waarop dit moes geskied, was daar egter groot verdeeldheid en verwarring. In die korrespondensie aan De Express, en op die groot aantal Afrikanerbondvergaderings en -kongresse, algemene vergaderings en volkskongresse in 1887 en 1888 was daar oorweldigende eenstemmigheid oor die noodsaaklikheid van vereniging en verwerping van spoorweë, en veral spoorverbinding met die kuskolonies, maar nie oor die kwessie van 'n offensiewe en defensiewe verbond en 'n federasie met Transvaal soos deur die Vrystaatse Volksraad voorgestel is nie.

Om klaarheid in die verwarring van die volk te bring, het Borckenhagen weer eens sy idees vir nouer vereniging uiteengesit. Hy kon hom vereenselwig met Brand en Kruger se idees van 'n federale unie mits dit nie te veel sou kos of skielik op die bevolking afgedwing word nie. Ter voorbereiding kon 'n defensiewe verbond aangegaan word. Pres. Brand was teen 'n formele verbond gekant en het gemeen dat die twee republieke mekaar spontaan in tye van nood sou bystaan. Borckenhagen wou weet waarom die republieke nie deur 'n ooreenkoms aan die wêreld kon toon dat hulle saamstaan nie. Die bevolking sou dan ook aan samewerking gewoond raak. Die twee republieke sou elk hul eie sake reël en net saam besluit oor aangeleenthede van gemeenskaplike belang. So kon hulle dan gewig en invloed uitoefen en deur die kolonies as gely-

kes behandel word in plaas daarvan dat hulle die prooi van self-sugtige oorleggings word.⁸²

Die landsweye Bondskongres wat op 16 November 1887 te Potchefstroom gehou is, het vir Borckenhagen verrassende resultate opgelewer. Hy was skepties oor dié kongres omdat die Kaapse Afrikaerbond nie Kruger se spoorbeleid gesteun het nie. Tog is daar op die kongres besluit dat die spoorlyn na Delagoabaai voorkeur moes geniet, dat 'n doeane-unie net aanvaarbaar was as ál die Suid-Afrikaanse state sou toetree en dat 'n beroep op die regerings van die republieke gedoen moes word om op die volk se wense om te verenig ag te slaan.⁸³ Vir Borckenhagen het dit voldoening verskaf om te sien hoe die volk by die kongres instinktief geweet het wat volgens hom werklik in hul belang was.⁸⁴

Borckenhagen het ook Fraser en sy party veroordeel omdat hulle te kenne gegee het dat die Vrystaat toegewings met betrekking tot spooraanleg aan die Kaap sou moes maak om terugbetaling van invoerreg te kry. Hulle wou nie deur Transvaal aan bande gelê word nie, maar was blykbaar gewillig om hulle deur die Kaap te laat bind.⁸⁵ Die Kaap wou graag die voordele van die goudveld geniet sonder om agting te hê vir republikeinse gevoelens en beleid.⁸⁶ Hulle het gemeen dat hulle sou kry wat hulle wou hê sonder opoffering van hulle kant as hulle maar net die tyd sou

82. Ibid, 13.12.1887.

83. Malan, Politieke Strominge, p.147.

84. De Express, 22.11.1887.

85. Ibid.

86. Ibid, 29.11.1887.

afwag.⁸⁷ Namate die spoor- en tolkonferensie met die Kaap nadergekome het, het Borckenhagen met groter nadruk daarop gehamer dat daar nie toegewings oor spooraanleg aan die Kaap gemaak moes word wat teen Transvaalse belange sou indruis nie. Hy was ten gunste van deelname aan die konferensie mits die toekenning van 'n deel van die invoerreg aan die Vrystaat onvoorwaardelik was, want dit het hom toegekome.⁸⁸

In die laaste uitgawe van De Express in 1887 het Borckenhagen gesug dat dit 'n teleurstellende jaar was. Vir 1888 het hy die hoop gekoester dat almal dit met moed sou aanpak en dat daar daad sou wees in plaas van 'n gepraterij en gefilosofeerderij. Die goeie saad van republikeinse beginsels moes met geloof, hoop en liefde gesaai word en die banier van onafhanklikheid hoog gehou word.⁸⁹

Aan die einde van Januarie 1888 vind die spoor- en tolkonferensie tussen die Kaap, Natal en die Vrystaat in Kaapstad plaas. Nadat dit uit verslae vir Borckenhagen duidelik geword het dat die Vrystaatse afgevaardigdes toegewings met betrekking tot spoorweë aan die Kaap gemaak het en hulle geneë verklaar het tot die aanlê van 'n spoorlyn deur die Vrystaat na Transvaal, in stryd met Transvaal se begeerte, het hy 'n skitterende, beeldryke uiteensetting gegee van sy siening van die tolooreenkoms - veral in die Engelse weergawe van die hoofartikel. In sy artikel voer hy aan dat 'n ooreenkoms met die Kaap opgeoffer moes word indien dit nouer vereniging met Transvaal in gedrang sou bring. Hy het die

87. Ibid, 13.12.1887.

88. Ibid, 24.1.1888.

89. Ibid, 27.12.1887.

volk aangeraai om enige poging om die Vrystaat se kragte by die Engelse kolonies in te werp, met die uitsluiting van Transvaal, te weerstaan.

Wat 'n federale unie betref, het die idee sy aanvanklike aantreklikheid vir hom verloor aangesien die twee vaders daarvan, raadslede J. G. Fraser en R. D. McDonald, dit as onprakties begin beskou het en daar was by hulle geen tekens van 'n houding van versoening en gematigdheid nie. Hy was oortuig daarvan dat die motief vir hul onrealistiese voorstelle was om die ware en belangrike kwessie van vereniging te ontwyk. Hulle wou juis verwoering skeep sodat die hele saak verongeluk kon word. In 'n poging om nouer vereniging te verkry, het hy hulle aanvanklik gesteun, maar hul minagting vir samewerking met die Zuid-Afrikaansche Republiek het hom van sienswyse laat verander. Hulle was nie opreg in hul bedoelings nie en het gehoop dat Transvaal 'n federale unie van die hand sou wys. 'n Defensiewe verbond het syns insiens ook baie van sy praktiese belangrikheid verloor omdat hy gemeen het dat Engeland dit nie sou waag om in die sterkerwordende republieke se sake in te meng nie.

Dit was vir hom nou nog belangriker as ooit dat die Vrystaat en die Zuid-Afrikaansche Republiek baie nou moes saamwerk, want hul belange was eenders en die buurstaat was 'n sterk bondgenoot. "If it is a wise percept to build golden bridges for a vanquished foe, how much more consideration is due to powerful friends, which the situation requires to conciliate", het hy geskryf.⁹⁰

Tussen Januarie en April 1888 is, met die oog op die aanstaande

90. Ibid, 24.2.1888 en 5.6.1888.

Volksraadsitting, talle volkskongresse in die Vrystaat gehou waartydens spoorverbinding en 'n tolooreenkoms met die Kaap verwerp is en op republikeinse samewerking aangedring is.⁹¹

Vir Borckenhagen was die toestand nou so onbevredigend as kon kom. Wat hy bestempel het as die misleide meerderheid van die Volksraad, het Transvaal se beleid afgekeur en die misleide meerderheid van die volk het 'n gesonde tolvereniging verwerp. Syns insiens was dit nie nodig dat die twee sake in botsing met mekaar moes wees nie, maar dit sou takt van die regering verg om die volk te lei om albei aan te neem. Die twee saam kon vir die Vrystaat 'n republikeinse oorwig, die Transvaalse handel met al sy voordele en 'n spoorweg van die Kaap na Bloemfontein verseker het. Kruger het na die Bloemfonteinse konferensie verklaar dat hy nie teen laasgenoemde gekant was nie mits die lyn nie verder as Bloemfontein sou gaan nie. Aangesien die Vrystaat tussen die Kaap en Transvaal geleë was, moes hy met beide op goeie voet verkeer. Al wat die Vrystaat egter gekry het, was onsekerheid en verdeling met Transvaal as skeidsregter van die Vrystaat se toekomst. "A fine outcome indeed of a 'liberal' era!" - met verwysing na die Fraser-party - het hy uitgeroep.⁹²

Pres. Brand se aanspraak aan die begin van die 1888-Volksraadsitting was vir hom 'n aanduiding van wat in die sitting verwag kon word. Daar sou weinig tereg kom van nouer vereniging met die Zuid-Afrikaansche Republiek. Die nageslag sou hulle daaraan verwonder dat die Volksraad die duidelike republikeinse wense en

91. Malan, Politieke Strominge, p.149.

92. De Express, 3.4.1888.

eise van die tyd verontagsaam het.⁹³ Vir Borckenhagen was dit verbasend dat die Kaap, Natal en almal anders besef het dat Transvaal die sleutels van die toekoms van Suid-Afrika besit het, terwyl die Vrystaat sy oë daarvoor gesluit het.⁹⁴ Hy het die Uitvoerende Raad verkwalik dat daar nie in die reses pogings aangewend is om uit te vind hoe die verhouding met Transvaal geraak sou word indien die Vrystaat tol- en spoorooreenkomste met die Kaap goedkeur nie.⁹⁵

Die besluit wat die Volksraad, op Abraham Fischer se voorstel, aangeneem het, was van so 'n aard dat daar syns insiens geen vcrdering gemaak is nie. 'n Federale unie is steeds voorgestaan terwyl die tolooreenkoms met die Kaap goedgekeur is. Hierin het vir hom 'n groot teenstrydigheid gelê. Een lid van 'n federale unie kon tog nie 'n tolverbond met die Kaap goedkeur terwyl die ander lid buite bly nie. Daarteenoor was dit noodsaaklik dat die lede van 'n federale unie 'n defensiewe verbond moes sluit.⁹⁶ Om die bevolking te paai, het die Volksraad wel 'n defensiewe verbond voorgestel, maar een verbind aan voorwaardes en beperkings.⁹⁷

Daar was vir hom egter 'n skrale troos: die saak van nouer vereniging is nie onherroeplik verongeluk nie. Soiets sou tot 'n verenigde Suid-Afrika onder 'n Engelse vlag lei in teenstelling met die plig wat hy en die getroue burgers gehad het om die repu-

93. Ibid, 8.5.1888.

94. Ibid, 24.2.1888.

95. Ibid, 1.5.1888.

96. Ibid, 19.6.1888.

97. OVSVR, 29.5.1888, p.291.

blikeinse regeringsvorm te behou. Die onuitputlike minerale bronne in Transvaal sou die republieke se toekoms verseker.

Engeland was besig om 'n poging aan te wend om met sy kolonies saam te werk om alle Engelse belange te konsolideer. Dit was vir hom net so noodsaaklik om republikeinse belange te versterk en te beskerm deur samewerking met Transvaal.⁹⁸ Toe die Zuid-Afrikaansche Republiek swak was, was hy ten gunste van samewerking sodat die republieke behou kon bly. Sedert die Zuid-Afrikaansche Republiek sterk geword het, was hy steeds ten gunste van samewerking sodat die susterrepubliek met sy ryk minerale bronne die Vrystaat kon help om ook sterk te word, weer eens sodat republikanisme bevorder kon word. Toe nouer vereniging vir die eerste keer in 1885 in die Volksraad bespreek is, is hy en ander met veragting behandel. Sedertdien het feite vir hulself gespreek. Daar was diegene wat beweer het dat pres. Kruger net ten gunste van vereniging was toe hy bang was vir die delwers en dat hy dit daarna met onverskilligheid behandel het. Dit was nie waar nie. Hy het diegene wat aanhoudend teen vereniging gekant gebly het, gewaarsku dat hulle dalk later die noodsaaklikheid daarvan sou besef, maar dat dit dan buite hulle bereik sou wees. 'n Defensiewe verbond was nog steeds die goedkoopste wyse van nouer samewerking. Dit was ook nodig om 'n konsul in Pretoria, eerder as op enige ander plek, te hê.⁹⁹

Die ligpunte van die Volksraadsitting was vir Borckenhagen dat niemand meer die volk se algemene verlange na vereniging ontken het nie en ook nie die noodsaaklikheid om 'n verbond van samewer-

98. De Express, 5.6.1888.

99. Ibid, 30.10.1888.

king en vriendskap met die Zuid-Afrikaansche Republiek te sluit nie.¹⁰⁰ Die aanneme van 'n federale unie én 'n tolverbond kon egter eidelose komplikasies tot gevolg hê en dit was syms in-siens die gevolg van 'n regering sonder 'n behoerlike beleid.¹⁰¹ Die besluit om 'n spoorlyn van die Kaap tot in Transvaal deur die Vrystaat aan te lê, sou die hewigste reaksie by die volk ontlok omdat dit strydig met Transvaal se wense was. Groot volkskongresse en ander byeenkomste is gereël waar uiterste misnoeë oor die tol- en spoorooreenkomste met die Britse kolonies en die verontagsaming van die burgers se begeerte en petisies uitgespreek is.

President Brand se oorlye het die aandag vir 'n rukkie van die sake van die dag afgetrek en ook aan die volk die geleentheid gebied om hulle tot 'n leier te wend wat soos hulle oor nouer vereniging met die Zuid-Afrikaansche Republiek gevoel het.¹⁰²

Na vier maande het Borckenhagen gekla dat die tussentydse regering nog niks gedoen het in verband met nouer vereniging nie terwyl kosbare tyd verlore gegaan het.¹⁰³ Die geleentheid moes te baat geneem word om vir die Vrystaat 'n voordelige nuwe middeweg te vind tussen die handelsbelange wat die staat na die suide en ooste getrek het en die politieke belange wat hom aan Transvaal gebind het. Hy was ongeduldig dat daar helderheid in die toestand moes kom.¹⁰⁴

100. Ibid, 5.6.1888.

101. Ibid, 19.6.1888.

102. Malan, Politieke Strominge, pp.153-154.

103. De Express, 6.11.1888.

104. Ibid, 20.11.1888.

Intussen het hy hom onvermoeid beywer vir die verkiesing van Reitz as staatspresident, want hy het geweet dat hulle dieselfde ideale nagestreef het met betrekking tot die vereniging van die republieke. Die uitslag van die verkiesing het getoon dat die volk met hom saamgestem het.

*

*

*

HOOFSTUK 7

BEYWERAAR VIR 'N ALGEMENE SUID-AFRIKAANSE TOLVERBOND

In die Bloemfonteinse Konvensie is daar voorsiening gemaak dat die Vrystaat 'n deel van die invoerregte wat die kuskolonies in die hawens op goedere wat vir die Vrystaat bestem was, gehef het, kon kry. Art. 8 van die Konvensie het gelui: "That her Majesty's Commissioner will urge upon the Colonial Government, that privileges of a liberal nature will be granted to the O.F.S. Government in connection with custom dues generally, as being matters to which the O.F.S. is entitled, taking into consideration the situation of the State and its distance from the Colonial ports."¹

Die Vrystaat het egter vergeefs probeer om sy regmatige deel te kry. In 1876 het pres. J. H. Brand tydens sy besoek aan Londen die saak opgehaal, maar lord Carnarvon het die geleentheid aangegryp om dit as afpersingsmiddel te gebruik om die Vrystaat tot konfederasie oor te haal. Daartoe was Brand nie bereid nie.

Die Vrystaat was ekonomies volkome afhanklik van die Britse koloniale hawens en die kuskolonies was dus in staat om 'n wurggreep op die Republiek toe te pas. Hoe swakker die algemene ekonomiese toestand was, hoe knellender was dié greep. Benewens die invoerreg, het die Kaap ook onbillike telegrafiese tariewe gehef. Borckenhagen het die kolonies se uitbuiting van hulle geografiese

1. De Express, 26.4.1883.

posisie veroordeel. Volgens hom het hulle in goeie tye die binneland se vleis geneem en in tye van teëspoed skaars die bene laat oorbly.² Hy het voorgestel dat die Vrystaat die telegrafiese verbinding na die Kaap of Natal moes afsny as hulle nie wou onderhandel nie.³ Die regering het aan sy verwagtings voldoen deur aan die Kaap 'n tweede lyn deur die Vrystaat te weier.⁴ Verder het hy verskeie kere aanbeveel dat die regering sy rug op die Kaap moes draai en met Natal moes onderhandel.⁵

Pres. Brand het in 1883, toe ekonomiese toestande benard was, weer 'n tevergeefse poging aangewend om die Kaapse regering tot ander insigte te bring. Toe die Vrystaat in 1884 met Natal oor invoerregte en spoorverbinding begin onderhandel het, het die Kaap 'n klein toegewing gemaak, naamlik 'n rabat van 4% op ingevoerde goed aan Vrystaatse handelaars. Dit het die Vrystaatse regering niks gebaat nie, maar die Kaapse regering wou nie verder oor die saak onderhandel nie.

Borckenhagen het tereg besef dat die enigste wapen wat die Vrystaat op hierdie stadium gehad het, was om die twee kolonies teen mekaar af te speel. Dit kon egter weer verdeeldheid in die Vrystaat veroorsaak aangesien die Noordoostelike distrikte soos Harrismith en Bethlehem na aan Natal en dis van hom afhanklik was, terwyl die suidelike distrikte van die Kaap afhanklik was. Die belangestryd het teen die einde van pres. Brand se era begin smeul en in pres. F. W. Reitz se tyd behoorlik opgevlam, veral

2. Ibid, 13.12.1883.

3. Ibid, 18.5.1881.

4. Ibid, 8.6.1882.

5. Ibid, 30.8.1883 en 6.9.1883, onder andere.

nadat 'n tolooreenkoms met die Kaapkolonie aangegaan is.

As egte Vrystater het Borckenhagen hom deurgaans beywer vir die verkryging van 'n deel van die invoerreg. Die Vrystaat sou volgens hom nie rus voordat voldoening verkry is nie.⁶ Vroeg in 1883 het De Express kommentaar gelewer op De Zuid Afrikaan se voorstelle in verband met 'n Suid-Afrikaanse tolvereniging. Hiervolgens moes die Kaap en die Vrystaat 'n tolunie soos die Duitse Zoll Verein aangaan. Die Kaap moes die alleenhandel in die Vrystaat kry en uit die vermeerderde handel sou hy dan in staat wees om 'n deel van die invoerreg aan die Vrystaat af te staan. Borckenhagen het die gebaar van vriendskap met algehele instemming begroet, hoewel die Noord- en Oos-Vrystaat daardeur benadeel kon word. Die £60 000 tot £80 000 per jaar wat die Vrystaat sou kry, kon dadelik vir spooraanleg gebruik word wat algemene welvaart teweeg sou bring. Indien daar 'n belasting op invoere deur Natal gehef sou moes word om die Kaapse handel te waarborg, sou die Noordelike en Oostelike distrikte wel daardeur getref word, maar hulle het reeds al die jare die voordeel van goedkoper vervoertariewe van die nabygeleë Natal geniet. Hulle sou bowendien hulle produkte goedkoper vanuit die Suide kon kry, sowel as 'n mark vind indien 'n spoor deur die Vrystaat gelê sou word. Alle voorstanders van spoorweë sou syns insiens hierdie plan aanvaarbaar vind.⁷

Soos te wagte, het die Harrismith Chronicle De Express dadelik daarvan beskuldig dat hy die Suide wou bevoordeel. Borckenhagen het geantwoord dat hy geen voorkeur gehad het nie, maar dat hy

6. Ibid, 18.5.1881.

7. Ibid, 1.3.1883.

die algemene belang wou dien. Eiebelang moes in dié geval opgeoffer word. Bowendien het dit Natal vrygestaan om tot 'n tolunie toe te tree.⁸ Hy het daarop gewys dat Natal reeds met 'n spoorlyn na die Drakensberge besig was. As die Kaap nie uit 'n regverdighedsin tolregte aan die Vrystaat wou oorbetaal nie, sou hy dit dalk uit handelsin moes doen weens Natal se pogings om die Vrystaatse handel in te palm.⁹

'n Argument wat die Kaapse regering en pers gedurig opgehaal het as rede waarom daar nie tolgeld aan die Vrystaat oorbetaal moes word nie, was dat dié geld ook in die Vrystaat se belang gebruik is. Goew. P. Wodehouse het in 1862 beweer dat dit vir die paaie na die Vrystaat betaal het. Borckenhagen het daarop gewys dat die Vrystaat na 29 jaar waarskynlik nie alleen vir alle Kaapse paaie nie, maar ook vir al hulle spoorweë betaal het.¹⁰

The Cape Argus het die argument verder gevoer. Hy het beweer dat die geld nie net vir paaie en spoorweë nodig was nie, maar ook vir hawens en subsidies aan stoombootmaatskappye omdat die Vrystaat ook in die voordele daarvan gedeel het. Verder het die Kaap die Vrystaat van probleme met Swartes verlos en hy of Brittanje sou dit in die toekoms steeds doen. Hy het dus geen rede gesien waarom die Kaap vergoeding aan die Vrystaat moes toestaan nie. Die feit dat die Vrystaat nie met spooraanleg begin het nie, het gedui op 'n gebrek "aan goede verstandhouding en vriendschappelyk gevoel". Borckenhagen het geskryf dat so 'n houding soos deur die Kaapse pers ingeneem, geen goeie verstand-

8. Ibid, 15.3.1883.

9. Ibid, 26.4.1883.

10. Ibid, 26.4.1883.

houding met die Vrystaat teweeg sou bring nie en die land sou dwing om met Natal saam te werk. Die Vrystaat het aanspraak op 'n deel van die invoerreg gehad voordat die Kaap dwase spoor- en hawe-uitbreidings aangegaan het en hierdie geriewe is allermins ter wille van die Vrystaat aangegaan. Hoewel hy gedreig het dat die Vrystaatse handel na Natal sou gaan, het hy dit tog wenslik geag om 'n vriendskaplike verhouding met die Kaap te handhaaf.¹¹

Kaapse dreigemente om die invoerreg tot soveel as 15% te verhoog, het Borckenhagen opnuut na Natalse bande laat verwys.¹² Syns insiens kon die Vrystaat liever geld leen, rente daarop betaal en 'n spoor na Natal aanlê as om verhoogde invoerreg te betaal. Hy het Kaapse kiesers aangeraai om vir kandidate te stem wat aan die Vrystaat reg sou laat geskied en dus die ramp van die verlies van die Vrystaatse handel af te weer.¹³

Die konferensie tussen die Vrystaat en Natal in Maart 1884 te Harrismith het ongelukkig nie veel vrugte afgewerp nie. Geen besluite oor tolregte is geneem nie. Borckenhagen het nou aan 'n ander wapen teen die kuskolonies begin aandag gee, nl. 'n Delagoabaaispoorlyn. Tog was hy bly oor die vriendskaplike gees en die eerste treetjie wat gegee is in die rigting van samewerking tussen Natal en die Vrystaat. Hy het die hoop uitgespreek dat die Kaap ook na 'n goeie verstandhouding sou strewe. Die Natal Witness het die Vrystaat volgens Borckenhagen tereg die hoeksteen van Suid-Afrikaanse samewerking genoem. Die Vrystaters moes hulle strategiese posisie benut en aandrang op dit wat hulle

11. Ibid, 21.6.1883.

12. Ibid, 23.8.1883.

13. Ibid, 13.9.1883.

toegekom het.¹⁴ Ongeag die omstandighede en mededinging tussen die kuskolonies, was die Vrystaat geregtig op 'n deel van die invoerreg en dit moes aan hom gegee word. As dit nie gebeur nie, het hy voorgestel dat die Vrystaat met so 'n hoë belasting op Kaapse goedere moes terugslaan dat die handel tussen die twee bure tot niet sou gaan. Daar kon dan van 'n Natalse konsessie gebruik gemaak word vir 'n spoor tussen Durban en Bloemfontein.¹⁵

Die hoop op Kaapse tegemoetkoming het soos mis voor die son verdwyn toe die Parlement nie alleen oorbetalings van tolregte geweier het nie, maar ook hoër belasting oorweeg het. Dit het Borckenhagen baie skerp laat reageer. Hy het die Volksraad aangeraai om niks verder met die Kaap te doene te hê nie en alle handel na Natal te kanaliseer. Delagoabaai is weer as 'n moontlikheid geopper; al sou dit opoffering van die Vrystaat verg om op 'n lyn daarheen te wag, sou dit hom van Kaapse druk en slawerny verlos. "Laat de Kolonie loopen!" het hy uitgeroep. As die handel eers van die Kaap weggekeer is, sou dit nooit weer daarheen terugkeer nie.¹⁶

Die stryd wat die regering en ook Borckenhagen gevoer het met betrekking tot tolgeld, het vir hom tog 'n ligpunt gehad. Die volk het hul mening oor die saak begin lug en daar is oor die algemeen meer belangstelling in sake van die dag getoon as tevore.¹⁷ Die Volksraad en Uitvoerende Raad was syns insiens egter te gedweë en het nie genoeg op die Vrystaat se regte aangedring nie.

14. Ibid, 10.4.1884 en 1.5.1884.

15. Ibid, 29.5.1884.

16. Ibid, 5.6.1884.

17. Ibid, 24.7.1884.

Die Kaap het net beloftes gemaak. Die Vrystaat sou die verskil tussen die Natalse en Kaapse tariewe ontvang en toe verhoog Natal sy tariewe sodat die Vrystaat weer eens niks gekry het nie.¹⁸ Verder het die Kaap ook begin om op Vrystaatse produkte, uitgesonderd plaasprodukte, invoerreg te hef.¹⁹

T. B. Wiese het aan De Express geskryf dat hy heelhartig met Borckenhagen saamstem. Die regering was te slap. Kaapse produkte moes belas word en die Vrystaat moes nie onder die ysterjuk van vreemde oorheersing buk nie. Afrikanerbondtakke soos dié van Winburg het die regering versoek om vas te hou aan die Britse belofte in die Konvensie en aan te dring op invoerregte soos belowe.²⁰

In sy aanspraak tydens die buitengewone Volksraadsitting van 1884 het pres. Brand bekendgemaak dat hy aan die Kaapse goewerneur voorgestel het dat die Suid-Afrikaanse state en kolonies 'n konferensie hou. So sou Vrystaatse aansprake op tolgeld die beste bevorder word.²¹ Daar was egter nie reaksie uit die Kaap nie.

Borckenhagen het die Kaapse regering verwyt dat hy weggeskram het van 'n konferensie of die uitspraak van 'n arbitrasiehof omdat hy geweet het dat die Vrystaatse aansprake gegrond was. Die Kaap se nuutste verweer was dat hy die Vrystaat se voog was en dus geregtig op die hele invoerreg. Volgens Borckenhagen was hy 'n self-aangestelde, trouelose voog of eintlik 'n rower.

18. Ibid, 21.8.1884.

19. Ibid, 28.8.1884.

20. Ibid, 11.9.1884.

21. Ibid, 18.9.1884.

Dit was 'n "manifest absurdity" dat die onafhanklike Vrystaat onder die voogdyskap van 'n ongeëmansipeerde kolonie kon staan. The Cape Argus het skielik erken dat die Vrystaat reg gehad het op 'n deel van die invoerreg - waarskynlik uit vrees dat Natal die Vrystaatse handel sou bekom. Eiebelang sou die Kaap dalk tog op die ou end dwing om toegewings te maak.²²

'n Tolkonferensie was vir Borckenhagen 'n kwessie wat nou dringend oorweeg moes word. Transvaal het Kaapse produkte belas, die Kaap het 'n beskermende belasting op wyn gehef en was volgens gerugte van plan om tolhuise op sy grense op te rig en Vrystaatse graan te belas. Hy het 'n beroep op kamers van koophandel, kiesers, Volksraadslede en die pers gedoen om ernstig oor so 'n konferensie na te dink. Hy sou Portugal ook graag daarby betrek.²³ By so 'n byeenkoms kon na die algemene belang gesoek word.

In Februarie 1886 het De Express met verontwaardiging berig dat pres. Brand se verdere verstoë oor invoerreg summier deur die Kaapse Ministerie van die hand gewys is. Hulle het geweier om die kwessie in die Parlement te opper en te kenne gegee dat die Vrystaat hulle eintlik geld skuld vir paaie, brûe, spoorweë en tolhuise. Borckenhagen het gewaarsku dat die Vrystaat sy tyd sou afwag. As hy eers 'n spoorlyn na Pretoria gebou het, sou die Kaap vergeld word vir wat hy genoem het sy roofrug en politieke oneerbaarheid.²⁴ Na aanleiding van die Kaap se strewe om 'n spoorlyn van Kimberley na Transvaal te bou, het Borckenhagen weer eens beklemtoon dat geen spoorverbinding tussen die republieke en

22. Ibid, 25.6.1885.

23. Ibid, 20.8.1885; 24.9.1885 en 12.11.1885.

24. Ibid, 18.2.1886.

die kolonies toegelaat moes word voordat 'n tolooreenkoms aange-
gaan is nie.²⁵

The Natal Witness het intussen ook geskryf dat al die Suid-Afri-
kaanse state en kolonies moes saamwerk en 'n tolooreenkoms
aangaan. Hy het gemeen dat Engeland moes help om lewe in die
Suid-Afrikaanse ekonomie te blaas deur Transvaal te help ontwik-
kel en 'n spoornetwerk oor die hele Suid-Afrika aan te lê waar-
langs alle binnelandse produkte belastingvry vervoer kon word.
Dit sou 'n harmoniese geheel en voorspoed bring. Borckenhagen
het saamgestem en gevra dat daar onmiddellik 'n begin gemaak moes
word sonder om kosbare jare te verspil.²⁶

Hy het egter besef dat die hoop op so 'n samewerking gering was
toe die Kaapse Eerste Minister, Thomas Upington, op Worcester
gesê het dat belasting op Vrystaatse graan oorweeg moes word om
die Kaap se finansiële probleme te help oplos. Volgens Borcken-
hagen sou dit tot 'n toloorlog in plaas van 'n tolooreenkoms lei.
Syns insiens het die Vrystaatse volk die toppunt van verontwaar-
diging bereik oor die Kaapse fiskale beleid. Sir Arthur Havelock
van Natal het daarteenoor verklaar dat dié kolonie aan 'n vermin-
dering van tolgeld en gratis vervoer van invoergoedere gedink het
om moontlike mededinging van Lourenco Marques teen te werk.²⁷

Die Vrystaat het dus ietwat meer van 'n bedingingsmag begin kry.
Naas die mededinging van Natal het ook dié van Delagoabaai na
vore getree. Verder het die ontdekking van goud in Transvaal die

25. Ibid, 25.3.1886.

26. Ibid, 11.3.1886.

27. Ibid, 8.4.1886.

moontlikheid van die opkoms van 'n staat wat ekonomies sterk was, ingehou. 'n Verdere troefkaart was dat die Vrystaat die diamantwette kon terugtrek wat vryhandel in diamante sou laat toeneem en die Kaap se inkomste uit diamante sou laat krimp.

Uppington se toespraak het die Vrystaat op sy hoede gestel. Vir Borckenhagen was dit baie duidelik dat die land eerder by die Zuid-Afrikaansche Republiek as by die Kaap sy heil moes soek. Die republieke se bestemming was dieselfde en deur saam te staan, kon hulle mekaar se belange verdedig. Hy het 'n beroep op die regering gedoen om 'n handelsooreenkoms met die Zuid-Afrikaansche Republiek aan te gaan.²⁸

Op 6 Maart 1886 het pres. Brand nogmaals by die Kaapse goewerneur op 'n tolkonferensie aangedring. Verder het hy versoek dat die belasting op tabak afgeskaf word en dat 'n deel van die invoerreg op goedere wat die Vrystaatse regering ingevoer het, terugbetaal word.²⁹ In sy aanspraak voor die Volksraad het hy, tot De Express se genoë, 'n traktaat van handel en vriendskap met die Zuid-Afrikaansche Republiek voorgestel. Vir Borckenhagen het die tyd nou aangebreek dat die Vrystaat moes ophou om 'n bedelaar om Kaapse gunste te wees. Die oë moes op Delagoabaai en Natal gerig word.³⁰ Korrespondente van die koerant het gereageer en pres. Brand versoek om, benewens 'n handelstraktaat, ook die Delagoabaailyn in onderhandelings met Transvaal te berde te bring om sodoende druk op die Kaap uit te oefen.³¹

28. Ibid, 1.4.1886; 8.4.1886 en 29.4.1886.

29. Ibid, 15.4.1886.

30. Ibid, 6.5.1886.

31. Ibid, 13.5.1886.

Wat Borckenhagen betref, moes die Vrystaat nou daadwerklik optree. Hy het gewaarsku dat die proses van vernietiging nie langer kon voortgaan nie. As eerste stap moes die Vrystaatse handelsbalans regkom. Daar moes meer uitgevoer en minder ingevoer word. Dan moes daar met die Kaap gekorrespondeer word om vas te stel wat hulle houding was. Indien nie gunstig nie, moes met Natal onderhandel word.³²

Upington het te kenne gegee dat hy teen alle Vrystaatse eise vir invoerreg was. Hy was net bereid om oor die belasting op Vrystaatse produkte te praat. Borckenhagen het gemeen dat 'n konferensie in dié geval net 'n vermorsing sou wees. Die Kaap was koud en onverskillig en het die Vrystaat al 32 jaar lank veronreg; daarom moes na Transvaal gekyk word. In die Kaap het geen Afrikaner die Vrystaatse belange teen Upington verdedig nie.³³ Sy kreet om nouer vereniging met die Zuid-Afrikaanse Republiek was nie 'n ydele droom nie, maar 'n praktiese en noodsaaklike maatreël. Dit kon ook daartoe lei dat Transvaal die Vrystaat sou kwytsekeld van die streng beskermende maatreëls wat ingestel is.³⁴

Die voorspoed in die Zuid-Afrikaanse Republiek het nou 'n invloed op die Suid-Afrikaanse fiskale beleid begin uitoefen en Borckenhagen het hom daarop beroem dat hy dit jare tevore voorspel het. Toe is hy uitgelag as 'n onpraktiese politikus en 'n republikeinse dromer. Hy was seker dat sy stoutste verwagtings oortref sou word en Delagoabaai sou die sleutel wees. Al wat

32. Ibid, 20.5.1886.

33. Ibid, 27.5.1886.

34. Ibid, 22.6.1886.

ontbreek het, was samewerking tussen die twee republieke. Die Transvalers kon neersien op 'n tolverbond, maar die Vrystaat nie en moes des te meer probeer om Transvaal se samewerking te verkry. Om dit te verkry het hy 'n offensiewe en defensiewe verbond aanbeveel. Dan kon die Vrystaat seker wees van Transvaalse hulp in geval van 'n belastingoorlog wat meer verwoestend as 'n slagveld kon wees. Verder sou die republieke uit 'n posisie van krag kon eis dat handelskwessies in Suid-Afrika volgens bepaalde regulasies wat in die algemene belang sou wees, geskied. 'n Praktiese beleid van ekonomiese samewerking tussen kolonies en state kon die grondslag lê vir 'n Suid-Afrikaanse unie. As die geleentheid nie aangegryp word nie, sou dit verbygaan. Hy het dus die stuur van 'n kommissie na Pretoria voorgestel sodat 'n daadwerklike begin gemaak kon word.³⁵

Borckenhagen het die regering verwytdat daar in twintig jaar nog niks bereik is met betrekking tot invoerreg nie. Verdere korrespondensie was net 'n verkwisting van tyd.³⁶

Die Kaap het nou tekens van bekommernis oor die binnelandse handel getoon en dus met die Zuid-Afrikaansche Republiek begin flikflooi en sekere tarieftoegewings gemaak. Borckenhagen het dit as 'n verdere rede aangevoer waarom Transvaalse samewerking gesoek moes word. Die Vrystaat moes van Transvaal die versekering kry dat hy nie by 'n tolooreenkoms uitgesluit sou word nie en dat die susterrepubliek nie 'n spoorverlenging van Kimberley na Pretoria sou toelaat nie.³⁷ Die Kaap was juis van plan om 'n

35. Ibid, 2.9.1886.

36. Ibid, 4.11.1886.

37. Ibid, 23.9.1886.

afvaardiging na Pretoria te stuur. Hoewel dit verontrustend was, het dit vir hom getoon dat state aan samewerking begin dink het. Die ontdekking van die goudveld het Suid-Afrika op politieke gebied laat wakkerskrik na jare van slaap.³⁸

In die eerste plaas het hy dan gepleit vir samewerking tussen die twee republieke. Die Vrystaat het onmiddellike en hartlike hulp aan Transvaal verleen toe hy in die nood was. Nou het hy Transvaal se hulp dringend nodig gehad. Saam moes hulle 'n front vorm teen die kuskolonies en weier om oor spoorweë te onderhandel voordat die tolkwessie gereël is. Ook moes Transvaal geen handelsbetrekkinge met hulle aangaan voordat dit nie gebeur het nie. Daar moes met die twee kuskolonies gesamentlik onderhandel word. Daarna kon die republieke saamwerk ter beskerming van hul gemeenskaplike belange wat spoorweë betref. Die res van die goedgesinde pers moes De Express se voorbeeld volg en nooit ophou om dié saak met geesdrif te propageer nie, want dit het uiteindelik gegaan om die behoud en versterking van republikanisme.³⁹ Dit het nie beteken dat hy haat jeens die Engelse verkondig het nie. 'n Suid-Afrikaanse tolverbond was vir De Express 'n jarelange droombeeld, maar die republieke was die sleutel daartoe. Suid-Afrikaanse onafhanklikheid het van Suid-Afrikaanse ontwikkeling, waartoe 'n tolverbond grootliks sou bydra, afgehang en nie van Britse besluite nie.⁴⁰

Na aanleiding van kol. F. X. Schermbrücker en sy Kaapse afvaardiging se besoeke aan Pretoria en Bloemfontein het Borckenhagen

38. Ibid, 1.2.1887.

39. Ibid, 8.2.1887.

40. Ibid, 8.3.1887.

geskryf dat Kapenaars net altyd aan hul eie belange dink en hy het verwag dat ás hulle ooit die terugbetaling van 'n deel van die invoerreg sou oorweeg, hulle 'n voorwaarde sou stel, waarskynlik met betrekking tot spoorweë en veral die Delagoabaailyn. Hy sou graag wou sien dat Schermbrücker na die Kaap gaan met die wete dat die Vrystaat wou saamwerk in spoor- en tolaangeleenthede mits dit nie net om Kaapse belange gegaan het nie. Republikeinse belange moes nie ondergeskik gemaak word aan wat hy Kaapse knoeiery genoem het nie.⁴¹ Die afvaardiging het, net soos in Transvaal, nie veel in die Vrystaat bereik nie, maar het tog 'n belangrike verandering van houding by die Kaapse regering bekendgemaak. 'n Konferensie oor spoor- en tolsake is nou wenslik geag.⁴²

Net toe die Kaapse regering bereid geword het om oor 'n tolvorbond te onderhandel, het die Transvalers hul stemme daarteen laat opgaan. De Volksstem het as Transvaalse mondstuk bedenkinge uitgespreek omdat hy gemeen het dat die Kaap meer as die Zuid-Afrikaansche Republiek daarby sou baat. 'n Teleurgestelde Borckenhagen het die bewering weerspreek. Hy was daarvan oortuig dat 'n ooreenkoms bereik kon word waarvolgens almal se belange in ag geneem sou word. Om met die kolonies in dié verband saam te werk, sou nie beteken dat die republieke deur die Britse Buitelandse kantoor regeer moes word nie. Die Zuid-Afrikaansche Republiek sou dalk baie voedsel moes invoer indien sy delwersbevolking buitensporig toeneem en dit sou hom baat om dit belastingvry te doen. Die bedreiging van 'n Delagoabaailyn sou die Kaap dwing om by die tolreëlings te bly. Portugal kon by die tolunie betrek

41. Ibid, 22.3.1887.

42. Ibid, 5.4.1887.

word en die traktaat wat Transvaal en die Vrystaat met hom gesluit het, sou dus nie 'n belemmering wees nie. Dit het hom gespyt dat De Volksstem en andere nog so kortsigtig was en so min oorleg en gesonde verstand aan die dag gelê het. 'n Konferensie was 'n noodsaaklikheid en sou ook daartoe kon bydra dat die onge-sonde wedywing tussen Natal en die Kaap, wat tot albei se na-deel gestrek het, beëindig word.⁴³

Hy het die regering egter gewaarsku om nie aan 'n tolkonferensie deel te neem sonder om die Zuid-Afrikaansche Republiek vooraf te raadpleeg nie. Die betrekkinge met Transvaal was "hazy and in-distinct" en die ou handelsooreenkoms van geen waarde nie. Die twee republieke het die een nie geweet hoe die ander oor belang-rike sake voel nie. Transvaal het hom teen 'n tolunie uitge-spreek en wou hê dat die Vrystaat hom daarin moes steun, maar die Vrystaat het nie geweet wat Transvaal se redes vir afsydigheid was en of Transvaal enige steun vir die Vrystaat in gedagte gehad het nie. Dit was noodsaaklik om sonder versuim oor hierdie sake sekerheid te verkry en daarom het hy weer aangedring op 'n af-vaardiging na Pretoria.⁴⁴ Dit klink hier asof Borckenhagen oor inligting in verband met Transvaal se houding beskik het. Die Volksraad se besluit om 'n afvaardiging te stuur, is deur hom as 'n "heugelijke daadzaak" begroet.⁴⁵

Die samesprekings in Transvaal het op 'n dooiepunt uitgeloop omdat nie een van die twee kante toegewings wou maak nie. Die Zuid-Afrikaansche Republiek het glad nie in 'n tolunie belang

43. Ibid, 22.3.1887.

44. Ibid, 10.5.1887.

45. Ibid, 17.5.1887.

gestel nie.

Met die opening van die Kaapse Parlement was sir Hercules Robinson baie terughoudend wat die Vrystaat se eise vir tolregte betref.⁴⁶ Die Parlement was steeds traag om aan die eise te voldoen en het, soos Borckenhagen voorspel het, sekere voorwaardes daaraan gekoppel. Laasgenoemde het voorgestel dat die Vrystaat in dié geval nie met die Kaap saamwerk nie. Sommige Engelse koerante, soos die Eastern Province Herald en The Telegraph het begin toegee dat die Vrystaatse eise billik was - waarskynlik omdat hulle gemeen het dat sulke erkennings die Vrystaat geneë sou maak om Kaapse spoorplanne te steun. Cecil John Rhodes het dieselfde gedagte in 'n brief aan The Cape Argus geopper.⁴⁷ Die Eastern Province Herald het geskryf dat die Kaap die invoerreg nie net vir spoorweë en hawens gebruik het nie, maar ook die Kaapse administrasie daarmee aan die gang gehou het. De Express se kommentaar was dat dié koerant se siening helder was. The Telegraph het voorgestel dat die Kaapse regering aan die Vrystaatse eise moes toegee voordat hulle dit buitendien onder druk op 'n minder eervolle wyse sou moes doen.⁴⁸

De Express het daarop gewys dat die Kaap vir die eerste keer verplig was om die Vrystaat in ag te neem. Hy was ongeduldig om met die ontwikkelende goudveld verbind te word en die enigste moontlikheid was deurgang deur die Vrystaat.⁴⁹

46. Ibid, 31.5.1887.

47. Ibid, 19.7.1887.

48. Ibid, 7.6.1887.

49. Ibid, 14.6.1887.

Die feit dat die Zuid-Afrikaansche Republiek aan geen spoor- of tolkonferensie wou deelneem nie het, wat Borckenhagen betref, nie beteken dat die Vrystaat dit nie kon doen nie. Die deur kon ook vir Transvaal oopgelaat word indien hy later wou deelneem.⁵⁰ Die beoogde samesprekings tussen die twee presidente in Oktober 1887 het hom laat hoop dat daar tot nouer samewerking ooreengekom sou word.

Die Kaap het hom bereid verklaar om 'n spoor deur die Vrystaat te lê en die geld te voorsien teen 3½% rente, maar dan moes die Vrystaat sy eise in verband met tolgeld prysgee. Borckenhagen het volgehou dat spoorweë en tolgeld aparte kwessies was en dat laasgenoemde 'n reg was wat sonder voorwaardes toegeken moes word. Dit was volgens hom ook die volk se houding. As daar Vrystaatse politici was wat die Vrystaat se onafhanklikheid vir 'n Kaapse ooreenkoms wou opoffer, sou dit nie die volk se goedkeuring wegdra nie.⁵¹ Hoe reg hy was, sou in 1888 blyk toe die Vrystaatse afvaardiging na die spoor- en tolkonferensie toegestem het tot spoorverlenging deur die Vrystaat na Transvaal en die Volksraad dit met die voorsitter, J. G. Fraser, se beslissende stem goedgekeur het. Die volk het in opstand daarteen gekom.

Die meerderheid van die volk het die pogings om 'n deel van die tolgeld terug te kry, heelhartig gesteun en was tot op hierdie stadium ten gunste van 'n tolkonferensie. Daar was egter heelwat burgers wat nie wou hê dat die Vrystaat tot 'n tolunie moes toetree as die Zuid-Afrikaansche Republiek dit nie ook doen nie.

50. Ibid, 21.6.1887.

51. Ibid, 5.7.1887.

Aanvanklik het Borckenhagen ook gedink dat 'n tolverbond sonder Transvaal 'n onmoontlikheid was. Hy het egter bly hoop dat die susterrepubliek van mening sou verander, veral as die Vrystaat die regte toon sou aanslaan. The Friend en sy geesgenote het volgens hom behae daarin geskep om 'n tolunie as twisappel tussen die republieke te gebruik sodat hulle kon verdeel en heers.⁵²

In die Kaapse Parlement het Eerste Minister Sprigg en sy regering hulle bereid verklaar om 'n deel van die tolgeld aan die Vrystaat oor te betaal, maar die geld dan weer terug te eis vir hawens, 'n stoombootdiens en ondersese kables. Borckenhagen het dit onomwonde 'n skelmstreek genoem. Toe Rhodes voorstel dat tolregte aan die Vrystaat oorbetal word op voorwaarde dat 'n spoorlyn deur die Vrystaat aangelê word, het Borckenhagen geskryf dat die Vrystaat hom nie deur die Kaap moes laat gebruik teen die Delagoabaailyn nie. Hy was oortuig daarvan dat slegs Transvaalse vooruitgang en Vrystaatse vooruitsigte om by die Delagoabaailyn aan te sluit, die Kaap sou oorhaal om op gelyke voet met die Vrystaat te onderhandel. Dit sou 'n einde maak aan wat hy blanke slawerny noem; so nie sou die kolonies so 'n verbond dikteer.⁵³ As die Kaap 'n konferensie beplan het waarop hul ou gees van uitbuiting wat hy vergelyk het met 'n vampier se uitsuig van die republieke se lewensbloed oor dertig jaar, en misbruik van die republieke se ligging sou heers, moes die Vrystaat nie eers daaraan dink om deel te neem nie.⁵⁴

52. Ibid, 19.7.1887.

53. Ibid, 9.8.1887.

54. Ibid, 19.7.1887.

Die hoop dat Natal die Vrystaat beter sou behandel, is verrydel toe die Natalse owerheid verklaar het dat daar slegs aan die Vrystaat rabat betaal sou word indien sy spoorbeleid vir Natal bevredigend was. Vir Borckenhagen was dit duidelik dat die Vrystaat niks van Natal kon verwag nie.⁵⁵ Beide kolonies wou spoorweë as voorwaarde vir tolregte stel, terwyl pres. Brand dit duidelik gestel het dat daar nie spoorweë sou wees voordat 'n tolunie gestig is nie.⁵⁶

Borckenhagen het met groot verwagting na die Bloemfonteinse konferensie tussen pres. Brand en pres. Paul Kruger uitgesien, maar was tog bedag op teleurstelling ná die vorige mislukte konferensie. Hy het gewys op die geweldige invloed wat samewerking tussen die republieke op toekomstige ontwikkeling sou uitoefen. Transvaal het oor die finansiële vermoë beskik om homself af te sonder, maar vir die Vrystaat was samewerking van lewensbelang.⁵⁷ Die mislukking van die konferensie is ten diepste deur hom betreur.

Pres. Brand het intussen aan die Kaapse goewerneur geskryf om op die noodsaaklikheid van 'n tolkonferensie te wys en dat tol- en spoorwessies geskei moes word. Ook Sprigg en sy Kaapse Ministerie het 'n tol- en spoorkonferensie by die Goewerneur aanbeveel.⁵⁸ Die Vrystaatse Volksraad het deelname aan so 'n konfe-

55. Ibid, 9.8.1887.

56. Ibid, 23.8.1887.

57. Ibid, 4.10.1887.

58. Ibid, 25.10.1887.

rensie met die Kaap en Natal goedgekeur.⁵⁹

Uiteindelik is die konferensie gereël en die here J. G. Fraser, A. Fischer en P. A. D. E. Mijburgh aangewys as die Vrystaatse afgevaardigdes. Borckenhagen het gewys op die rol wat die Transvaalse goudveld in Suid-Afrikaanse politiek en handel gespeel het. Solank as wat die Vrystaatse Republiek bestaan het, kon niks die Kaap beweeg om selfs net met die Vrystaat te gesels oor tolgeld nie en was die Vrystaat nooit in die posisie om die Kaap vir sy slegte behandeling te vergeld nie en nou is 'n konferensie gereël. Vir pres. Brand wat volgens Borckenhagen voortdurend in belang van die Republiek opgetree het, moes dit 'n besonder aangename vooruitsig gewees het. Borckenhagen het die afvaardiging aangeraai om by die konferensie te neem wat hy kon sonder benadeling van die Zuid-Afrikaansche Republiek.

Wat die samestelling van die kommissie betref, het hy met 'n tikkie sarkasme bespiegel dat die lede waarskynlik hierdie keer tot 'n ooreenkoms sou kom in teenstelling met die konferensie tussen Transvaal en die Vrystaat. Hulle was gebore koloniste, vurige ondersteuners van pres. Brand se beleid en deurdrenk met 'n gees van vriendskap vir alles wat koloniaal was. Hulle kon dus op goeie voet met die kolonie verkeer. Daar was volgens hom 'n algemene gevoel dat die insluiting van 'n sakeman tot voordeel van die kommissie kon wees.⁶⁰

Hoewel Borckenhagen dit sou verwelkom as die Vrystaat sy regmati-

59. Volksraadsnotules OVS (hierna afgekort as OVSVR), 24.10.1887, p.500.

60. De Express, 15.11.1887.

ge deel van die tolgeld kry, skemer daar tog in die hele kwessie 'n gevoel van bitterheid deur as gevolg van die feit dat die Vrystaatse regering nie met die Zuid-Afrikaansche Republiek wou saamwerk nie en nou so gretig was om met die Kaap te onderhandel.

Een ding sou Borckenhagen nie "stilzwijgend aanzien" nie: dat "een anti-Transvaalsche partij" die Vrystaat as werktuig teen Transvaal se "zuivere en gezonde Afrikaansche politiek" sou gebruik.⁶¹

De Express het die voltooiing van die eerste gedeelte van die Delagoabaailyn toegejuig as 'n wins vir die republieke en het die hoop uitgespreek dat Paul Kruger ferm met sy planne sou voortgaan en dat die volgende deel suksesvol aangepak sou word. Die vordering wat reeds gemaak is, sou 'n invloed op die Kaapse konferensie hê. Die Vrystaat moes die geleentheid te baat neem om die Kaapse oorheersing af te skud en te neem wat hy kon kry. Sou hy nie 'n spoorlyn of rabat kry nie, was dit ook nie die einde van die wêreld nie. Daar sou dan geen moontlikheid van verliese op spoorverkeer wees nie en die Vrystaatse boere sou die graanmonopolie in die Zuid-Afrikaansche Republiek geniet. Die samenwerking tussen die susterrepublieke sou verbeter sonder dat dit nodig sou wees om die kolonies te behandel soos hulle die republieke behandel het. Al wat die republieke dan aan die kolonies sou doen, was om hulle aan hulself oor te laat.⁶²

By die Kroonstadse volkskongres op 18 Januarie 1888 waar daar tussen 300 en 400 burgers teenwoordig was, is 'n tolunie afgekeur

61. Ibid, 22.11.1887.

62. Ibid, 27.12.1887.

en die volk versoek om daarteen te stem. Die mening is uitgespreek dat so 'n unie alle hoop op vereniging met die Zuid-Afrikaansche Republiek sou vernietig.⁶³ Borckenhagen het in sy kommentaar saamgestem dat 'n algemene tolverbond nie moontlik was nie, maar dat daar wel reg aan die Vrystaat moes geskied by wyse van 'n terugbetaling van 'n deel van die tolgeld - sonder dat die Vrystaat sy onafhanklikheid of vryheid van optrede aan bande sou laat lê. Pres. Kruger het hom ook nie teen so 'n ooreenkoms uitgespreek nie. Die blote feit dat die Kaap die Vrystaat na 'n konferensie uitgenooi het, het bewys dat hy die Vrystaat se posisie erken het.⁶⁴

In antwoord op De Zuid Afrikaan se aanmerking dat as die Vrystaat sou aandring om spoor- en tolkwessies te skei, hy minstens nie tolgeld as 'n reg moes sien nie, het Borckenhagen geskryf dat dit presies was wat die Vrystaat sou doen. Daar was alreeds groot skuld op die Kaap se rekening wat uitgestel, maar nie ontwyk kon word nie.

Die Vrystaatse afgevaardigdes na die konferensie wat op 30 Januarie 1888 te Kaapstad begin het, het 'n groot diplomatieke oorwinning behaal deur te weier om aan samesprekings deel te neem voordat 'n beginselbesluit geneem is waarvolgens die Republiek se reg op 'n deel van die invoerreg erken word. Hierdie nuus is met vreugde in die Vrystaat ontvang. De Express het vermeld dat Vrystaatse harte verwarm is deur die gunstige indruk wat die af-

63. Malan, S.F., Politieke Strominge onder die Afrikaners in die Vrystaatse Republiek (hierna afgekort as Politieke Strominge), p.148.

64. De Express, 24.1.1885.

gevaardigdes se toesprake gemaak het.⁶⁵

Borckenhagen se aanvanklike reaksie op die afloop van die tolkonferensie, waar 'n voorlopige tolunie met die Kaap gesluit is, was om die afgevaardigdes te loof, maar meer klem te lê op Transvaal se ferm houding wat aan die Kaap getoon het dat hy sonder hom kon klaarkom en op die samewerking tussen Transvaal en die Vrystaat. Die Delagoabaailyn het dus alreeds sy doel gedien. Transvaal kon later sonder skade tot die tolunie toetree en so die republikeinse deel van die verbond versterk. Die republiek kon dan skouer aan skouer veg om die voordele te behou en veranderinge te verkry.⁶⁶ Hy het Natal se afsydige houding betreur.⁶⁷

Hoewel hy kritiek op die konferensie kon uitspreek, het hy dit tog as die eerste stap tot Suid-Afrikaanse samewerking beskou. Hy sou dit verkies het as Transvaal sy stilswye wou verbreek en sê wat hy van die tolooreenkoms dink. Die Vrystaat het Transvaal se belange op die hart gedra en het nou van Transvaal verwag om ook aan sý belange te dink.⁶⁸ Indien die Zuid-Afrikaansche Republiek die ooreenkoms nie sou goedkeur nie, kon dit misluk en dit sou volgens hom die gevolg wees van diegene wat die Bloemfonteinse konferensie met Kruger laat misluk het, se ellendige kortsigtheid. As Transvaal vergeldingsmaatreëls teen die tolunie sou tref deur Vrystaatse produkte te belas, sou dit die Bloemfonteiners wat die Volksraad beïnvloed het om Kruger se beleid af te wys, se verdiende loon wees. Die twee kwessies van nouer same-

65. Ibid, 7.2.1888.

66. Ibid, 6.3.1888.

67. Ibid, 13.3.1888.

68. Ibid, 20.3.1888.

werking met die Zuid-Afrikaansche Republiek en 'n tolunie met die Kaap was nie noodwendig in stryd met mekaar nie; tog is in die Vrystaat 'n punt bereik waar die Volksraad verhoudinge met Transvaal vertroebel, terwyl die burgers 'n voordelige tolunie met die Kaap verwerp. Op Leeuwfontein in die Suidoos-Vrystaat is dié unie byvoorbeeld afgekeur omdat Transvaal en Portugal nie daarby ingesluit is nie. Borckenhagen het daarop gewys dat Kruger nie teen die unie gekant was nie en dat die Vrystaat sy eie belange in ag moes neem.⁶⁹

Die volk se teenkanting teen die tolooreenkoms was vir pres. Brand so ontstellend dat hy 'n uitsonderlike stap geneem het, nl. om die afgevaardigdes na die konferensie in die openbare pers te bedank. Hy het verklaar dat die erkenning van die Vrystaat se reg op tolgeld die kroon op sy arbeid van vyf-en-twintig jaar geplaas het en dat spoorverbinding die land se hulpbronne sou laat bloei. Die President het ook sy spyt uitgespreek dat hy weens siekte nie die voordele en seëninge van spoorweë en 'n tolunie in die distrikte kon verduidelik nie. Hy sou dit met die opening van die Volksraad doen.⁷⁰

Die Vrystaters was gretig om te hoor wat Transvalers van hul deelname aan 'n tolunie gedink het. De Volksstem het eers in April 1888 kommentaar gelewer en het baie krities teenoor die ooreenkoms gestaan. Borckenhagen het die Transvalers verseker dat die Vrystaat nie sou toelaat dat 'n tolunie hulle benadeel nie. Na aanleiding van De Volksstem se dreigement dat die Vrystaat die voordele van 'n Delagoabaailyn sou verbeur, was sy ver-

69. Ibid, 3.4.1888.

70. Ibid, 10.4.1888.

weer dat die Vrystaat vir 'n geruime tyd geen voordele van so 'n lyn sou geniet nie behalwe die rol wat dit kon speel om die Kaap tot toegewings te dwing. Die Vrystaat sou dus steeds gebuk gaan onder Kaapse ekonomiese druk indien hy nie by die tolunie sou aansluit nie. Die verdere dreigement dat Transvaal Vrystaatse graan sou belas, is deur Borckenhagen as onbillik beskou. Hy het besef dat dit die Vrystaatse boere teen 'n tolunie sou laat stelling inneem. Dit sou 'n baie onvriendelike gebaar wees en uiteindelik net Transvaalse verbruikers swaar tref.⁷¹

Borckenhagen se standpunt ten opsigte van 'n tolunie en spoorweë was duidelik. Hy was ten gunste van beide en het volgens hom nie veel van Fraser verskil wat dit betref nie. Maar hy was bereid om beide ideale prys te gee indien dit verwydering tussen die Vrystaat en Transvaal sou beteken.

Na Fraser se openbare vergadering waarop hy die Vrystaatse afgevaardigdes se optrede by die tolkonferensie verduidelik het en baie insinuasies gemaak het met betrekking tot Borckenhagen wat die aanhitser sou wees van die sogenaamde "grootbek patriotten" wat vereniging met Transvaal wou hê en teen tol- en spoorooreenkomste gekant was, het Borckenhagen 'n besonder duidelike uiteensetting van sy standpunt gegee. In die eerste plek het hy die Vrystaat se verhouding met Transvaal weer voorop gestel aangesien die twee republieke op politieke en handelsgebied groot gemeenskaplike belange gehad het en moes saamwerk. Fraser se toespraak het 'n onversoenlike gees teenoor die Zuid-Afrikaansche Republiek en die wense van die Vrystaatse burgers geopenbaar. Sy harde

71. Ibid.

woorde sou geen Vrystater se steun vir 'n tolunie of spoorweë werf nie en Transvaal afsydig maak. Borckenhagen het homself ten gunste van 'n tolunie met die Kaap uitgespreek. Al wou Transvaal nie daaraan deelneem nie, het hy op vriendelike neutraliteit gehoop. Geduld en verdraagsaamheid kon Transvaal dalk oorhaal om ook aan te sluit. As dit egter nodig was om terwille van die vriendskap met Transvaal 'n tolunie op te offer, sou dit wys wees om dit te doen, want Transvaal was besig om die toonaangewende staat in Suid-Afrika te word. Samewerking met die susterrepubliek was vir hom veel belangriker as 'n tolunie of spoorweë en as die gedagte was om Transvaal te isoleer, "we would advise the people to resist the attempt, at the cost of both the Customs Union and the Railway, as a suicidal and important attempt to consolidate South African affairs, without taking the principal factor into account." Wat by die tolkonferensie bereik is, was die gevolg van Transvaal se belangrikheid, onafhanklikheid en beleid en verdere resultate kon alleen verkry word as Transvaal se samewerking behou sou word. Hy het die minagting waarmee Vrystaatse leiers vereniging met Transvaal beskou het as ondankbaar beskryf. Hy het weer eens beklemtoon dat hy, net soos Fraser, 'n tolunie en spoorweë wou hê, maar het gevrees dat beide kwessies skipbreuk kon ly as gevolg van Fraser se optrede waardeur Transvaal en huiwerende Vrystaters, wat vir die saak gewen kon wees, finaal afgeskrik sou word.⁷²

Sy vrese is bewaarheid. Die burgers het Fraser en sy mede-afgevaardigdes nie vertrou nie, veral omdat dit vir hulle gelyk het asof 'n tolunie met die Kaap vereniging met die Zuid-Afrikaansche Republiek in die wiele sou ry. Hiervan het talle vergaderings en

72. Ibid, 24.4.1888.

kongresse getuig.

In Engeland het The London Times probeer om Britse vrese te besweer dat 'n tolunie tussen die Britse kolonies en onafhanklike republieke in Suid-Afrika daartoe kon lei dat die kolonies deur die republieke geannekseer sou word en dat die hele gebied vir Britse uitvoere verlore sou wees. Die blad het die versekering gegee dat die tolunie maar op klein skaal sou wees en dat die kolonies nie geannekseer sou word nie. Hy het geïnsinueer dat die teenoorgestelde dalk kon gebeur. Borckenhagen het die artikel as tipies Engels beskou aangesien Suid-Afrikaanse kwesies steeds uit 'n Engelse oogpunt benader is sonder die inagneming van kragte wat veral die vorige vyf jaar stilletjies binne in Suid-Afrika aan die werk was om die land polities anders te laat ontwikkel as voorheen. Dit sou hom nie verbaas nie as dit die Kaap en Natal was wat uiteindelik sou "succumb to a process of assimilation".⁷³

Tydens die Volksraadsitting van 1888 is die tolvverbond goedgekeur. Borckenhagen was daarteen gekant dat Vrystaatse deelname onderworpe gemaak is aan beide kolonies se goedkeuring, want dit sou Natal net aanspoor om teen die tolvverbond te stem en die Volksraad te dwing om 'n spesiale sitting te hou. Die Volksraad moes die tolunie net so aanvaar en wette opgestel het wat daarop betrekking gehad het. Die unie kon dan gouer in werking gestel word.⁷⁴

Toe die Volksraad ook 'n federale unie met die Zuid-Afrikaansche

73. Ibid.

74. Ibid., 5.6.1888.

Republiek goedkeur, het Borckenhagen gemeen dat dit 'n onmoontlike saak was wat net tot vervreemding van Transvaal sou lei. 'n Federale unie sou oor gesamentlike deelname aan 'n tolunie moes besluit en Transvaal sou dit verwerp. Die vraag was dan of die Vrystaat sy verbintenis met Transvaal sou verbreek ten einde lid van die tolunie te bly. As Transvaal 'n federale unie sou afkeur en die Kaap 'n tolunie sou goedkeur, sou die Vrystaatse Volksraad waarskynlik besluit om met die Kaap in plaas van met Transvaal saam te werk en dit sou die bevolking van die Vrystaat nie duld nie. Dit sou ook hul weerstand teen spoorweë verskerp. Al hierdie dinge het vir Borckenhagen gedui op 'n gebrek aan beleid by die Vrystaatse regering.⁷⁵

Die Kaap het die Vrystaters syns insiens ook nie as gelyke onderhandelaars behandel nie, maar vanuit die hoogte asof hulle in 'n oomblik van vrygewigheid die Vrystaat goedgunstiglik tegemoet gekom het. So 'n neerbuigende goedgesindheid het na vyf-en-dertig jaar van wat hy genoem het brutale selfsug net na vore gekom as die Kaap iets van die Vrystaat wou hê - in hierdie geval toegeewings in verband met spoorweë. Dit het hulle ook verkry, ten koste van Transvaal se spoorbeleid, omdat die Vrystaatse Volksraad volgens hom die verkeerde persone na die tolkonferensie afgevaardig het.⁷⁶ Die Vrystaat het soos 'n onderdanige hond agter die Kaap aan getou en dié se hand gelek as 'n stukkie brood na hom toe uitgesteek is. Nietemin was hy nog ten gunste van 'n tolunie.⁷⁷

75. Ibid, 19.6.1888.

76. Ibid, 26.6.1888.

77. Ibid, 5.6.1888.

Natal het intussen ook 'n afsydige houding jeens die tolunie ingeneem en Borckenhagen het gewaarsku dat die Vrystaat in Kaapse arms sou beland as hy van Transvaal en Natal vervreemd sou raak.⁷⁸

Met pres. Brand se oorlye was die vooruitsigte op 'n tolunie dus ietwat onseker en onderhandelings is vertraag. Natal het hom openlik teen deelname uitgespreek. Borckenhagen was steeds ten gunste van Vrystaatse deelname omdat die Republiek ontslae moes raak van Kaapse belasting en 'n ooreenkoms met die Kaap was minstens 'n beginpunt vir 'n latere algemene tolverbond. Hy het die Vrystaat aangeraai om stappe te neem om die ander state ook te betrek. Hy het 'n skikking voorgestel waarvolgens die kuskolonies 3% deurvoerregte kon kry en elke kolonie of staat dan self sý belasting kon vasstel en invorder. Dit het hom gegrief dat die Volksraad geen poging aangewend het om ander state, veral Transvaal, te nader oor 'n tolunie nie.⁷⁹

Toe die gebeurtenisvolle jaar 1888 ten einde geloop het, was die tolkwessie nog onbeslis en alle oë in Suid-Afrika was op F. W. Reitz gerig om te sien watter beleid hy sou volg.

* * *

78. Ibid, 24.7.1888.

79. Ibid, 11.9.1888; 25.9.1888; 13.11.1888 en 20.11.1888.

HOOFSTUK 8

VOORSTANDER VAN SPOORONTWIKKELING

Naas nouer vereniging met die Zuid-Afrikaansche Republiek was spoorweë ongetwyfeld die onderwerp wat sedert die sewentiger jare die drukste in die Vrystaat bespreek is en waarskynlik ook die meeste emosie ontlok het. Die rede daarvoor was dat spoorwegontwikkeling belangrike ekonomiese en politieke implikasies vir almal gehad het.

Met Carl Borckenhagen se aankoms in die Vrystaat was Transvaal 'n swak en verdeelde republiek wat kort voor lank deur Brittanje geannekseer is. Baie min Vrystaters het toe aan vereniging met Transvaal gedink en spoorweë was vir hulle sinoniem met ondergang, want pres. T. F. Burgers se idealistiese aankoop van spoorwegmateriaal het bygedra tot die Zuid-Afrikaansche Republiek se finansiële probleme wat aan Engeland 'n voorwendsel vir anneksasie verskaf het. Die Vrystaat se finansies was vir die eerste keer in sy bestaan op gesonde voet, maar spoorweë sou nie uit eie bronne gefinansier kon word nie. Om by Brittanje of Britse kapitaliste geld te leen, het vir Vrystaters na prysgawe van hul onafhanklikheid en slawerny gelyk. Die invoering van 'n belastingstelsel om die rente op so 'n lening te betaal, was vir hulle totaal onaanvaarbaar.

'n Bietjie meer as 'n dekade later was nouer vereniging met die

Zuid-Afrikaansche Republiek, spoorweë en 'n tolunie daaglik op almal se lippe. Dié drie kwessies was nou met mekaar vervleg. Die finansiering van spoorweë sou nie langer 'n probleem wees indien aan die Vrystaat se eise om 'n deel van die invoerreg te ontvang, voldoen word nie. Aan die anderkant kon spooraanleg na die Kaap die poging om met Transvaal te verenig laat misluk en het om dié rede heftige teenkanting uitgelok.

As klerk by De Express moes Borckenhagen onder die indruk gekom het van sy werkgewer en voorganger, F. X. Schermbrücker, se entoesiasme vir 'n spoorlyn na Delagoabaai. Laasgenoemde het geskryf dat so 'n lyn die Afrikaner se grootste suksespoging kon word. Dit sou die seël plaas op die vryheid, nasionalisme en onafhanklikheid van die republieke en Britse oorheersing stuit.¹

Pres. J. H. Brand, verbitterd jeens Brittanje as gevolg van die anneksasie van Griekwaland-Wes, het goeie betrekkinge met die Zuid-Afrikaansche Republiek en pres. Burgers gehandhaaf. Die twee presidente het die begeerte uitgespreek dat Duitsland Delagoabaai moes annekseer. Spoorverbinding met Delagoabaai en samewerking tussen die republieke wat die skepping van 'n politieke magsewewig in Suid-Afrika tot gevolg sou hê, kon die republieke se onafhanklikheid teen Britse druk beskerm.²

Na pres. Brand se besoek aan Engeland in 1876 het sy politieke siening radikaal verander. Beïndruk deur die mag en prestige van die Britse Ryk sou hy voortaan eerder samewerking met die Britse koloniale suide soek, veral ook wat ekonomiese kwessies betref.

1. De Express, 6.4.1876.

2. Scholtz, G.D., President Johannes Henricus Brand, pp.160-161.

Dit het spoorverbintenis met die Kaap ingesluit. As gebore Kape-
naar was hy buitendien geestelik verknog aan die Kaap.³

Die anneksasie van Transvaal het 'n einde gemaak aan pres.
Burgers se drome van 'n spoorlyn na Delagoabaai en ook Scherm-
brücker se bedanking as redakteur van De Express tot gevolg
gehad.

Skaars 'n maand nadat Borckenhagen by hom oorgeneem het, het die
nuwe, jong redakteur, besiel met 'n strewe na vooruitgang, spoor-
aanleg in die Vrystaat bepleit, veral aangesien dit aan die boere
meer uitgebreide markte sou verskaf.⁴

Spooraanleg het juis by die Volksraadsitting ter sprake gekom.
Pres. Brand het gemeen dat £50 000 van die £90 000 wat as ver-
goeding vir die diamantveld ontvang is, saam met die £15 000 wat
Brittanje beloof het indien die Republiek binne vyf jaar met
spooraanleg sou begin en 'n klein belasting as neseier vir spoor-
weë gebruik kon word.⁵ Die Raad wou egter nie verder gaan as om
pres. Brand te vra om meer inligting omtrent spoorweë in te win
nie.⁶ Daar is besluit om die grootste gedeelte van die £90 000
vir die oprigting van 'n Nasionale Bank te gebruik.⁷

'n Jaar later, nadat pres. Brand in sy aanspraak by die Volksraad

3. Ibid, p.192.

4. De Express, 7.6.1877.

5. Volksraadnotules OVS (hierna afgekort as OVSVR), 2.6.1877,
p.277.

6. Ibid, 4.6.1877, p.282.

7. Ibid, 12.6.1877, p.384.

gepleit het om aanstalties te maak met die finansiële beplanning van spoorweë,⁸ het Borckenhagen die hoop uitgespreek dat die ossewa-politiek - waarvan hyself jare later beskuldig sou word! - plek sou maak vir sneller beweging. Daar moes minstens voorbereidende stappe geneem word soos die verkiesing van 'n kommissie van deskundiges wat 'n plan kon opstel. Spoorweë was toe vir hom van oorwegende belang en 'n onverbiddelelike noodsaaklikheid. Hy het selfs 'n spesiale sitting van die Volksraad voorgestel sodat onverdeelde aandag aan die spoorkwessie gegee kon word. Hy het ook sy voorneme uitgespreek om De Express se kolomme oop te stel vir alle moontlike inligting met betrekking tot spoorweë. So kon die volk dan vertrouud raak met die beskawingsvoordele van spoorweë en kennis sou die vrees laat verdwyn. Vrae sou op 'n populêre en bevatlike wyse beantwoord word om belangstelling gaande te maak.⁹ Soos altyd wanneer hy 'n saak goedgesind was, het Borckenhagen die spoorwegkwessie met borrelende entoesiasme aangepak.

Die belangeloosheid van die Volksraad was vir hom frustrerend veral omdat die perk vir die £15 000 wat Brittanje aangebied het, aan die verbygaan was. Een van die probleme was dat die Kaapse Parlement nog nie besluit het waar hulle lyn die Oranjerivier sou kruis nie.

Hy het vergesigte gesien van Bloemfontein, die hart van Suid-Afrika,¹⁰ as ontmoetingspunt van alle lyne van die Atlantiese en Indiese oseane wat die binneland sou deurkruis. Aangesien daar 'n beginpunt moes wees, het hy gemeen dat daar eers 'n lyn

8. Ibid, 6.5.1878. pp.8-9.

9. De Express, 30.5.1878.

10. Ibid, 28.11.1878.

na die Suide oorweeg moes word omdat 'n roete na Natal moeilik sou wees en die Kaap het meer ervaring van spoorbou gehad.¹¹

Alhoewel daar te lank na sy sin gesloer is, was Borckenhagen verheug toe pres. Brand in November 1878 'n spoorwegkommissie, soos vroeër deur eersgenoemde voorgestel, aangestel het om inligting in te win en 'n plan op te stel. Hy het sy warme ondersteuning beloof en 'n beroep op die burgers gedoen om die saak te steun. Ook die handelaars is opgeroep om die kommissie flink van statistieke te voorsien.¹²

Die Vrystaatse burgers en Volksraadslede was nie so geesdriftig soos Borckenhagen nie en die Volksraad het in 1879 die behandeling van spoorweë uitgestel totdat dit bekend sou wees waar die koloniale lyne die Vrystaatse grens sou bereik.¹³ Korrespondente van De Express het op die gevare van spooraanleg gewys veral na aanleiding van Transvaal se ondervinding en die vrees vir staatskuld en belasting en Borckenhagen moes erken dat die konserwatiewe element baie sterk was.¹⁴ Veral raadslid H. Klijnveld en latere Bondsman T. B. Wiese het die verzet teen spoorweë gelei.

Tog was daar ook burgers wat die nut van spoorweë ingesien het. Een korrespondent het voorgestel dat die volk geraadpleeg en 'n lening by hulle aangegaan moes word teen 6% rente. Dit sou die vernaamste beswaar teen spooraanleg, nl. dat 'n buitelandse lening onafhanklikheid in die gedrang kon bring, uit die weg

11. Ibid, 20.6.1878.

12. Ibid, 21 en 28.11.1878.

13. OVSVR, 26.5.1879, p.132.

14. De Express, 26.6.1879.

Borckenhagen het begin insien dat die Vrystaat nie veel kon doen voordat die Kaap op 'n roete besluit het nie. Hy het voorsien dat daar 'n stryd kon losbars oor roetes, soos wel in pres. F. W. Reitz se era gebeur het, en het gewaarsku teen die vooropstel van plaaslike belange. 'n Sentrale lyn sou alle belange die beste dien.¹⁶

Hy was baie in sy skik met die spoorwegkommissie se verslag in Maart 1880 en het die wyse waarop finansiering bekom kon word, as die belangrikste besprekingspunt in verband met spoorweë by die aanstaande Volksraadsitting beskou. Hy het hoë verwagtings van die sitting gekoester en het talle voorstelle gemaak. Sy teleurstelling met die afloop van die sitting was groot en hy het die Uitvoerende Raad van belangeloosheid en gebrekkige voorbereiding beskuldig. Die Raad moes met deskundiges gekorrespondeer en 'n plan aan die Volksraad voorgelê het, maar het net algemene kwytkeraak. Volgens hom is daar geen vordering in dié sitting gemaak nie. Die Volksraad het slegs besluit dat opmetings tussen Bloemfontein en die Oranjerivier gedoen kon word sodra die Kaap op 'n roete besluit het.¹⁷ Borckenhagen het voorgestel dat 'n ervare ingenieur as Inspekteur van Openbare Werke aangestel word sodat hy leiding kon gee met betrekking tot spoorbou.¹⁸ Die pos is in 1881 goedgekeur.¹⁹

15. Ibid, 30.1.1879.

16. Ibid, 9.10.1879.

17. OVSVR, 29.6.1880, p.446.

18. De Express, 1.7.1880.

19. OVSVR, 21.5.1881. p.166.

In 1882 het Borckenhagen en Reitz deur middel van die Afrikanerbond probeer om steun vir spoorweë te werf, maar dit het misluk. Dit was juis Bondsmanne soos J. G. Grabe en C. R. Serfontein wat die meeste teenstand gebied het.²⁰

Borckenhagen se oorspronklike geesdrif vir spoorweë het na besinning en soos die ekonomiese klimaat verswak het, onder andere vanweë die agteruitgang van die diamantmark, afgeneem. Hy het spoorweë nie as so noodsaaklik beskou dat 'n land finansieel ten gronde gebring moes word deur die lê van onverstandige lyne nie.²¹ Tyd en raad was nodig: "Wij zij geen voorstanders van onbezonnen spoorweg plannen", het hy geskryf. Daar moes langsaam en bedaard vooruitgegaan word. Hy het 'n kontensieuse saak aange- raak deur voor te stel dat 'n matige belasting, byvoorbeeld op grond, gehef word om geld vir spooraanleg te verkry. So 'n geringe opoffering sou uiteindelik tot almal se voordeel strek.²² Belasting was egter die een kwessie wat Vrystaters se nekhare laat rys het.

Hy het drie voorwaardes vir die aanlê van spoorweë gestel: dit moes goedkoop wees (met ander woorde die finansiers moes 'n lae rentekoers hef) sodat die las nie te swaar word vir die land nie; daar moes eers deeglike besinning en beplanning wees en die roete moes nie veroorsaak dat die spoorlyn die instrument van Kaapse politieke intriges sou word nie.²³ Vir die eerste keer het

20. Malan, S.F., Politieke Strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse Republiek, p.127.

21. De Express, 22.7.1880.

22. Ibid, 28.4.1881.

23. Ibid, 28.4.1881 en 23.6.1881.

Borckenhagen aangedui dat by spoorbou nie net finansiële nie, maar ook politieke oorwegings geld.

Hy het ook steeds meer oortuig geraak dat die land waarskynlik nie binne tien jaar oor die vermoë sou beskik om spoorweë aan te lê nie. Hy verklaar dat hy hand en tand daarteen sou veg as die regering 'n spoor wou aanlê voor deeglike besinning. Vir hom was vooruitgang mooi, maar volkome onafhanklikheid beter. Die gekonkel en omkoperij van maatskappye, soos die Franse maatskappy van M. Unger, wat spoorbou wou onderneem, het sy entoesiasme gedemp.²⁴

By die sitting van die Volksraad in 1881 het die Unger-koncessie ter sprake gekom. 'n Spoorwegkommissie is aangestel en het opdrag gekry om met Unger te onderhandel, terwyl die Uitvoerende Raad magtiging gekry het om 'n kontrak aan te gaan.²⁵ Finansiële probleme aan die kant van die koncessionaris het die poging, tot Borckenhagen se blydschap, gekelder.

Soos Borckenhagen gehoop het, het die publiek met mening tot die debat oor spoorweë toegetree. T. B. Wiese het onder andere talle briewe teen spoorweë geskryf. Sy argumente was dat die Vrystaat te arm was en deur spoorweë aan te lê, bankrot sou speel; dat belasting gehef sou word; dat beesboerdery sou kwyn omdat daar nie meer transportryers sou wees om trekosse te koop nie; dat die Vrystaat te min graan geproduseer het om 'n spoorlyn te regverdig; dat net sommige distrikte sou baat; en, les bes, dat die aankoop van spormateriaal tot Transvaal se ondergang gelei het.

24. Ibid, 22.9.1881.

25. OVSVR, 21 en 24.6.1881, pp.383 en 401.

Hy het gevra of die Vrystaat nie ook dalk, na twintig jaar, as hy nie die spoor van die oorspronklike bouers kon koop nie, aan 'n vreemde moondeid uitgelewer sou word nie.²⁶ 'n Ander ywerige korrespondent van Ladybrand wat onder die skuilnaam Pro Bono Publice geskryf het, was weer ten gunste van spoorweë en het gemeen dat die land net daarby kon baat.²⁷

In 1882 het pres. Brand 'n spesiale Volksraadsitting belê om onder andere oor spoorweë te besluit. Hy was ten gunste van 'n staatsaanleg, maar Borckenhagen, soos baie ander, was so sterk daarteen gekant dat hy 'n beroep op al die burgers gedoen het om spoorweë teen te staan indien die regering sou besluit om dit self aan te lê. Tydens die sitting het skerp verdeeldheid na vore getree en Borckenhagen is daarvan beskuldig dat hy gekonkel het om spoorweë te vertraag. Hy het beklemtoon dat hy ten gunste van spoorweë was, maar dat daar nie inderhaas skuld aangegaan moes word wat nie vereffen kon word nie en wat daartoe sou lei dat die land se dierbaarste besitting, deur stryd verkry, sy onafhanklikheid, prysgegee sou moes word. Verder het hy voorkeur gegee aan 'n lyn oor Bethulie na Oos-Londen eerder as oor Colesberg na Kaapstad.²⁸

Talle korrespondente het hulle opnuut teen spoorweë uitgespreek en burgers het memories daarteen onderteken en by die Volksraad ingedien. Een Express-leser het geskryf dat die hele bevolking, behalwe die Volksraad, teen spoorweë was, maar dat die Volksraad

26. De Express, 14.7.1881 en 3.11.1881, o.a.

27. Ibid, 20.10.1881.

28. Ibid, 23.3.1882 en 20.4.1882.

hom nie daaraan gesteur het nie.²⁹

Borckenhagen het hom baie sterk teen twee sake uitgespreek. Hy was geheel en al gekant teen 'n staatsaanleg van spoorweë en teen die spoorwegkommissie se aanbeveling dat die skoolfonds en Nasionale Bank se geld vir spoorweë gebruik word.³⁰ As spoorweë aangê sou word, moes dit slegs by wyse van 'n gewaarborgde konsessie wees en na ontvangs van invoerreg.³¹

By die gewone sitting van 1882 is daar nog meer handtekeninge vir memories teen spoorweë gewerf as by die spesiale sitting, n.l. 3 740, sodat die Volksraad, tot Borckenhagen se tevredenheid, besluit het om die saak daar te laat.³² Weens sprake van 'n lyn na Kimberley in die Kaapse Parlement is daar besluit om toenadering tot Natal te soek en moontlik oor invoerreg en 'n spoorlyn tot by Harrismith te onderhandel.³³

Die Afrikanerbondlede van Bo-Modderrivier was so verheug oor die verloop van die spoorwegkwessie dat hulle 'n brief in De Express geplaas het om hul dank te betuig aan die Volksraadslede wat sulke dapper weerstand teen die aanlê van spoorweë deur vreemde moondhede gebied het. Hulle het die koerant ook bedank vir die verslae van Volksraadverrigtinge wat die volk in staat gestel het om dop te hou watter houding hul verteenwoordigers in

29. Ibid, 4.5.1882.

30. Ibid, 20.4.1882.

31. Ibid, 24.5.1883.

32. OVSVR, 23.5.1882, p.237.

33. De Express, 1.6.1882 en 6.7.1882.

die Raad inneem.³⁴

Tydens die reses het Borckenhagen weer eens gekla oor die ondoel-treffendheid van amptenare wat nie voor 'n sitting deeglike voor-bereidings tref nie sodat die Raad se tyd met sinnelose geredeka-wel verkwis word. As die Uitvoerende Raad die spoorwegkwessie wou opper, moes hy vooraf ernstig besin oor 'n wyse van finansie-ring waarmee swaar direkte belasting vermy kon word.³⁵

'n Stroom van protes teen spoorweë het voortdurend na De Express gevloei. P. D. C. Grabe skryf, "Ik vrees, indien de Regeering nu spoorwegaen aanneemt, voor eene revolutie in ons land!"³⁶ Baie was van mening dat spoorweë nie eers in die Volksraad geopper moes word nie, maar eerder besuiniging.³⁷ Hoe langer die droogte en die resessie geduur het, hoe sterker het hierdie gedagte na vore gekom.

Intussen het die provinsiale bestuur van die Afrikanerbond in Bloemfontein beklemtoon dat spoorweë alleen aangelê kon word in-dien die Vrystaat sy regmatige deel van die invoerreg sou kry. Dit sou billik wees, is in die Bloemfontein Konvensie beloof en sou uiteindelik ook in die Kaap se belang wees omdat die Vrystaat dan spoorlyne kon aanlê wat by die Kaap s'n kon aansluit.³⁸

Hoewel Borckenhagen daarop gewys het dat die Volksraad nie aan

34. Ibid, 14.7.1882.

35. Ibid, 16.11.1882.

36. Ibid, 12.4.1883.

37. Ibid, 24.5.1883.

38. Ibid, 15.3.1883.

spooraanleg kon dink nie weens die volk se teenkantiing, het hy 'n ligstraal bespeur. In hierdie vroeë stadium het hy die vertroue uitgespreek dat die ontwikkeling van die Transvaalse goudveld aan die Vrystaat 'n uitmuntende wapen sou verskaf waarmee die Kaap en Natal tot rede gebring kon word met betrekking tot invoerregte.³⁹ Dit het later geblyk dat hierdie vertroue nie misplaas was nie.

Hy het alle rede tot tevredenheid gehad met die Volksraad se besluite van 1883. Die spoorkwessie is uitgestel, daar sou met die kuskolonies oor tolregte gesels word en 'n Natalse uitnodiging na 'n konferensie oor spoorweë, tolregte, telegrafiese verbinding en hawens is aanvaar.⁴⁰ Omdat die Kaap nie, soos die Vrystaatse Volksraad voorgestel het, die konferensie bygewoon het nie, was daar feitlik geen vrugte op die byeenkoms nie en dit sou lank duur voordat die Vrystaat weer met Natal in gesprek sou tree.

Met die bewindsaanvaarding van 'n nuwe Kaapse Ministerie wat teen 'n spoorlyn oor Hoopstad na Kimberley gekant was en blykbaar bereid was om rabat te bespreek, het die hoop op spoorweë weer ietwat opgeflikker. Borckenhagen het gevoel dat die tyd ryp was om die Kaap te probeer oorreed om sy spoorlyn van Kimberley deur Bloemfontein te laat loop. Ene "Vrystater" het uitgeroep: "Nu of nooit!" - anders sou daar volgens hom 'n spoornetwerk rondom die Vrystaat kom en sou die Vrystaters met krummeltjies van voorspoed tevrede moes wees.⁴¹

Die benarde ekonomiese toestand waarin die land verkeer het, het

39. Ibid, 24.5.1883.

40. OVSVR, 26.5.1883, p.139; De Express, 31.5.1883.

41. De Express, 29.5.1884.

die Volksraad egter teen spoorweë laat besluit, minstens totdat 'n deel van die invoerreg verkry kon word.⁴² 'n Belangrike verandering het egter in die Volksraad se houding ingetree, aangesien daar nou gevoel is dat spoorweë nie van staatsweë nie, maar deur 'n konsessionaris aangepak moes word - soos Borckenhagen gepleit het.

Die droogte en die resessie het voortgeduur sodat Borckenhagen in 1885 gevoel het dat die Volksraad nie eers geld en tyd moes mors om spoorweë te bespreek nie.⁴³ Toe die Volksraad tog 'n spoorwegkommissie benoem het om inligting in te win, het hy die Raad geluk gewens met die onverbeterlike samestelling daarvan. Hoewel daar nie onmiddellik aan spoorbou gedink kon word nie, was hy ten gunste van deeglike beplanning en as die kommissie daarmee sou voortgaan, kon die Vrystaat gereed wees om 'n begin te maak met spoorweë wanneer die ekonomie verbeter het.⁴⁴

Wat hom egter gegrief het, was dat die Inspekteur van Werke na Kimberley gestuur is om opmetings te maak vir 'n spoorlyn in 'n tyd toe die regering nie die land se lopende koste kon dek nie. Dit was vir hom dwaasheid om aan te hou met "dit onnoozel getokkel tog op de spoorweg fiool, terwyl Rome in brand staat".⁴⁵ Oor hierdie kwessie het hy baie steun van sy lesers ontvang. Daar is onder andere verklaar dat die regering die boere tot rebellie sou dryf.⁴⁶ Die Natal Mercury het Borcken-

42. OVSVR, 27.6.1884, p.736.

43. De Express, 14.7.1885.

44. Ibid, 28.5.1885.

45. Ibid, 12.11.1885.

46. Ibid, 24.12.1885.

hagen gekritiseer oor sy teenkanting teen spoorweë, maar hy het geantwoord dat ekonomiese toestande daarvoor verantwoordelik was. In werklikheid sou hy graag spoorweë wou hê.⁴⁷

Sprake van 'n spoorlyn van Kimberley na Pretoria het die Vrystaters ontstel en Borckenhagen het die Zuid-Afrikaansche Republiek gewaarsku om dit nie toe te laat voordat die Delagoabaailyn voltooi is nie. Die republieke moes ook nie tot enige spoorverbinding met die kolonies instem voordat daar 'n tolooreenkoms was nie.⁴⁸ Transvaal moes in gedagte hou dat die Kaap altyd eiebelang voorop gestel het en nooit bekommerd was oor ander se behoeftes nie. Die twee republieke moes saamstaan en mekaar se belange verdedig.⁴⁹

Die Kaap het nie alleen invoerreg op goedere wat die Vrystaat van oorsee af ingevoer het, gehef nie, maar ook gedreig om Vrystaatse produkte wat vir Kimberley bestem was, te belas. Borckenhagen het inniglik gewens dat die Vrystaat Delagoabaai as hawe kon gebruik, want Transvaal sou die Vrystaat nie belas nie.⁵⁰ Pres. Brand se aanbeveling dat 'n traktaat van vriendskap en handel met die Zuid-Afrikaansche Republiek gesluit word, was vir hom 'n rede tot blydskap. Hy het gemeen dat die Vrystaat lank genoeg om Kaapse guns gebedel het.⁵¹ Dit was ook noodsaaklik dat daar van die Zuid-Afrikaansche Republiek 'n belofte verkry moes word dat hy nie 'n Kimberley-Pretorialyn sou toelaat nie. Borckenhagen

47. Ibid, 26.11.1885.

48. Ibid, 25.3.1886.

49. Ibid, 1.4.1886.

50. Ibid, 29.4.1886.

51. Ibid, 6.5.1886.

het gewaarsku dat die sterk druk wat daar in hierdie verband op Transvaal uitgeoefen is deur wat hy genoem het 'n nie geheel on-offisiële kliek in Londen en Kaapstad nie en veral deur die Lewis-en-Marks-konsortium, daartoe kon lei dat die Kaap en Engeland kon regkry wat hulle nie deur middel van oorlog kon bereik nie. Dit het ook groot gevare vir die Vrystaat ingehou en sou beteken dat die Republiek vir jare van spoorweë uitgesluit kon word. Daar was volgens hom niemand wat meer bewus van hierdie gevare was as hy nie. Elders het hy ook daarop gesinspeel dat hy oor binne-inligting beskik het.⁵² Verder het hy die Vrystaat gemaan om versigtig te wees om nie ondernemings aan te pak wat hom in die skuld sou dompel en van Britse kapitaal afhanklik sou maak nie.

Die Volksraad het ook by sy sitting van 1886 spoorweë afgekeur, maar dit aan pres. Brand opgedra om met Natal en die Zuid-Afrikaansche Republiek te korrespondeer sodat Vrystaatse belange in ag geneem sou word wanneer hulle spooraanleg oorweeg.⁵³

In Transvaal was daar intussen woelinge ten opsigte van die Delagoabaailyn. Die Transvaalse Volksraad het in 'n geheime sitting en nadat pres. Kruger gedreig het om te bedank as hulle dit nie doen nie 'n sporkonsessie aan 'n Nederlandse maatskappy toegestaan om die lyn van die Mosambiekse grens na Pretoria aan te lê. Borckenhagen het heelwat kritiek hierop gelewer, maar die wens uitgespreek dat die taak suksesvol aangepak sou word, want dit was ook in die Vrystaat se belang.⁵⁴

52. Ibid, 20.5.1886 en 23.9.1886.

53. OVSVR, 27.5.1886, p.318.

54. De Express, 29.7.1886.

'n Reis na Transvaal teen die einde van 1886 het 'n keerpunt in Borckenhagen se siening van spoorweë meegebring. Dié besoek het hom oortuig dat daar 'n geweldige toekoms op die Transvaalse goudveld wag en dat Suid-Afrika se toekoms daar gelê het. 'n Spoorlyn daarheen sou die Transvaalse markte vir die Vrystaat open en blywend verseker. Hy het hom dus beywer om die samewerking van alle partye vir 'n spoorlyn deur die Vrystaat te verkry.⁵⁵ 'n Sentrale lyn sou almal se belange die beste dien. Al die state en kolonies sou in so 'n geval met die Transvaalse goudveld verbind word, almal kon prorata tot die lyn bydra en so 'n samewerking kon dien as grondslag vir 'n verenigde Suid-Afrika. As die Kaap egter sou volhard om sy eie belang te soek deur 'n lyn oor Kimberley voor te staan, was so 'n vereniging onmoontlik en moes die twee republieke des te meer streef na nouer samewerking. Hulle moes mekaar help of ten prooi van Engelse kapitaliste val. 'n Suksesvolle Delagoabaailyn sou die Kaap vergeld vir die slegte behandeling wat die republieke te beurt geval het.⁵⁶

Vervolgens het hy hom vir 'n byeenkoms tussen die Transvaalse en Vrystaatse regerings beywer sodat die beste beleid aangaande spoorweë bepaal kon word.⁵⁷ Uiteindelik het dit in Mei en Junie 1887 plaasgevind.

Die spoorkwessie het die goeie verhoudinge tussen die verskillende afdelings van die Afrikanerbond vertroebel. Borckenhagen het De Zuid Afrikaan, mondstuk van die Kaapse Afrikanerbond, erg

55. Ibid, 25.1.1887 en 13.11.1888.

56. Ibid, 21.10.1886; 4.11.1886 en 9.12.1886.

57. Ibid, 30.9.1886.

verkwalik oor sy steun aan 'n lyn oor Kimberley na Pretoria. Hy het geskryf dat dit selfsugtig was, want net Kaapse belange sou daardeur gedien word. Die Kaapse regering het egter, syns in-siens, begin besef dat hy terwille van sy eie handel toegewings aan die republieke sou moes maak. Dit is bewys deur die rabat wat toegestaan is - hoe onvoldoende dit ookal was. Hy het die Vrystaatse regering aangemoedig om wakker te wees en gebruik te maak van die gunstiger toestande om voordele vir die Vrystaat te bekom.⁵⁸

Hy sou ook graag wou sien dat alle state en kolonies bymekaar kom om oor 'n sentrale spoorlyn te beraadslaag. Pres. Brand was die aangewese persoon om die eerste stappe in die rigting van so 'n konferensie te neem. Hy het dit trouens as die President se plig beskou om die inisiatief te neem. Hierdie voorstel van Borckenhagen het volgens hom reeds in die Kaap en Natal weerklank gevind en hy het geglo dat dit nog veld sou wen.⁵⁹ Pres.Brand het hom nie teleurgestel nie en die konferensie het wel later plaasgevind.

Te midde van hierdie aandrang op Suid-Afrikaanse samewerking het Borckenhagen daarop bly hamer dat die eerste stap daartoe vereniging van die twee republieke moes wees sodat hulle in vergader-sale saam sterk kon staan, onder andere om aan te dring op tolgeld sodat spoorweë aangelê kon word. Hy het die hele republieke pers opgeroep om die saak onophoudelik en geesdriftig te propageer.⁶⁰

58. Ibid, 7.10.1886.

59. Ibid, 11.1.1887.

60. Ibid, 18.1.1887 en 15.2.1887.

F. W. Reitz het ook 'n besoek aan Transvaal gebring en 'n verslag daaroor in De Express gepubliseer. Hy het sy verslag afgesluit met 'n beroep op Borckenhagen om steeds te veg teen 'n lyn oor Kimberley en vir 'n sentrale lyn oor Bloemfontein - 'n bewys van sy vertroue in Borckenhagen se invloed.⁶¹

Laasgenoemde het die stryd voortgesit en is deur baie korrespondente ondersteun.⁶² Hy was bly om te verneem dat Eerste Minister Sprigg aan die Kaapstadse Afrikanerbond gevra het of daar nie maar liever aan 'n spoorlyn oor Bloemfontein as oor Kimberley gedink moes word nie. Dit was vir hom 'n teken van welwillendheid en die besef van wederkerige afhanklikheid. Nietemin het kol. F. X. Schermbrücker en sy afvaardiging voorbereidings begin tref vir hul besoek aan die republieke om onder andere oor 'n Kimberley-Pretorialyn te onderhandel.⁶³

Met die oog op die naderende Volksraadsittings in Transvaal en die Vrystaat het Borckenhagen 'n beroep op Volksraadslede gedoen om alles in hul vermoë te doen om tolregte en 'n Bloemfontein-Pretorialyn te verkry. Hy het die kiesers aangespoor om hul Volksraadslede te verplig om te sê wat hul houding ten opsigte van nouer vereniging met Transvaal was, want dit moes prioriteit geniet. Na nouer vereniging kon die twee Volksrade saamwerk om spoorweë aan te lê. Hy sou graag wou sien dat die Transvaalse regering 'n besluit neem oor die Delagoabaailyn en daarna oor 'n lyn na Bloemfontein.⁶⁴

61. Ibid, 25.1.1887.

62. Ibid, 15.2.1887, o.a. .

63. Ibid, 1.2.1887.

64. Ibid, 15.2.1887.

Sprake van'n Kimberley-Pretorialyn het aanhoudend kop uitgesteek en die Vrystaters ontstel. In die Kaap het die Cape Times die delwers in Transvaal aangehits om 'n spoorlyn na Kaapstad te eis in plaas van na Delagoabaai. Volgens dié blad het die delwers veels te veel belasting betaal en dus die reg op so 'n eis gehad en verder was die grootste belange op die goudveld Kaapse belange.

Borckenhagen het al sy diplomاسie ingespan teen dié lyn. Hy het die Zuid-Afrikaansche Republiek gewaarsku teen sulke aanmatiging en hulle dit weer op die hart gedruk dat hulle eerste plig 'n lyn na Delagoabaai was. Verder moes hulle met die Vrystaat, hul ware bondgenote wat nie met die delwers gemene saak sou maak nie, saamwerk. Die Vrystaat sou nie aan Transvaal voorskryf wat om te doen nie en saam kon hulle gemeenskaplike belange uitbou. 'n Bloemfonteinlyn sou nie met Delagoabaai meeding nie, maar 'n Kimberleylyn wel, want dit sou Transvaalse handel in Betsjoeanaland, die Malmani-goudveld en die binneland bedreig. So 'n lyn sou aan Transvaal 'n slag toedien en 'n ware Trojaanse perd wees, dus moes hy op sy hoede wees vir Schermbrücker en sy mede-afgevaardigde. Die Transvalers moes nie te laat ontdek dat die Kaapse Grieke te vrees was selfs wanneer hulle geskenke bring nie.⁶⁵

'n Korrespondent wat homself net "Q" noem, het ook gewaarsku teen die bedrieglike invloed wat die Westelike Provinsie met behulp van Lewis en Marks, Nellmapius, Hollard, Joubert, ds. S. J. du Toit en andere in Transvaal uitgeoefen het. "I warn you ... I am stating this on the best of authority", het hy geskryf.⁶⁶

65. Ibid, 22.2.1887.

66. Ibid, 12.4.1887.

Sedert Borckenhagen se besoek aan Transvaal het hy nie net herhaaldelik in De Express op die noodsaaklikheid van 'n spoorlyn na Transvaal en die gevaar van 'n Kimberleylyn gewys nie, maar ook lewendig begin organiseer en alle belangstellendes genader sodat 'n spoorwegkommissie tot stand gekom het. Hy het 'n omsendbrief opgestel wat deur twee-en-twintig persone wat op dié kommissie gedien het, onderteken is voordat dit uitgestuur is. Onder die ondertekenaars was vreemde stalmaats, soos J. G. Fraser, G. A. Fichardt, J. Brebner, M. Steyn en A. Barlow, maar Borckenhagen wou almal betrek wat in spooraanleg belang gestel het.⁶⁷ In die dokument is Borckenhagen se hele siening van spoorweë weergegee. Dit sou egter nie baie lank duur voordat iemand soos Fraser nie meer alles wou onderskryf wat in dié dokument op skrif gestel is nie, en Borckenhagen sou self, terwille van Transvaalse samewerking, een van sy ideale voorlopig moes prysgee. Volgens die omsendbrief het spoorweë noodsaaklik geword as gevolg van die ontwikkeling van die goudveld en nuwe markte daar. Die spoor moes deur die Vrystaat gaan en sou lei tot nouer vereniging met Transvaal en later Suid-Afrika. As die Vrystaat nie 'n deel van die hoofspoorlyn sou kry nie, het daar op hom 'n donker toekoms gewag. Daar moes egter eers 'n tolverbond wees. Transvaal en die Vrystaat moes saamwerk om 'n deel van die doeane-inkomste te ontvang. Daar moes nie spooraanleg ten alle koste wees nie en dit moes by wyse van konsessie geskied.⁶⁸

Die senuweeagtigheid oor 'n moontlik Kimberleylyn het toegeneem namate die Kaapse afvaardiging na die republieke se besoek nadergekom het. Borckenhagen het verbete teen dié lyn bly veg en ge-

67. Ibid, 13.11.1888.

68. Ibid, 15.3.1887.

dreig dat die Vrystaat en Transvaal met Natal sou saamwerk om Kaapse handel af te sny.⁶⁹ Op aandrang van Borckenhagen en die spoorwegkommissie het die regering 'n telegram aan pres. Kruger gestuur om te vra dat Vrystaatse belange beskerm word. 'n Gerusstellende antwoord is ontvang.⁷⁰

Borckenhagen was self voortdurend in gesprek met Transvaalse leiers: "Dat wij in dien tusschentijd met alle voorname leidslieden in de Transvaal raadplegen, vertrouwende op hunne ondersteuning en medewerking, hadden we niet behoeven te zeggen."⁷¹

Gerugte dat die twee presidente mekaar sou ontmoet, het opgewondenheid in die Vrystaat veroorsaak,⁷² maar pres. Kruger was vir eers nie daarvoor te vinde nie. Borckenhagen het pres. Brand geloof vir sy prysenswaardige pogings, al het dit nie geslaag nie.⁷³ Die verligting was groot toe die Kaapse afvaardiging Transvaal sonder welslae besoek het, maar Borckenhagen sou nie gerus wees voordat pres. Kruger swart op wit belowe het dat hy nie 'n Kimberleylyn sou toelaat nie. Hy het daarop bly aandrang dat die Vrystaters hul saak persoonlik in Transvaal moes gaan stel by wyse van 'n invloedryke, gevolmagtigde afvaardiging.⁷⁴ Pres. Kruger het ook nou die wenslikheid van 'n ontmoeting met pres. Brand begin insien.⁷⁵

69. Ibid, 22.2.1887.

70. Ibid, 13.11.1888.

71. Ibid, 15.3.1887.

72. Ibid, 8.3.1887.

73. Ibid, 15.3.1887.

74. Ibid, 12.4.1887.

75. Malan, Politieke Strominge, p.140.

Dit was vir Borckenhagen verblydend dat die Vrystaters positief aan spoorweë begin dink het. Hy was van mening dat 'n lewendige debat die oplossing nader sou bring.⁷⁶ Korrespondente van De Express het baie uiteenlopende menings oor spoorweë gehad soos die volgende voorbeelde uit een enkele uitgawe aantoon: As die Vrystaat nie spoorweë kry nie, kan hy maar tou opgooi; 'n spoorlyn na die Britse kolonies sal die Vrystaat se ewige ondergang bewerk, want dit sal tot 'n verenigde Suid-Afrika onder die Britse vlag lei terwyl 'n spoorlyn na Transvaal tot 'n verenigde Suid-Afrika onder sy eie vlag sal lei; eers nouer vereniging, dan 'n tolverbond en dan spoorweë - maar eers net na Transvaal; en laastens sug 'n leser dat daar liever van 'n ossewa as 'n spoorlyn gebruik gemaak moet word - dis goedkoper.⁷⁷ Dit gee 'n aanduiding van die verdeeldheid onder Vrystaters oor spoorweë.

Met spanning is die Volksraadsitting afgewag. J. G. Fraser het 'n vergadering vir sy kiesers belê en spoorweë was die vernaamste punt onder bespreking. By hierdie vergadering het die verskille tussen Fraser en Borckenhagen, wat saam op die spoorwegkommissie gedien het, na vore getree. Borckenhagen het na die vergadering tereg daarop gewys dat dié kommissie eers 'n konferensie, rabat en 'n ooreenkoms met Transvaal wou hê voordat spoorweë oorweeg word. Daar moes steeds versigtig te werk gegaan word. Volgens hom wou Fraser eers spoorweë hê en dan die ander. Abraham Fischer, een van Fraser se getrouste ondersteuners en ook 'n lid van die kommissie, het tot die polemieks in De Express toegetree en geskryf dat dit selfmoord sou wees om nie 'n spoor te bou nie en as tolregte nie verkry kon word nie, kon belasting gehef word.

76. De Express, 8.3.1887.

77. Ibid, 29.3.1887.

Daar moes gewaak word teen oorversigtigheid en die opdiep van denkbeeldige probleme. Na aanleiding van sy verwyf op die vergadering dat Borckenhagen spoorweë teengestaan het, het laasgenoemde geantwoord dat dit tydens die ekonomiese resessie was toe dit meer as dwaasheid sou wees om 'n swaar skuld las aan te gaan.⁷⁸

Vir oulaas het Borckenhagen gepleit dat 'n afvaardiging na Pretoria gestuur moes word sodat die Vrystaat geen stap in verband met spoorweë en 'n tolunie sou neem sonder om die Zuid-Afrikaansche Republiek te raadpleeg nie en sodat 'n skriftelike versekering oor die Kimberleylyn verkry kon word. Die Volksraad moes nie kosbare tyd verspil voordat 'n afvaardiging gestuur word nie, want geen betekenisvolle besluite kon intussen geneem word nie.⁷⁹

Die volgende week het die Volksraad besluit om so 'n afvaardiging te stuur en Borckenhagen kon jubel oor "de toenadering ... die wij zoo vurig begeeren en waarvoor wij zoo ernstig hebben gepleit ..."⁸⁰

In sy aanspraak by die opening van die sitting het pres. Brand 'n vurige pleidooi vir spoorweë gelewer. Hy het daarop gewys dat 'n spoorlyn deur die Vrystaat om die Kaap en die goudveld te verbind vooruitgang en samewerking sou bewerkstellig wat sou lei tot "een groot, machtig, bloeiend Vereenigd Zuid Afrika".⁸¹ Die bespreking van die spoorkwessie is uitgestel tot na die terugkeer van

78. Ibid, 3.5.1887.

79. Ibid, 10.5.1887.

80. Ibid, 17.5.1887.

81. OVSVR, 2.5.1887, pp. 15-18.

die afvaardiging.

'n Opgewonde Borckenhagen het die Vrystaatse afvaardiging vol verwagting as sekretaris na Transvaal vergesel. Hy kon nooit voorsien watter gevolge hierdie besoek vir hom persoonlik, vir die Vrystaat en vir spoorbou sou inhou nie.

Soos reeds aangetoon, was Borckenhagen op hierdie stadium ten gunste van 'n spoorlyn van die Kaap oor Bloemfontein na Pretoria, maar hy het altyd daarby gesê dat samewerking met Transvaal voorrang moes geniet.

In Pretoria het Kruger en sy raadsmanne die Vrystaters probeer oortuig dat die Delagoabaailyn absolute voorkeur moes geniet as die republieke onafhanklik van Brittanje en die Britse kolonies wou bly. Die politieke aspek van die saak en nie die finansiële nie, was die hoofsaak en al moes die republieke opofferings maak, moes die Delagoabaailyn in werking gestel word. 'n Spoorlyn van die Kaap deur die Vrystaat na Transvaal sou 'n bedreiging vir dié lyn wees en kon nie toegelaat word voordat die Delagoabaailyn voltooi is nie. Om die Vrystaat te kompenseer vir die vertraging van 'n spoorlyn deur die land, was die Zuid-Afrikaansche Republiek bereid om £20 000 per jaar vir tien jaar aan die Vrystaat te betaal. Kruger was ook teen 'n tolunie gekant en sou verkies dat die Vrystaat eerder met Transvaal moes saamwerk om Delagoabaai te ontwikkel. Verder het hy op 'n defensiewe en offensiewe verbond tussen die republieke aangedring.

Borckenhagen en raadslid Klijnveld het volle begrip vir Kruger se standpunt getoon en het ook buite-om die amptelike vergaderings met die Transvalers beraadslaag. Fraser, wat pres. Brand

se begeerte om met die Kaap saam te werk, hartlik ondersteun het, en Mijburg was nie te vinde vir die Transvaalse voorstelle nie en die konferensie het op 'n dooiepunt uitgeloop. Fraser en sy ondersteuners was bitter omdat hulle nie Transvaal se steun vir 'n sentrale spoorlyn kon kry nie en het Klijnveld en Borckenhagen se ondersteuning van Kruger se beleid sterk veroordeel en baie onaangenaamheid het gevolg. Borckenhagen was aan die anderkant uiters teleurgesteld omdat die Vrystaat nie met Transvaal wou saamwerk nie.⁸²

Die konferensie is tydens 'n geheime sitting deur die Vrystaatse Volksraad bespreek. Agter geslote deure het 'n hewige stryd hom afgespeel. Na aanleiding van persberigte en uitlatings van raadslede kan afgelei word dat twee van die afgevaardigdes na Transvaal, Fraser en Klijnveld, teenoor mekaar stelling ingeneem en mekaar harde woorde toegevoeg het. Die meerderheid raadslede was blykbaar meer geneig tot samewerking met Transvaal en het pres. Brand se beleid veroordeel en hom selfs kwetsende woorde toegevoeg. Soos so dikwels in die verlede het hy sy beproefde wapen, 'n dreigement om te bedank, gebruik en die Raad beïnvloed om Transvaal se voorstelle te verwerp en aan hom verlof te gee om met die Kaap en Natal oor spoorweë te onderhandel. Daar sou egter ook verdere samesprekings met pres. Kruger wees.

Pres. Brand, deurwinterde diplomaat wat hy was, het die geleentheid te baat geneem om in sy korrespondensie met die Kaap en Transvaal die twee raadsbesluite te noem en uit beide oorde is

82. De Express, 5.7.1887; 12.7.1887 en 1.11.1887; Malan, Politieke Strominge, pp. 141-142.

angstige reaksie ontvang.⁸³

Brand kon die Volksraad manipuleer om sy beleid te steun, maar met die volk was dit 'n ander saak. In De Express is die geheime sitting veroordeel en daar is voorspel dat dit tot ontevredenheid sou lei.⁸⁴ Dit was dan ook so. Skerp reaksie op dié ondemokratiese en onrepublikeinse wyse van optrede het gevolg, asook op pres. Brand se beleid van samewerking met die Kaap eerder as met Transvaal. Briewe aan die pers en selfs 'n persoonlike brief van G. W. Fouché van Zastron aan pres. Brand asook vurige toesprake by openbare vergaderings op die platteland het gevolg. The Friend, wat hom in die mislukking van die Pretoria-konferensie verheug het, moes erken dat die volk pro-Transvaals was.⁸⁵ Intussen het die Raad verdere besprekings van die spoorwegkwessie uitgestel tot na die twee presidente se ontmoeting.

Ná die mislukte Pretoria-konferensie was De Express betreklik stil, deels omdat Borckenhagen ongesteld was, maar waarskynlik ook weens die kritiek op sy rol in gebeure. Met die oog op die naderende besoek van pres. Kruger het die koerant ondersteuning van die Transvaalse beleid sterk gepropageer en wantroue in die Kaap se bedoelings uitgespreek. Hy is goed ondersteun deur sy lesers. Rob Armstrong van Constantia het onder andere gesê dat die £200 000 wat Transvaal aan die Vrystaat wou gee vir spooraanleg, nie omkoopgeld was soos beweer is nie. Dit kon vir die Vrystaat baie beteken en die land sou ook vryhandel met en 'n monopolie in die Zuid-Afrikaansche Republiek verkry. Mededinging

83. Malan, Politieke Strominge, pp.142-144.

84. De Express, 21.6.1887.

85. Malan, Politieke Strominge, pp. 144-145.

deur 'n Delagoabaailyn sou vervoertariewe vanaf al die ander hawens laat daal. Borckenhagen het beweer dat samewerking met die Kaap gevaarlik kon wees omdat die kolonie nie seggenskap oor sy eie sake gehad het nie, maar uit Downingstraat geregeer is. Die Engelse kon 'n spoorlyn teen die republieke gebruik.⁸⁶

Die samesprekings tussen die twee presidente het weer eens geen positiewe resultate opgelewer nie omdat nie een van die twee sy beleid wou laat vaar nie. Vir Borckenhagen het die konferensie die karakter gedra van twee kampvegters wat mekaar die loef wou afsteek.⁸⁷ Volgens hom het pres. Kruger te kenne gegee dat hy nie gekant sou wees teen 'n spoorlyn van die Kaap tot by Bloemfontein en van Natal tot by Harrismith solank daar nie 'n deurlopende lyn was wat die Delagoabaailyn sou bedreig nie. Borckenhagen was oortuig daarvan dat daar in elk geval nie gou 'n lyn deur die Vrystaat sou wees nie; net soos hyself was die volk heftig gekant teen so 'n lyn wat samewerking met Transvaal sou skaad.

Met die oog op die Kaapse spoor- en tolkonferensie wat intussen gereël is, het hy al sy oorredingsvermoë gebruik om spoorlyne slegs tot by Bloemfontein en Harrismith te propageer. Verder het hy die hoop uitgespreek dat die afgevaardigdes na die konferensie sou toesien dat die spoor uit die Suide die Vrystaat op so 'n punt sou binnekom dat die Republiek met soveel Kaapse lyne as moontlik verbind kon word.⁸⁸ In beide gevalle is hy teleurgestel.

86. De Express, 4 en 11.10.1887.

87. Ibid, 25.10.1887.

88. Ibid, 8.11.1887.

Pres. Brand en Borckenhagen het, anders as gewoonlik, saamgestem dat spoorweë nie op die konferensie bespreek moes word voordat die Vrystaat se eis vir tolregte erken is nie. Natal het op die teenoorgestelde aangedring⁸⁹ en die Kaap, veral J. H. Hofmeyr en die Kaapstadse Afrikanerbondtak, wat 'n petisie aan pres. Kruger gerig het, het bly praat oor 'n Kimberley-Pretorialyn. As gevolg van hierdie gebrek aan samewerking het Borckenhagen nie veel hoop op 'n geslaagde konferensie gehad nie.⁹⁰ Tog het hy besef dat probleme slegs deur samesprekings by so 'n konferensie uitgestryk kon word.⁹¹

In die Zuid-Afrikaansche Republiek het Piet Joubert en ds. S. J. du Toit - die Afrikanerbondleiers aldaar - steeds van Paul Kruger verskil omdat hulle 'n spoorlyn na die Kaap en verkieslik oor Kimberley wou hê eerder as 'n Delagoabaailyn. Om dié rede het hulle 'n algemene Afrikanerbondkongres te Potchefstroom belê. Hulle het gemeen dat so 'n kongres, met die steun van die Kaapse Afrikanerbond, hulle standpunt sou onderskryf. Borckenhagen was, soos te verstane, teen hierdie strategie gekant. Vir hom was daar net een spoorbeleid vir die Transvaal moontlik. Hy het dit as verkeerd beskou om die Kapenaars te gebruik om Kruger van steun en invloed te beroof. As daar oor die beleid beslis moes word, moes die Transvaalse volk dit by 'n verkiesing doen. Intussen het dit vir Borckenhagen gevoel asof hy alleen gestaan het in sy steun vir Paul Kruger se beleid en herkiesing. Syns insiens sou dit 'n ramp wees as iemand anders, soos bv. Joubert, by Kruger sou oorneem, want dan sou die Kaap dit regkry om 'n spoor-

89. Ibid, 23.8.1887.

90. Ibid, 20.9.1887.

91. Ibid, 27.9.1887.

lyn oor Kimberley na Transvaal te bou.⁹²

Die Potchefstroom-kongres het onverwags geboemerang en in plaas van 'n Kaap-Transvaallyn te steun, is dit verwerp. Dit het aan Borckenhagen genoegdoening verskaf om te weet dat die volk instinktief gekies het wat in die Vrystaat se belang was, naamlik om die Delagoabaallyn te steun. Verder was dit nou seker dat as Joubert president van Transvaal sou word, 'n Kimberley-Pretoria-lyn gebou sou word.⁹³

Die eerste deel van die Delagoabaallyn, deur Portugal gebou, is intussen met feesvierings geopen. Borckenhagen het daaroor gejuig en gehoop dat Transvaal spoedig daarin sou slaag om iemand te vind om die tweede deel te bou. Hy het pres. Kruger aangevoed om ferm en ten alle koste voort te gaan met sy planne. Die voltooiing van die spoorlyn sou 'n wins vir republikeinse onafhanklikheid wees en die republiek sou ontslae raak van Kaapse oorheersing. Selfs al sou die Vrystaat geen spoorlyn kry nie, sou hy nog vooruit gaan weens sy graanmonopolie in Transvaal.⁹⁴

Borckenhagen het hom steeds sterker uitgespreek teen die verwerping van samewerking met Transvaal by die Bloemfonteinkonferensie. Dit was vir hom volkome in stryd met die volk se wense soos duidelik geblyk het uit die Kroonstadse kongres waar tussen 300 en 400 burgers teenwoordig was. Talle briewe het ook daarop getui dat die burgers alleen vir spoorweë sou stem as dit met

92. Ibid, 18.10.1887.

93. Ibid, 22.11.1887.

94. Ibid, 27.12.1887.

Transvaal se beleid ooreengekom het.⁹⁵

Die reëlings vir die spoor- en tolkonferensie is getref en Fraser, Fischer en Mijburg, aldrie volgens Borckenhagen by uitnemendheid ondersteuners van pres. Brand se beleid, is as Vrystaatse afgevaardigdes aangewys. Borckenhagen het hulle gewaarsku om niks te doen wat vir Transvaal nadelig sou wees nie.⁹⁶ Tydens die onderhandelinge met Transvaal was hulle baie gesteld daarop dat die Vrystaat se vryheid van handel nie deur Transvaal aan bande gelê moes word nie. Hy het gehoop dat hulle tydens dié konferensie ook daarop gesteld sou wees dat die kolonies dit nie sou doen nie.⁹⁷

Die uitslag van die Kaapse konferensie was vir Borckenhagen bevredigend wat die tolooreenkoms betref. Met die spoorooreenkoms was hy minder gelukkig, veral wat die roete betref. Hy het nie baie kritiek uitgespreek oor die aanlê van 'n spoorlyn deur die Vrystaat nie, want hy het gemeen dat dit lank sou duur voordat daar verder as Bloemfontein en Harrismith gevorder sou word en teen daardie tyd kon die Delagoabaailyn al so ver gebou wees dat die Zuid-Afrikaansche Republiek nie meer teen 'n deurlopende lyn beswaar sou maak nie. Die kolonies sou maar geduldig moes wag op spoorverbinding met Transvaal - net so geduldig as wat die Vrystaat vir vyf-en-dertig jaar moes wag om tolregte te verkry.⁹⁸

Die burgers was egter allermins tevrede met die uitslag van die

95. Ibid, 24.1.1888.

96. Ibid, 15.11.1887.

97. Ibid, 22.11.1887.

98. Ibid, 13 en 20.3.1888.

konferensie. Nie alleen het die meerderheid die toloorenkoms verwerp nie, maar 88 memories met 7 018 handtekeninge teen spoorweë is na die Volksraad gestuur nadat sterk teenkantiing ook op vergaderings uitgespreek is. Slegs 2 581 handtekeninge kon vir spoorweë gewerf word.⁹⁹

Algaande het Borckenhagen se houding met betrekking tot die konferensie 'n verandering ondergaan. Die Transvaalse regering het nog geen kommentaar op die konferensie gelewer nie en hy was bekommerd dat die Transvalers aanstoot kon geneem het oor die Vrystaatse instemming tot spooraanleg en uit weerwraak Vrystaatse produkte sou belas. Dan sou hy eerder 'n tolunie sowel as spoorweë wou prysgee. Hy was bevrees dat Fraser se ontaktfolle en onversoenlike houding teenoor Transvaal en teenoor Vrystaters wat verkies het om met Transvaal saam te werk, die volk eerder sou afskrik as geneë maak tot spooraanleg.¹⁰⁰

Verder het hy die regering verkwalik dat geen poging aangewend is om met die Transvaalse regering in verbinding te kom om vas te stel wat hul houding jeens die uitslag van die konferensie was nie. Dit sou ook verstandig wees om Transvaal te verseker dat daar voorlopig nie verder as Bloemfontein met 'n spoorlyn gevorder sou word nie, al sou dit die spoorwegparty grief.¹⁰¹

By die Volksraadsitting is, met die beslissende stem van die voorsitter, J. G. Fraser, besluit om spoorweë te bou. Dit sou egter net op sekere voorwaardes geskied: daar moes geld

99. Malan, Politieke Strominge, pp. 149-150.

100. De Express, 24.4.1888.

101. Ibid, 1.5.1888.

beskikbaar wees, dit wil sê invoerreg deur die Kaap oorbetaal word, en geen belasting sou gehef word nie. Verder sou dit trapsgewyse geskied en dus vir eers net tot by Bloemfontein en Harrismith aangelé word. Daar sou dadelik met opmetings begin word.¹⁰²

Die spoorwegparty was jubelend, maar op die platteland, waar talle vergaderings en kongresse gehou is, onder andere te Dewetsdorp, Lindley, Ventersburg en Winburg, was die burgers feitlik deur die bank gekant teen 'n tol- en veral 'n spoorooreenkoms met die Britse kolonies. Hulle was woedend omdat daar nie ag geslaan is op die "koningstem" van die volk nie. Protes is ook in die briewekolomme van De Express aangeteken. G. C. Smit het byvoorbeeld geskryf dat die Volksraad se optrede skeuring tussen die Volksraad en die volk veroorsaak het en veral Fraser het die volk se vertroue verloor.¹⁰³

Borckenhagen het nie gemeen dat die Volksraadsbesluit veel om die lyf gehad het nie. Hy het geskryf van 'n spoorbeleid van niksdoen wat kenmerkend was van die regering en publiek se algemene en grootskaalse onaktiwiteit. Waaroor hy sy ontevredenheid uitgespreek het, was dat Fraser en Fischer aan die Kaap 'n lyn deur die Vrystaat belowe het en dan nog langs 'n ander roete as die sentrale lyn waarop die Vrystaatse spoorwegkommissie vroeër besluit het en wat ook verbinding met die Oos-Kaap moontlik sou maak. Die lyn waarop die konferensie besluit het, sou slegs Wes-Kaapse belange dien.¹⁰⁴

102. Ibid, 5.6.1888.

103. Ibid, 3.7.1888 en 17.7.1888 onder andere.

104. Ibid, 12.6.1888.

Syns insiens het pres. Brand 'n fout gemaak met die keuse van sy afgevaardigdes. Fraser en Fischer wou teen elke prys 'n spoorlyn hê al was dit ook in stryd met die volk se wense. Die Volksraad het, in teenstelling met die konferensie se besluit, die opmeting van 'n sentrale lyn goedgekeur en die Kaap is in die war gebring met wat die Vrystaat nou eintlik wou hê.¹⁰⁵

Intussen was Natal besig om 'n spoorlyn oor Coldstreams in die rigting van Transvaal aan te lê. Borckenhagen wou hê dat Natal gestuit moes word omdat dit aan hom 'n onregverdige voorsprong bo die Kaap gegee het om Transvaalse handel te bekom. Hy het 'n verdere spoorkonferensie as dringend noodsaaklik beskou sodat almal se belange in ag geneem kon word.¹⁰⁶

Die volk se heftige teenstand teen die spoor- en tolooreenkoms het Borckenhagen genoop om aan te dring op 'n volkstemming waarin die volk se wil getoets kon word. Die volk se teenstand was 'n feit en in 'n republiek moes aandag gegee word aan die volk se mening. Daar moes nie gewag word tot die volgende Volksraadsitting nie.

Terselfdertyd het hy die teenstanders van spoorweë gevra om nie onkonstitusioneel op te tree nie. Dit sou niks baat om die Uitvoerende Raad te vra om nie die Volksraad se besluite uit te voer nie. Dit was buite die Raad se mag. Solank as wat 'n meerderheid in die Volksraad vir spoorweë was, kon niks, ook nie die hou van vergaderings en kongresse, die aanlê van spoorweë verhoed

105. Ibid, 26.6.1888.

106. Ibid, 3.7.1888.

In die Zuid-Afrikaansche Republiek wou spoorsake nie vlot nie. Die Portugese het Transvaal in die steek gelaat met die Delagoabaailyn en daar was 'n stryd om konsessionarisse te kry. Dit het, soos tereg deur Borckenhagen opgemerk, ook vir die Vrystaat en sy betrekkings met die kolonies probleme geskep.¹⁰⁸

Die Transvaalse Volksraad het gedurende sy sitting 'n aantal besluite met betrekking tot die Vrystaat aangeneem, onder andere dat vrye invoer van Vrystaatse produkte toegelaat sou word in ruil vir 'n spoorooreenkoms, dit wil sê dat die Delagoabaailyn nie bedreig sou word nie; Transvaal was nie gekant teen 'n spoorlyn van die Kaap na Bloemfontein nie, maar wel teen 'n verlenging na die Vaalrivier voordat die Delagoabaailyn voltooi is; ook sou koloniale goedere nie belas word nie mits die kolonies nie hul spoorlyne na Transvaal verleng nie.¹⁰⁹

Twee uitstaande gebeurtenisse het nou 'n invloed op die spoorwegstryd in die Vrystaat gehad: pres. Brand se oorlye en pres. Kruger se veranderde, meer toegeeflike houding.

Na pres. Brand se dood het die verkiesing van 'n opvolger die volk se aandag in 'n mate van spoorsake afgetrek. Die belangrikste vereiste wat die meerderheid Vrystaters aan Brand se opvolger gestel het, was dat hy geneë moes wees om met Transvaal saam te werk en dus ook Kruger se spoorbeleid moes steun. So 'n

107. Ibid, 10.7.1888.

108. Ibid.

109. Ibid, 24.7.1888.

man het hulle in hoofregter F. W. Reitz gevind.

In die tydperk tussen pres. Brand se afsterwe en Reitz se inswering het die regering spoorsake met rus gelaat. Borckenhagen het dit as 'n verkwisting van tyd beskou om so lank met die presidentsverkiesing te wag. Hy was van mening dat as dit vroeër geskied het, daar gouer oor spoor- en tolsake onderhandel kon word.¹¹⁰

Die teleurstellende vordering met die Delagoabaailyn en die probleme met finansiering het veroorsaak dat daar 'n ommekeer in pres. Kruger se houding jeens spooraanleg in die Vrystaat gekom het. In 'n telegram aan waarnemende pres. P. J. Blignaut gedurende Oktober 1888 het hy bevestig dat hy nie teen 'n spoorlyn van die Kaap na Bloemfontein gekant was nie. Die Vrystaters, wat sedert pres. Brand se dood groot volkskongresse teen spoorweë en 'n tolunie gehou het, is geleidelik tot ander insigte gebring, veral as gevolg van pres. Kruger se veranderde houding. Sedert Oktober 1888 het die spoorwegparty met hul spoorwegkongresse te Ladybrand, Winburg en Senekal sukses behaal. Daar is klem gelê op die feit dat pres. Kruger nou gretig was dat 'n spoorlyn aangelê word.¹¹¹ Hiermee is die vernaamste rede vir teenstand uit die weg geruim, naamlik dat spoorweë teen Transvaal se wense en belange was.

Borckenhagen was nou haastig dat die regering met die Zuid-Afrikaansche Republiek moes onderhandel. Gerugte dat pres. Kruger ernstig siek was, het hom onrustig gemaak. Indien die

110. Ibid, 16.10.1888.

111. Malan, Politieke Strominge, p.156.

President sou sterf, sou sy opvolger dalk nie Vrystaatse belange in ag neem nie deur Kaapse en Natalse spoorlyne na Transvaal toe te laat. Die Vrystaat sou dan van spoorweë uitgesluit wees.¹¹² Daarom het hy nogmaals ernstig gepleit vir nouer vereniging met Transvaal. Hy het gevoel dat as daar vaste ooreenkomste gesluit word, Kruger se moontlike opvolger nie daaraan sou kon verander nie.¹¹³ 'n Ooreenkoms met Transvaal sou ook die Vrystaters se teenkanting teen spoorweë laat verdwyn.¹¹⁴

Die lede van die Rondgaande Hof wat op Senekal gesit het terwyl die spoorwegkongres daar aan die gang was, het aan Borckenhagen vertel dat hierdie byeenkoms die keerpunt in die Vrystaat se spoorweggeskiedenis was. Die meerderheid teen spoorweë is omskep in 'n minderheid. Volgens Borckenhagen het die besluite wat op dié kongres geneem is, presies met sy siening ooreengekom. Dit het aan hom hoop gebied op 'n sekere en voortdurende voorspoed. Hy was steeds nie te vinde vir spoorweë ten alle koste nie – die middele mces eers gevind word om die rentelas van spoorweë te kon dra.¹¹⁵ Die tolooreenkoms was nog nie 'n werklikheid nie en hy het die regering aangespoor om flink daarvan werk te maak. Die Vrystaat se dilemma was steeds dit waarmee pres. Brand geworstel het. Soos Borckenhagen dit gestel het: tussen handelsbelange wat die Vrystaat na die Suide en die Ooste getrek het en politieke belange wat hom aan Transvaal gebind het, moes 'n voordelige middeweg gevind word.

112. De Express, 23.10.1888.

113. Ibid, 13.11.1888.

114. Ibid, 30.10.1888.

115. Ibid, 13.11.1888.

Terwyl die regering nie op daardie stadium veel wou doen nie, het Borckenhagen besluit om 'n vraelys uit te stuur waarin 'n meningspeiling oor die burgers se houding jeens tol- en spoorsake gedoen is. Hy het gehoop dat die volk sou reageer sodat die regering kon weet wat hulle standpunt was.¹¹⁶ Dit is nie duidelik wat die reaksie was nie, maar toon dat Borckenhagen nooit bereid was om passief te sit en wag op gebeure nie. Daar moes iets gedoen word om resultate te verkry.

As gevolg van sy ywer vir spoorweë is Borckenhagen daarvan beskuldig dat hy en De Express gedraai het. In 'n helder uiteensetting het hy homself verweer en geskryf dat dit nie 'n kwessie was dat hy gedraai het nie. Hy het spoorweë as 'n praktiese politieke kwessie beskou waarin gelet moes word op heersende toestande wat gedurig verander het. Spoorweë was ondergeskik aan die land se politieke beleid "want eerst komt de onafhankelikeit van het land en het bestaan van het volk als een volk, en dan komen alle andere stoffelike belangen". Die Vrystaat kon spoorweë aanlê en tolverbonde sluit, maar al hierdie dinge moes as middele en nie as doel beskou word nie - middele tot 'n gesonde, Afrikaner- en nasionale politiek. En sulke politiek kon nie bestaan tensy dit gegrond was op eerlike, vaste samewerking tussen die republieke nie.¹¹⁷

Reitz is tot president verkies en ingehuldig en een van die eerste uitdagings waarmee hy te doene gekry het, was die hantering van die spoorwegkwessie. Ondersteuners én teenstanders het met spanning gewag om te sien hoe hy sou optree.

116. Ibid, 20.11.1888.

117. Ibid, 3.11.1888.

HOOFSTUK 9

VOORSPRAAK VIR BOERDERY EN NATUURBEWARING.

Borckenhagen was 'n besonder praktiese en energieke mens. In sy strewe na die uitbouing van nasionalisme en republikaanisme het hy die Vrystaters aangespoor om dit nie net by idealistiese drome te laat bly nie, maar om die hande uit te steek en te werk vir die ekonomiese vooruitgang en welvaart van die Republiek.

Die Vrystaat se vernaamste bron van inkomste was wolboerdery en dit was vir hom logies dat alles moontlik gedoen moes word om die wolstapel te verbeter.

Hyself het 'n groot en florerende boerdery op sy plaas Rodenbeck buite Bloemfontein bedryf en daar het hy prakties gedemonstreer hoe vooruitstrewend geboer kon word. Uit dure ondervinding het hy geleer met watter probleme 'n Vrystaatse boer te kampe gehad het. Nie alleen het hy meeleving met die boerderygemeenskap gevoel nie, maar hy het ook voortdurend proefnemings gedoen sodat hy praktiese raad kon gee. Hy het onder andere met graan- en boomsoorte geëksperimenteer. Geen wonder dat hy homself "de ware boerenvriend" genoem het nie.¹

Daar was geen onderwerp waaraan meer ruimte in De Express afgestaan is as aan boerderysake nie. Vanaf 1884 is nog meer ko-

1. De Express, 27.3.1879.

lomme as vroeër aan boerdery gewy. Hy het artikels, geskryf deur kenners, gepubliseer en verslag gelewer van toesprake oor boerderysake. Boere en gesaghebbendes is genooi om bydraes te stuur en so hulle kennis mee te deel. Daar was talle briewe van korrespondente en soms lang polemieke oor verskeie onderwerpe, byvoorbeeld watter skaapas die beste in die Vrystaat sou aard.

Die Kaapse regering het begin om 'n landboujoernaal gratis uit te gee en Borckenhagen het dit reggekry om beide die Kaapse en Vrystaatse regerings se samewerking te verkry sodat hy dit ook in die Vrystaat kon versprei as bylaag van De Express. Hy was bereid om die verspreidingskoste met blymoedigheid te dra omdat dit 'n hartewens van hom vervul het om die nodige kennis en inligting, deur deskundiges voorsien, aan boere te verskaf. As die boere net die kennis sou gebruik, sou dit vir hom genoeg beloning wees.²

Volksraadslede, van wie die meeste boere was,³ moes dikwels verwyte uit die pen van Borckenhagen aanhoor dat hulle niks gedoen het om boerdery te bevorder nie. Hy het besproeiing en omheining van plase as twee van die regering se belangrikste take wat boerdery betref, beskou en het gewaarsku dat die land se lewenskrag en enigste nasionale rykdom daarsonder tot niet sou gaan. Hierdie dinge was belangriker as brûe, telegraaflyne en openbare geboue, maar is verwaarloos. Arm boere kon gehelp word om windpompe te koop. Vir die geld van een brug kon 150 windpompe gekoop word. Die Uitvoerende Raad moes eintlik die land se boerderybeleid be-

2. Ibid, 3.4.1888 en 24.4.1888.

3. Ibid, 10.7.1884: In 1884 was 48 uit 55 boere terwyl 4 van die res ook plase gehad het.

paal en die Wetgewende Vergadering daarvoor adviseer, maar het geen aandag daaraan gegee nie. Die Volksraad weer het 'n nietige bedraggie aan die landbouvereniging gegee en dit met onverskilligheid bejeën. Hierdie vereniging was noodsaaklik, want dit wou boerdery bevorder, kennis kweek en die grondslag lê vir nasionale welvaart.⁴

Die aanplanting van bome waarby die nageslag ook sou baat, was een van sy geliefkoosde onderwerpe. Andersyds het hy gewaarsku teen die uitroeiing vn bome. Na aanleiding van sy aandrang op boomplanting, waarmee pres. J. H. Brand hom vereenselwig het, het die regering boomsaad bestel en aan die burgers beskikbaar gestel. De Express het vervolgens 'n aantal artikels oor die saai, plant, verplant en behandeling van bome wat vir die klimaat geskik was, gepubliseer.⁵ Toe die Kaapse regering in 1886 'n boomplantingsdag ingestel het, het Borckenhagen ook weer die kwessie van boomplanting aangeroer. Hy het aangevoer dat bome nie net vir diegene wat hulle aanplant, praktiese nut sou hê nie, maar vir die hele gemeenskap.⁶ Dit sou aan die Vrystaat 'n vriendeliker voorkoms gee en plek vir ontspanning bied. Hy het die hoop uitgespreek dat die Vrystaatse regering ook 'n boomplantingsdag sou uitroep en dat die Bloemfonteinse munisipaliteit die voortou sou neem om bome aan te plant.⁷ Dr. John Brebner het die regering ook versoek om so 'n dag in te stel.⁸ Die Volksraad het die versoek van die hand gewys en sommige Volksraadslede was

4. Ibid, 27.9.1883 en 10.7.1884.

5. Ibid, 4.3.1880.

6. Ibid, 1.7.1886.

7. Ibid, 26.8.1886.

8. Ibid, 19.4.1887.

van mening dat die Inspekteur van Onderwys hom met dringender sake moes besig hou.⁹

Borckenhagen het ernstige beswaar aangeteken teen die skaamtelose uitroeiing van wild, soms net vir die velle, en die baie wildsbokke wat op die Bloemfonteinse mark te koop was. Daar moes teen nuttelose en onoordeelkundige uitroeiing gewaak word.¹⁰ Eers in 1884 is 'n konseppordonnansie vir die bewaring van wild goedgekeur.¹¹

Droogtes was meer die reël as die uitsondering in hierdie jare en die beter benutting van waterbronne was vir Borckenhagen een van die mees aktuele sake. Op sy eie plaas het hy verskeie damme gemaak en windpompe opgerig. Elke ontwikkeling wat daar op die gebied van besproeiing en windpompe was, het hy onder die boere se aandag gebring. Hy het voortdurend by hulle aangedring om elke druppel water wat moontlik was, te bewaar in plaas van te laat wegvloei deur damme en putte te maak, want daarvoor het hulle nie veel meer as arbeid nodig gehad nie, en om gronderosie te bestry.¹²

Dit was na sy mening die regering se plig om besproeiingswerke te onderneem, want individuele boere kon dit nie bekostig nie. Sy pleidooie was tevergeefs. Besproeiing het soms in die Volksraad

9. Volksraadsnotules OVS (hierna afgekort as OVSVR), 31.5.1887, pp.309-312.

10. De Express, 21.6.1877 en 30.8.1877.

11. OVSVR, 21.5.1884, p.336.

12. De Express, 19.7.1883; 27.9.1883; 16.8.1883; 24.12.1885 en 11.11.1886, o.a.

onder bespreking gekom, maar is telkens uitgestel.¹³ Dit was vir hom onverstaanbaar dat die boere so onverskillig en gelate was om maar altyd die Volksraad se besluite te aanvaar. Meermale het hy uitgeroep dat hulle iets moes doen, nie toestande maar net aanvaar nie.¹⁴ In 1880 het die Volksraad 'n geringe bydrae gelewer deur £500 te bewillig vir 'n diamantboor.¹⁵

Borckenhagen het die regering aangespoor om nedersettings vir die baie bywoners in die land daar te stel.¹⁶ Hierdie gedagte sou eers veel later, in pres. M. T. Steyn se tyd, opgevolg word toe hy in 1897 besproeiingskemas vir armes wou aanlê. Selfs toe het die Volksraad dit as 'n te gevorderde idee beskou.¹⁷

In die Afrikanerbond het hy 'n geleentheid gesien om belangstelling in boerdery-aangeleenthede op te wek. Hy het gevra dat daar by vergaderings ook hieraan aandag gegee moes word. Dit is gedoen en besluite is geneem en memories opgestel oor sake soos die brandsiektewet, omheining, verbetering van die veestapel en die totstandkoming van wolmarkte, -verenigings en -fabrieke en 'n modelplaas.

Deur die jare het hy hom onvermoeid beywer om metodes te bedink om die veestapel te verbeter. 'n Brandsiektewet en die omheining

13. OVSVR, 21.5.1884, p.340 en De Express, 15.1.1880.

14. De Express, 8.11.1883 en 22.11.1883.

15. OVSVR, 28.6.1880, p.436.

16. De Express, 17.4.1884 en 19.2.1885.

17. Malan, S. F., Politieke Strominge onder die Afrikaners in die Vrystaatse Republiek (hierna afgekort as Politieke Strominge), p.257.

van plase om te verhoed dat brandsiekte versprei, was die eerste stappe wat volgens hom geneem moes word. Hy het sy tevredenheid uitgespreek toe 'n wetsontwerp om brandsiekte te bestry in 1878 ingedien is,¹⁸ maar moes met groot teleurstelling berig oor die verwerping daarvan.¹⁹ Uiteindelik is 'n brandsiektewet in 1885 aanvaar.²⁰ Hoewel Borckenhagen dit verwelkom het, was dit na sy sin nie streng genoeg nie. Elke wyk het die keuse gehad om as wyk bestryding toe te pas of nie.²¹

Die 1885-sitting was in die geheel vir hom 'n teleurstelling. Sy hoop dat die Volksraad iets aan die land se haglike toestand sou doen, is verydel. Baie aandag is aan spoorweë gewy terwyl daar nie geld beskikbaar of bekombaar was nie. As daar wel krediet bekom kon word, moes die dringendste sake voorkeur kry en dit was om boerdery weer op die been en welvarend te kry. Omheining, besproeiing, bore, pompe, reservoires en damme was dringend nodig. Spoorweë sou wel mettertyd kom wanneer ekonomiese toestande verbeter het.²²

In 1887 is die brandsiektewet ietwat uitgebrei. Rondtrekkende veeboere is onder andere verbied om hul besmette diere in wyke waar die wet gegeld het, te laat kom.²³

Aan die begin van 1886 het raadslid J. P. Roux 'n konsepordon-

18. De Express, 21.3.1878.

19. OVSVR, 15.5.1878, p.50.

20. Ibid, 15.6.1885, p.391.

21. De Express, 18.6.1885.

22. Ibid, 14.7.1885.

23. OVSVR, 20.5.1887, p.199.

nansie vir die omheining van plase opgestel. Borckenhagen, wat so dikwels daarvoor gepleit het, het dit met entoegasme verwelkom omdat hy gemeen het dat dit die eerste vereiste was vir die verbetering van wol. So kon brandsiekte bestry, skape uit onhigiëniese krale kom en minder arbeid gebruik word. As goeie aantelwee boonop ingevoer en wol behoorlik gesorteer kon word, sou 'n beter gehalte wol verkry en hoër pryse behaal word. Dit het hom gelukkig gestem dat boere groter belangstelling in beter boerderymetodes getoon het. Hulle was goed op pad en moes net volhard.²⁴ Die Volksraad was egter nie te vinde vir raadslid Roux se voorstel nie.²⁵ In 1888 is 'n kommissie van drie lede benoem om 'n konseppordonnansie op te stel en betyds voor die volgende Volksraadsitting te publiseer sodat die burgers hul mening daaromtrent kon lug.²⁶

Die stigting van boere- of wolverbeteringsverenigings en die hou van tentoonstellings waar boere aangemoedig kon word en waaruit hulle kon leer, het vir Borckenhagen na aan die hart gelê.²⁷ Daar was voorheen 'n Landbougenootskap wat doodgeloop het. In 1883 het daar 'n bietjie oplewing in belangstelling by die regering en die publiek gekom en daar is op 11 Mei weer 'n genootskap gestig. Die President, 'n aantal amptenare en invloedryke inwoners het die stigtingsvergadering bygewoon. Borckenhagen het op die bestuur gedien en saam met F. W. Reitz en T. Salzmann moes hy 'n memorie opstel waarin die Volksraad gevra is vir 'n toelaag van £100 wat onder andere vir die hou van 'n tentoonstelling

24. De Express, 4.2.1886.

25. OVSVR, 15.5.1886, p.177.

26. Ibid, 22.5.1888, p.188.

27. De Express, 18.10.1883 en 16.10.1884.

aangewend sou word. Dit is toegestaan.²⁸ Pres. Brand het ook in sy aanspraak die hou van tentoonstellings aanbeveel.²⁹ Borckenhagen het die President se belangstelling verwelkom en die geleentheid te baat geneem om die Volksraad te vra om meer aandag aan die bevordering van landbou en veeteelt te gee. By 'n landboutentoonstelling kon boere kennis uitruil en baie leer. Hulle kon daar sien hoe goedgeteelde, ingevoerde vee die stapel verbeter en kennis neem van watter produkte op watter markte die beste pryse behaal het.³⁰

Die landboutentoonstelling is vanaf 22 Februarie 1884 gehou ten spyte van 'n langdurige droogte van vier jaar en die uiters swak finansiële toestand van die land. Die Landbougenootskap het onderneem om lesings tydens Nagmaalnaweke te hou en die eerste lesing het saamgeval met die tentoonstelling, spesiale Volksraadsitting en viering van Onafhanklikheidsdag. Mnr. Salzmann sou oor brandsiekte praat waarna geleentheid vir bespreking en meningswisseling gegee sou word. Borckenhagen het hom grootliks vir hierdie byeenkomste beywer omdat hy gehoop het dat dit die nasionale welvaart sou bevorder.³¹ In April 1884 het F. W. Reitz oor kuilvoer gepraat. Borckenhagen het die swak opkoms betreur, maar onderneem om die lesing te publiseer. Hy wou hê dat boere moes dink en bespreek, want die land se vooruitgang het van boerdery se vooruitgang afgehang. Boere moes ondernemend wees en leer om te gebruik wat tot hul beskikking was soos mielie- en stroonke vir kuilvoer. Hy het 'n jaar vantevore in oorsese

28. OVSVR, 16.5.1883, p.82.

29. Ibid, 8.5.1883, p.27.

30. De Express, 17.5.1883.

31. Ibid, 7.2.1884.

landboutydskrifte gelees van dié nuwe Franse ontdekking, dit aan die boere bekendgestel en daarna talle artikels daaroor geplaas.³² Verskeie korrespondente het mettertyd laat weet dat hulle kuilvoer met groot sukses gebruik het.³³

Boere het dus begin reageer op die artikels en oproepe in De Express. "Ceres" het byvoorbeeld voorgestel dat elke distrik 'n landbouvereniging stig, dat Greykollege 'n landbou-onderwyser kry en dat die Afrikanerbond hom moes beywer om boerdery te bevorder in plaas van om met teoretiese vraagstukke besig te bly.³⁴ Borckenhagen kon met genoeg berig dat Fauresmith en Clocolan landbouverenigings gestig het.³⁵ Te Steynsburg het die boere vergader om oor wolboerdery te praat³⁶ en op 'n vergadering te Boshof is 'n memorie ten gunste van 'n modelboerdery opgestel.³⁷ Ook by Afrikanerbondvergaderings is daar steeds meer aandag aan boerderysake gewy. Die tak Bo-Modderrivier het veral oor optrede teen brandsiekte gepraat.³⁸ 'n Aantal briewe hieroor is vervolgens aan De Express gerig.

Die stigting van wolverbeteringsverenigings, onder andere te Winburg en Boshof, was vir Borckenhagen hartverblydend. Te Winburg is daar 'n kommissie aangestel wat wol moes ondersoek, goedkeur en die vereniging se stempel daarop moes plaas. Slegs een per-

32. Ibid, 22.3.1883.

33. Ibid, 28.8.1884, 11.9.1884, o.a.

34. Ibid, 16.10.1884.

35. Ibid, 27.11.1884 en 6.8.1885.

36. Ibid, 11.12.1884.

37. Ibid, 18.12.1884.

38. Ibid, 26.2.1885.

soon in Winburg sou die wol na 'n goedgekeurde agent in Port Elizabeth versend. Lede is verplig om hul wol skoon te hou van brandsiekte, is net toegelaat om eenmaal per jaar hul skape te skeer, moes 'n spesiale skeermetode volg, die wol skoon hou en volgens voorskrif verpak.³⁹

In 1886 het Borckenhagen groot moeite gedoen om 'n tentoonstelling, gemik op die bevordering en verbetering van wolboerdery, te organiseer en hy het prominensie daaraan in De Express verleen. Hy en die Landbougenootskap het die regering se samewerking verkry om mnr. Savage se uitstalling te laat vlot. Dit het saamgeval met die opening van die jaarlikse Volksraadsitting en die land se landboueiers het dit dus bygewoon. Onder die uitgestalde voorwerpe was daar produkte wat van goeie en swak wol vervaardig is om die verskil uit te wys. Regter M. de Villiers het dit hartverkwikkend gevind dat die pers, handel en regering tot so 'n goeie doel saamgewerk het. Hy het die hoop uitgespreek dat die tentoonstelling boere sou inspireer om goeie produkte te lewer. Pres. Brand het met "warme bewoordinge" die geslaagde poging van die Kamer van Koophandel, die Landbouvereniging en die here Borckenhagen en Savage geloof.⁴⁰ Hy het veral Borckenhagen se "vriendelike tussenkomst" uitgesonder.⁴¹

By die 1886-Volksraadsitting is meer as gewone aandag aan boerderysake gegee. Die moontlikheid van wolmarkte, so lank deur Borckenhagen bepleit, is gunstig bejeën, maar die Raad het besluit dat dit die private sektor se plig was om daaraan aandag te

39. Ibid, 25.3.1886 en 27.5.1886.

40. Ibid, 6.5.1886.

41. OVSVR, 3.5.1886, p.10.

gee.⁴² Die eerste stap in dié rigting is in Februarie 1888 geneem toe die Kamer van Koophandel besluit het om 'n jaar later 'n wolmark te hou. Borckenhagen het dit verwelkom mits geen dwang op boere uitgeoefen sou word om daar te verkoop nie. Dit sou syns insiens baie goed wees as daar 'n wolmark in Bloemfontein gevestig kon word teen die tyd dat 'n spoorlyn aangelê is, want dan sou die geld uit wol verkry by plaaslike handelaars bestee word en nie in Port Elizabeth nie. Die voorspoed van die handelaars was ook van belang vir die boere.⁴³

Verder het die Volksraad wolfabrieke⁴⁴ sowel as die aanlê van 'n modelplaas afgekeur.⁴⁵ Borckenhagen het met beide besluite saamgestem. Hy het besef dat daar nie genoeg kapitaal en kundigheid vir fabrieke in die Vrystaat was nie⁴⁶ en wat 'n modelplaas betref, was hy bang dat veesiektes 'n hele kudde duur aanteelwee op so 'n plaas kon vernietig. Individuele of groepies boere kon liewer stoetwee aanhou. Hoewel hy reeds in 1882 voorgestel het dat 'n ervare, opgeleide persoon as Inspekteur van Landbou aangestel word,⁴⁷ was hy bevrees dat daar geen bekwame persone beskikbaar was om die leiding op landbougebied te neem nie.⁴⁸

Daar is reeds daarna verwys dat Borckenhagen aangedring het op die invoer van goeie aanteelwee. Deur die jare het hy volgehou

42. Ibid, 25.5.1886, p.290.

43. De Express, 21.2.1888.

44. OVSVR, 25.5.1886, p.293.

45. Ibid, 9.6.1886, p.458.

46. De Express, 7.2.1888.

47. Ibid, 14.12.1882.

48. Ibid, 4.1.1887.

om die regering en boere bewus te maak van die noodsaaklikheid van so 'n stap om goeie kuddes te kon opbou. Sy pogings het meestal op die rotse beland weens gebrek aan ondersteuning. Hy moes gedurig kla dat daar weinig gedoen is om die veestapel te verbeter. Daar was te veel middelmatige en swak wol in Suid-Afrika. Terwyl ander lande vooruitgegaan het en Suid-Afrika op elke terrein kon verbystee, het daar, volgens hom, 'n verderflike ultra-konserwatisme in die land geheers. Die burgers en regering was volhardend onverskillig en daar was 'n gebrek aan ondernemingsgees. Niemand is gehelp om goeie stoetvee in te voer nie. Die regering was syns insiens niks anders as 'n polisieman nie.⁴⁹

Hy het Afrikanerbondtakke aangemoedig om die invoer van aanteel-vee te bevorder, 'n fonds te stig vir dié doel en om by skyfskietbyeenkomste eerder goeie ramme as geld as pryse te gee. Ook die regering kon ramme as pryse gee.⁵⁰ Toe hy in Oktober 1884 weer daarop aangedring het dat die regering aandag aan die invoer van aanteelvee moes gee, het hy gewaarsku dat hy maar gedurig op dieselfde aambeeld sou bly slaan totdat die waarheid eendag sou deurdring.⁵¹

Ene Würzburg het aan die begin van 1886 vyftien ramme uit Duitsland na die Vrystaat gebring om hier te verkoop. Borckenhagen was bekommerd dat swak vee op die Vrystaat afgelaai sou word en het gevra dat die regering wetgewing moes instel om dit te verhoed. Daar moes toesig gehou word oor die invoer van vee en

49. Ibid, 15.1.1880.

50. Ibid, 27.9.1883.

51. Ibid, 16.10.1884.

wolverbeteringsverenigings kon hiermee help. Ander state het teelstasies gehad waar boere vee wat die beste by die land se omstandighede gepas het en goeie wol gelewer het, kon koop. As die Vrystaatse regering dit nie kon doen nie, moes daar minstens oor invoere gewaak word.⁵²

A.g.v. Borckenhagen en andere se ywer is daar in November 1886 'n komitee in Bloemfontein saamgestel met die oog op die verbetering van die Vrystaatse wolstapel. Die regering en die landbouvereniging het hulle gewilligheid te kenne gegee om die poging stoflik te ondersteun. Pres. Brand het ook sy steun beloof en Borckenhagen het die hoop uitgespreek dat alle Vrystaters hulle by die staatshoof sou skaar. Die plan was dat twee ervare, praktiese manne in Maart 1887 na Europa sou gaan om goeie skape, beeste, perde en varke te koop. Borckenhagen was die tydelike sekretaris van die vereniging en het burgers aangespoor om die hartlike samewerking wat van die Bloemfonteinse boere ontvang is, na te volg deur lede van die komitee te word en inligting te verskaf. Dit was die eerste proefneming van dié aard in die Vrystaat en hy het voorsien dat daar dalk teleurstelling kon wees. Omdat die land se welvaart feitlik net van boerdery afgehang het, moes niks wat dit kon bevorder, egter onbeproef bly nie. Dit sou syns insiens goed wees as met soortgelyke verenigings elders in Suid-Afrika saamgewerk kon word.⁵³

Hierdie plan om nuwe bloed in te voer, het groot byval gevind. Borckenhagen was verheug oor die groot aantal briewe wat ontvang is en wat daarvan getuig het dat boere besiel was met 'n begeerte

52. Ibid, 25.3.1886.

53. Ibid, 25.11.1886.

na vooruitgang en verbetering. Hy het gehoop dat daar groot belangstelling sou wees vir die vergadering van 8 Januarie 1887.⁵⁴

By dié vergadering, waar baie menings gewissel is, is 'n korresponderende komitee van vier, waarvan Borckenhagen een was, gekies. Dié komitee se taak was om inligting in te win oor die tipe vee wat geskik sou wees vir invoer en die koste daaraan verbonde. Daar is beoog om binne 'n maand 'n verslagvergadering te hou en 'n kollektelys op te stel. Borckenhagen het gemeen dat daar genoeg belangstelling was om die plan uit te voer. Hy was oortuig daarvan dat daar langsame maar sekere vordering sou wees, veral as die inisiatief en die organisasie van die boere self sou kom. Daar moes meer boereverenigings gestig word waar tentoonstellings gereël, gedagtes gewissel en boerdery bevorder kon word.⁵⁵

In Maart 1887 wou T. B. Wiese weet wanneer die beoogde vergadering gehou sou word, aangesien tyd kosbaar was. Alle oë was op die redakteur van De Express gerig. "Wij hebben tot nog toe het volste vertrouwen in u, dat gij de regte man zijt voor de welvaart van land en volk en ons niet slapende in ongeluk zal laat dompelen." Dit het vir hom gelyk asof alle belangstelling op goud en spoorweë gerig was.⁵⁶

Hierop het Borckenhagen geantwoord dat die korresponderende komitee seker kon wees dat hy die beste belang van die land nagestreef het, maar dat die invoer van vee en die aanlê van spoor-

54. Ibid, 30.12.1886.

55. Ibid, 11.1.1887.

56. Ibid, 22.3.1887.

weë beide van die begin af reg aangepak moes word, anders kon dit 'n vloek eerder as 'n seën word.⁵⁷

Met die aanvang van die 1887-sitting van die Volksraad het Borckenhagen weer eens gepleit vir regeringsteun aan die landbou en veeteelt en het hy voorgestel dat 'n bedrag gestem moes word vir die invoer van stoetvee.⁵⁸

In November was dit duidelik dat die land se finansies herstel het en hy het gevra dat die regering die belasting moes behou en gebruik vir omheining, besproeiing en veeverbetering.⁵⁹ Met die oog op die aanstaande spoor- en tolkonferensie het hy voorgestel dat die regering, indien tolgeld toegestaan sou word, 'n deel daarvan ook in belang van boerdery moes aanwend. As die regering byvoorbeeld £5 000 per jaar vir veeverbetering sou bewillig, sou dit 'n hele ommekeer teweegbring.

Teen Desember 1887 het daar nog niks van die plan om twee of drie man oorsee te stuur om vee te koop, gekom nie. Borckenhagen het daarop gewys dat individue dit nie kon bekostig nie en dat dit dus die regering se plig was om by te dra tot iets wat vir die algemene welvaart lewensnoodsaaklik was.⁶⁰

Borckenhagen het die boere geprys oor die goeie kwaliteit wol wat hulle begin lewer het, soos berig deur mnr. R. Innes na 'n besoek aan Port Elizabeth. Hy het hulle gevra om te volhard en saam te

57. Ibid, 22.3.1887.

58. Ibid, 10.5.1887.

59. Ibid, 29.11.1887.

60. Ibid, 6.12.1887.

staan, veral aangesien die regering niks gedoen het nie.⁶¹ Dit was die boere wat belasting betaal en die handel gestimuleer het, maar daar is nie aandag aan hulle belange gegee nie. In ander lande, soos Duitsland, is die boere op elke manier gehelp. Die Vrystaatse regering het nie nodig gehad om op dieselfde wyse te help nie, maar in dieselfde gees aangesien die boere die sterk ruggraat van die land was. Daarenteen het dit vir hom gelyk asof pres. Brand voor sy uittrede ten alle koste spoorweë wou hê. Hy het hom gesmeek om ook aan boerdery aandag te gee, veral omdat daar sulke goeie vooruitsigte vir markte op die Transvaalse goudveld was.⁶²

'n Ander saak waarvoor Borckenhagen hom beywer het, was die verskaffing van krediet aan boere teen 'n lae rentekoers. Hy het dit as noodsaaklik beskou dat boerderytoestande verbeter moes word, maar dit het baie geld geverg en veral na die langdurige droogtes was boere finansiëel sleg daaraan toe. Die meeste van hulle was diep in die skuld by sakemanne. Hy het in 'n spesiale bylae tot De Express met 'n weldeurdagte plan na vore gekom. Syns insiens moes die regering altyd, ook in tye van welvaart, besuinig en die administrasie hervorm. Die skool- en erfgeldfondse in die Vrystaat is baie swak geadministreer. Leners het feitlik net rente betaal en selde kapitaaldelging gedoen. Op dié wyse het net 'n klein deeltjie van die volk voordeel uit die fondse getrek. Verder is geld onoordeelkundig uitgeleen aan mense met swak sekuriteit en verliese is gely. Dorpseiendomme wat as sekuriteit aangebied is, het dikwels vervalde geraak.

61. Ibid, 13.3.1888.

62. Ibid, 17.1.1888.

Die onbeweeglike kapitaal moes meer beweeglik gemaak word. Geleidelike kapitaaldelging moes verpligtend gemaak word, die kapitaal aansienlik vermeerder word deur die uitreiking van skatkiswissels teen 6% eerder as om papiergeld uit te gee, soos voorgestel, die beheer van die fondse onder toesig van 'n raad van direkteure geplaas word - hy het die Nasionale Bank aanbeveel - en omdat die plan in die eerste plek bedoel is om boerdery te bevorder moes dorpseiendomme uitgesluit word. Die geld moes net vir 'n bepaalde tyd uitgeleen word teen 6% per jaar plus verpligte kapitaaldelging. Dit was goedkoper as by enige ander instansie.

Die plan kon net slaag indien almal, onder andere banke en sake-manne, dit sou ondersteun en hulle sou behoorlik vir hul steun vergoed word. So sou geld makliker verkrygbaar wees en fondse op 'n beter voet geplaas word. Die Kaap en Natal het reeds 'n landbank gehad wat as voorbeeld kon dien.⁶³

Hierdie plan is deur Afrikanerbondtakke, soos Ravello, ondersteun⁶⁴ en ook op openbare vergaderings, byvoorbeeld te Breslersflats.⁶⁵ By die 1886-Volksraadsitting is 'n aantal van Borckenhagen se voorstelle aanvaar, onder andere dat lenings uit die fondse nie vir die aankoop van dorpseiendomme toegestaan sou word nie omdat hulle swak sekuriteit gebied het.⁶⁶ Borckenhagen het gehoop dat die regering dit verder sou voer en 'n landbank tot stand sou bring. Verder is die rente op lenings van 6% na 9%

63. Ibid, 18.3.1886.

64. Ibid, 25.3.1886.

65. Ibid, 22.4.1886.

66. OVSVR, 25.5.1886, p.282 en 12.6.1886, p.491.

verhoog waarvan 3% as kapitaaldelging gebruik sou word - net soos Borckenhagen voorgestel het.⁶⁷

Di Patriot het in 1887 die instelling van 'n "Hypotheek en Irrigatie Bank" in die Kaap voorgestel en Borckenhagen het dit as aanleiding gebruik om weer vir 'n landbank as tak van die Nasionale Bank in die Vrystaat te pleit. Teen Februarie 1888 was daar baie geld beskikbaar vir beleggings. Hy het gevoel dat die rykes die arm boere moes help, veral om hul plase te omhein, deur hul geld by so 'n landbank te belê. Dit sou boere in staat stel om genoeg vir die Transvaalse goudveld te produseer en die hele land sou daarby baat.⁶⁸

Toe die gety in 1886 gekeer en voorspoed na die Vrystaat begin terugkeer het, het Borckenhagen, na 'n besoek aan die Zuid-Afrikaansche Republiek, die Vrystaatse boere gewaarsku om nie hul rustige en sekere bestaan te verruil vir die onsekerheid van die goudvelde nie. Slegs groot maatskappye kon daar 'n sukses maak. Hulle moes hard werk, want daar het 'n groot afsetgebied vir hul produkte in Transvaal gewag.⁶⁹ Hulle moes egter nie onverskillig raak en swakker produkte lewer nie. Dit sou hul reputasie skaad.⁷⁰

Aan die einde van die Brand-era het Borckenhagen 'n terugblik oor sy arbeid in die Vrystaat gewerp. In twee opsigte was dit die einde van 'n tydperk en die begin van 'n nuwe: 'n nuwe staats-

67. Ibid, 26.6.1886, p.650 en De Express, 10.6.1886.

68. De Express, 14.2.1888.

69. Ibid, 2.9.1886.

70. Ibid, 9.9.1886.

president sou oorneem en vir die boere was daar die vooruitsig van 'n onbepaalde mark en die moontlikheid van spoorweë om hul produkte vinniger op die groeiende mark te kry.

Hy het die Volksraad en Uitvoerende Mag so bedagsaam en verantwoordelik moontlik op hul plig gewys om bo alles hul aandag aan die bevordering van boerdery te gee - sonder veel sukses. Dit was sy oortuiging dat die burgers en die regering moes saamwerk om boerdery te bevorder. In 1883 het hy die Boerdery-rubriek in sy koerant begin. Hoewel dit 'n moeilike periode was as gevolg van langdurige droogtes, veesterftes en stilstand van die handel, het die boere se reaksie sy stoutste verwagtings ver oortref. Gedagtes is oor talle onderwerpe gewissel. Veel meer as waarop hy gehoop het, is tot stand gebring en het die vooruitsigte vir die toekoms rooskleurig gemaak - onder andere die brandsiektewet, sprake van 'n omheiningswet, wolverbetering, wolmarkte, boereverenigings en landboutentoonstellings. Toe bydraes begin opdroog het, het die Landboujoernaal sy verskyning gemaak om opnuut deskundige kennis oor te dra en stof te bied tot gedagtewisseling.

Die land se onafhanklikheid, bloei en welvaart sou volgens hom vorentoe nog meer afhang van die vooruitgang van landbou en veeteelt veral aangesien duisende besig was om Transvaal binne te stroom. Wat hom betref, kon die Vrystaat die koringskuur en die slaghuis van Transvaal word.⁷¹ Hy het dus vir boerdery in die Vrystaat 'n goue toekoms gesien.

* * *

71. Ibid, 7.8.1888.

STRYDER VIR VOLK, TAAL EN ONDERWYS

Carl Borckenhagen, 'n gebore en getoë Duitser, het hom in 1873 na die Vrystaat gewend en weldra 'n Vrystaatse Afrikaner geword. Hy het hom so hart en siel met die Afrikaners vereenselwig dat daar na sy dood geskryf is: "In him a leader has gone to the grave whose words ... have aroused and stimulated national feeling in hundreds of Africanders",¹ en: "His complete mastery over his pen he placed completely at the service of the oppressed Africanders".²

Toe hy in Suid-Afrika aanland, was hy met stomme verbasing geslaan. Hy het 'n land aangetref wat in 'n aantal Britse kolonies en twee onafhanklike republieke verdeel was. Die meerderheid van die blanke inwoners was Hollands- of Afrikaanssprekend en tog het 'n vreemde moontheid die oppergesag gevoer en was steeds besig om sy gesag uit te brei. Dat die oorspronklike blanke inwoners die toestand met soveel gelatenheid aanvaar het, was vir hom ondenkbaar. Voor sy geestesoog het hy 'n verenigde Afrikanervolk gesien wat die vreemde juk afgooi en hulself volgens hul eie aard en in hul eie belang regeer en nie diensbaar is aan die bevordering van 'n vreemde land se belange en voordeel nie. Hy het besef dat daar 'n lang en bitter stryd op hom gewag het om die Afrikaners bewus te maak van hulle waarde, toekoms en

1. Persverwysings, p.4: Handelsblad, Pretoria.

2. Ibid, p.15: Volksstem, Pretoria.

bestemming en om ware vaderlandsliefde te kweek.³ In dié stryd sou hy ook terdeë rekening moes hou met die groep Suid-Afrikaners wat hy as Jingo's bestempel het en wat verkies het om Britse onderdane te bly en imperiale belange te bevorder.

As 'n man van die daad het hy nie 'n geleentheid laat verbygaan om die volk se nasionale bewussyn aan te wakker nie. Uit die hoofstukke oor Borckenhagen as kampvegter vir republikeinse onafhanklikheid en nouer samewerking met die Transvaalse broers en oor sy geweldige rol in die opskerping van die Afrikaners om betrokke te raak by die openbare lewe en vir die Afrikanersaak te veg, het dit oorfloediglik duidelik geword dat daar weinig ander persone was wat so konstant, onvermoeid en knaend besig was om die Afrikaner van sy nasieskap bewus te probeer maak. Dit is ironies dat 'n Duitser dit moes doen.

Met die stigting van die Afrikanerbond het hy gemeen dat dié vereniging sou meehelp om sy ideaal van 'n Suid-Afrika vir die Suid-Afrikaners te verwesenlik. Hy is tot so 'n mate met die Afrikanerbond vereenselwig dat na sy dood verkeerdelik na hom verwys is as "the originator" van die Bond, maar tereg is geskryf dat hy 'n reuse-aandeel gehad het in die vestiging daarvan.⁴ Sy ontnugtering was groot toe hy besef het dat die Kaapse Afrikanerbond, leiers soos J. H. Hofmeyr en selfs Di Patriot nie 'n onafhanklike Suid-Afrika wou hê nie, maar Britse onderdaanskap aangehang het. Hy het voortgegaan om hom te beywer vir die groei van Afrikanernasionalisme en het met al sy mag vir samewerking tussen die twee republieke gewerk met die hoop dat hieruit 'n verenigde

3. De Express, 1.1.1885 en SABW, p.101.

4. Persverwysings, p.7: The Star, Johannesburg.

Zuid-Afrikaansche Republiek tot stand sou kom waarin Afrikaners hulle kon uitleef.

Een van die maniere waarop hy die Vrystaters se nasionale bewus-syn wou wakkerskud, was deur die propagering van volksfeeste. Jaar na jaar het hy hulle herinner aan hulle onafhanklikheidsdag op 23 Februarie en hulle aangemoedig om die feesgeleenthede by te woon. In teenstelling hiermee het The Friend of the Orange Free State⁵ hierdie feeste klokslag verdoem en sou eerder 'n dag van rou wou sien.

Onmiddellik na die viering van die Republiek se vier-en-twintig-ste verjaarsdag het Borckenhagen begin voorbrand maak vir groot feesvierings wanneer die vyf-en-twintigste bestaansjaar op 23 Februarie 1879 herdenk sou word. In sy oproep het hy daarop gewys dat die Vrystaat rede gehad het om fees te vier. Daar was groot-skaalse ontwikkeling en vooruitgang en die onafhanklike Vrystaters was baie beter daaraan toe as die Transvalers en die Britse koloniste in Natal en die Kaap met hul oorloë teen Swartes. Hy het betoog dat nasionale feeste die nasionale lewe bevorder. Dit skep 'n gevoel van een volk te wees en 'n strewe na eenheid. Wanneer 'n hele volk soos één man feesvier, die verlede saam herdenk en hulle oor die hede verbly "verbind het zich ook voor de toekomst om te zamen te genieten of te dragen wat die toekomst brengen zal". 'n Verlewending van die nasionale gevoel was nodig. As die fees op waardige wyse gevier sou word, sou dit ook na buite 'n goeie indruk wek. Dit sou 'n duidelike bewys aan die wêreld wees dat die Vrystaat sy onafhanklikheid en vryheid op prys gestel het en dat die meerderheid van die volk nie hul onaf-

5. Hierna in die teks en voetnote afgekort as The Friend.

hanklikheid wou prysgee nie. Dit sou ook pogings om die volksbestaan gewelddadig te beëindig, verydel. Met die anneksasie van Transvaal is voorgegee dat die meerderheid vir anneksasie was en leuens is ook in die buiteland versprei dat baie Vrystaters na anneksasie gesmag het. 'n Algemene demonstrasie moes ondubbel-sinnig aan die buiteland toon: "vrij zijn wij en vrij willen wij blijven" - sonder om vyandiggesind teenoor enigeen te wees.⁶

Borckenhagen het voorgestel dat die Wetgewende Vergadering 'n waardige, plegtige fees moes reël. By die Volksraadsitting kon 'n kommissie aangestel word om die reëlings te tref. Daar moes in elke distrik feesgevier word met 'n groot sentrale fees in Bloemfontein. Hy het gemeen dat die fees 'n week lank moes duur met 'n godsdienstige opening, 'n wapenskou, 'n landboutentoonstelling, 'n letterkundige kongres, optogte en die verligting van geboue. Hy het die hoop uitgespreek dat sy voorstelle by die volk en Volksraad weerklank sou vind.⁷

Aan hierdie oproep is gehoor gegee. Tydens die Volksraadsitting is die gedagte van 'n besondere fees deur raadslid S. W. Visser gesteun. Hy het so 'n fees as noodsaaklik beskou om die nasionale gevoel te versterk. Die Raad het vervolgens besluit om die burgers per proklamasie op te roep om die vyf-en-twintigste herdenking van hul onafhanklikheid op besondere wyse te vier.⁸ Op 23 Januarie 1879 het daar 'n proklamasie van pres. Brand in De Express verskyn dat 'n Jubelfees gehou sou word. Die meeste

6. De Express, 28.8.1878.

7. Ibid.

8. Volksraadsnotules OVS (hierna afgekort as OVSVR), 26.6.1878, p.310.

Vrystaters het met oorgawe aan die fees deelgeneem.

Borckenhagen het ook die Transvalers se jaarlikse fees by Paardekraal met geesdrif aangeprys en wanneer hy kon, dit bygewoon. Volgens hom het die Afrikaners maar min monumente en volksfeeste gehad terwyl sulke geleenthede baie nodig was vir die groei van 'n volk.⁹

Die Taalstryd.

Hollands was die amptelike taal van die Oranje-Vrystaat en tog is daar in die hoofstad en ander groot dorpe feitlik net Engels gepraat. Volgens wet kon ouers kies in watter medium, Engels of Hollands, hul kinders op skool onderrig moes word, maar die meeste het daarop aangedring dat hul kinders goeie Engels moes leer. Pres. J. H. Brand se bewondering vir die Engelse taal en kultuur en sy aanstelling van dr. John Brebner as Inspekteur van Skole, het tot gevolg gehad dat Engelse invloede geleidelik in die opvoedingstelsel ingevoer is en dat daar 'n onbewustelike verengelsingproses plaasgevind het. Die matrikulasie-eksamen is slegs in Engels deur die Universiteit van Kaapstad afgeneem en Hollandse onderwysers was skaars.¹⁰ Bowendien het Nederlands moeilik en onverstaanbaar geword en was vir baie net so vreemd as Engels.

Die skole onder beheer van die N.G. Kerk is gestig met die doel

9. De Express, 4.1.1887.

10. Malan, S. F., Politieke Strominge onder die Afrikaners van die Oranje-Vrystaat (hierna afgekort as Politieke Strominge), p.54.

om nasionaalgerigte skole daar te stel. Van die begin af het Greykollege egter 'n Engelse gees geadem. Ds. Andrew Murray was die eerste hoof en hy was Engelsgesind. By Eunice was dit nie anders gesteld nie. Weinig van die onderwyseresse daar kon Hollands praat of dit selfs verstaan. Ook in die landsadministrasie het Engels Hollands begin verdring.

Geleidelik het die besef dat volk en taal een is, begin posvat. Hiertoe het Borckenhagen en De Express baie bygedra. In die hoofartikels is op kragtige wyse gepleit vir die behoud van die volkstaal en die kolomme van De Express is oopgestel vir die debat oor die taal. Die Afrikanerbond het ook sterk standpunt ingeneem ten gunste van die landstaal.

Reeds in 1877 het Borckenhagen gekla dat Ordonnansie 3 van 1854, waarin Nederlands as ampstaal verorden is, nie uitgevoer is nie. Die Bloemfonteinse munisipaliteit het byvoorbeeld sy notules in Engels gehou; in die onderwys het Engels die landstaal verdring. Selfs by Eunice en, ten spyte van dr. J. Brill se pogings, ook by Greykollege en by elke vergadering in Bloemfontein is Hollands feitlik verban. By die onderwysdepartement was die naambordjies en aanwysings net in Engels. As die volk se taal verlore sou gaan, so ook die volk. Aangesien Engeland hom op die puinhope van die Vrystaat se onafhanklikheid wou vestig en die Vrystaatse volk deur middel van die Engelse taal wou assimileer, moes die Vrystaters dubbeld waaksaam oor hulle taal wees. Ten slotte het hy gewaarsku: "Nu we een vrij volk willen blijven, met eigen zeden, en eigen geloof, en eigen recht en eigen bestuur, nu moeten we ook onze eigen taal behouden, want de taal is gansch

een volk!"¹¹

In antwoord hierop het eerwaarde Douglas McKenzie 'n uitgerekte polemiekie teen Hollands in The Friend op tou gesit. Hy het onder andere die hoop uitgespreek dat Hollands sou swig voor 'n taal waardeur Suid-Afrikaanse vooruitgang, beskawing en letterkunde binne 'n eeu ten volle ontwikkel kon word. Hy was heeltemal gekant teen die verpligte gebruik van Hollands as ampstaal en in die skole en het dit as dwaasheid en 'n onreg beskou.¹² In De Express het dr. Brill en talle Afrikaners sy stellings aangeval.

Vir Borckenhagen het dit 'n groot gebrek aan nasionale gevoel verraai as 'n kind van Afrikaanse ouers verkies het om in Engels in plaas van in sy moedertaal onderrig te ontvang.¹³ Baie Volksraadslede was ook ongelukkig oor die verwaarlosing van Hollands in skole en by die Volksraadsitting van 1881 is besluit dat geen geld vir onderhoud en verbetering van Greykollège gegee sou word nie, onder andere omdat die Kollège nie gesorg het vir "de belangen van het Vrijstaatsche nationaal onderwys" nie deurdat die landstaal nie genoeg aandag gekry het nie.¹⁴ Klagtes teen die verwaarlosing van Hollands in die skole, veral by Eunice, is dikwels in die Volksraad opgehaal.¹⁵

Die Afrikanerbond het nie alleen druk op die regering uitgeoefen om meer aandag aan Nederlands in skole te gee nie, maar het daad-

11. De Express, 16.8.1877.

12. The Friend, 23.8.1877; 6.9.1877 en 20.9.1887.

13. De Express, 11.3.1880.

14. OVSVR, 21.6.1881, pp.379-380.

15. Ibid, 23 en 24.6.1885, pp.475-477; en 31.5.1887, p.320, o.a.

werklik opgetree deur Bondskole, waar Nederlands voorkeur geniet het, op te rig. Ook hierin het Borckenhagen 'n aandeel gehad. Daar was vrug op hierdie pogings en dr. Brebner, Inspekteur van Onderwys, het in 1884 gemeld dat plattelandse ouers veel minder op die gebruik van Engels as onderrigmedium aangedring het as vroeër. Sy onderwysverslae van 1885 en 1886 het getoon dat hierdie tendens voortgeduur het.¹⁶

Toe die Volksraad tydens sy sitting van 1882 die gebruik van Hollands verpligtend gemaak het vir markmeesters en die notules van munisipaliteite en openbare byeenkomste, het Borckenhagen, wat reeds in 1877 daarvoor gevra het, sy blydschap uitgespreek. Hy het beklemtoon dat die Vrystaat 'n Hollandse republiek was en dat sewe-agstes van die Volksraadslede nie Engels verstaan het nie. Verder was die produsente almal Vrystaatse boere wat ook nie Engels verstaan het nie en dus by die mark benadeel is deur die gebruik van Engels. Min van die handelaars of beroepsmanne in die Vrystaat was onbekend met Hollands en hulle moes dus inval by die land se ampstaal.¹⁷

Die Vrystaatse Afrikaners het nou meer en meer bewus geraak van die miskennis van hulle taal, hulle het kennis geneem van die taalbeweging in die Kaap en hul skryflus is aangewakker. Briewe en versies het na De Express begin stroom. Soms is daar gevare gesien waar daar nie werklik gevare was nie. Die N.G. Kerk in Bloemfontein en 'n paar ander dorpe het begin om saans Engelse kerkdienste te hou. Die doel hiervan was nie om Afrikaners te verengels nie, maar om aan Engelse mense die Evangelie te verkon-

16. Malan, Politieke Strominge, p.120.

17. De Express, 13.7.1882.

dig. Plaasbewoners kon nie aanddienste bywoon nie en middagdienste is vir hulle gereël. Die kerke was dus Sondagaande beskikbaar vir Engelssprekendes. Sommige Afrikaners het dit egter beskou as 'n subtiele aanslag op hul taal. Dit kon gebeur dat Afrikaanssprekendes die Engelse dienste bywoon, maar die oorspronklike motief was suiwer.

Korrespondente het teen die Engelse dienste begin beswaar maak. Borckenhagen het aanvanklik geswyg en is daarom deur Di Patriot en De Zuid Afrikaan daarvan beskuldig dat hy nog vis nog vlees was. Hy het geantwoord dat hy nie aan die Kerk wou voorskryf nie, maar dat hy wel korrespondensie oor die saak in De Express opgeneem het.¹⁸ Hy het ontevredenes aangeraai om by die volgende Sinodesitting petisies in te dien.¹⁹ Verder het hy in die provinsiale bestuur van die Afrikanerbond gedien wat op 3 Mei 1883 'n memorie opgestel en aan die Sinode gestuur het. Hierin is beswaar gemaak teen die prediking in Engels in die N.G. Kerk en die verwaarlosing van die moedertaal in kerkskole.²⁰ Die Sinode het die memorie verwerp.²¹ Engelse dienste is egter in 1884 in die Bloemfonteinse N. G. Kerk en later ook elders gestaak.

Die volgende gebeurtenis wat Afrikaanse gemoedere laat opvlam het, was die inwyding van die nuwe stadsaal in Bloemfontein op 3 Julie 1883. Al die verrigtinge was in Engels. Borckenhagen het uitgeroep: "Alles in de taal van Engeland! - O tijden, o zeden!" Dit was met onverbloemde genot dat hy in dieselfde uit-

18. De Express, 5.10.1882.

19. Ibid, 12.4.1883.

20. Ibid, 7.6.1883.

21. Ibid, 31.5.1883

gawe berig het dat adv. M. T. Steyn die vorige Donderdagaand 'n lesing oor gevangenis in die stadshuis gehou het, "in de Landstaal natuurlijk"!²²

In die jaar 1883 was Borckenhagen en sy lesers besonder bedrywig op die taalakker. Hy het talle artikels waarmee hy hom kennelik vereenselwig het, geplaas. Talle briewe het die gedagtes wat hy in sy hoofartikels gelug het, beklemtoon. "Afrikaansche Boer" het byvoorbeeld gewaarsku dat die Engelse listig was. Hulle kon Transvaal nie met die wapen verslaan nie en het dus probeer om die Hollandse taal en element te laat verdwyn. Hy het gewys op die voorgeslag se stryd om hul ideale en taal te behou. Om hulle te eer, moes die Vrystaters steeds stry teen die verdringing van hul taal. Die Engelse en Jingo-Afrikaners het reeds gespog dat daar binne enkele jare net Engels in die Vrystaat gepraat sou word. Engelse was vreemdelinge en in die minderheid hier en moes hulle na die land skik. Maar die omgekeerde was aan die gebeur. Dit was jammer dat daar nog baie Afrikaners was wat nie aan die Afrikanerbond behoort het nie. Borckenhagen se kommentaar was dat baie Afrikaners soos hierdie skrywer gevoel het en nie net enkeles soos beweer is nie. Hierdie woorde was syns insiens die stem van die volk, en dus die stem van God.²³

In een van die artikels, oorgeneem uit Di Patriot, is verengelsde Afrikaners wat hul eie taal verag het, op humoristiese wyse gestriem. Hulle was diegene wat eerder Mr, Mrs en Miss as mnr., mev. en mej. wou wees.²⁴

22. Ibid, 7.6.1883.

23. Ibid, 8.2.1883.

24. Ibid, 8.2.1883.

'n Reeks "Afrikaansche Karakterschetsen" deur ene Stoffel is glo op spesiale versoek van die skrywers deur Borckenhagen "volgaarne" oorgeneem.²⁵ Hierin is weer eens op ligte trant gespot met die verengelsing van Afrikaanse gesinne, veral as gevolg van die kinders se Engelse onderwys. "Stoffel" kon die verengelsing nie verduur nie; oral was "de dampkring vergiftigd". Baie Afrikaners was volgens hom net so onverskillig oor sake wat vir die Afrikaner van belang was, soos die same-smelting van die Afrikanerbond en die Boerebeskermingsvereniging, as oor die Engelse opvoeding van hul dogters. Dit was mense wat nie vir hulself kon dink nie wat so opgetree het.²⁶

Heelwat later het 'n korrespondent op onverfynde trant en met diepe verontwaardiging saamgestem oor die Engelse opvoeding van Vrystaatse dogters:

"Ja, Farmer Will, jij het weer reg
Met wat jij in die krant daar zeg.
Dat "Onze Taal" gaat naar zijn moer;
Want nou begin die Winburg boer
Ook Engels praat - maar 't val mij binne
Ik moes gezeg het; die Boerinne.
Die ladies die Boer Will van praat
Het bij 'Eunice' skool gehad.
Ja, dit is zeker van die dames
Wat ver hul' moedertaal zoo skaam is."²⁷

25. Hy meld nie waaruit nie.

26. De Express, 10.5.1883.

27. Ibid, 5.4.1887.

'n Anonieme skrywer²⁸ het 'n artikel oor die "Liefde voor Eigen Taal" geskryf waarin hy opgemerk het dat 'n volk se taal en letterkunde die afskynsel van die aard en sedes van daardie volk is en dat 'n ander volk nie uit daardie bron gevoed kon word nie omdat dit nie hul geaardheid, denk- en handelswyses kon weer-spieël nie. Hy het die Vrystaters opgeroep om hul taal te bewaar en daarteen te waak om alles deur 'n Engelse bril te sien. 'n Oordrewe hoogskatting en beoefening van 'n vreemde taal sou allernadeligs vir die selfstandigheid en roem van 'n volk wees. Dit maak 'n volk fier en trots om sy eie taal met genoeg te praat, te skryf en te vervolmaak. Die taal is die spieël van 'n volk se karakter en deur dit te gebruik, word die voorgeslag geëer. Veroweraars deur die eeue het geweet dat hulle 'n volk se vryheidsgevoel en selfstandigheidsin kon uitdoof deur die volkstaal uit te roei. Die Engelse regering in die Kaap was ook daarmee besig en Afrikaners moes daarop let "hoe ook onze Staat langzamerhand door taal en school word geannexeerd". 'n Volk wat nie trots op sy taal en letterkunde is nie, is ryp vir slawerny. Die Engelse kon minstens daarvoor geag word dat hulle altyd verkies het om hul eie taal te praat terwyl veral baie Vrystaatse Afrikaanse dametjies onophoudelik Engels wou praat. As die Vrystaters maar soos die Engelse, Duitsers en Hollanders hulle taal soos 'n kosbare edelgesteentes wou bewaar, sou die Vrystaat gelukkig wees.²⁹

Borckenhagen het weer van sy taktiek om aanhoudend op dieselfde aambeeld te hamer, gebruik gemaak om 'n blywende indruk te laat. Verengelsing was 'n bedreiging wat met alle mag beveg moes word.

28. Dit kon selfs Borckenhagen wees.

29. De Express, 27.9.1883.

In 1886 het hy 'n reeks los gedagtes oor land- en volksake geskryf. In die aflewering oor die taal het hy hom nogmaals teen verengelsing verset. Hy het geskryf dat byna almal weet wat die taal vermag met betrekking tot die nasionale ontwikkeling van 'n volk en dat diegene wat die jeug in hande het, die toekoms in die hande het. Die vyande van die Afrikaner het dit maar te goed geweet en gebruik gemaak van hul onverskilligheid. "Ja! Wie de taal ons volks vernietigd, vernietigd de nationaliteit!" Afrikaners moes volgens hul eie volkskarakter ontwikkel en hy het hom verset teen pogings om Afrikaners met 'n rooi verfkwas oor te smeer en uit te wis. Deur hul taal te bewaar, sou die Afrikaners hul voortbestaan verseker. Die vyand was wakker en sterk, dus moes hulle in die huisgesin, skool, maatskaplike lewe en pers waaksaam wees. Vandaar sy oproep: "Waakt dan Broeders, waakt voor - DE TAAL!"³⁰

In 'n besonder kragtige artikel het hy by die Afrikaners gepleit om te veg vir hul geestesgoedere. Hy het kwaai te velde getrek teen die gees van materialisme, die onverskilligheid jeens geestesgoedere en die slapheid om die eie nasionaliteit en kultuur te bewaar wat oral in Suid-Afrika geheers het. Die kanse vir die ontwikkeling van nasionalisme was syns insiens skraal omdat daar by die staatslui wat die volk moes lei, geen strewe daarna was nie. In Pretoria het die regering homself verneder deur in die howe in te meng en in Bloemfontein was daar 'n doellose gees. In die hele Suid-Afrika was die opvoedingstelsel gebrekkig en by die Kaapse Sinode het 'n onverskillige gees jeens die Hollandse taal geheers. Op die goudveld was daar 'n wesenlike gevaar dat die nasionale karakter ondermyn kon word, terwyl die meeste mense ge-

30. Ibid, 29.4.1886.

dink het dat die ontdekking van goud 'n onvermengde seën vir Suid-Afrika was. Intussen het die regering in Pretoria versuim om na die eise van omstandighede te handel. In Bloemfontein het die regering in 'n dodelike sluimering verkeer.

Wat handhawing van die landstaal betref, het hy voorspel dat die N. G. Kerk nie staande sou bly as hy nie 'n kragtige poging sou aanwend om die taal te handhaaf nie. Met die ondergang van die taal sou die Afrikaner tot niet gaan. Die Kerk was besig om 'n vesting aan die vyand te oorhandig en dit as 'n oorwinning te beskou.

Vervolgens het hy die onderwysstelsel gekritiseer waarin Hollands op onverholle wyse ondermyn is; ook die jeug wat hulle deur die mode laat verlei het en veral die jong dames wat uitsluitlik Engels wou praat. Al hierdie dinge het by hom 'n voorgevoel van verdere verliese laat ontstaan wat net op volkome verdelging kon uitloop.

Vir hom was daar 'n eenvoudige keuse: die Afrikaners moes besiel wees met die begeerte om hul nasionale belange wat die politieke toekoms van Suid-Afrika sou verseker, te beskerm, of hulle kon maar alle politieke ambisie vergeet. As hulle eersgenoemde verkies het, moes hulle elke ingenome stelling stap vir stap verdedig en elke geleentheid gebruik om hul posisie te versterk. Sou hulle laasgenoemde verkies, kon hulle hulle maar in 'n maalstroom werp waarin hulle sou verdwyn of waaruit hulle te voorskyn sou kom in die gedaante van 'n wêreldburger wat in die orkes waar imperiale belange eerste viool gespeel het, 'n plekkie in die agtergrond sou inneem - ongeskik en onwaardig vir enige onafhank-

likheid van denke of doen.³¹

Die Vrystaters was nie onaangeraak deur hierdie pleidooi nie en briewe in dieselfde trant het gevolg.

Die taalstryd in die Vrystaat was egter 'n driehoekstryd tussen Afrikaans, Nederlands en Engels. Ds. S. J. du Toit het daarop gewys dat die bevolking van die Vrystaat en Transvaal, waar Nederlands die offisiële taal was, oral op vergaderings en selfs in die Volksraad en Uitvoerende Raad, Afrikaans gepraat het. Hulle kon nie Hollands skryf nie en het kantoorwerk en administrasie in die hande van die Hollanders gelaat.³²

Heelwat van De Express se "Origineele korrespondente" het reeds sedert 1876 vir of teen die Genootskap van Regte Afrikaners kant gekies.³³ Die standpunt van De Express was interessant. Aanvanklik was daar, veral by Borckenhagen se mede-redakteur, dr. F. van Hoogendorp, 'n kampvegter vir die gebruik van suiwer Nederlands, geweldige verset teen Afrikaans wat hy alleen geskik vir "Boschjesmannen en Hottentotte" geag het.³⁴ Hy het sy afkeer van die taal wat in Di Patriot en in D. F. du Toit se Eerste Afrikaanse Spel- en Leesboek gebesig is, heftig te kenne gegee. Hy het dit die "naare taal"³⁵ genoem en verklaar dat moderne Hol-

31. Ibid, 28.10.1886.

32. Du Toit, J. D., S.J. du Toit in weg en werk. 'n Periode van Afrikaanse oplewing, p.109.

33. Conradie, E. J. M., Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika, Deel 11, (1875-1905), p.301.

34. De Express, 19.12.1878.

35. Ibid, 21.11.1878.

lands en nie Afrikaans nie die voorrang in De Express sou geniet. Di Patriot het die eie taal bespotlik gemaak en hy was daarvan oortuig dat dit as gevolg van die verwaarlosing van die taal was.³⁶ Daar is reeds vroeër 'n beroep op die volk gedoen om Nederlands te beskerm en so die vooruitgang van Engels te stuit.³⁷

Borckenhagen het ook sy teësin in die taal van Di Patriot te kenne gegee in 'n brief aan J. S. van der Walt van Vrolijkheid, Trommel, Winburg wat as agent van Di Patriot aangestel is. Die redakteur van Di Patriot, D.F. du Toit, se kommentaar op die brief was dat die taal waarin Borckenhagen geskryf het, ellendig was - slegter as die slegste Afrikaans wat hy so skerp veroordeel het; 'n mengelmoes van Duits, Hollands en Afrikaans.³⁸

Intussen het hoofregter F. W. Reitz 'n artikel getiteld Het "Barbaarsche Patois" in De Express geplaas. Hierin het hy eerswaarde Wirgman se bewerings in The South African Magazine van Januarie 1880 dat die sogenaamde barbaarse patois, Kaaps-Hollands, van die Hottentotte afkomstig was, weerlê. Kaaps-Hollands het vir hom in dieselfde verhouding tot Hollands gestaan as Engels tot Angelsaksies en tog is Engels nie as barbaars bestempel nie. Net soos Engels, was Kaaps-Hollands ryker aan woorde en minder belemmer deur grammatikale vorme as die oorspronklike taal. Net soos in die geval van Engels het die verandering geleidelik plaasgevind as gevolg van die natuurlike wasdom en ontwikkeling van die volk. Gedagtes word op 'n korter, ver-

36. Ibid, 27.5.1880.

37. Ibid, 19.12.1878.

38. Du Toit, p.114 (soos aangehaal uit Di Patriot, 17.1.1879).

eenvoudigde manier in Afrikaans uitgedruk en die besparing van energie was vir hom logies in die tyd van die lokomotief en elektrisiteit! Hollands het sins insiens geen bestemming meer in Suid-Afrika gehad nie en Afrikaans was, soos in Di Patriot gesien kon word, vinnig besig om 'n geskrewe taal te word.³⁹

De Express het die artikel interessant gevind, maar dit betreur dat Reitz sy talente en tyd nie aan 'n beter saak gewy het nie. Die skrywer (Borckenhagen of Van Hoogendorp) het erken dat Afrikaans vloeiender en aangenamer geklink het, maar wou nie 'n sogenaamde vaste en gesonde beginsel laat vaar nie. Hy was ook bevrees dat as Afrikaans Hollands sou verdring dit gevaarlike steun aan Engels sou gee. Hollands sou tussen Engels en Afrikaans skipbreuk ly.⁴⁰

In die loop van 1881 het De Express egter 'n ander deuntjie begin sing. Borckenhagen het verklaar dat hy saam met die Volksraad teen Engels as onderrigmedium by Greykollege geprotesteer het, maar hy het dit onmoontlik geag dat Hoog-Hollands gebruik kon word. Hy het dus die gebruik van "Afrikaansch-Hollandsch" bepleit en het die instelling daarvan as landstaal slegs as 'n kwessie van tyd beskou! Wat hy geskryf het, moes nie as impulsief beskou word nie, want dit was weldeurdag. Dit sou verkeerd wees om Hollands as amptelike taal te behou aangesien net ongeveer een uit elke tien amptenare dit nog foutloos kon skryf, geen Suid-Afrikaanse kind dit kon bemeester nie en selfs Hollandse immigrante dit na 'n tyd nie meer kon bewaar nie. Hy het lank gewag om die saak te opper, maar die kwes-

39. De Express, 3 en 10.6.1880.

40. Ibid, 27.5.1880.

sie is in die Volksraad bespreek en hy het dit ook deeglik met die redakteur van Di Patriot uitgepluis. Hy was egter nie ten gunste van die wyse waarop Afrikaans in Di Patriot gebruik is nie. Dit moes eers hersien en vaste reëls opgestel word. Die Suid-Afrikaanse taal kon slegs behou word as Afrikaans die amptelike taal in Transvaal en die Vrystaat sou word en kinders daarin onderrig word. Dit was nutteloos om op die herlewing van Hoog-Hollands, wat net 'n grammatikale taal was, aan te dring. Hy het 'n kongres bepleit waar bekwame mense die taal op vaste voet kon bring. De Express en Di Patriot kon dit nie doen nie, maar sou die koste help dra. Hy het sy hartlike samewerking vir so 'n poging beloof omdat dit prakties, patrioties en nodig was.⁴¹

Borckenhagen se bekering tot Afrikaans het nie oornag plaasgevind nie. Moontlik het sy goeie vriende F. W. Reitz en dr. J. Brill baie daarmee te doene gehad. Die besoek van dr. D.F. du Toit, redakteur van Di Patriot,⁴² kort voordat bostaande artikel gepubliseer is, het waarskynlik die deurslag gegee, soos hy ook in sy artikel te kenne gee. In De Express van 4 Augustus 1881 en volgende uitgawes is groot advertensies van Di Patriot geplaas. Daar moet ook onthou word dat 1881 die jaar was waarin die Afrikanerbond sy beslag in die Vrystaat gekry het en dat die broederlike samewerking tussen De Express en Di Patriot begin het.

Borckenhagen se artikel het 'n warm woordewisseling in De Express tot gevolg gehad. 'n Jamestowneer het smalend na Afrikaans as "de Rapsodie van het weekblad Di Patriot" verwys.⁴³ "Cato de Oude",

41. Ibid, 21.7.1881.

42. Ibid, 28.7.1881.

43. Ibid, 4.8.1881.

gereelde korrespondent van De Express, het geantwoord dat alle Afrikaners 'n suiwer Afrikaans en nie Hollands praat nie. Dit was kort maar kragtig. Daar was 'n onstuitbare beweging ten gunste van Afrikaans aan die gang en selfs de Express het "haar laatste bolwerk tegen de Afrikaansche zaak laten vallen". Hy het Afrikaners opgeroep om te "schrijf zoo's jij praat!"⁴⁴

In die Familieblad skryf Borckenhagen: "Regte Afrikaanders! Kyk wat die Afrikaanse taalbeweging al reeds ver ons gedaan het, en hou julle taal vas, want laat die een los dan zal julle lot wees zoo's die van Farao en zijn kommando - die Rooie Zee zal julle insluk!"⁴⁵

De Express se dapper poging kon egter nie veel vermag teen die muur van tradisie nie. Die Vrystaters het oor die algemeen nog vasse geklous aan Hollands as die taal van die Bybel en die kerk en daarom as die erkende geskrewe taal. Dit het nog nie tot hulle, soos tot Borckenhagen, deurgedring dat die rede vir die opgang van Engels die miskennis van die eintlike landstaal, Afrikaans was nie.⁴⁶ Afrikaners kon nie ooreenkom oor die vorm wat hul taal moes aanneem nie en Borckenhagen se ideaal het in die verre verskiet gelê.⁴⁷

Selfs dr. Brill wat in 1875 'n briljante toespraak ten gunste van Afrikaans gelewer het, het in Augustus 1882 'n Nederlandse vereniging in Bloemfontein gestig om die Nederlandse landstaal te

44. Ibid, 25.8.1881.

45. Ibid, 8.12.1881.

46. Conradie, p.302.

47. Ibid, p.303.

bevorder.⁴⁸ Die Afrikanerbond het ook sy pogings om Afrikaans te vestig, prysgegee en hom beywer vir die bevordering van Nederlands om die vooruitgang van Engels teen te werk.⁴⁹ Onder Bondslede was daar verdeeldheid oor die kwessie. H. Prinsloo van die tak Kliprivier, Harrismith, was bevooroordeel teen die gebruik van die "Patriot-taal", terwyl die voorsitter van die tak, I. C. Wessels, gemeen het dat die mees gebruikte en algemeen verstaanbare taal die landstaal sou word.⁵⁰

Borckenhagen was mismoedig oor die treurige posisie waarin die volkstaal verkeer het. Dit is op die agtergrond geskuif, terwyl gebroke Engels voorgestaan, bevorder en fatsoenlik geag is. Hy het wenke gevra sodat die betreurenswaardige toestand verbeter kon word. Intussen is De Express deur die vooroordeel en behoudende neiging van baie Vrystaters verplig om voort te gaan om in Nederlands te skryf.

* * *

Die Onderwys

Wat onderwys betref het Borckenhagen deurgaans aangedring op deeglike onderwys sodat die jeug kon ontwikkel en leer om vir hulself te dink en die Vrystaat selfversorgend kon word wat professionele mense en amptenare betref. Klem is veral gelê op nasionaalgerigte onderwys sodat kinders hul eie geskiedenis kon leer, vaderlandsliefde gekweek, volkstrots ontwikkel en die moedertaal bevorder kon word. Kinders moes beseft dat hulle burgers

48. De Express, 31.8.1882.

49. Malan, Politieke Strominge, p.113.

50. De Express, 19.3.1885.

van hul eie land was, geroepe om hul kragte na liggaam en gees in diens van hul land te gebruik. Volgens hom was dit sulke onderwys wat die Afrikanerbond wou bevorder.⁵¹

Hierdie soort onderwys was egter nie aan die orde van die dag in die Vrystaat nie. Engels was orals besig om Hollands te verdring en die inhoud van die leerstof was meer vir Europese kinders bedoel. In 1881 is Dr. J. Brebner na Europa om Nederlandssprekende onderwysers vir die Vrystaat te werf, maar hy het sonder 'n enkele kandidaat teruggekeer omdat hulle kennis van Engels onvoldoende was!⁵²

Borckenhagen het daarna gestrewe om 'n belangstelling in die onderwys by die volk te kweek en het gereeld korrespondensie en artikels oor die onderwerp geplaas. In sy eerste hoofartikel oor onderwys het hy die stigting van 'n onderwysersvereniging bepleit waardeur 'n beter onderwyserskorps tot stand kon kom. By die vereniging kon kennis uitgeruil, solidariteit en eenvormigheid verkry, die gees verryk en beplanning bespreek word.⁵³ Hierna het hy hom vir 'n landbouskool beywer sodat voornemende boere op hoogte kon bly met ontwikkelinge.⁵⁴

Daar was 'n voortdurende stryd tussen die Engelse kerkskole en die staatskole. The Friend het dikwels gekla dat daar teen die kerkskole gediskrimineer is deurdat hulle nie staatstoelaes ontvang het nie. Borckenhagen het die regering se standpunt verde-

51. Ibid, 5.7.1883.

52. Conradie, p.304.

53. De Express, 6.9.1877.

54. Ibid, 27.9.1877.

dig omdat hy daarvan oortuig was dat staatskole, waar kinders van verskillende geloofsoortuigings saam opgevoed is tot een nasie, voorkeur moes geniet. Hy het erken dat daar tekortkominge in die onderwysordonnansie was, maar die beginsels en karakter van die wet was vir die volk dierbaar.⁵⁵ Hy het die gesindheid wat in die kerkskole geheers het, veroordeel. Die hoofsaak was dat hulle nie oor die vermoë beskik het om vaderlandsliefde en die landstaal te bevorder nie. Hulle het hulle afgesonder en net hul eie belangstellings en belange bevorder. Die Afrikaners wat hul kinders daarheen gestuur het, was afvalliges wat hulle vir hul moedertaal geskaam het. Die Vrystaters moes hul eie skole hê, onafhanklik van Engelse invloede en die regering moes nie geld wat vir staatskole gebruik kon word, vir Engelse kerkskole gee wat buitendien geld uit Engeland gekry het nie. Bowendien het Greykollege beter resultate as St. Andrews opgelewer.⁵⁶ Dit is hom gespaar om te beleef hoe sy eie kinders deur die Britse owerheid gedwing is om na St. Michaels te gaan.⁵⁷

Die taalkwessie was die vernaamste faset van die stryd om 'n meer nasionaalgerigte onderwysstelsel. Pres. J. H. Brand se geneigdheid tot die Engelse taal en kultuur was nie die enigste rede vir die Engelse oriëntasie van die onderwys nie. Twee belangrike struikelblokke op die pad na nasionale onderwys was die tekort aan onderwysers uit eie geledere en aan inheemse handboeke. In 1881 was daar nie eers een onderwysstudent in die Vrystaat nie. Korrespondente van De Express het verskeie voorstelle gemaak om

55. Ibid, 9.5.1878.

56. Ibid, 12.8.1880.

57. Schoeman, K. Bandopname van 'n gesprek met mev. B. Marais, 15.9.1979.

die toestand te verhelp, o.a. dat dr. Brebner na Europa gestuur word om onderwysers te werf.⁵⁸ 'n Ander het gemeen dat dr. Brill 'n beter keuse sou wees, want hy sou eerder Hollandse as Engelse onderwysers soek.⁵⁹ Lesers het hierop geantwoord dat geen Europese onderwysers sou kom as daar nie beter salarisse aangebied word nie. Genoeg onderwysers uit eie geledere sou gewerf word as salarisse genoegsaam was.⁶⁰

Die Volksraad het besluit om dr. Brebner oorsee te stuur,⁶¹ maar sy sending was, soos reeds vermeld, 'n mislukking. Borckenhagen het gereeld beroepe op die Vrystaatse jeug gedoen om hulle vir die onderwys te bekwaam.

Met betrekking tot handboeke het Borckenhagen en die Afrikanerbond groter sukses behaal. Na aanleiding van die Bloemfonteinse wykskomitee van die Afrikanerbond se versoek dat handboeke met 'n Suid-Afrikaanse siening in die skole gebruik moes word, het Borckenhagen verklaar dat hy hom volkome verset het teen die skaamtelose onderdrukking van die Hollandse taal in byna elke skool. Hy het daarop aangedring dat lees- en handboeke moes handel oor dit wat die kind in sy omgewing ervaar het en nie Europees- of Engelsgeoriënteerd moes wees nie. Die volk het ge-eis dat sy nasionaliteit en persoonlikheid gerespekteer word. Afrikaanse kinders se onafhanklikheidsgees en volksbewustheid moes nie in die skool gesmoor word nie. Afrikaners moes hulself wees en nie nabootsings van 'n buitelandse ras wat vir die Suid-

58. De Express, 10.2.1881

59. Ibid, 24.2.1881.

60. Ibid, 26.5.1881 en 2.6.1881.

61. OVSVR, 14.5.1881, p.109.

Afrikaanse grond, klimaat en leefwyse ongeskik was nie.⁶²

Lesers het die artikel flink onderskryf⁶³ en Afrikanerbondtakke het memories in dié verband na die Volksraadsitting van 1882 gestuur.⁶⁴ De Express was hoopvol dat die Volksraad die versoek vir handboeke sou toestaan. Die koerant het vroeër reeds gevra dat veral Geskiedenis- en Aardrykskundehandboeke wat op die Vrystaat betrekking het, geskryf word en het 'n beroep op onderwysers gedoen om saam te werk. Borckenhagen het aangebied om proewe van sulke handboeke in Het Familieblad te druk waarna onderwysers en kenners veranderinge kon aanbring.⁶⁵

Ook die provinsiale bestuur van die Afrikanerbond het, naas sy aandrang dat die regering voorrang aan onderwys en die posisie van Hollands in skole moes gee, gevra dat meer en beter Hollandse handboeke beskikbaar gestel en die gebruik daarvan verpligtend gemaak moes word.⁶⁶ 'n Aantal memories is weer eens aan die Volksraad gerig en by die Volksraadsitting van 1883 is die goeie nuus verneem dat Hollandse taal- en rekenkundeboeke verskyn het en dat daar in medewerking met ds. S. J. du Toit aan ander boeke gewerk word. Die Afrikanerbondlede in die Volksraad onder leiding van Jurie Wessels was nog nie tevrede nie en die Raad het dus 'n kommissie bestaande uit F. W. Reitz en drs. Brill en Brebner aangestel om geskikte handboeke saam te stel. Handboeke vir Bybelgeskiedenis, Aardrykskunde en Geskiedenis sowel as 'n kaart

62. De Express, 13.10.1881.

63. Ibid, 20.10.1881; 3.11.1881; 24.11.1881 en 5.1.1882.

64. Malan, Politieke Strominge, p.116.

65. De Express, 19.1.1882.

66. Ibid, 15.3.1883.

van die Republiek is deur die kommissie opgestel.⁶⁷ Op hierdie terrein was daar dus vordering.

Dit stigting van Bondskole waarna reeds verwys is, was 'n verdere mylpaal. Die doelstelling was om aan plattelandse kinders 'n christelike, nasionale opvoeding te gee. Die kinders moes 'n behoorlike burgerlike opvoeding kry, leer om Gods Woord te erken en te gebruik, onderrig in die suiwer Gereformeerde leer kry, Psalms en Gesange sing en in so 'n kort tyd as moontlik, want die skool sou elke ses maande verskuif, die onmisbare en beste ding goed leer doen: lees, skryf, rekene en Geskiedenis en Aardrykskunde deur middel van die landstaal. Die skoolkomitees, meestal Bondslede, was verantwoording aan die wyksbestuur verskuldig. Hierdie bestuur het arm kinders se losies help betaal.⁶⁸

Borckenhagen het nooit moeg geword om die regering op sy plig te wys om onderwys te bevorder nie. Volgens hom was die onderwys van alle dinge in die Vrystaat die treurigste as gevolg van die bevolking en die Volksraad se laksheid. In 1881 was daar 52 wyke in die Vrystaat en net twee wykskole. Hy het Volksraadslede verwag dat hulle dorpskole ten koste van wykskole ondersteun en hulself op die wyse benadeel het. Daar was genoeg geld vir wykskole beskikbaar. Verder het hy voorgestel dat onderwysers se salarisse en voordele verbeter word. Soos by sovele ander geleenthede het hy daarop aangedring dat nie net gepraat nie, maar gedoen moes word. Omdat tye vinnig besig was om te verander, die bevolking gegroei het, erfgrond kleiner en lewenstandaarde hoër geword het, was dit nodig dat kinders vir die lewenstryd en

67. Malan, Politieke Strominge, pp.116-117.

68. De Express, 14.8.1884.

groeiende mededinging bekwaam gemaak moes word. 'n Groot deel van die jeug het nie onderwysgeleentheid gehad nie terwyl daar 'n groot tekort aan deeglike amptenare, onderwysers, geestelikes en selfs regters was. Die jeug was die verteenwoordigers van die toekoms. Brûe, spoorweë en statige openbare geboue was nodig, "maar voor dat alles staat de opvoeding". Daar kon liefste te veel as te min aan onderwys bestee word. As net een kind in elke wyk 'n behoorlike opvoeding kon geniet, sou daar meer as vyftig kinders per jaar van onbeduidenheid en onbruikbaarheid gered word. Intussen het die Inspekteur van Onderwys, volgens Borckenhagen, hom doof gehou vir pleidooie vir wykskole, 'n meisieskool te Fauresmith, meer onderwysers en die ontstellende toestand van onderwys op die platteland.⁶⁹

Borckenhagen het een van sy doelstellings bereik, nl. om die volkse belangstelling in onderwys op te wek. Baie briewe is aan De Express gerig, onder andere 'n ope brief van twee Afrikanerbondlede oor die probleme van die platteland. Oplossings is aan die hand gedoen.⁷⁰

Hoewel die stigting van Bondskole onderwys binne die bereik van 'n aantal kinders gebring het, het onderwys op die platteland steeds gebrekkig en 'n bron van kommer gebly. Borckenhagen het gevra dat almal wat kon, moes help om die toestand te verbeter.⁷¹

Die land se finansiële posisie het algaande verswak en die burgers het begin aandring op besuiniging deur die regering.

69. Ibid, 29.6.1882.

70. Ibid, 7.6.1883.

71. Ibid, 11.2.1886.

Sommige het gemeen dat daar ook op onderwysgebied besnoei kon word en daar is byvoorbeeld op Brandfort voorgestel dat die amp van Inspekteur van Onderwys afgeskaf, staatstoelae aan Eunice gesteaak en selfs dat die bestaande onderwysstelsel afgeskaf word.⁷² Hierop het die Afrikanerbondtak van Modderrivier, Boshof die Brandfort-besluit skerp gekritiseer en gevra dat daar eerder meer as minder aansporing vir onderwys moes wees.⁷³ De Zuid-Afrikaan het met spyt kennis geneem van die vergadering op Brandfort wat sy insiens genoeg was om van moedeloos te raak en daarop gewys dat 'n te ver gedrewe sug na besuiniging gevaarlik kon wees. Dit sou net die saak van die vyande van die Afrikaner bevorder.⁷⁴

Borckenhagen het die aandrang van die Rooms-Katolieke en Anglikane op staatshulp vir hulle kerkskole gesien as 'n set om staatskole in 'n tyd van finansiële nood te ondermyn en dan hulle skole op die puinhope van die staatskole te bou. Hy het die burgers opgeroep om hul dierbaarste belange te verdedig en nie buite die geveg te bly of gemene saak met die vyand te maak nie. Die volk moes kies tussen onafhanklikheid of anneksasie, want dit was waarom dit gegaan het. Verder het hy die gedagte dat die regering in die tyd van ekonomiese druk van die skoolfonds se geld kon gebruik om skuld mee te betaal, verwerp. Die skoolfonds het nie uit gewone inkomste gekom nie, maar uit die verkoop van grond in die verowerde gebied en dit moes net vir onderwys gebruik word. Oorleg en versigtigheid was nodig en die land kon net so min van sy onderwys- as van sy regstelsel afstand doen soos sommiges voorgestel het. Die regering moes sy finansiële

72. Ibid, 4.3.1886.

73. Ibid, 22.4.1886.

74. Ibid, 4.3.1886.

probleme deur ferme, goeie administrasie oplos en nie deur skoolfondsgeld te gebruik nie.⁷⁵

Weer was Express-lesers gou om hom te ondersteun. T. B. Wiese het die skoolsaak as 'n volksaak beskou en elke burger opgeroep om mee te werk aan die onderwys. Die stelsel moes nie afgeskaf word omdat daar tekortkomings was nie en Protestantse onderwys was noodsaaklik en die beste.⁷⁶ J.E.H. het 'n artikel geskryf waarin die probleme van die platteland uiteengesit en oplossings aan die hand gedoen is. Daar moes nie van onderwysers verwag word om skoolgeld te hef om hul karige salarisse aan te vul nie. Hulle moes 'n behoorlike salaris kry en die regering moes dan self skoolgeld invorder om die koste te help dek. Ook moes die regering bereid wees om meer as net krummels aan opvoeding te bestee. Amptenare het pensioene gekry, maar onderwysers, wat hulle vir die kinders afgesloof het, nie. Verder moes plattelandse kinders se opvoeding meer prakties benader word. In plaas van moeilike Engelse grammatika en die name van buitelandse riviere en plekke, moes hulle eers elementêre dinge in hul eie taal geleer word. Laastens het hy gekla dat die meeste predikante afsydig teenoor wykskole gestaan het.⁷⁷

Borckenhagen het dus nie alleen gepleit vir 'n meer nasionaalgerigte onderwys en meer aandag aan onderwys nie, maar hy het ook belangstelling by die burgers help stimuleer.

* * *

75. Ibid, 11.2.1886; 25.2.1886 en 14.3.1886.

76. Ibid, 11.3.1886.

77. Ibid, 10.6.1886.

HOOFSTUK 11

MEDE-BOUER AAN 'N MODELREPUBLIC

Die republikeinse regeringsvorm was vir Borckenhagen die ideale staatsvorm en hy het alles in die stryd gewerp om dit in die Vrystaat en ook in Transvaal behoue te laat bly. Die Vrystaatse grondwet was vir hom 'n bron van trots en na 'n besoek aan Transvaal het hy die Transvalers aangeraai om gerus daarna te kyk, want dit het uitstekend gewerk, terwyl die Transvaalse grondwet syns insiens gebreke van 'n ernstige aard getoon het. In enkele opsigte het hy egter ook kritiek op die Vrystaatse grondwet gehad betreffende die voorsiening, magte en pligte van die Uitvoerende Raad en die herkiesbaarheid van die president.¹

In die hoofstuk oor pres. J. H. Brand is verwys na die verskille tussen die President en Volksraadslede oor die Uitvoerende Gesag se posisie in verhouding tot dié van die Wetgewende Vergadering.

Volgens die grondwet was die Staatspresident aan die hoof van die staats- en krygsdiens, moes hy toesig hou oor finansies en die buitelandse beleid bepaal - alles met die goedkeuring van die Volksraad. Hy moes die Volksraad se besluite uitvoer en was dus daaraan ondergeskik, altans in die teorie. In die praktyk het hy so 'n vertrouensposisie bekleed dat hy veel meer gesag uitgeoefen het as wat uit die grondwet afgelei kan word. Pres. Brand het

1. De Express, 31.1.1887.

verskeie kere dreigemente om te bedank as 'n wapen om sy wil in die Volksraad te laat uitvoer, gebruik.²

Die President het juis pas nadat Borckenhagen redakteur van De Express geword het, dié wapen gebruik omdat die Volksraad 'n besluit van die Uitvoerende Raad in sy afwesigheid herroep het. Borckenhagen se reaksie hierop was dat beskermende maatreëls nodig was teen willekeurige handeling van die Uitvoerende Gesag. Die opstellers van die grondwet se bedoeling was om die finale beslissing in die hande van die Volksraad te laat.

In ander lande, anders as in die Vrystaat, het die grondwet duidelik bepaal watter magte die Wetgewende en Uitvoerende Gesag besit het tot voordeel van die onderdane. Dit was syns insiens die pers se plig om op gevare te wys en voorstelle vir die herstel van die ewewig te doen indien dit versteur sou word deur persoonlike mag as gevolg van belangrike persoonlike dienste of langdurige ampsbekleding. Hy het verwys na die Amerikaanse grondwet waarvolgens die Uitvoerende Gesag gesetel was in 'n kabinet, bestaande uit die offisiële hoofde van die verskillende departemente. Om oorweldigende diktatoriale mag van die president te verhoed, is bepaal dat hy net vir twee termyne kon dien. Dit het despotisme onmoontlik gemaak.³ Wat Borckenhagen betref, moes 'n president glad nie herkiesbaar wees nie behalwe as hy een termyn af was. Herverkiesing het inbreuk gemaak op die republikeinse stelsel.⁴ Die land se administrasie sou baie beter

2. Van Schoor, M.C.E. en Van Rooyen, J.J., Republieke en Republikeine, pp.92-93; De Express, 24.5.1877.

3. De Express, 25.5.1877.

4. Ibid, 31.1.1887.

funksioneer as hy nie herkiesbaar was nie - veral in 'n Suid-Afrikaanse republiek met 'n volkskarakter soos dié van die Vrystaat. Dit sou volgens hom net tot willekeur en absolutisme van gesag lei soos in geen eietydse monargie nie. Sou die president bekwaam wees, kon dit werk, maar andersins sou dit middelmatigheid in die hand werk wat tot die hele publieke lewe sou deursuur.⁵

Hy het egter begrip en deernis vir presidente Brand en Kruger se posisie gehad. Hulle kon nie met oorsese presidente vergelyk word nie. Hulle was aan die hoof van klein staatjies waarin hulle meer as net die verteenwoordigers van die Uitvoerende Gesag was. Omstandighede was hier anders as elders. Hulle moes die volk lei tot ontwikkeling en voorspoed. Tog het hy by hulle oorspronklikheid gemis, deels omdat hulle net moes uitvoer wat aan hulle opgedra is. Alle verantwoordelikheid het op die staatshoof gerus terwyl verskeie ministers in ander lande die las gedeel het. As die president prakties was, was hy bo die alledaagse verhewe. So nie was die staat se administrasie en regering swak. Teen die Presidente as persone het hy niks gehad nie, maar wel teen die stelsel. Daar was te veel van 'n laat-maar-loop-houding en geloof in wonderwerke.⁶

Borckenhagen het voorgestel dat 'n kommissie vir die hersiening van die grondwet 'n noukeurige studie van die Amerikaanse grondwet moes maak. Vir hom was die volk die bron van die mag en nie die president of Volksraad nie. Om hierdie rede was die hou van geheime sittings vir hom gevaarlik en in stryd met die wese van

5. Ibid, 8.4.1886.

6. Ibid, 3.12.1885.

republikanisme. Die volk het die reg gehad om te weet wat die Volksraad besluit. Slegs in uitsonderlike gevalle wanneer dit om staatkundige redes nodig was, kon sittings agter geslote deure plaasvind.⁷ Die feit dat pres. Brand beweer het dat hy aan niemand verantwoording verskuldig was nie, het beteken dat absolutisme aan die orde van die dag was. Hy was daarvan oortuig dat as die Uitvoerende Raad saamgestel sou word uit die offisiële hoofde van die verskillende departemente en elkeen van hulle aan die Volksraad verantwoordelik sou wees vir die bestuur van hul departemente, elke maatreël met meer sorg oorweeg sou word en handeling meer beproefd sou wees.⁸

Daar moes dus ministers wees wat kenners van hul vak was.⁹ Die hoofamptenare sou dan 'n meer onafhanklike en waardige posisie inneem terwyl hulle op daardie stadium slegs werktuie sonder betekenis was. Die Goewermentsekretaris was byvoorbeeld niks meer as die President se privaatsekretaris nie. As die wet bedoel het dat hy die eerste amptenaar na die President moes wees, die hoof van die openbare diens en 'n onafhanklike lid van die Uitvoerende Raad, dan moes die grondwet die pos duidelik en klaar omskryf en afbaken.¹⁰

Die samestelling van die Uitvoerende Raad was ook vir hom verkeerd. Die landdros van Bloemfontein en die Goewermentsekretaris was amptenare wat van die President afhanklik was en dus nie onafhanklik nie. Hulle het nie in die Uitvoerende Raad gepas nie

7. Ibid, 22.5.1884.

8. Ibid, 24.5.1877 en 12.7.1877.

9. Ibid, 25.9.1879.

10. Ibid, 8.4.1886.

en was figurante van wie net verag is om "Ja, u Edele" of "Nee, u Edele" te sê. Art. 42 van die grondwet was syms insiens te vaag en het net bepaal dat die Uitvoerende Raad die President van advies en bystand moes bedien. Die President moes die voorsitterstoel inneem en het 'n beslissende stem gehad. 'n Duidelike en verstaanbare omskrywing was nodig. Daar moes bepaal word of die lede van die Uitvoerende Raad net figurante moes wees of hulle stemme kon uitbring soos hulle wou en wie se stemme in die Raad van krag sou wees. Verder moes bepaal word watter sake binne die Uitvoerende Raad se gesag geval het. Soos dit was, het die President aan die Uitvoerende Raad voorgelê wat hy goedgevind het en hy was nie verplig om op hulle raad ag te slaan of dit uit te voer nie. Borckenhagen het dit as 'n klugspel beskou. Dit was nie sy doel om die posisie en prestige van die President te verminder nie, maar juis te verhoog en 'n deel van die verantwoordelikheid van sy skouers te neem. Daar was geen verantwoordelike amptenare behalwe die President nie en hy het alle funksies vervul, terwyl hy nie meer die krag van 'n jong man gehad het en geen inmenging geduld het nie. Borckenhagen was van mening dat as sy voorstelle aanvaar sou word, Volksraadsbesluite behoorlik uitgevoer sou word.¹¹

Tydens die Volksraadsitting van 1886 het die finansiële kommissie die sogenaamde "Bylae B" opgestel waarvolgens die Goewermentsekretaris die hoof van die openbare diens sou wees en sekere verantwoordelikhede van die President se skouers sou neem.¹² Dit was in 'n mate in ooreenstemming met Borckenhagen se voorstelle

11. Ibid, 8.4.1886.

12. Volksraadsnotules OVS (hierna afgekort as OVSVR), 15.6.1886, p.522 en 18.6.1886, pp.562-570.

voor die sitting. Die President was gegriefd en het dit as 'n inbreuk op sy konstitusionele voorregte gesien.¹³ Hy het beweer dat die voorstelle "de weerklank van een zeker blad" was. Borckenhagen het dit ontken dat, soos hy dit gestel het, De Express die monopolie op gesonde verstand gehad het. Wat hy voorgestel het, was ook die siening van die volk, die Volksraad en die vernaamste amptenare en De Express het die openbare mening hierin verteenwoordig en nie gelei nie. Wat voorgestel is, het buitendien op beginsels en nie op persone betrekking gehad nie. Dit sou dwaas van De Express wees om uit 'n manie om te opponeer die gewildste man in die land aan te val en die risiko te loop om die blad se invloed te laat skipbreuk ly. Aan die anderkant kon die redakteur nie sy natuur verkrag en verraad teen die algemene belang pleeg deur uit persoonlike oorwegings te swyg as hy moes praat nie. Aangesien die Volksraad weer voor die President geswig het en "begeerig is botsing met het Uitvoerend Gezag te vermijden",¹⁴ kon hy niks anders doen as om daarin te berus nie.¹⁵

Toe pres. Brand versoek het dat die vetoreg aan hom toegestaan word, het Borckenhagen gemeen dit kon help om oorhaastige wetgewing te verhoed, maar moontlik te veel gesag aan die President gee. Dit sou raadsaam wees om eerder verantwoordelike raadgewers wat 'n onmiddellike belang in die harmonieuse en regverdige toepassing van die wette gehad het, sonder persoonlike belang in hul vorm of inhoud, aan te stel. Die regters het aan hierdie vereistes voldoen en het ook die opleiding en kennis van wetgewing ge-

13. Ibid, 18.6.1886, pp.563-564.

14. Ibid, 18.6.1886, pp.465-466.

15. De Express, 24.6.1886.

had wat by die meeste Volksraadslede ontbreek het. Hy het voorgestel dat die regters en staatsprokureur 'n hersieningskommissie moes vorm wat wette moes goedkeur.¹⁶

Jare lank het Borckenhagen daarop aangedring dat die aantal Volksraadslede verminder moes word omdat hy van oordeel was dat daar te veel in verhouding tot die bevolking was. Veral in die tyd van ekonomiese resessie het die burgers by vergaderings en deur memories hartlik met hom saamgestem. In 1886 het die Volksraad tot 'n vermindering besluit, maar omdat dit 'n grondwetlike verandering was, was 'n meerderheid van drie-vierdes in twee agtereenvolgende sittings nodig en in 1887 kon dié meerderheid nie verkry word nie.¹⁷ Die finansiële motief vir so 'n stap het intussen ook verdwyn. Teen 1888 het Borckenhagen se siening verander. Hy het gevrees dat die vermindering tot gevolg sou hê dat die burgers nog minder verteenwoordig sou wees as wat in daardie stadium die geval was.¹⁸

Hy was in sy skik met 'n wetsontwerp ter wysiging van die grondwet wat veral oor burgerskap gehandel het en wat die Staatspresident en Volksraad in 'n kort tydjie opgestel het. Dit was in ooreenstemming met voorstelle wat hy vroeër gemaak het, behalwe wat die verlies van burgerskap betref omdat die Staatspresident op despotiese wyse alleen daarvoor kon besluit. Die feit dat sy voorstelle vir parlementêre hervorming o.a. betreffende verkiesingswyse van en aantal Volksraadslede op byna elke openbare vergadering bespreek is, het hom met tevredenheid laat uitroep:

16. Ibid, 19.2.1880.

17. Ibid, 5.7.1887.

18. Ibid, 20.3.1888.

"Zelden mochten we meer voldoening ondervinden van onzenarbeid, dan in dit geval."¹⁹ Hierdie voorstelle is eers tydens die Volksraadsitting van 1885 aanvaar.

Borckenhagen was daarteen gekant dat die voorsitter van die Volksraad aan besprekings deelgeneem het. Hy moes onpartydig en bo debatte verhewe wees. Verder moes hy die orde met behulp van die hamer of klok handhaaf.²⁰ Later, tydens warm debatte oor sake soos spoorweë en nouer vereniging met Transvaal, het dit hom nog meer gegrief, veral aangesien J. G. Fraser die Raad volgens hom op subtiële wyse beïnvloed en misbruik van sy posisie as voorsitter gemaak het om die laaste woord in te kry.²¹

Dat die burgers altyd op konstitusionele wyse moes optree, was vir Borckenhagen van wesenlike belang. Toe pres. Brand die Afrikanerbond daarvan beskuldig het dat dit 'n regering binne 'n regering wou wees, het Borckenhagen plegtig verklaar dat daar nooit anders as op konstitusionele wyse opgetree sou word nie. Memoories sou aan die Volksraad voorgelê word.

Nadat 'n tolunie en spoorweë by die sitting van 1888 goedgekeur is, het die burgers talle vergaderings daarteen gehou. Sommige burgers was so ontevrede dat hulle die Uitvoerende Raad versoek het om nie die Volksraad se besluite uit te voer nie. Hierop het Borckenhagen geantwoord dat die Uitvoerende Raad nie die mag gehad het om te weier nie. Daar moes steeds op konstitusionele

19. Ibid, 1.11.1877 en 27.12.1877.

20. Ibid, 28.6.1877.

21. Ibid, 5.6.1888.

wyse gehandel word.²²

Toe pres. Brand, reeds 'n baie siek man, weer in 1888 as Staats-president genomineer is, was Borckenhagen baie bekommerd oor die regering. Syns insiens was die posisie van die president, soos deur die grondwet voorgeskryf, van so 'n aard dat dit nie tot die land se vooruitgang en welvaart kon bydra nie. Die Volksraad het regeer en wette gemaak, maar wanneer dié Raad nie gekontroleer en gelei is nie, het dit 'n doellose, weersprekende praatmasjien geword. Kruger het 'n kragtige houding in die Zuid-Afrikaansche Republiek ingeneem; die Kaap het 'n ministerie gehad en Natal 'n goewerneur. In die Vrystaat was daar net 'n Volksraad sonder 'n beleid en 'n program vir die toekoms. Vir hom, as energieke mens wat eerder dade as woorde wou sien, het dit gelyk asof die regering, wat aan niemand verantwoordelik was nie en hulle nie aan die kiesers gesteur het nie, maar van dag tot dag doelloos voorgedryf het sonder energie en denke. Die gemis aan leiding was baie groot.²³

* * *

Dit was Borckenhagen se oorwoë mening dat die Uitvoerende Raad die Volksraad moes steun en lei. Dié Raad moes deeglike voorbereidingswerk tydens resessies doen en behoorlike voorstelle aan die Volksraad voorlê, veral met betrekking tot kwessies van algemene belang soos spoorweë en belasting. 'n Behoorlike langtermyn belastingstelsel moes uitgewerk word sodat belastings regverdig en verstandig sou wees en dit moes in gedrukte en behoorlike vorm aan die Volksraad voorgelê word. Die volk moes weet wat hulle

22. Ibid, 12.6.1888.

23. Ibid, 25.9.1879 en 10.7.1884.

verpligtinge was en nie elke jaar verras word wat belasting en wetgewing betref nie.²⁴ Hy was daarteen gekant dat wette so maklik verander kon word, want die waardigheid van die Raad het daaronder gely en die volk en selfs die regters kon nie tred hou met die wette nie.²⁵ Die prosedure vir die verandering van wette was verkeerd en behoorlike beplanning van wetgewing kon die gedurige verandering uitskakel.²⁶ Omdat daar soveel veranderinge was, het hy dit noodsaaklik geag dat die wette gekodifiseer word.²⁷ Die groot taak is eers tydens pres. F. W. Reitz se era aangepak en die eerste gekodifiseerde wetboek het in 1891 verskyn.²⁸ Daar is reeds verskeie male aangetoon dat voorstelle wat Borckenhagen gemaak het, op wetgewing uitgeloop het. In sommige gevalle het die idee by hom ontstaan, in ander gevalle het hy die volk se gevoel vertolk. In 1879 het die Volksraad byvoorbeeld besluit dat Rooms-Katolieke nie staatsamptenare kon word nie. Borckenhagen het dadelik daarteen beswaar gemaak en spoedig het daar ook van verskeie ander kante besware ingekom. Hy het beswaarmakers gevra om vroegtydig tydens die resessie werk te maak van hul teenkanting.²⁹ Dié wet is by die volgende Volksraadsitting herroep.³⁰ Sedert 1880 het Borckenhagen beroepe op die regering gedoen om die drankwette te verander omdat hy gevoel het

24. Ibid, 25.9.1879 en 10.7.1884.

25. Ibid, 12.7.1877 en 10.7.1884.

26. Ibid, 4.12.1879.

27. Ibid, 25.9.1879.

28. Muller, C. F. J.(Red.), Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, p.219.

29. De Express, 26.6.1879.

30. OVSVR, 18.5.1880, P.144.

dat dronkenskap die vooruitgang van die Republiek ondermyn het.³¹ In 1883 is 'n drankwet aangeneem waarvolgens die aantal drankliensensies drasties ingekort is.³² Dié wet is egter nie streng toegepas nie en oortredings is oor die hoof gesien. Borckenhagen het gou besef dat die wet om hierdie rede eerder nadelig as voordelig was. Smokkelhandel het geweldig toegeneem, eerlike handelaars het skade gely omdat smokkelaars nie vasgevat is nie en die Staat het inkomste verloor. Hy wou nie hê dat die wet afgeskaf moes word nie, maar verbeter en streng toegepas word. Hy het gemeen dat sulke swaar strawwe aan oortreders opgelê en drank so swaar belas moes word dat dit as 'n afskrikmiddel sou dien en die staatskas bevoordeel sou word. Daar is wel in 1885 en 1886 veranderinge aan die wet aangebring, maar dit het hom nie tevrede gestel nie. In die korrespondensie-kolomme van De Express en op vergaderings is die drankwet ook druk bespreek en aangeval.³³

* * *

Soos dit 'n goeie en verantwoordelike joernalis betaam, het Borckenhagen die praktiese sy van die landsbestuur met valkoë dopgehou en dikwels gekritiseer, maar ook goeie wenke aan die hand gedoen om hervorming te bewerkstellig. "He was an advocate of pure administration", is na sy dood van hom geskryf.³⁴

Toe hy in die Vrystaat aangekom het, was die Republiek se finan-

31. De Express, 11.3.1880 en 7.12.1882.

32. Ibid, 21.6.1883.

33. Ibid, 30.3.1884; 10.4.1884; 14.5.1885; 28.5.1885; 4.3.1886; 25.3.1886; 1.4.1886 en 10.6.1886.

34. Persverwysings, p.7: The Star, Johannesburg.

sies uiteindelik op 'n gesonde voet vanweë die beëindiging van die Basoeto-oorloë en veral weens die ontdekking van diamante. Tot ongeveer 1881 het dit goed gegaan, maar die diamanthandel het intussen in duie gestort en 'n knellende droogte, wat jarelank geduur het, het toestande vererger.

Borckenhagen was 'n groot voorstander van vooruitgang mits dit met verstandigheid aangepak word. Die konserwatisme van die Vrystaters, soos dikwels ook in die Volksraad geopenbaar, moes veral aan die begin vir hom pynlik gewees het. Mettertyd het hy geleer om dit in 'n mate te aanvaar; nietemin het hy herhaalde kere gevra dat die leiers oorspronklikheid aan die dag moes lê en hulle vir vooruitgang moes beywer.

In sy heel eerste hoofartikel het hy juis 'n beroep op die Volksraad gedoen om vooruitgang na te streef.³⁵ Hy het daarop gewys dat die land nie federasie nodig gehad het nie, want as onafhanklike staat het dit goed gegaan met die Vrystaat. Nogtans was daar baie gebiede waar dit nog kon verbeter. Paaie, brûe, spoorweë en 'n meer uitgebreide posstelsel wat tot die bevordering van die landbou en handel sou bydra, was nodig. Die volk se isolasie moes verbreek word en kommunikasie deur middel van koerante moes lei tot 'n beter ingeligte en opgevoede volk. Grondstowwe moes ontgin en landboumetodes verbeter word. Nog regters was nodig sodat 'n aparte appélhof ingestel kon word en die administrasie van die land en beheer van finansies kon aanmerklik verbeter. Ten opsigte hiervan het hy dikwels voorstelle gemaak. Aangesien konfederasie verwerp en die lug gesuiwer is, kon daar aan die werk gespring word. "Vooruitgang is voor ons van stonde af aan

35. De Express, 3.5.1877.

eene kwesie van zelfbehoud, een kwesie van 'zijn of niet zijn!' het hy geskryf en bygevoeg dat hy dit tot vervelens toe sou preek.³⁶

Die toestand van die paaie was volgens hom van die grootste belang wat handel en kommunikasie betref. Veral toe goud in Transvaal ontdek is, het hy gepleit vir beter paaie selfs al sou daar spoorweë aangelé word. Hy het die publiek gevra om voor die sitting van 1888 met praktiese voorstelle te kom. Hyself wou hê dat die regering die spesiale belasting wat in 1886 vir drie jaar ingestel is, moes behou om onder andere paaie en ander noodsaaklike werke aan te pak.³⁷

Hy was bly oor die vordering wat met die aanlê van telegraaflyne gemaak is en het die regering telkens aangespoor om die stelsel nog verder uit te brei. Hy het geweet dat die konserwatiewe burgers daarteen beswaar sou hê omdat dit in 1879 reeds meer as £ 7 500 gekos het, maar hy het by hulle gepleit om die regering hierin te steun selfs al moes daar weer 'n keer belasting gehef word. Die belasting moes net meer regverdig wees as die hoofbelasting en gelyke druk uitoefen.³⁸ Die uitbreiding van die stelsel sou nie net aan die Vrystaat nie, maar aan die hele Suid-Afrika voordele bied en beskawing bevorder. Toekomstige voorspoed en die bestendinging en algemene vooruitgang van die gemeenskap, handel, onderwys en lewenstandaarde het 'n meer liberale uitkyk, groter daade en opofferings geëis. Die Vrystaat sou ge-

36. Ibid, 7.6.1877; 14.7.1877 en 12.6.1878.

37. Ibid, 17.4.1888.

38. Ibid, 1.5.1879.

wis daarby baat, het hy geskryf.³⁹

Uiteindelik is die Vrystaat in 1879 telegrafies met die grootste deel van Suid-Afrika verbind en Borckenhagen was die eerste persoon wat in 'n nie-amptelike hoedanigheid groetebodskappe na verskillende dele van Suid-Afrika getelegrafeer het.⁴⁰ In 1880 het hy die Volksraad bedank vir verdere uitbreiding van die stelsel wat aan die Vrystaat 'n volledige telegrafiese netwerk sou gee - dit was meer as waarmee die Kaap kon spog.⁴¹ Op die eerste dag van 1880 het hy jubelend aangekondig dat Suid-Afrika sedert 29 Desember 1879 per kabel met alle dele van die wêreld in verbinding gestel is. Hy was bly dat die land se afsondering verbreek is en dat Suid-Afrikaners nou sou begin belangstel in hul medemenses elders in die wêreld, 'n belangstelling wat die mens op aarde se plig en ook onontbeerlik vir vooruitgang is.⁴² Dit het hom in staat gestel om sy lesers getrou op hoogte te hou van oorsese gebeure.

Dit was vir hom onverstaanbaar dat die Volksraad, wat die versienheid openbaar het om 'n telegrafiese stelsel op te rig, finansiële steun vir mnr G. W. Stow se geologiese ondersoeke gestaa het.⁴³ Hy was so oortuig daarvan dat die Vrystaat ryk was aan minerale grondstowwe dat hy die publiek gevra het om maatskappye te stig. Hyself was bereid om die organisasie vir die

39. Ibid, 12.2.1878.

40. Ibid, 10.4.1879.

41. Ibid, 3.6.1880.

42. Ibid, 1.1.1880.

43. Ibid, 5.6.1879.

stigting van so 'n maatskappy in Bloemfontein op hom te neem.⁴⁴ Hy het dan ook later die Nasionale Exploratie Maatschappij gestig.⁴⁵ Syns insiens kon daar eerder geld bestee word aan die sistematiese geologiese ondersoek na minerale as aan 'n nuwe presidentswoning. Delwerye sou die bonus bied van 'n afsetgebied vir landbouprodukte, vooruitgang van die handel en werk vir ambagsmanne.⁴⁶ Hoe reg hy was, blyk uit die feit dat die Vrystaat 'n eeu later een-derde van Suid-Afrika se goudproduksie lewer.

Gedurende 1880 het Borckenhagen knaend daarop aangedring dat brûe gebou word. By gebrek daaraan het boere oneindige skade gely deurdat hulle nie die markte met hul produkte kon bereik nie. Posvervoer is ook ontwrig.⁴⁷ Hy het die Uitvoerende Raad beskuldig van 'n gebrek aan belangstelling en voorgestel dat die Volksraad dit moes oorweeg om geld te leen vir openbare werke.⁴⁸ Hy het kiesers gevra om druk op hul Volksraadslede uit te oefen om brûe goed te keur.⁴⁹ Die Volksraad het gedurende die sitting aan die Uitvoerende Raad opdrag gegee om by die volgende sitting onder andere inligting, planne en kosteberekenings vir brûe in te dien.⁵⁰ By die buitengewone sitting in Februarie 1881 is meer spesifieke opdragte aan die Uitvoerende Raad gegee. In Mei moes planne deur ingenieurs vir brûe oor die Caledon- en Wilgerivier voorgelê

44. Ibid, 10.7.1879.

45. SABW, p.102.

46. De Express, 15.4.1886 en 13.5.1886.

47. Ibid, 4.3.1880.

48. Ibid, 26.2.1880.

49. Ibid, 25.3.1880.

50. OVSVR, 2.6.1880, p.262.

word.⁵¹ By die gewone sitting is die bou van 'n brug oor die Caledonrivier goedgekeur⁵² en £4 000 gestem vir 'n brug by Liebenbergsvlei.⁵³ 'n Brugordonnansie is aangeneem⁵⁴ en 'n brugmaatskappy gestig. Borckenhagen het 'n beroep op die burgers gedoen om aandele in dié maatskappy te koop.⁵⁵ Tenders is gevra vir 'n brug oor die Caledonrivier⁵⁶ en Liebenbergsvlei en die nuutaangestelde Inspekteur van Werke het planne geteken vir verskeie ander brûe.⁵⁷

Tydens die ekonomiese krisis is geen nuwe brûe aangepak nie. Toe dit teen 1888 weer voorspoedig begin gaan het en Transvaal met die Vrystaat wou ooreenkom oor 'n brug of brûe oor die Vaalrivier, het die Volksraad geweier om selfs net na Transvaal se korrespondensie en voorstelle te luister. Borckenhagen het dit baie jammer, kortsigtig en dwaas gevind. Die handel met Transvaal het daagliks toegeneem en hy het die maak van paaie en brûe belangriker geag as die aanlê van spoorweë. Volgens hom was dit die spoorwegparty in die Raad se skuld dat die saak nie bespreek is nie, want hulle wou al die beskikbare geld vir spoorweë hê.⁵⁸

Dit was ook Borckenhagen wat die gedagte aan 'n departement van openbare werke met 'n bekwame amptenaar, verkieslik 'n ingenieur,

51. Ibid, 28.2.1881, p.89.

52. Ibid, 10.6.1881, p.305.

53. Ibid, 27.6.1881, pp.411-412.

54. Ibid, 9.6.1881, p.300.

55. De Express, 28.7.1881.

56. Ibid, 2.2.1881.

57. OVSVR, 1.5.1882, p.108.

58. De Express, 15.5.1888.

aan die hoof om toesig te hou en raad te gee oor die oprigting van brûe, paaie, spoorweë en ander openbare werke, geopper het. Hy het gemeen dat die die einde sou wees van die langsame en besluitelose wyse waarop openbare werke in die Volksraad behandel is. Jaar na jaar het verbygegaan sonder dat iets uitgerig is en dit was tyd dat daar iets gedoen moëns word.⁵⁹ By die Volksraad-sitting van 1881 het die Raad besluit om 'n "Opzichter van publieke werke" aan te stel⁶⁰ en 'n jaar later het Gustave Halle die pos aanvaar.⁶¹ Ongelukkig het hy skaars met sy werk begin, of die resessie en droogte het die meeste openbare werke tot stilstand gebring en is beide die departement en sy hoof as oorbodig beskou.

Die jaar 1882 was egter 'n jaar van ontwikkeling. Die regering het nog nie die gevaartekens raakgesien nie en kwistig geld toebedeel. Brûe is gebou, die telegraafnetwerk voltooi, goedkoper postariewe ingevoer⁶² en die polisiemag verbeter.⁶³ Daar is ook geld gestem vir talle openbare geboue soos kantore en tronke. 'n Brugkonvensie is met die Zuid-Afrikaansche Republiek aangegaan.⁶⁴ Dit het Borckenhagen reeds aan die begin van die sitting, toe hy die talle voorstelle vir openbare werke in pres. Brand se aanspraak gesien het, bekommerd gemaak sodat hy gevra het of die land dit kon bekostig. Hy het die Raad gewaarsku om nie projekte

59. Ibid, 26.2.1880 en 25.3.1880.

60. OVSVR, 21.5.1881, p.166.

61. Ibid, 11.5.1882, p.186.

62. OVSVR, 2.6.1881, p.292.

63. De Express, 21.12.1882.

64. Ibid, 6.7.1882.

aan te pak wat bo die land se vermoëns was nie.⁶⁵

Sy aanvanklike geesdrif vir spoorweë en ander openbare werke is gedemp deur die swak ekonomiese klimaat, veral vanaf 1883. Na die ontdekking van goud in Transvaal en die verbetering van die Vrystaat se finansiële posisie het hy hom weer hartlik daarvoor beywer. Politieke implikasies het hom egter vanaf 1887 genoop om spoorweë slegs te steun indien dit in ooreenstemming met pres. Kruger se spoorbeleid was.

Jaar na jaar was daar memories voor die Volksraad waarin gevra is vir die oprigting van wolfabriek. Borckenhagen het met die Volksraadslede saamgestem dat dit nie 'n ekonomies regverdigbare onderneming sou wees nie. In 1888 is daar pogings aangewend om 'n wolfabriek te Molteno in die Oos-Kaap op te rig. Borckenhagen het, as gevolg van die ontdekking van goud en die verbeterde ekonomiese toestand, gemeen dat die tyd ryp was om kapitaal in so 'n proefneming te belê en hy het Vrystaters aangespoor om hul steun daaraan te verleen. Daar sou nie probleme met 'n afsetgebied wees nie.⁶⁶

'n Stap in die rigting van vooruitgang wat hartlik deur hom ondersteun is, was die eerste sensusopname in die Vrystaat in 1880. Hy het geweet dat baie konserwatiewe Vrystaters dit as oorbodig sou beskou en daarom het hy die doel daarvan verduidelik en daarop gewys dat dit noodsaaklik was vir beplanning en doeltreffende regering.⁶⁷

65. Ibid, 4.5.1882.

66. Ibid, 26.6.1888.

67. Ibid, 4.3.1880.

Tydens die resessie het Borckenhagen voortdurend aangedring op versigtige ekonomiese beplanning. Reeds in 1878 het hy gewaarsku dat tekorte gedreig het en voorgestel dat Volksraadslede se toelaes van £2 tot £1 per dag verminder moes word. Hy was bekommerd oor die tyd en geld wat verlore gegaan het vanweë eindelose besprekings en herhaling van argumente in die Volksraad. Die oplossing wat hy aan die hand gegee het, was dat Volksraadslede goed voorbereid na sittings moes kom en dat kommissies aangestel moes word waarin wetsontwerpe deeglik verduidelik en oordink kon word waarna groepbesprekings kon plaasvind. Een of twee woordvoerders kon dan gekies word om hul saak in die Raad te stel.⁶⁸ 'n Jaar later het hy gevra dat die aantal raadslede en hul toelaes verminder word.⁶⁹ Later het hy aangevoer dat die Raad nog doeltreffender sou funksioneer as die Uitvoerende Raad deeglike voorbereiding en beplanning in die resessie sou doen en as ministers aangestel sou word.⁷⁰

In 1878 was daar 'n tekort van £12 136 op die begroting en 'n hoofbelasting is ingestel.⁷¹ Gedurende 1882 het Borckenhagen, soos vroeër genoem, gewaarsku teen die aanpak van talle openbare werke omdat hy die voortekens van ekonomiese resessie gesien het. In 1883 moes die regering desperate pogings aanwend om hierdie werke te finansier. Skuldbriewe ter waarde van £100 000 is uitgereik,⁷² maar het nie aan die verwagtings voldoen nie en 'n lening moes aangegaan word. Toestemming om £200 000 se skuld-

68. Ibid, 2.5.1878.

69. Ibid, 23.1.1879.

70. Ibid, 7.5.1885.

71. OVSVR, 19.6.1878, p.262.

72. Ibid, 7.7.1883, p.402.

briewe uit te reik, is verleen.⁷³ Onder hierdie omstandighede was Borckenhagen gekant teen die bou van 'n nuwe presidentswoning⁷⁴ en het hy gemeen dat daar te veel amptenare was.⁷⁵

Borckenhagen het voortgegaan om tot versigtigheid te maan en in 1884 voorspel dat groot tekorte verwag kon word; daarom was sorgvuldige administrasie nodig.⁷⁶ Hy het gewaarsku teen die uitgee van papiergeld wat tydelik sou help, maar uiteindelik op 'n katastrofe sou uitloop.⁷⁷ Groot was sy verligting toe die Volksraad daarteen besluit en eerder skuldbriewe uitgegee het.⁷⁸

Die finansies, administrasie en belastingbeleid van die land was swak en het nie aan die eise van die tyd voldoen nie. By gebrek aan 'n opposisieparty het hy op sy eie 'n wantrouedebat gevoer! Hy sou dit verwelkom het as daar politieke partye was, want dan sou kwessies nie 'n persoonlike kleur kry nie en sou daar beter besin word oor wetgewing.⁷⁹ Hy het die hoop uitgespreek dat die Volksraad grondige veranderings sou aanbring en nie langer die waarskuwings van die pers in die wind sou slaan nie. Hy het gewaarsku dat gewone lopende uitgawes uit gewone inkomstebronne en nie uit lenings bestry moes word nie. Dié moes slegs vir openbare werke soos spoorweë en besproeiing aangewend word. Die

73. Ibid, 29.2.1884, p.59 en 12.3.1884, p.141.

74. De Express, 11.10.1883.

75. Ibid, 22.11.1883.

76. Ibid, 7.2.1884.

77. Ibid, 21.2.1884.

78. Ibid, 28.2.1884.

79. Ibid, 2.5.1878.

staatskuld moes ook nie te groot word nie.⁸⁰ Hy sou graag wou sien dat alle openbare werke gestaak en skerp besuinigingsmaatreëls toegepas word.⁸¹

In Mei 1884 moes pres. Brand aankondig dat die Vrystaat vir die eerste keer in jare 'n verlies getoon het. Ten spyte van teenkating is tenders vir die oprigting van 'n presidentswoning gevra en die kontrak toegeken. Borckenhagen het dié feit betreur.⁸² Die hoeksteen van die gebou is op 22 Mei 1885 gelê. Dit het hom egter verbly dat die Raad besluit het om voorlopig nie met nuwe brûe te begin nie.⁸³

Hy het ook op individue 'n beroep gedoen om spaarsamiger te lewe. Verder het hy weer beklemtoon dat die Staat nie geleende geld vir lopende uitgawes moes gebruik nie. Die tekorte was steeds besig om te vergroot.⁸⁴ In twee artikels oor 'n goedkoper, beter administrasie het hy aanbeveel dat distriksrade afgeskaf, regters se reiskoste verminder en betaling van jurielede gestaak word.⁸⁵

'n Korrespondent van De Express het die koerant bedank omdat hy die volk se oë oopgemaak het vir die swak finansiële toestand waarin die Republiek verkeer het. Hy het die regering gevra om te besnoei en om veral te let op wat in Transvaal gebeur het.⁸⁶

80. Ibid, 23.4.1885.

81. Ibid, 16.4.1884.

82. OVSVR, 19.6.1884, p.643; De Express, 22.1.1885.

83. OVSVR, 12 en 25.6.1884, pp.555-567 en 704-705.

84. De Express, 4.9.1884.

85. Ibid, 23 en 30.4.1885.

86. Ibid, 16.10.1884.

Van oral oor het burgers hul stemme begin verhef en op besuining aangedring.⁸⁷

By die Volksraadsitting van 1885 is 'n aantal poste afgeskaf, beginsalarisse verminder en distriksrade afgeskaf soos in De Express voorgestel. Hiermee was Borckenhagen tevrede. Hy het egter sonder welslae geskimp dat raadslede 'n besondere voorbeeld aan die volk kon stel deur een hele sitting se toelae prys te gee.⁸⁸ Later in die jaar het hy voorspel dat die ontdekking van goud die finansiële probleme sou oplos.⁸⁹ Teen Januarie 1886 het hy begin waarsku teen onoordeelkundige besuining. Maatreëls was nodig, maar doeltreffende en sistematiese administrasie nog nodiger. As amptenare verplig sou word om elke verskuldigde pennie in te vorder en die lakses dadelik geskors word, sou die finansiële posisie dadelik verbeter. Daar moes nie dwase maatreëls soos die afskaffing van die opvoedingstelsel, soos op Brandfort bepleit is,⁹⁰ getref word nie. Verder moes kwaliteit nie prysgegee word nie. Daar moes liewer minder, maar goeie, goedbetaalde amptenare wees.⁹¹ Burgers moes nie vir besnoeiing vra en terselfdertyd aandring op die stigting van nuwe distrikte, soos Vrede en Frankfort nie.⁹² Ook moes die landbou en veeteelt nie benadeel word nie, want dit kon alleen met die Vrystaat goed gaan as boerdery ontwikkel word. 'n Landbank was noodsaaklik om boere weer op die been te help sodat hulle die groot mark wat in

87. Ibid, 6.11.1884; 8.1.1885; 12.3.1885 en 9.4.1885, o.a.

88. Ibid, 28.5.1885 en 30.7.1885.

89. Ibid, 12 en 19.11.1885.

90. Ibid, 4.3.1886.

91. Ibid, 28.1.1886.

92. Ibid, 11.3.1886.

Transvaal gewag het, kon voorsien van produkte.⁹³

Die snoeiskêr is by die Volksraadsitting vn 1886 kwaai ingelê - te kwaai na Borckenhagen se mening, want wolpryse het reeds verbeter en die goudvelde het begin om 'n goeie mark te bied.⁹⁴ Amptenare en ook die President se salarisse is verminder, pres. Brand sou nie daardie jaar deur die distrikte reis nie, Volksraadslede en amptenare se reiskoste is verminder en sekere poste is afgeskaf.

Aan die einde van 1887 was die finansies uiteindelik weer goed op dreef. Borckenhagen het die hoop uitgespreek dat lesse uit die tyd van swaarkry geleer is en dat die regering die verbeterde finansiële toestand te baat sou neem deur veral boerdery te bevorder.⁹⁵

Vir jare het Borckenhagen geprotesteer teen die lukraak wyse waarop die begroting opgestel is. Hy het op hervorming aangedring omdat Volksraadslede nie oor die nodige kennis van finansiële sake beskik het nie.⁹⁶ Daar was geen stelsel en geen vooraf beraming nie en die amptenare, wat reeds jare in diens van die regering was, was onbekwaam.⁹⁷ Hy het die swak administrasie deels aan pres. Brand se persoonlike tekortkominge toegeskryf.⁹⁸ Volgens J. C. Moll was die verset wat in 1878 teen pres. Brand se

93. Ibid, 18.3.1886.

94. Ibid, 22.7.1886.

95. Ibid, 29.11.1887.

96. Ibid, 19.9.1878.

97. Ibid, 1.8.1879 en 26.5.1881.

98. Ibid, 9.1.1879.

kandidatuur vir die presidentsverkieping begin opgaan het, toe te skryf aan die lakse wyse waarop die staatsfinansies geadministreer is.⁹⁹

Telkens het Borckenhagen herhaal dat hy niks persoonliks teen die amptenare gehad het nie, maar net teen hul gebrek aan kennis. Die Uitvoerende Raad, met sy laat-maar-loop-beleid, het voortdurend uitgawes aangegaan en as die gewone inkomste nie genoegsaam was nie, lenings aangegaan om die uitgawes mee te dek.¹⁰⁰ Die sogenaamde reprodktiewe werke, soos die telegraafstelsel, het verliese in plaas van winste getoon en syns insiens was die rede hiervoor dat te veel amptenare aangestel is.¹⁰¹

Borckenhagen het die gebrek aan 'n behoorlike belastingstelsel as die vernaamste rede vir die onbevredigende wyse waarop die begroting opgestel is, gesien. Hy was deurgaans 'n pleitbesorger vir 'n goedbeplande, behoorlike en regverdige belastingstelsel. Daarmee het hy twee dinge bedoel: belasting wat geën is, moes gebruik word vir die doel waarvoor dit ingesamel is en die belasting moes gehef word volgens die vermoë van die burgers om te betaal. Verder moes dit 'n deurlopende stelsel wees en nie sporadies nie.¹⁰²

In 1878 het hy betoog dat groter uitgawes gemaak sou moes word om

99. Moll, J. C., Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje Vrystaat, pp.98-99.

100. De Express, 20.9.1883.

101. Ibid, 22.11.1883.

102. Ibid, 7.6.1883.

die land te ontwikkel en daarom was 'n behoorlike belastingstelsel nodig¹⁰³ en nie 'n ongelyke belasting soos die hoofbelasting wat in 1878 ingestel is nie en waarvolgens almal, ryk of arm, dieselfde bedrag betaal het.¹⁰⁴ Hy het die hoop uitgespreek dat dié hoofbelasting eenmalig was.¹⁰⁵

Hy was bewus van die Vrystaters se weersin in belasting, maar het hulle algaande opgevoed om te beseft dat dit 'n burger se verantwoordelikheid teenoor sy vaderland en in sy eie belang was om belasting te betaal. Dit moes hom groot vreugde verskaf het toe burgers op 'n vergadering te Winburg voorgestel het dat die Volksraad die land se finansies met 'n billike belastingstelsel moes aanvul.¹⁰⁶

Die wegbelasting was ook vir hom 'n onregverdigte belasting omdat die geld geïen is met die doel om paaie te verbeter en tog is daar niks aan die paaie gedoen nie. Daar was ook misbruike verbonde aan die stelsel. Dieselfde voertuig is dubbel en dwars belas, baie amptenare het nie kwitansies uitgereik nie en hy het gemeen dat van die geld in amptenare se sakke beland het. Op die ou end het die administrasie van die belasting meer gekos as die geld wat geïen is.¹⁰⁷

Toe die regering aan die uitreik van skuldbriewe begin dink het, het Borckenhagen gemeen dat 'n vaste belastingstelsel beter sou

103. Ibid, 26.9.1878.

104. OVSVR, 19.6.1878 en 20.6.1878, pp.262-268.

105. De Express, 17.10.1878 en 9.1.1879.

106. Ibid, 14.5.1885.

107. Ibid, 31.10.1878 en 7.11.1878.

wees.¹⁰⁸ Tog het hy dit nie teengestaan toe die skuldbriewe wel uitgereik is nie.¹⁰⁹

Voorstelle is in 1884 by die Volksraad ingedien dat invoerbelasting gehef word. Borckenhagen het so 'n belasting onnodig geag indien amptenare hul plig doen en gelde stiptelik invorder. Dit sou alleen aanvaarbaar wees as die wet behoorlik uitgevoer en on-eerlikes vasgevat word.¹¹⁰ 'n Jaar later is 'n konseppordonnansie opgestel waarvolgens die helfte van die 4% invoerreg wat handelaars van die Kaapkolonie gekry het, na die staat moes gaan. Borckenhagen het dit as onprakties afgemaak omdat die eerlikes die las sou moes dra en die invordering baie sou kos. Handelsliensies moes eerder duurder gemaak word sodat almal hulle deel sou bydra. Die lisensiegeld vir 'n klein en groot onderneming moes ook verskil as die regering regverdig wou optree.¹¹¹

Hy het 'n ernstige pleidooi tot die regering gerig om eiendomsbelasting, gegrond op die waarde van die eiendom, uit te werk.¹¹²

Toe die land se finansies in die Volksraad ter sprake gekom het, was daar Volksraadslede wat die noodsaaklikheid van 'n belastingstelsel geopper het om die haglike finansiële posisie te verhelp. Borckenhagen het die yster gesmee terwyl dit warm was en weer eens 'n eiendomsbelasting voorgestel en hoofbelasting vir diegene sonder eiendom. Hy het ook 'n aantal besuinigingsmaatreëls voor-

108. Ibid, 28.6.1883.

109. Ibid, 5.7.1883.

110. Ibid, 19.6.1884.

111. Ibid, 9.4.1885.

112. Ibid, 9 en 16.4.1885.

gestel wat saam met die belasting die begroting kon laat klop, onder andere dat sekere poste afgeskaf word, die aantal raadslede verminder, openbare werke gestaak en 'n Inspekteur van die Kas aangestel word om wanpraktyke te voorkom en toe te sien dat verksuldigde bedrae ingevorder word.¹¹³ Die meeste van hierdie voorstelle is in die komitee vir die begroting se verslag vervat en deur die Volksraad aanvaar. Eiendomsbelasting, gebaseer op die grootte van 'n plaas of die waardasie van 'n dorpseiendom, is ingestel. Burgers met 'n vaste salaris het inkomstebelasting betaal. Indien iemand beide eiendom en 'n vaste salaris gehad het, moes hy óf eiendomsbelasting óf inkomstebelasting betaal, watter een ookal die grootste was. Diegene wat nie eiendom of 'n salaris gehad het nie, het hoofbelasting betaal. Verder is raadslede se toelaes verminder.¹¹⁴

Soos te wagte was daar klagtes oor die belasting. Dorpenaars en veral handelaars het die meeste gekla oor die hoë waardasie van hul eiendomme. Borckenhagen het gemeen dat die belastingstelsel so regverdig as moontlik was. Dit sou syns insiens nooit moontlik wees om 'n volkome regverdige belastingstelsel te ontwerp nie. Wat die handelaars betref, sou hulle die belasting in elk geval tog net op die verbruikers afwentel deur pryse te verhoog.¹¹⁵

Daar was ook boere wat gekla het, veral omdat die belasting voor skeertyd betaal moes wees en indien dit laat betaal is, moes dub-

113. Ibid, 18.9.1884 en 21.5.1885.

114. OVSVR, 12 en 22.6.1885, pp.361-377 en 455; De Express, 11.6.1885.

115. De Express, 18 en 25.6.1885.

bel die oorspronklike aanslag betaal word. Die opmeting van die spoorlyn en dit nogal na Kimberley, het vir hulle na misbruik van hul belastinggeld gelyk.¹¹⁶

Borckenhagen kon egter met tevredenheid berig dat die burgers hul verpligtinge besef het en dat belastinggeld flink aan die einde van die jaar begin inkom het.¹¹⁷ Een aspek van die belasting wat hom gepla het, was dat dit net vir drie jaar ingestel is terwyl hy op 'n deurlopende belastingstelsel gehoop het. Toe die drie jaar verstryk het, was hy in sy skik met die opbrengs. Daar was 'n oorskot van £47 000 op die 1888-begroting. Hy het egter sterk gepleit vir die behoud van die belasting, al sou dit teen 'n laer tarief wees. Die land het die geld nodig gehad vir ontwikkeling, veral vir paaie, brûe en die verbetering van die veestapel. Hy was net soveel gekant teen geen belasting en geen vooruitgang nie as wat hy vroeër teen belasting was as daar niks voor getoon kon word nie. In voorspoediger tye was die behoeftes meer. Dit was nodig dat amptenare se salarisse weer verhoog en die telegraafstelsel en posterye uitgebrei moes word.¹¹⁸

Die besluite wat die Volksraad tydens hierdie sitting geneem het, het hom gegrief. Hy het geskryf: "The Volksraad seems determined to manage matters so that no taxation will ever again burden this country." Ten spyte daarvan dat geld beskikbaar was, wou die Raad nie noodsaaklike stappe neem om vooruitgang te bevorder nie, soos om 'n brug oor die Vaalrivier te bou en nuwe distrikte soos Vrede en Dewetsdorp te stig. Hy was seker hulle sou ook nie die

116. Ibid, 7.1.1886 en 21.1.1886.

117. Ibid, 31.12.1885.

118. Ibid, 8.5.1888.

broodnodige salarisverhogings van amptenare en die verbetering van paaie en die poswese toestaan nie.¹¹⁹ Die aanlê van 'n aantal telegraaflyne is wel goedgekeur,¹²⁰, maar daar was geen algemene salarisverhogings nie.¹²¹

'n Ander saak waarvoor Borckenhagen hom beywer het, was dat die Volksraad meer aandag aan die Tesourier-generaal se verslag en wenke moes gee en dat 'n kommissie vir die begroting voor 'n sitting dié verslag moes bestudeer en voorstelle moes formuleer. Hy het dit as die volk se reg beskou om oor die finansiële posisie ingelig te word sodat hul menings daaroor verkry kon word.¹²² In 1884 het hy gekla dat die Volksraad die Tesourier-generaal se berekenings geïgnoreer en hulself mislei het.¹²³ By die 1885-sitting het dit geblyk dat daar 'n tekort van £87 000 op die begroting was. Geld wat vir openbare werke geleen is, is gebruik om lopende uitgawes mee te dek. Borckenhagen moes weer kla dat die Volksraad nie ag geslaan het op die begrotingskommissie se syfers nie en totaal verkeerd te werk gegaan het.¹²⁴ Hy het dit betreur dat tyd en geld gemors is om spoorweë te bespreek terwyl daar tog nie geld daarvoor was nie.¹²⁵ Dit sou raadsaam wees om by sittings aan die Tesourier-generaal die geleentheid te gee om voorstelle te maak, raad te gee en vrae te beantwoord.

119. Ibid, 15.5.1888.

120. OVSVR, 8.6.1888, p.419.

121. Ibid, 5.6.1888, pp.377-380; 26.5.1888 - 26.6.1888, pp.243-260.

122. De Express, 6.6.1878.

123. Ibid, 11.9.1884.

124. Ibid, 7.5.1885.

125. Ibid, 14.5.1885.

Pres. Brand het ook dié behoefte raakgesien. In 1883 het hy voorgestel dat die Goewèrmentsekretaris, Staatsprokureur en Tesourier- of Ouditeur-generaal aan die besprekings in die Raad deelneem en inligting gee.¹²⁶ Indien die finansiële jaar vroeër kon sluit, sou dit hom genoeg geleentheid gee om die Tesourier-generaal se verslag deeglik te bestudeer. Laasgenoemde kon dan die sitting bywoon en 'n bykomende begroting indien.¹²⁷ Die Volksraad was aanvanklik nie ten gunste van enige veranderings nie.¹²⁸ In 1886 is egter besluit dat die diensjaar aan die einde van Februarie sou sluit, maar aangesien dit 'n konstitusionele verandering was, sou dit eers na die volgende sitting in werking tree.¹²⁹

* * *

Gedurende die tydperk onder bespreking was daar 'n hele paar gevalle van geldverduistering, bedrog en diefstal, onder andere deur die Weesheer.¹³⁰ Soms was dit toe te skryf aan 'n gebrek aan kennis of opleiding of sorgelose boekhouding as gevolg waarvan 'n amptenaar se boeke tekorte getoon het. Borckenhagen het die gebrek aan dissipline, toesig en kontrole as die vernaamste rede vir onreëlmatighede besku.¹³¹ Jong, onervare, onopgeleide amptenare is in beheer van fondse geplaas sonder dat hulle administrasie ooit gekontroleer is. Nie alleen het hulle in die versoeking gekom om hulself te verryk nie, maar in baie gevalle

126. OVSVR, 8.5.1883, p.34.

127. De Express, 6.5.1886.

128. OVSVR, 7.6.1883, p.203.

129. Ibid, 10.6.1886, p.467.

130. De Express, 31.10.1878.

131. Ibid, 1.2.1883.

het daar chaos geheers in die administrasie van fondse. In ander gevalle het ou, betroubare maar onopgeleide amptenare fondse beheer en kon hulle die administrasie en boekhouding nie behartig nie sodat daar weer eens chaos ontstaan het. Borckenhagen het die Posmeester-generaal as voorbeeld genoem.¹³² In 1886 is daar by die Volksraadsitting 'n klag ingedien omdat die vorige Weesheerseregistersnie op datum wasnie¹³³ endienuwe administrateur van fondse kon geen kop of stert van sy voorganger se boekhouding uitmaak nie. Volksraadslede het ook hul misnoeë met laasgenoemde uitgespreek.¹³⁴

Borckenhagen het daarop aangedring dat amptenare goed opgelei en die stelsel verbeter word en dat persone nie as gevolg van senioriteit in 'n amp aangestel moes word nie. Hy was ontevrede met die Uitvoerende Raad se slap houding wanneer aanstellings gemaak moes word.¹³⁵ Na pres. Brand se dood moes selfs sy vriende erken dat "he was by nature very conservative, and was far too tolerant and kind-hearted to make changes in the administration or to dismiss officials for incompetence or neglect. Had he been otherwise, the Civil Service would doubtless have been better."¹³⁶

Aan die anderkant het Borckenhagen beswaar aangeteken teen die wyse waarop jong amptenare aangestel is. Onbedrewe jongelinge is teen oordrewe besoldiging aangestel. 'n Amptenaar se beginsalaris was £200 teenoor £60 vir 'n bankklerk. Hulle het syns in-

132. Ibid, 4.3.1880.

133. OVSVR, 5.5.1886, p.43.

134. Ibid, 9.6.1886, p.449 en 5.5.1886, p.52.

135. De Express, 30.11.1882 en 25.1.1883.

136. The Friend, 18.7.1888.

siens te min gedoen en geleer in vergelyking met klerke in die private sektor, daar is te veel amptenare aangestel en hulle het te vinnig gevorder soos in die geval van landdrosklerke tot landdros. Baie van hulle het nie in 'n behoorlike eksamen geslaag nie en in hierdie opsig is te veel en betreurenswaardige uitsonderings gemaak. Hy was 'n voorstander van salarisskale sodat onervare beginners nie dieselfde as 'n bekwame en ervare amptenaar sou kry nie. Hy sou graag sien dat die staat die bekwaamste amptenare kry en hulle goed besoldig.¹³⁷ In die verslag van die Begrotingskommissie wat in 1886 by die Volksraad ingedien is, is aanbeveel dat "het niet wenschelijk geacht wordt jonglieden dadelijk het maximum salaris te geven, maar dat deze dat trapsge- wijze zullen bereiken. Ook moeten jongelieden niet te spoedig Landdrost-zetels innemen ... Ook word er op gewezen dat het wenschelijk zoude zijn jonge ambtenaren examen te laten doen."¹³⁸ Die Volksraad het hierop besluit dat salarisse volgens 'n skaal betaal sou word.¹³⁹

Die administrasie van fondse soos die skoolfonds en die Weesheer- fonds was vir hom so belangrik dat hy gevra het dat dit onder be- heer van 'n hoofamptenaar moes wees.¹⁴⁰ Hy was van mening dat dit nog beter sou wees indien opgeleide mense, soos die direkteu- re van die Nasionale Bank, die fondse sou administreer.¹⁴¹ Daar moes in elk geval behoorlike kontrole wees.¹⁴²

137. De Express, 23.4.1885.

138. OVSVR, 15.6.1886, p.520.

139. Ibid, 15.6.1886, p.521.

140. De Express, 4.7.1878.

141. Ibid, 6.6.1878.

142. Ibid, 4.7.1878 en 1.5.1879.

Daar was in 1885 'n departement van finansies met 'n Tesourier-generaal en klerk, 'n Ouditeur-generaal en klerk en 'n Administrateur van fondse en klerk. Besuinigingsmaatreëls is deur almal voorgestel, maar Borckenhagen het gepleit dat die regering nie hier moes besuinig nie omdat daar juis in hierdie afdelings kundige, betroubare en goedbetaalde persone nodig was. Hy was oortuig daarvan dat 'n sentrale administrasie nodig was met een man met administratiewe en rekeningkundige kennis, ervaring en finansiële oorlegdheid aan die hoof. Dit moes 'n man wees wat oor die vermoë beskik het om 'n nuwe stelsel na die eise van die tyd in te voer en hy moes volkome kontrole oor alle inkomste en uitgawe hê. Hy moes dan vier goeie boekhouders hê, een waarvan 'n Inspekteur van die Kas kon wees. Hierdie taak is in 1886 deur die Volksraad aan die Sekretaris van die Raad opgelê - sonder vergoeding.¹⁴³ Borckenhagen het gemeen dat aanvaarding van sy voorstelle daartoe sou lei dat hierdie kantoor dan elke rekening kon ouditeer, alle fondse administreer en noukeurig toesig hou oor alle geld wat gevorder moes word. Die bestaande stelsel waarvolgens elke landdros vrygelaat is om geld in te vorder, self te bestee en dan net die balans na die hoofkantoor te stuur, was vir hom heeltemal ontoereikend. Landdroste het balanse vir maande gehou en intussen persoonlik aangewend. Sy voorgestelde stelsel sou bedrog uitskakel. Verder het hy aanbeveel dat alle uitbetalings per skatkiswissel moes geskied. As skatkiswissels dwarsdeur die Vrystaat as betaalmiddel sou dien, sou die staat se renterekening daarby baat en kon invorderings van onder andere lisensies nagegaan en tabelle opgestel word wat sou toon hoeveel in elke distrik verskuldig was. Geld sou ook baie gouer ingevor-

143. Ibid, 10.6.1886.

der word.¹⁴⁴

Afgesien van die wanpraktyke en onbevoegdheid was daar ook, volgens Borckenhagen, 'n groot mate van pligsversuim by amptenare. Die staat sou nooit finansiële probleme gehad het of lenings moes aangaan as amptenare getrou al die geld ingevorder het wat aan hom verskuldig was nie.¹⁴⁵ Hier het hy landdros Hutton van Bloemfontein uitgesonder aangesien hy die belastingwet verkeerd toegepas en minder as die vereiste bedrag ingesamel het. So het die staat verliese gely. Hy het gekla dat hy van leuenagtigheid beskuldig is wanneer hy wanpraktyke aan die lig gebring het.¹⁴⁶ Hy was ook ontevrede omdat die drankwet en ander wette nie behoorlik deur amptenare toegepas is nie en dat die staat nie alleen daardeur geld verloor het nie, maar dat eerlike handelaars benadeel is.¹⁴⁷

Met die agteruitgang van die land se finansiële posisie het Borckenhagen voorgestel dat sekere onnodige poste afgeskaf en salarisse verminder word.¹⁴⁸ Hy wou egter hê dat diskresie aan die dag gelê moes word sodat goeie amptenare teen behoorlike vergoeding behou sou word.¹⁴⁹ In 1885 is 'n aantal poste afgeskaf, onder andere dié van Assistent-registrateur van die Hoërhof, waarmee hy saamgestem het, maar syns insiens kon minstens die Inspekteur van Openbare Werke se pos ook afgeskaf word in 'n

144. Ibid, 23.4.1885.

145. Ibid, 28.6.1883, 22.11.1883 en 7.2.1884.

146. Ibid, 19.6.1886.

147. Ibid, 30.3.1884; 10.4.1884; 14.5.1885 en 3.12.1885.

148. Ibid, 10.4.1884 en 23.4.1885.

149. Ibid, 28.1.1886.

tyd wanneer daar nie geld vir openbare werke was nie.¹⁵⁰ In 1886 is kwaai besnoei en poste afgeskaf wat volgens Borckenhagen onontbeerlik was. Hy het gevoel dat die Tesourier-generaal, wat reeds 'n belangrike en verantwoordelike pos beklee het en 'n uitstekende amptenaar was, hopeloos met werk oorlaai is en te min hulp ontvang het.¹⁵¹ Dit sou hom nie verbaas het as dié bekwame amptenaar sou bedank of ingee nie.

Die vermindering van amptenare en salarisse het hy as te kwaai en oneweredig beskou en dit sou ook hul pensioene raak. Dit moes liever persentasiegewys geskied het.¹⁵² Oor die algemeen was hy egter tevrede met die Volksraadsitting, Volksraadslede se bereidwilligheid om hul toelaes te verminder en die bekwame leiding van die Voorsitter.¹⁵³

In die beginjare van sy redakteurskap het Borckenhagen gedurig gepleit vir 'n pensioenwet waarvolgens amptenare 'n deel van hul salaris sou bydra tot 'n pensioenfonds sodat hulle by aftrede versorg sou wees. Jaar na jaar het die Volksraad dit afgekeur,¹⁵⁴ maar uiteindelik is dit tydens die sitting van 1881 goedgekeur.¹⁵⁵

* * *

150. Ibid, 11.6.1885.

151. Ibid, 17.6.1886.

152. Ibid, 8.7.1886.

153. Ibid, 1.7.1886.

154. Ibid, 23.5.1878, 8.5.1879, 25.5.1880 en 19.5.1881.

155. OVSVR, 30.5.1881, p.224.

Wat regspleging betref, het Borckenhagen 'n aantal aanbevelings gemaak waarvan sommige aanvaar is. Hy sou graag wou sien dat nog twee regters by die drie in die Vrystaat gevoeg moes word. Hulle kon dan die Rondgaande Hof behartig terwyl die regters van die Hooggeregshof een week per maand as appélhof kon sit. Soos sake was, moes regters wanneer hulle as appélhof gesit het, uitspraak teen hul eie vonnisse gee.¹⁵⁶

Hy was geheel en al gekant teen die juriestelsel omdat juries syns insiens nie onpartydig was nie en leke ten opsigte van die wet. 'n Regter moes volgens die jurie se beslissing optree al het hy, met sy meerdere kennis en ervaring, geweet dat hul bevinding verkeerd was. Ook het juries dikwels vir skuldigbevinding weggeskram omdat hulle geweet het dat dit op die doodstraf sou uitloop. Eenparige beslissings was 'n verdere probleem.¹⁵⁷ Bekwame en invloedryke persone wou nie op juries dien nie omdat hulle dit as 'n las beskou het en minder bekwame jurieledes was gevaarlik omdat hulle oor belangrike kwessies soos dood en lewe moes beslis. Dit sou beter wees as die juriestelsel heeltemal afgeskaf sou word.¹⁵⁸

'n Saak waarvoor hy hom beywer het, was die stigting van 'n regsvereniging. So 'n vereniging sou verhoed dat prokureurs en agente onregmatig optree. Wetgewing soos dié van 1884 waarvolgens regslui vasgevat kon word, sou dan onnodig wees. Dit het hom gespyt dat Staatsprokureur C. J. Vels gekant was teen so 'n

156. De Express, 7.6.1877 en 20.9.1877.

157. Ibid, 11.10.1877; 18.10.1877 en 8.4.1880.

158. Ibid, 17.5.1887.

vereniging.¹⁵⁹ Die vereniging is tot sy vreugde gestig en by die sitting van 1885 wetlik erken.¹⁶⁰

Met die regters se optrede was hy baie tevrede, maar kriminele vervolging was vir hom gebrekkig vanaf die Staatsprokureur tot by die konstabels. Hy het gemeen dat Staatsprokureur Vels te oud was, dat hy met pensioen kon aftree en 'n flink, jong en bekwame man in sy pos aangestel kon word. Vels het nog ietwat meer as 'n jaar, tot met sy afsterwe op 11 Desember 1885, in die pos aangebly.¹⁶¹

Borckenhagen wou hê dat die jurisdiksie van die landdros en landdros- en heemraadshowe uitgebrei moes word. Dit sou veel goedkooper wees as om soveel sake in die Hooggeregshof te verhoor. As 'n aantal bekwame, praktiese, welmenende regsgeleerdes die regters op dié wyse kon bystaan, sou dit net tot die voordeel van die regswese dien.¹⁶² In Ordonnansie 5 van 1885 is die jurisdiksie van dié howe verhoog, hoër vereistes vir landdroste ingestel en regsprosedures verbeter soos deur Borckenhagen bepleit.¹⁶³

In 1879 het Borckenhagen gevra dat die publiek teen oneerlike prokureurs beskerm moes word. Indien hulle trustgeld geneem het, moes hulle nie net die geld terugbetaal nie, maar ook gestraf word.¹⁶⁴ By die Volksraadsitting van 1880 is bepaal dat regslui

159. Ibid, 13.3.1884 en 22.5.1884.

160. OVSVR, 1.6.1885, p.253.

161. Ibid, 3.5.1886, p.12.

162. De Express, 25.9.1884.

163. OVSVR, 4.6.1885, p.287; De Express, 16.10.1884 en 9.4.1885.

164. De Express, 23.10.1879.

wat oortree, in die Hooggeregshof verhoor en geskors kon word.¹⁶⁵

Toe die burgers veral vanaf 1885 sterk by vergaderings begin aandrung het op besuiniging, was daar enkele stemme wat gevra het dat die pos van regter afgeskaf moes word. Borckenhagen het dadelik wal gegooi. Hy wou nie sien dat regspleging onder besuiniging ly nie. Daar moes altyd bekwame, onpartydige en eerlike regters wees.¹⁶⁶

Borckenhagen se pleidooie vir die hervorming van die gevangeniswese het by uitstek getuig van sy verligte siening en insig. Hy het harde arbeid, byvoorbeeld om paaie en spoorweë te help bou, aanbeveel omdat dit die misdadigers werklik sou straf en die staat, wat hulle moes voed, sou daarby baat. 'n Kommissie van ondersoek na gevangenis moes aangestel en 'n sentrale gevangenis vir langtermyngevangenes oorweeg word. Behoorlike, doeltreffende toesig was nodig en daarvoor moes betroubare blankes teen goeie betaling aangestel word. Hierdie aanbeveling is gedoen teen die agtergrond van die baie ontsnappings wat plaasgevind het. Borckenhagen se vrou is by geleentheid deur 'n ontsnapte bedreig.¹⁶⁷

Rehabilitasie was vir hom net so belangrik as straf. Hy het voorgestel dat geestelikes en onderwysers die uitgeworpenes van die samelewing moes bystaan. Laasgenoemde moes sindelike gewoontes en geskikte bedrywe aangeleer word. 'n Deel van hul vergoeding

165. OVSVR, 18.5.1880, p.138.

166. De Express, 25.2.1886.

167. Schoeman, K., Aantekeninge van 'n gesprek op band met mev. B. Marais, 15.9.1979, pp.1 en 2.

kon dan gebêre word sodat hulle na ontslag 'n nuwe begin kon
maak.168

* * *

Wat opvattinge oor praktiese bestuur en administrasie betref, was
Borckenhagen sy tyd ver vooruit. Lank nadat hy gevaar sien dreig
en aangedring het op voorkomende stappe, het die volksleiers eers
daarop ag geslaan. Teen die tyd dat maatreëls getref is, was die
krisis alweer verby en het dit lank geduur voordat Borckenhagen
hulle weer kon oortuig om vooruitstrewende stappe te neem. Hy
het 'n ongelooflike insig in al die verskeie fasette van regering
gehad.

* * *

168. De Express, 11.6.1885.

BESLUIT

'n Eeu gelede was die naam Carl Borckenhagen aan bykans elke blanke Vrystater bekend. Sy koerant, De Express, was die invloedrykste in die Republiek van die Oranje-Vrystaat en het sy invloed selfs ver buite die landsgrense uitgedra. Ook die ongetletterdes het kennis gedra van sy idees omdat dit by vergaderings in elke wyk en uithoek van die land ter sprake gekom het.

As idealis het Borckenhagen een enkele doel nagestreef, naamlik die behoud en uitbouing van die Afrikaner se republikeinse onafhanklikheid. As man van die daad het hy al sy vermoëns en kragte ingespan om hierdie doel te bereik. In De Express en die Afrikanerbond het hy twee uitnemende instrumente tot sy beskikking gehad om sy taak te vergemaklik.

Hy het gedroom van 'n verenigde Suid-Afrikaanse Republiek waarin Afrikaners hulself regeer volgens hul eie aard en behoeftes sonder die inmenging van 'n vreemde moondheid. Toe hy besef dat Brittanje nie maklik van sy betrokkenheid in Suid-Afrika afstand sou doen nie, maar eerder gestreef het na uitbreiding van sy gesag en dat baie Suid-Afrikaners in die kolonies en selfs 'n aantal in die republieke verkies om aan Brittanje onderdanig te bly, het hy dié droom laat vaar, hoewel hy voorsien het dat dit nog in die verre toekoms vervul sou word. Hy het hom vervolgens toegespits op die versterking van republikaanisme in die Vrystaat en later ook in Transvaal.

Sy eerste taak sou wees om die regte ingesteldheid jeens hul republikeinse vryheid by die Vrystaters te kweek. Hy het tot 'n groot mate bygedra tot die groei van Afrikanernasionalisme deur burgers in te lig, op te voed, te bemoedig en te inspireer. Hulle is voortdurend aangespoor om trots te wees op hul afkoms, geskiedenis, tradisies, godsdiens, kultuur en taal en om hul kosbaarste erfenis, hul eie vrye republiek, waardig te wees en te bewaar. Nasionaalgerigte onderwys moes voorkeur geniet sodat vaderlandsliewende en bekwame burgers gekweek kon word.

Om as republiek staande te bly, moes die Vrystaat tot 'n welvarende modelstaat opgebou word. Die ekonomiese grondslag van die Vrystaat was sy veeboerdery en daarom het Borckenhagen gedurig pleidooie gelewer vir die bevordering van veeteelt. Hy het die hantering van die land se finansies fyn dopgehou, aangedring op verstandige beplanning en die regering van goeie raad bedien. Die administrasie moes suiwer en doeltreffend wees en die amptenare eerlik en bekwaam. Indien die Volksraad doeltreffend wou funksioneer, moes die Uitvoerende Raad wetgewing deeglik voorberei voor 'n sitting. Hy sou graag wou sien dat deskundige advies ingewin word voordat wetsontwerpe opgestel word. Verder moes Volksraadsbesluite in ooreenstemming met die volkswil wees, want dit was die hoogste gesag in 'n republiek. Wette moes behoorlik uitgevoer word en misdadigers nie net gestraf nie, maar ook gerehabiliteer word sodat hulle weer nuttige burgers kon wees. Op die gebied van regspleging en konstitusionele aangeleenthede het hy voorstelle gemaak wat die Republiek se wiele gladder kon laat rol, onder ander dat wette gekodifiseer en 'n regsvereniging gestig word. Heelwat van sy voorstelle het tot wetgewing gelei.

Hy het die regering aangespoor om na vooruitgang te streef mits dit met versigtigheid en gesonde verstand gepaard gegaan het. Telegraaflyne, paaie, brûe en spoorweë was belangrik, maar die land se finansies moes in ag geneem word. Om spoorweë te kon bekostig, het hy 'n tolvverbond as noodsaaklik geag.

Vir hom was nouer samewerking met die Zuid-Afrikaansche Republiek een van die belangrikste stappe wat geneem moes word om republikanisme te verstewig. Saam kon die twee republieke sterk staan en hulself laat geld teen die bedreiging van hul onafhanklikheid en die uitbuiting deur die Britse kolonies. Borckenhagen het hom dus beywer vir ekonomiese en politiese samewerking met die noordelike buurstaat en alles wat in die pad van hierdie samewerking gestaan het, moes beveg word. Hoewel hy dus in vooruitgang geglo het en 'n voorstander van spoorweë en 'n tolvverbond was, sou hy liever wou hê dat die Vrystaat daarsonder moes klaarkom as dat die betrekkinge met die Zuid-Afrikaansche Republiek skade sou ly. Hierin het die meerderheid Vrystaatse burgers hom gesteun.

President J. H. Brand, daarenteen, wou met Brittanje en die Britse kolonies in die Suide saamwerk. Die groei van Afrikanernasionalisme was vir hom 'n bedreiging van hierdie ideaal. Vanaf die aanvaarding van sy redakteurskap tot met pres. Brand se dood het Borckenhagen te kampe gehad met die teenstand van die staatshoof en sy volgelinge. Dat hy ten spyte van pres. Brand se groot invloed gedurende hierdie elf jaar so 'n belangrike rol in die meningsvorming van die Vrystaters gespeel het, getuig van die sterk persoonlikheid van hierdie ongelooflik-veelsydige Duitsgebore Vrystater.

1. ARGIVALE BRONNE

Transvaalse Staatsargief, Pretoria

C. L. F. Borckenhagen-versameling A 529 (a): Briewe van
Borckenhagen aan sy moeder, 1882 - 1886.
Argiefstuk R3517/82

Vrystaatse Staatsargief, Bloemfontein

Vrystaatse Volksraadsnotules 1875 - 1888 (afgekort as
OVSVR).

Nasionale Museum, Bloemfontein

Schoeman, K.: Onderhoud met mev. Blanca Marais,
15.9.1978, op magnetiese band.

Schoeman, K.: Aantekeninge wat op voorafgaande onderhoud
berus.

Openbare Biblioteek, Bloemfontein

Marais, Blanca: Memories of Mrs Blanca Marais (née
Borckenhagen) (Fotokopie van getikte manuskrip).

2. NUUSBLAAIE

De Express en Oranje-Vrijstaatsch Advertentieblad 1875 - 1889

The Friend of the Orange Free State 1875 - 1888

Persverwysings: The late C. L. Borckenhagen, Bloemfontein, 1898. Saamgestel deur die personeel van De Express.

3. LITERATUUR

Barlow, T. B., The Life and Times of President Brand, Kaapstad, 1972.

Coetzee, J. Albert, Politieke Groepering in die wording van die Afrikanernasie, Johannesburg, 1941.

Collins, W. W., Free Statia - Reminiscences of a lifetime in the Orange Free State, Bloemfontein, 1907.

Conradie, E. J. M., Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika, Deel 11 (1875-1905), Kaapstad en Pretoria, 1949.

Davenport, T. R. H., The Afrikaner Bond; the history of a South African political party, 1880-1911, Kaapstad, 1960.

De Kiewiet, C. W., The Imperial Factor in South Africa, Cambridge 1937.

De Kock, W. J. (red), Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, Deel 1, Kaapstad, 1968.

Du Toit, J. D., S. J. du Toit in Weg en Werk. 'n Periode van Afrikaanse Oplewing, Paarl, 1917.

Duvenage, G. D. J., Imperialisme en Nasionalisme, Johannesburg, 1978.

- Fraser, J. G., Episodes in my Life, Kaapstad, 1922.
- Hofmeyr, J. H. en Reitz, F. W., Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr (Onze Jan), Kaapstad, 1913.
- Kruger, L.S., Die Rol van dr. E. J. P. Jorissen in die Geskiedenis van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UOVS, 1975.
- Jorissen, E. J. P., Transvaalsche Herinneringen, 1876-1896. Amsterdam-Pretoria, 1897.
- Malan, S. F., Die Rol van J. Geo. Fraser in die Vrystaat, 1863-1927. Ongepubliseerde M.A.-Verhandeling, UOVS, 1971.
- Malan, S. F., Politieke Strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse Republiek, Durban-Pretoria, 1982.
- Moll, J. C., Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UOVS, 1969.
- Muller, C. F. J. (red). Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Pretoria-Kaapstad, 1968.
- Schoeman, K., Bloemfontein, Kaapstad-Pretoria-Johannesburg, 1980.
- Scholtz, G. D., President Johannes Henricus Brand, 1823-1888, Johannesburg, 1957.
- Trümpelmann, G. P. J., Deutsches Schaffen im Oranje-Freistaat, Hermannsburg, 1950.
- Van Jaarsveld, F. A., Die Ontwikkeling van die Afrikaanse Nasionale Bewussyn 1868-1881, Johannesburg, 1957.
- Van Schoor, M. C. E. en Van Rooyen, Jan J., Republieke en Republikeine, Kaapstad-Bloemfontein-Johannesburg, 1960.

OPSOMMING

Carl Borckenhagen was 'n koerantredakteur en Afrikanerleier met groot invloed in die Vrystaatse Republiek gedurende die tweede helfte van die Brand-era. Hy het die sukkelende Express uitgebou tot een van die mees suksesvolle Hollandse koerante in Suid-Afrika en 'n invloedryke mondstuk vir die republikeine.

Hoewel in Duitsland gebore, het hy homself volkome met die Vrystaters en die Afrikanersaak vereenselwig. 'n Republiek waarin die hoogste gesag by die volk berus het, was vir hom die ideale staatsvorm en hy het sy lewe gewy aan die verstewiging en uitbouing van republikanisme.

Toe hy in 1877 redakteur van De Express geword het, was die Oranje-Vrystaat die enigste onafhanklike republiek in Suid-Afrika. Deur middel van sy koerant, persoonlike invloed en die Afrikanerbond het hy die Vrystaters aangespoor en bemoedig om vas te hou aan die ideaal van republikeinse onafhanklikheid. Hy het hulle ontwakende gevoel van nasionalisme gekoester en gevoed en as praktiese mens het hy daarop aangedring om dit nie by gevoelens en woorde te laat bly nie, maar om tot daad oor te gaan. Die Republiek moes deur suiwer en gesonde administrasie opgebou word tot 'n welvarende, selfstandige staat. Die bevordering van nasionaalgerigte onderwys en boerdery, wat die land se enigste bron van inkomste was, moes voorkeur geniet. Aangesien die Republiek ekonomies gewurg het aan die kuskolonies se knellende invoerreg het Borckenhagen voortdurend gestry vir die oorbetalings van 'n

deel van die invoerreg aan die Vrystaat sodat noodsaaklike projekte soos spoorweë aangepak kon word wat vooruitgang sou verseker. Hoewel hy die Volksraad knaend aangemoedig het om vooruitstrewende stappe te neem, het hy 'n wakende oog oor die Republiek se finansies gehou.

Carl Borckenhagen was 'n man met visie. Hy het 'n onafhanklike, verenigde Suid-Afrikaanse republiek in die vooruitsig gestel, maar het besef dat dit 'n moeisame taak sou wees om alle Suid-Afrikaners te laat saamwerk en saamstreef om so 'n ideaal te bereik. Daar was nog te veel Britsgesindes aan die eenkant en te min inisiatief en vaderlandsliefde by die Afrikaners aan die anderkant. Verder het Britse imperialisme 'n faktor geword waarmee toenemend rekening gehou moes word.

Aangesien 'n verenigde Suid-Afrika 'n droom vir die verre toekoms was, het hy al sy aandag aan die vereniging van die twee onafhanklike republieke gewy en alles wat in die pad daarvan gestaan het, beveg. Terwyl die besieling van die Vrystaters om hul republikeinse onafhanklikheid te bewaar sy eerste taak was, was die tweede stap om die Transvalers te bemoedig en te steun. Hy het besef dat samewerking tussen die twee onafhanklike republieke noodsaaklik was om republikenisme te beveilig.

Sy strewes was in direkte teenstelling met dié van pres. J. H. Brand wat ekonomiese samewerking met die Britse kolonies en die Britse ryk nagestreef het - 'n samewerking wat die grondslag kon lê van 'n verenigde Suid-Afrika. Die kloof tussen hierdie twee invloedryke persone het algaande groter geword. Die meerderheid Vrystaters het egter soos Borckenhagen gedink en die President het steeds meer vervreemd geraak van sy volk. Die agting wat

hulle, Borckenhagen ingesluit, vir sy persoon gehad het, het daartoe bygedra dat sy wense dikwels uitgevoer is.

Wat politieke beleid betref, kon pres. Brand die Volksraad as gevolg van sy persoonlikheid, diplomاسie en ooredingsvermoë en veral die dreigement om te bedank oorhaal om sy leiding te volg. Wat praktiese regering betref, het hy en die Volksraad in baie gevalle ag geslaan op die goeie raad van Borckenhagen en het laasgenoemde se voorstelle neerslag in wetgewing gevind.

As opvolger van Brand het die volk 'n man gekies wat hulle ideale en sieninge gedeel het, 'n man wat ook sterk deur Borckenhagen by hulle aanbeveel is, naamlik F. W. Reitz.

